# INHOUDSOPGAWE

Algemene Uitsonderings, Voorwaardes en Bepalings
Brand
Geboue Omvattend
Kantoorinhoud
Sake-onderbreking
Rekenings Ontvangbaar
Diefstal
Geld
Glas
Getrouheid
Goedere in Transito
Sake Alle Risiko's
Toevallige Skade
Gemeenregtelike Aanspreeklikheid – Eise-ingestelgrondslag
Gemeenregtelike Aanspreeklikheid – Gebeurtenisgrondslag
Werkgewersaanspreeklikheid
Aangegewe Voordele
Groep Persoonlike Ongevalle
Motor
Huiseienaars
Masjinerie Breekskade
Elektroniese Toerusting
Masjinerie Breekskade Sake-onderbreking
Huisbewoners
Lewende Hawe en Wild
Persoonlike Alle Risiko
Watervaartuie
Persoonlike Regsaanspreeklikheid
Verslegting van Voorraad
Uitgebreide Persoonlike Regsaanspreeklikheid
Besproeiingstelsels
Arbeidspraktyke-aanspreeklikheid
Sambreelaanspreeklikheid
Brand op Veld
Spesialisversekering vir die wynboubedryf: Oes
Spesialisversekering vir die wynboubedryf: Toevallige Skade: Wyn, Wyntenks en Verwante Eiendom
Spesialisversekering vir die wynboubedryf: Uitgebreide aanspreeklikheid
Spesialisversekering vir die wynboubedryf: Brand: Opleistelsels Stutpale Omheinings en Plantmateriaal
Spesialisversekering vir die wynboubedryf: Verlies van Inkomste: Plantmateriaal

*Verwysing word in die bylae gemaak slegs na sodanige afdelings wat op hierdie indeks as ingesluit aangedui word en polisbewoordings word slegs ten opsigte van sodanige afdelings aangeheg.*

*By die eerste uitreiking van hierdie polis (of enige afdeling daarvan) moet u asseblief seker maak dat alle bladsye van alle ingeslote afdelings in hierdie dokument vervat is.*

*By hernuwing of hersiening word polisbewoordings nie heruitgereik nie. Hierdie bylae word hersien en heruitgereik wanneer nodig, tesame met enige afdelingbylae wat verander mag word.*

# ALGEMENE UITSONDERINGS, VOORWAARDES EN BEPALINGS

Onderworpe aan die bepalings, uitsonderings, voorwaardes (opskortend of andersins) en as teen prestasie daarvoor en op voorwaarde dat die premie vooraf deur of namens die versekerde betaal en deur of namens die versekeraar ontvang word, stem die versekeraar vermeld in die bylae in om die versekerde deur middel van betaling of na die versekeraar se keuse deur vervanging of herstel tot hoogstens die versekerde bedrae, skadeloosstellings- en vergoedingsperke en bedrae gespesifiseer skadeloos te stel of te vergoed ten opsigte van die versekerde gebeurtenisse wat gedurende die versekeringstydperk, en soos andersins voorsien, plaasvind ingevolge die afdelings hierin vervat.

Indien meer as een versekeringsmaatskappy of versekeraar aan hierdie versekering deelneem, word die woord "versekeraar" na "versekeraars" gewysig, waar dit ook al in hierdie polis voorkom. In hierdie geval is die persentasie aandeel van elke versekeraar soos in die bylae van hierdie polis vermeld en die aanspreeklikheid van elke sodanige versekeraar is afsonderlik beperk tot die persentasie aandeel wat teenoor sy naam aangetoon is.

Spesifieke uitsonderings, voorwaardes en bepalings stel algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings ter syde.

## ALGEMENE UITSONDERINGS

### 1. Oorlog, oproer en terrorisme

(A) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;

(ii) oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;

(iii) (a) muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal;

(b) opstand, rebellie of revolusie;

(iv) enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of om ver te werp;

(v) enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering te weegte bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;

(vi) enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word;

(vii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking

van,of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv),(v) of (vi) hierbo verwys word.

Indien die versekeraar beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

(B) Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

(C) Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tergelykertyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe.

Vir die doeleinde van hierdie Algemene uitsondering 1(C) sluit 'n daad van terrorisme in, sonder beperking, die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone, wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek, of enige sektor van die publiek, in te boesem. Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 1(C) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 2. Kern

Behalwe wat die afdelings Getrouheid, Aangegewe Voordele en Groep Persoonlike Ongevalle betref,

(i) dek hierdie polis nie die volgende nie:

(a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd of enige verlies of uitgawe hoegenaamd wat voortspruit of ontstaan daaruit of enige gevolglike verlies;

(b) enige regsaanspreeklikheid van watter aard ook al;

wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit ioniserende uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding van kernbrandstof.

Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

(ii) is die skadeloosstelling wat hierdie polis verleen, nie van toepassing op en sluit nie enige verlies, vernietiging, skade of regsaanspreeklikheid in nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat ontstaan uit kernwapen materiaal.

## 3. Rekenaarverliese

**Algemene uitsondering van toepassing op alle afdelings van hierdie polis wat skade aan eiendom of die gevolge van skade aan eiendom of enige aanspreeklikheid verseker.**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie:

(a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitende 'n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;

(b) enige regsaanspreeklikheid hoegenaamd;

(c) enige gevolglike verlies;

regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan of voortspruituit die onvermoë of onklaarraking van enige rekenaar, hetsy korrek of enigsins:

(i) om enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te behandel of om op korrekte of toepaslike wyse enige data of inligting te herken, te manipuleer, te interpreteer, te verwerk, te berg of te ontvang of om daarop te reageer, of om enige opdrag of instruksie uit te voer, met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum nie, of

(ii) om enige data vas te lê, te stoor of op korrekte wyse te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is, synde 'n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data op of na enige datum vas te vang, te bewaar, te behou of op korrekte wyse te verwerk veroorsaak nie, of

(iii) om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme nie, of

(iv) om enige data vas te lê, te behou, te stoor of te verwerk as gevolg van die handeling van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of instruksie met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logikabom of wurm of ander vernietigende of ontwrigtendekode, media of program of versteuring.

'n Rekenaar sluit in enige rekenaar, dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, -gereedskap, -bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting en data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde bewaar word, hetsy die eiendom van die Versekerde al dan nie.

## Spesiale uitbreiding tot Algemene uitsondering 3

A. Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of enige van die ingeslote spesiale gevare waarna hieronder verwys word of waarvoor die afdelings Glas, Werkgewersaanspreeklikheid, Aangegewe Voordele, Groep Persoonlike Ongevalle of Motor skadeloosstelling verleen, word nie deur hierdie Algemene uitsondering uitgesluit nie:

Die enigste spesiale gevare wat vir die doeleinde van hierdie spesiale uitbreiding ingesluit word, is skade wat veroorsaak word deur:

1. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom:

   (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

   (b) wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

   (c) in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn;

   (d) in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk);*

   (e) in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;*

   (f) wat keermure is;*

   **tensy dit so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker word*

2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.

B. Algemene uitsondering 3 is ook nie van toepassing op gevolglike verlies soos verseker deur enige Sakeonderbreking-skadeloosstelling van hierdie polis nie tot die mate wat sodanige gevolglike verlies voortspruit uit skade aan die versekerde eiendom deur die gevare waarna in Spesiale uitbreiding A hierboverwys word.

C. Hierdie Spesiale uitbreiding verseker nie enige verlies, vernietiging of gevolglike verlies nie indien dit nie in die afwesigheid van hierdie Rekenaarverliese Algemene uitsondering en hierdie Spesiale uitbreiding verseker sou gewees het nie.

D. Hierdie Spesiale uitbreiding is nie van toepassing op enige Gemeenregtelike Aanspreeklikheid-skadeloosstelling nie.

# ALGEMENE VOORWAARDES

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig)

## 1. Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking

Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking van enige wesenlike besonderheid maak, na gelang van die geval, die besondere item, afdeling of onderafdeling van die polis ongeldig wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking geraak word.

## 2. Ander versekering

Indien daar ten tyde van enige gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis versekering by enige ander versekeraars bestaan wat die versekerde teen die omskrewe gebeurtenisse dek, is die versekeraar slegs aanspreeklik vir die vergoeding van 'n eweredige deel van die bedrag wat betaalbaar is deur of aan die versekerde ten opsigte van sodanige gebeurtenis. Indien enige sodanige ander versekering onderworpe is aan enige eweredigheidsvoorwaarde, is hierdie polis, indien dit nog nie aan enige eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is nie, op dieselfde manier aan eweredigheid onderworpe.

## 3A. Kansellasie

Hierdie polis of enige afdeling daarvan mag te eniger tyd deur die versekeraar gekanselleer word met skriftelike kennisgewing van 30 dae (of sodanige ander tydperk as waarop daar onderling ooreengekom is) of deur die versekerde met onmiddellike kennisgewing. By kansellasie deur die versekerde is die versekeraar daarop geregtig om die gebruiklike korttermyn- of minimum premie te behou vir die tydperk wat die polis of afdeling van krag was. By kansellasie deur die versekeraar is die versekerde geregtig daarop om 'n eweredige deel van die premie te eis vir die onverstreke versekeringstydperk vanaf die kansellasie datum, onderworpe aan Algemene voorwaarde 4.

## 3B. Voortsetting van dekking (waar die premie deur middel van 'n bankdebietorder of transmissierekening betaalbaar is)

Die premie is vooruitbetaalbaar en indien dit nie teen die betaaldag deur die versekeraar ontvang word nie, word hierdie versekering vanaf middernag op die laaste dag van die voorafgaande versekeringstydperk as gekanselleer beskou, tensy die versekerde kan bewys dat versuim om te betaal 'n fout van sy bank of ander

betaal agent was. Die betaaldag is die eerste dag van elke kalendermaand waar die premies maandeliks betaalbaar is; die eerste dag van

(a) elke derde

(b) elke sesde of

(c) elke twaalfde kalendermaand ná aanvang waar die premie kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks betaalbaar is.

## 4. Premie-aanpassing

Indien die premie vir enige afdeling van hierdie polis volgens enige geraamde syfers bereken word, moet die versekerde ná die verstryking van elke tydperk van twaalf agtereenvolgende maande vanaf die aanvangsdatum of die verjaringsdatum die versekeraar van sodanige besonderhede en inligting voorsien as wat die versekeraar vir die herberekening van die premie vir sodanige tydperk magverlang. Enige verskil word deur of aan die versekerde betaal, na gelang van die geval.

## 5. Voorkoming van verlies

Die versekerde moet alle redelike stappe doen en voorsorgmaatreëls tref om ongevalle en verliese te voorkom.

## 6. Eise

(a) Wanneer enige gebeurtenis plaasvind wat aanleiding mag gee tot 'n eis ingevolge hierdie polis, moet die versekerde op sy eie onkoste:

  (i) die versekeraar so gou moontlik daarvan in kennis stel en besonderhede verstrek van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek as wat hierdeur verseker word;

  (ii) die polisie so gou moontlik ná die gebeurtenis in kennis stel van enige eis waarby diefstal (indien dit deur die versekeraar vereis word) of die verlies van eiendom betrokke is en alle moontlike stappe doen om die skuldige party aan die kaak te stel en die gesteelde of verlore eiendom terug te vind;

  (iii) so gou moontlik ná die gebeurtenis volledige besonderhede van enige eis skriftelik aan die versekeraar voorlê;

  (iv) die versekeraar van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die versekeraar mag verlang en onmiddellik aan die versekeraar enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis.

(b) Geen eis (behalwe 'n eis ingevolge die afdeling Sake-onderbreking, Getrouheid, Aangegewe Voordele of Groep Persoonlike Ongevalle of die uitbreiding persoonlike ongevalle (aanranding) ingevolge die afdeling Geld, indien toepaslik) is betaalbaar nie ná die verloop van 24 maande of sodanige langer tydperk as wat die versekeraar mag toestaan vanaf die plaasvind van 'n gebeurtenis, tensy die eis die onderwerp van 'n hangende regsgeding is of 'n eis ten opsigte van die versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor 'n derde party.

(c) Geen eis is betaalbaar nie tensy die versekerde betaling eis deur binne ses maande ná die skriftelike afwysing van die eis prosesstukke aan die versekeraar te beteken en sodanige stappe finaliseer.

(d) Indien die eiendom (die onderwerp van die eis) of enige deel daarvan gevind word ná die betaling van 'n eis ingevolge hierdie polis ten opsigte van verlore of gesteelde eiendom, moet die versekerde alle hulp verleen by die identifisering en fisieke terugvind van sodanige eiendom indien hy deur die versekeraar gevra word om dit te doen, met dien verstande dat die versekerde se redelike onkoste by

sodanige hulpverlening deur die versekeraar vergoed word. Sou die versekerde weier om ingevolge hierdie voorwaarde hulp te verleen wanneer hy gevra word, word die versekerde onmiddellik aanspreeklik om aan die versekeraar alle bedrae wat ten opsigte van die eis betaal is, terug te betaal.

## 7. Versekeraar se regte ná ʹn gebeurtenis

(a) By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan ʹn eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die versekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die versekeraar se reg om hom op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep;

    (i) enige beskadigde eiendom in besit neem, binne gaan of in besit hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die versekeraar om so op te tree. Die versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die versekeraar prys te gee nie, hetsy die versekeraar dit in besit geneem het of nie;

    (ii) die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer en in die naam van die versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en indie skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die versekeraar deur die versekerde gedoen word nie.

(b) Die versekerde moet, op onkoste van die versekeraar, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die versekeraar vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die versekeraar by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of ná sodanige skadeloosstelling vereis word.

(c) Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die versekeraar by die plaasvind van enige gebeurtenis aan die versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word en die versekeraar is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

## 8. Bedrog

Indien enige eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is of indien enige bedrieglike metodes of middele deur die versekerde of enigiemand wat namens hom optree met sy medewete of toestemming gebruik word om enige voordeel ingevolge hierdie polis te verkry of indien enige gebeurtenis veroorsaak word deur die opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die versekerde, word alle voordele wat deur hierdie polis ten opsigte van enige sodanige eis verskaf word, verbeur.

## 9. Herstel van dekking na verlies (nie van toepassing op voorraad op ʹn verklaringsgrondslag of op enige afdeling waar dit as nie van toepassing nie vermeld word)

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde bedrae, waar van toepassing, nie met die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die versekerde ʹn bykomende premie betaal op die bedrag van die verlies vanaf die datum waarop dit plaasvind of vanaf die datum van herstel of vervanging (wat ook al die laatste is) tot die verstryking van die versekeringstydperk.

## 10. Nie-nakoming van voorwaardes

Die voorwaardes van hierdie polis en afdelings daarvan geld afsonderlik vir elkeen van die risiko's wat verseker word en nie gesamentlik nie, sodat enige nie-nakoming die afdeling ongeldig maak slegs ten opsigte van die risiko waarop die nie-nakoming van toepassing is.

## 11. Geen regte aan ander persone nie

Tensy anders bepaal, verleen niks in hierdie polis enige regte aan enige persoon behalwe die versekerde nie. Enige uitbreiding wat skadeloosstelling aan enige persoon anders as die versekerde verleen, gee geen eisregte aan sodanige persoon nie. Die bedoeling is dat die versekerde namens sodanige persoon moet eis. Die kwitansie van die versekerde is in elke geval 'n volle ontslag vir die versekeraar.

## 12. Kollektiewe versekering

Indien hierdie versekering 'n kollektiewe versekering is, word algemene voorwaarde 6(a)(iv) hierbo soos volg gewysig:

"die hoofversekeraar namens die versekeraars van sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings voorsien as wat die versekeraars mag verlang en onmiddellik aan die hoof versekeraar enige kennisgewing stuur van 'n eis of enige mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die eis" en Algemene voorwaarde 7 word deur die volgende vervang:

"7. Versekeraar se regte na 'n eis

(a) By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge hierdie polis ingestel is of ingestel word, mag die hoofversekeraar en elke persoon wat deur hom gemagtig is, sonder om daardeur enige aanspreeklikheid op te loop en sonder benadeling van die versekeraars se reg om hulle op enige voorwaarde van hierdie polis te beroep:

  (i) enige beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike manier daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die hoof versekeraar om namens die versekeraars so op te tree. Die versekerde is nie daarop geregtig om enige eiendom aan die versekeraars prys te gee nie, hetsy die hoofversekeraar dit in besit geneem het of nie;

  (ii) die verdediging of skikking van enige eis in die naam van die versekerde oorneem en voer en in die naam van die versekerde tot sy eie voordeel enige eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder die skriftelike toestemming van die versekeraars deur die versekerde gedoen word nie.

(b) Die versekerde moet, op onkoste van die versekeraars, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur die versekeraars vereis kan word ten einde enige regte af te dwing waarop die versekeraars by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeeris of sou word, afgesien daarvan of sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

(c) Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verleen word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, mag die versekeraars in die geval van enige gebeurtenis aan die versekerde die skadeloosstellingsperk betaal wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word, of enige kleiner bedrag waarvoor die eis of eise wat uit sodanige gebeurtenis voortspruit, geskik kan word, en die versekeraar is daarna nie verder aanspreeklik ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie."

## 13. Interpretasie

Die oorspronklike dokument is in Engels opgestel. Indien daar enige twyfel bestaan oor die interpretasie van enige woord, frase of deel van hierdie dokument, geniet die Engelse weergawe voorkeur.

# ALGEMENE BEPALINGS

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig)

## A. Eisevoorbereidingskoste

Die versekering word ingevolge elke afdeling van hierdie polis uitgebrei om alle koste in te sluit wat die versekerde redelikerwys aangegaan het om enige besonderhede te verstrek en te sertifiseer wat ingevolge Algemene voorwaarde 6 deur die versekeraar vereis word of om die bedrag van enige eis te staaf, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar vir sodanige koste ten opsigte van enige enkele eis ingevolge 'n spesifieke afdeling hoogstens R25 000 of 10 persent van die versekerde bedrag of skadeloosstellingsperk van die item wat geraak word, wat ook al die minste is, beloop plus die bedrag wat in die bylae by elke afdeling teenoor 'n item vir bykomende eisevoorbereidingskoste vermeld word.

## B. Betalings op rekening

Ten opsigte van enige afdeling waar bedrae wat van die versekeraar verhaalbaar is, hangende die afhandeling van enige eis vertraag word, mag betalings op rekening na goeddunke van die versekeraar, indien vereis, aan die versekerde gedoen word.

## C. Eerste bedrag betaalbaar

Behalwe waar spesifiek in enige afdeling daarvoor voorsiening gemaak word, word die bedrag wat betaalbaar is ingevolge hierdie polis/afdeling ten opsigte van elke verlies, skade of aanspreeklikheid verminder met die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vir die toepaslike omskrewe gebeurtenis aangetoon word.

## D. Lede

Waar die woord "direkteur" gebruik word, word dit geag "lid" in te sluit indien die versekerde 'n beslote korporasie is.

## E. Aanspreeklikheid ingevolge meer as een afdeling

Die versekeraar is nie ingevolge meer as een afdeling van hierdie polis aanspreeklik nie vir dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade wat uit een voorval voortspruit en wat dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade behels.

## F. Betekenis van woorde

Die Bylae, enige endossemente daarop en die polisbewoording word saam gelees as een dokument en enige woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis in enige deel daarvan toegeken word, dra die betekenis waar dit ook al mag voorkom.

## G. Premiebetaling

Premie is betaalbaar voor of op die aanvangs- of hernuwingsdatum na gelang van die geval. Die versekeraar is nie verplig om premie te aanvaar wat na die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van die geval, by hom ingedien word nie maar kan dit wel doen op voorwaardes wat na sy uitsluitlike goeddunke bepaal word.

## H. Gedek gehou

Indien die versekeraar 'n risiko gedek hou, sal hy nie 'n eis afwys omrede daar nie op die premie ooreengekom is nie.

## I. Versekerde bedrae blanko gelaat in bylae

Indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in 'n bylae van hierdie polis:

(i) blanko gelaat word of geen bedrag daarteenoor aangegee word nie;

(ii) aangegee word as nul, as nie van toepassing nie, as nie gedek nie of as geen skadeloosstelling verleen nie;

beteken dit dat die omskrewe gebeurtenis of omstandigheid wat in die bylae vermeld word nie deur die polis verseker word nie.

## J. Sekuriteitsfirmas

Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur die versekerde in diens geneem is, verlies of skade veroorsaak, stem die versekeraar in om nie sy verhaalreg teen die gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie indien die versekerde ingevolge die gemelde kontrak nie teen die gemelde sekuriteitsfirma mag eis nie.

Die versekeraar sal nie indien 'n geldige eis ingevolge enige afdeling of onderafdeling van hierdie polis ingestel word, as verweer aanvoer dat die versekeraar se regte benadeel is deur die voorwaardes van enige kontrak wat tussen die versekerde en enige sekuriteits verskaffer aangegaan is in verband met die beskerming van die versekerde eiendom nie.

## K. Traumabehandeling

Uitgawes aangegaan, wat nie andersins gedek is nie, vir traumabehandeling deur 'n professionele berader indien die versekerde of 'n medeversekerde behandeling nodig het weens kaping, brand, diefstal of plaas aanvalle wat in die versekerde se geboue of op die versekerde se perseel plaasvind. Altyd met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie R10 000 in totaal sal oorskry nie.

santam

# BRAND

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word wat aan die Versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, insluitende verbouings deur die Versekerde as huurder aan die geboue en strukture as gevolg van:

1. Brand;
2. Weerlig of donderslag;
3. Ontploffing;
4. Kragstuwing met dien verstande dat:
   i. die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige eis of 'n hoeveelheid eise vanuit enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie R50 000 sal oorskry nie;
   ii. die Versekerde verantwoordelik is vir 'n eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis onderhewig aan 'n minimum van R500;
   iii. Eweredigheid is nie van toepassing nie;
5. Sodanige bykomende gevare as wat in die bylae ingesluit vermeld word.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Hierdie afdeling dek nie aardbewing (hetsy dit voortspruit uit mynbedrywighede of andersins) tensy dit as 'n bykomende gevaar bygevoeg is, of vulkaniese uitbarstings of ander natuurontwrigting (behalwe onderaardse brande) nie.

   Enige skade wat plaasvind tydens die bestaan van abnormale toestande (hetsy fisiek of andersins) wat teweeggebring word deur of deur middel van of wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur enige van die genoemde gebeurtenisse word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in die mate waarin die Versekerde bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande plaasgevind het. In enige aksie, geding of ander verrigtinge waar die Maatskappy beweer dat enige skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

2. Tensy dit spesifiek ingesluit word, dek hierdie versekering nie die volgende nie:
   i. skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings- of drogingsproses wat dit ondergaan;
   ii. skade aan eiendom wat ten tyde van die skade verseker is of as dit nie vir hierdie versekering was nie, verseker sou gewees het deur enige marinepolis(se), behalwe ten opsigte van enige bedrag bo die bedrag wat ingevolge die marinepolis(se) betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDE

## Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Stoor en prosessering van hooi, voer en kaf

Dit word gewaarborg dat alle vlambare materiaal en plantegroei binne 'n omtrek van ten minste 5 (vyf) meter van enige gebou of struktuur wat vir die stoor of prosessering van hooi, voer of kaf gebruik word, geskoffel en/of gelykgemaak is en dat die materiaal van die area verwyder is.

Hierdie voorwaarde is slegs van toepassing ten opsigte van 'n eis wat uit brand of ontploffing voortspruit.

# BYKOMENDE GEVARE (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Daar word verstaan en ooreengekom dat ten opsigte van elke uitbreiding rakende bykomende gevare wat by hierdie versekering ingesluit word:

a. al die uitsonderings en voorwaardes wat op hierdie versekering van toepassing is, geld asof dit daarby ingelyf is;

b. enige versekerde skade vir die doeleindes daarvan beskou word asof dit deur brand veroorsaak is.

## Uitbreiding: Aardbewing

Skade wat deur 'n aardbewing veroorsaak word, maar met uitsluiting van skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

## Uitbreiding: Spesiale gevare

Skade wat veroorsaak word deur:

1. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom;

    a. wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

    b. wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

    c. in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn;*

    d. in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk);*

    e. in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;*

    f. wat keermure is;*

    **Tensy so omskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker.*

2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie;

4. vloed- of waterskade indien enige pomp geleë is in of op enige rivier, spruit of dam of op die wal van enige rivier, spruit of dam. Hierdie uitbreiding sal onderhewig wees aan 'n eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis, met 'n minimum van R5 000.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. slytasie of geleidelike agteruitgang;

2. skade wat veroorsaak of vererger word deur:

    a. lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar-of drenkstelsel in die geboue wat hierkragtens verseker word of in geboue wat eiendom bevat wat hierkragtens verseker word;

    b. insakking of grondverskuiwing;

    c. die Versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk.

## Uitbreiding: Lekkasie

Skade wat veroorsaak word deur die lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar-, drenkstelsel of brandblusinstallasie/-toestel.

Indien 'n eersteverliesperk in die bylae teenoor hierdie bykomende gevaar aangetoon word, is die bedrag van sodanige perk die maksimum aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van enige enkele gebeurtenis en, slegs vir die doeleindes van hierdie uitbreiding, word die eweredigheidsvoorwaarde wat vooraf hierin uiteengesit is, vervang deur die volgende:

"Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur die lekkasie of ontlading, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit teen brandskade verseker is, is die Maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding slegs aanspreeklik vir dié deel van die eersteverliesperk wat die versekerde bedrag teen brand van die totale waarde van sodanige eiendom uitmaak en word die Versekerde sy eie versekeraar geag vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, waarop hierdie uitbreiding van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie klousule onderworpe."

Slegs ten opsigte van hierdie uitbreiding word Spesifieke uitsondering 1 van hierdie afdeling geskrap.

## Uitbreiding: Insakking en grondverskuiwing

Skade wat deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak word.

Met dien verstande dat die Versekerde die eerste deel van elke eis dra tot 'n bedrag bereken teen 1 persent van die versekerde bedrag op die eiendom, of R500, wat ook al die grootste is.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is;

2. skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan:

    a. foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;

    b. werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;

    c. uitgrawings bo-of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede;

3. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

Indien die Maatskappy in enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitsonderings nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende eiendom wat:
    a. gesteel word;
    b. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;
2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in-of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;
3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deurmiddel van of as gevolg van:
    a. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;
    b. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

    van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

a. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

b. gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

c. skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

d. skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

e. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning, word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van

die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

## Uitbreiding: Oproer en staking

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

i. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

ii. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

a. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

b. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

c. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

d. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

e. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Toevallige skade aan waterverhittingstoestelle en waterpype

Toevallige skade aan waterverhittingstoestelle en waterpype, die eiendom van die Versekerde, wat by die geboue en strukture soos in die bylae vermeld, geinstalleer is en deel vorm daarvan.

Altyd met dien verstande dat:

i. hierdie uitbreiding nie strukturele foute, gebrekkige ontwerp, swak werkmanskap, slytasie of geleidelike agteruitgang dek nie (insluitende die geleidelike werking van lig of klimaats- of atmosferiese toestande);

ii. indien enige gebou of struktuur vir meer as 30 (dertig) dae onbewoon gelaat word, die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort word;

iii. die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir die eerste R1 000 van iedere en elke gebeurtenis.

## Klousule: Huurgeld (indien ingevolge kolom 2 verseker)

Die Maatskappy betaal die bedrag van die huurgeld wat ontvangbaar of betaalbaar is of die huurwaarde (na gelang van die geval) soos hieronder omskryf, in geval die perseel wat in die bylae vermeld word gedurende die termyn wat daarin gespesifiseer word, onverhuurbaar word as gevolg van skade deur 'n omskrewe gebeurtenis.

i. Huurgeld ontvangbaar – die werklike huurgeld wat ten tyde van die gebeurtenis deur die Versekerde

ontvangbaar is ten opsigte van die vermelde perseel of ten opsigte van sodanige deel daarvan as wat dan verhuur mag wees.

ii. Huurgeld betaalbaar – die werklike huurgeld wat betaalbaar is deur die Versekerde aan die eienaar of verhuurder van vermelde perseel.

iii. Huurgeldwaarde – die werklike huurwaarde van die vermelde perseel.

Die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, is in die verhouding waarin die versekerde bedrag staan tot die werklike huurgeld ontvangbaar/huurgeld betaalbaar of die huurwaarde van die perseel na gelang van die geval. Indien die perseel nie vir die hele vermelde termyn onverhuurbaar is nie, is die Maatskappy slegs aanspreeklik om sodanige deel te betaal van die bedrag wat betaalbaar is as dié wat die tydperk waartydens die vermelde perseel onverhuurbaar bly, uitmaak van die hele termyn wat hierbo gespesifiseer is, maar die tydperk mag nie die tydsduur wat nodig is om die perseel in ʼn verhuurbare toestand te bring, oorskry nie.

## Klousule: Toewysing van eiendom

Ten einde waar dit nodig is te bepaal ingevolge watter kolom enige eiendom verseker is, stem die Maatskappy in om die toewysing waaronder sodanige eiendom in die Versekerde se boeke ingeskryf is, te aanvaar.

## Klousule: Alle ander inhoud

Die uitdrukking "alle ander inhoud" waarna verwys word in die omskrywing van eiendom in kolom 3 van die bylae, sluit die volgende in, maar is nie beperk nie tot, persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat die eiendom van die Versekerde of direkteure of werknemers van die Versekerde is in die mate waarin sodanige eiendom nie andersins verseker is nie.

Die voordeel ingevolge hierdie uitbreiding word tot R5 000 beperk vir enige enkele persoon ten opsigte van eiendom wat verloor of beskadig word terwyl dit op die Versekerde se perseel is.

## Klousule: Beperkings

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge kolom 3 van die bylae word beperk ten opsigte van:

a. geld en seëls tot ʼn perk van R5 000;

b. dokumente, manuskripte, sakeboeke, planne, rekenaarstelselopgawes en -media, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan arbeid bestee word.

## Klousule: Veranderings en wanbeskrywing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of uit hoofde van die aanskaffing van bykomende persele, strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting met dien verstande dat die Maatskappy so gou moontlik daarna in kennis gestel word en die Versekerde instem om, indien vereis, ʼn bykomende premie te betaal.

## Klousule: Argitek-en ander professionele gelde

Die versekering ingevolge kolom 1 en 3 van die bylae sluit professionele gelde in (vir beramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde eiendom te herstel of te vervang ná skade weens ʼn omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval oorskry dit 20 persent van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige skade nie en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop. Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige gelde sluit nie onkoste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

## Klousule: Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die eiendom behalwe bedryfsvoorraad en -materiaal vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## Klousule: Koste van sloping en opruiming en die oprigting van skuttings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van geboue en masjinerie en/of die verwydering van puin (insluitende voorraadpuin) en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede ná skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die Maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

1. aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;
2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/afdeling verseker is nie.

## Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## Klousule: Verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datumwaarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

## Klousule: Munisipale planondersoekgelde

Die versekering ingevolge kolom 1 van die bylae sluit die munisipale planondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die gebou wat geraak word, beloop.

## Klousule: Vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel-of herbouingskoste in as wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou-of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat:

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie:
   a. die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogemelde regulasies:
      i. ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;

ii. ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;

iii. ingevolge waarvan kennis aan die Versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het;

iv. ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van dié deel wat beskadig is;

b. die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde eiendom te herstel tot ’n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogemelde regulasies te voldoen, nie ontstaan het nie;

c. die bedrag van enige munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogemelde regulasies;

2. die herstel-of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer word en dit mag in die geheel of gedeeltelik op ’n ander terrein uitgevoer word (indien bogemelde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;

3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;

4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

## Spoorweg-en ander subrogasie

Die Versekerde word nie benadeel nie deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame.

## Klousule: Herstelwaardevoorwaardes

Ingeval die eiendom, behalwe voorraad, beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was.

Met dien verstande dat:

1. die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op ’n ander terrein en op enige manier wat vir die Versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, anders word geen betaling gedoen bó en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

2. totdat uitgawe deur die Versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie klousule nie hierby ingelyf was nie;

3. indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur ’n omskrewe gebeurtenis, die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

4. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is nie, indien:

   a. die Versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, die Maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

   b. die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## Klousule: Alternatiewe vervangingsvoorwaardes (ontwerp-vermoë)

Indien die versekerde eiendom wat oor 'n meetbare werkingsvermoë of produksie beskik, deur 'n omskrewe voorval beskadig word en dit nie moontlik is om sodanige eiendom ingevolge die herstelwaardevoorwaardes te vervang of te herstel nie, betaal die Maatskappy die koste van vervanging van sodanige eiendom met eiendom waarvan die gehalte van werkingsvermoë of produksie so na moontlik maar nie minderwaardig is nie aan dié van die oorspronklike eiendom.

Met dien verstande dat:

1. voorbehoudsbepaling 1, 2, 3 en 4 van die herstelwaardevoorwaardes gelykwaardig op hierdie klousule van toepassing is;

2. by die toepassing van die bepalings van voorbehoudsbepaling 3 van die herstelwaardevoorwaardes, die koste (soos voorsien in voorbehoudsbepaling 3) "wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel indien die totale eiendom beskadig was" verhoog word deur sodanige bedrag wat ingevolge die alternatiewe vervangingsklousule betaalbaar is en wat meer is as dit wat betaalbaar sou gewees het ingevolge die Klousule: Herstelwaardevoorwaardes, sou dit moontlik gewees het om die eiendom daarkragtens te vervang of te herstel.

## Klousule: Tydelike verwydering

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die versekerde eiendom gedek terwyl dit tydelik na 'n ander plek verskuif word op die perseel wat in die bylae vermeld word of na enige ander perseel insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

Met dien verstande dat:

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens 15 persent is van die versekerde bedrag wat vir elke item geld tensy die doel van sodanige tydelike verwydering die skoonmaak, hernuwing, herstel of 'n soortgelyke proses is;

2. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die skade op die deel van die perseel plaasgevind het waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

## Klousule: Huurders

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied nie. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar word.

## Klousule: Voorraadverklaringsvoorwaardes (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ten opsigte van bedryfsvoorraad en -materiaal wat ingevolge hierdie afdeling verseker word en wat onderworpe is aan die voorraadverklaringsvoorwaardes word die premie op 75 persent van die bedrag of bedrae waarteen dit verseker is, bereken, onderworpe aan die volgende spesifieke voorwaardes:

1. a. Die Versekerde moet skriftelik aan die Maatskappy die markwaarde van sy bedryfsvoorraad en -materiaal op die laaste dag van elke maand/kwartaal (soos vermeld in die bylae) verklaar en sodanige verklaring moet binne 30 dae vanaf daardie datum gedoen word anders word dit geag dat hy die versekerde bedrag ten opsigte van sodanige eiendom as die markwaarde daarvan verklaar het.

   b. Ná elke versekeringstydperk word die premie bereken op die gemiddelde versekerde bedrag, naamlik die totaal van die waardes wat verklaar is of geag word verklaar te wees, gedeel deur die getal verklarings wat afgelê moes word. Indien die premie só bereken verskil van die voorlopige premie, word die verskil aan of deur die Versekerde betaal na gelang van die geval, maar die bedrag wat deur die Maatskappy betaalbaar is, is hoogstens 50 persent van die voorlopige premie.

2. Enige eis hierkragtens word op die grondslag van die markwaarde onmiddellik voor die skade geskik.

3. Indien daar ná die plaasvind van skade gevind word dat die bedrag van die laaste verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, word die bedrag wat deur die Versekerde verhaalbaar sou wees in sodanige verhouding verminder as dié wat die bedrag van die genoemde verklarings uitmaak van die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ook al die kleinste bedrag is.

   Indien van toepassing, werk die bepalings van hierdie voorwaarde kumulatief saam met die bepalings van die spesifieke voorwaarde wat betrekking het op eweredigheid.

4. As teenprestasie daarvoor dat die versekering nie deur die bedrag van enige verlies verminder word nie, moet die Versekerde vanaf die datum van die verlies tot die verstryking van die versekeringstydperk bykomende premie op die bedrag van die verlies betaal en sodanige bykomende premie word nie by die finale aanpassingspremie in ag geneem nie en word daarvan onderskei.

5. Die Maatskappy se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag en die premie is nie ontvangbaar ten opsigte van waardes wat dit oorskry nie.

6. Bogemelde spesifieke voorwaardes geld afsonderlik vir elke item van die spesifikasie waarop hierdie voorraadverklaringsvoorwaarde van toepassing is.

## Klousule: Sekuriteitskoste

Die Maatskappy betaal vir die werklike koste wat noodsaakliker-en redelikerwys met die vooraf toestemming van die Maatskappy aangegaan is om enige versekerde eiendom te beskerm of te poog om dit te beskerm na ʼn versekerde gebeurtenis.

Hierdie bedrag is betaalbaar bo en behalwe enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees.

## Klousule: Hooftoevoerverbindings

Hierdie afdeling word uitgebrei om toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit-en telekommunikasieverbindings, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy regtens verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte te dek.

## Klousule: Vrag op voertuie

Indien die versekerde eiendom wat op ʼn voertuig gelaai is, binne die perseel omskryf in die bylae van hierdie afdeling gelaat word, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van verlies van of skade aan daardie eiendom wat deur enige van die versekerde gevare veroorsaak word.

## Uitbreiding: Prysaanpassingsklousule (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(-e) ingevolge kolomme 1 en/of 3 van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag (-e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die Versekerde die Maatskappy in kennis stel van die bedrag(-e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie uitbreiding is 50 persent van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is

## Klousule: Wegdoen met geredde goedere: (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Sonder om die regte van die Maatskappy te verminder om hom in geval van 'n verlies op die bepalings van die algemene voorwaardes te beroep, stem die Maatskappy in om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis hierkragtens is sonder die toestemming van die Versekerde te verkoop of andersins daarmee weg te doen nie, mits die Versekerde tot die bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat sy belange sodoende benadeel word in welke geval die Maatskappy instem om die Versekerde die eerste keuse te bied om sodanige eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of markwaarde, wat ook al die grootste is.

Die Versekerde is nie ingevolge die bepalings van hierdie klousule daarop geregtig om enige eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie, hetsy die Maatskappy daarvan besit geneem het of nie.

## Klousule: Werkers/werknemers/kontrakteurs

Indien 'n kontrakteur, werker of werknemer sonder die wete van die Versekerde iets doen of versuim om iets te doen wat in teenstelling met 'n voorwaarde, bepaling of uitsondering van hierdie afdeling is, sal die Versekerde se dekking van krag bly. Die Versekerde moet die Maatskappy in kennis stel van die optrede of versuim sodra hy of sy daarvan te wete kom.

# GEBOUE OMVATTEND

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. Skade veroorsaak deur die omskrewe gevare:

   a. in onderafdeling A aan die geboue met inbegrip van alle buitegeboue daarvan (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton-of asbesdak tensy anders in die bylae vermeld) en sport-en ontspanningstrukture, verhuurder se los en vaste toebehore daarin en daarop, mure (behalwe dammure), hekke, pale, heinings en geteerde of geplaveide paaie, opritte, weë, parkeerareas, watertenks en septiese tenks, almal in die onmiddellike omgewing van die versekerde gebou

   b. in onderafdeling B aan openbare toevoeraansluitpunte

   geleë soos in die bylae vermeld.

2. Verlies aan huurgeld soos in onderafdeling C voorsien.

3. Regsaanspreeklikheid soos in onderafdeling D voorsien.

## ONDERAFDELING A EIENDOM

1. Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.

2. Storm, wind, water, hael of sneeu behalwe:

   a. dit wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

   b. slytasie en geleidelikwerkende agteruitgang;

   c. verlies of skade:

      i. aan keermure;

      ii. veroorsaak of vererger deur:

         – insakking of grondverskuiwing;

         – die Versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die onderhoud en veiligheid van die versekerde eiendom en om enige vernietiging of skade tot 'n minimum te beperk.

3. Aardbewing.

4. Lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.

5. Botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

6. Diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie item opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde 'n mede-versekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n eweredige deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

7. Toevallige skade aan sanitêre ware, maar die bedrag betaalbaar word met R250 verminder vir elke sodanige skade.

8. Kragstuwing met dien verstande dat:

   i. Die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige eis of 'n hoeveelheid eise vanuit enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie R50 000 sal oorskry nie;

   ii. Die Versekerde verantwoordelik is vir 'n eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis onderhewig aan 'n minimum van R500.

## Spesifieke voorwaarde (nie van toepassing op 7 en 8 hierbo nie)

**Eweredigheid**

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

# ONDERAFDELING B HOOFTOEVOERVERBINDINGS

Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telekommunikasieverbindings wat die eiendom van die Versekerde is of waarvoor hy regtens verantwoordelik is:

- tussen die openbare toevoer of openbare hooftoevoer en die versekerde geboue,
- tussen 'n boorgat, watertenk of ander waterbron en die versekerde geboue, maar slegs indien water verskaf word vir huishoudelike gebruik.

# ONDERAFDELING C HUURGELD

Verlies aan huurgeld weens die feit dat die versekerde eiendom sodanig beskadig word deur enige van die gespesifiseerde gevare dat dit onverhuurbaar is (insluitend gedeeltelik onverhuurbaar), maar slegs vir die tydperk wat vir vervanging nodig is en vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen die geraakte eiendom verseker is. Die berekeningsgrondslag is die huurgeld wat betaalbaar is onmiddellik voor die skade of die ekwivalent daarvan in huurwaarde.

# ONDERAFDELING D AANSPREEKLIKHEID

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik gehou word as gevolg van die toevallige dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon (hierna besering genoem) of die toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem) wat voorkom gedurende die versekeringstydperk in, op of in die omgewing van die versekerde eiendom en wat voortspruit uit die Versekerde se eienaarskap daarvan.

## Die skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige getal eisers van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens R1 000 000.

## Spesifieke uitsonderings (van toepassing op onderafdeling D)

Die Maatskappy stel nie die Versekerde ingevolge hierdie onderafdeling skadeloos ten opsigte van dievolgende nie:

1. besering of skade wat opgedoen word deur:
    a. enige lid van dieselfde huishouding as die Versekerde;
    b. enige persoon wat ingevolge 'n diens-of vakleerlingskapkontrak in die Versekerde se diens is, en wat regstreeks ontstaan uit en in die loop van sodanige diens by die Versekerde;
    c. enige ander persoon en wat spruit uit die eienaarskap van of die gebruik deur of namens die Versekerde van meganies aangedrewe voertuie (behalwe trapfietse en grassnyers);
2. skade aan eiendom:
    a. i. wat aan die Versekerde behoort;
       ii. wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is;
    b. wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of versteuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur;
3. aanspreeklikheid wat volgens 'n ooreenkoms aanvaar word, tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;
4. a. aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade of verlies aan die gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word;
    b. die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

    Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat, by die afwesigheid van hierdie uitsondering, nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;
5. boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;
6. a. skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;

b. regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal is en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 6 (a) hierbo beskryf word nie.

## Memoranda tot onderafdeling D

1. Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die Maatskappy elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy nie verhoog word bó die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word nie.

2. Met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy nie verhoog word bó die skadeloosstellingsperk wat vermeld word nie, stel die Maatskappy ook, asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is, die volgende skadeloos:

   a. in geval van die dood van die Versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die Versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die Versekerde opgeloop is;

   b. enige vennoot of direkteur of lid of werknemer van die Versekerde (indien die Versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is.

3. Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie onderafdeling geskrap en deur die volgende vervang:

   "Hierdie onderafdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

4. Indien, ten tyde van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling, skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word, dra hierdie onderafdeling nie saam met enige ander versekering by nie, behalwe met betrekking tot enige oorskryding bó die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Uitbreiding tot onderafdeling A: Insakking en grondverskuiwing (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die onderstaande gevaar word bygevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A -Eiendom

8. Skade wat deur insakking en grondverskuiwing veroorsaak word.

   Met dien verstande dat die Versekerde die eerste gedeelte van elke eis dra tot 'n bedrag wat bereken word teen 1 persent van die bedrag waarteen die eiendom verseker is of R500, wat ook al die grootste is.

   Vir die doeleindes hiervan word enige versekerde skade geag deur brand veroorsaak te wees.

   Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

   8.1 skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is;

   8.2 skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan:

      a. foutiewe ontwerp of konstruksie van of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is;

    b. werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enige geboue wat op die versekerde perseel geleë is;

    c. uitgrawings bo-of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede;

8.3. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld.

Indien die Maatskappy in enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitbreiding nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## Uitbreiding tot onderafdeling C: Verhindering van toegang (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien eiendom gedurende die versekeringstydperk binne 'n radius van 10 km vanaf die persele vermeld in die bylae verloor of beskadig word as gevolg van 'n gevaar in onderafdeling A omskryf en dit verhinder of belemmer die gebruik van of toegang tot die persele wat kragtens hierdie afdeling verseker word, betaal die Maatskappy vir enige verlies aan huurgeld wat die Versekerde as gevolg daarvan ly tot hoogstens 'n bedrag van 25 persent van die versekerde bedrag van toepassing op die geraakte eiendom. Die berekening van die verlies aan huurgeld word gegrond op die huurgeld betaalbaar onmiddellik voor die verlies of skade of die gelykstaande huurgeldwaarde daarvan.

## Klousule: Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande spesifieke uitsondering 3, indien die Versekerde (as die eienaar van die persele wat in die bylae gespesifiseer word) ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diensgeneem het om die Versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die Versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm, regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die Versekerde, en nie die sekuriteitsfirma nie, in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir hierdie onderafdeling.

Indien die sekuriteitsfirma ten tyde van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die Maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## Klousule: Argitek-en ander professionele gelde

Die versekering ingevolge onderafdeling A sluit professionele gelde in (vir ramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan is om die versekerde eiendom te herstel of te vervang ná skade weens 'n omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval sal dit 20 persent van die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige skade oorskry nie en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die eiendom wat geraak word, beloop. Die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van sodanige gelde sluit nie koste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

## Klousule: Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag(e) nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal van sodanige verbouings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## Klousule: Koste van sloping en opruiming en die oprigting van skuttings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van versekerde eiendom en/of die verwydering van puin en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede na skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die Maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawes nie:

1. wat aangegaan word vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;
2. wat voortspruit uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/afdeling verseker is nie.

## Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees, met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur die brand bedreig is.

## Klousule: Sleutels en slotte

Bo en behalwe die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van die vervangingskoste van sleutels en slotte tot enige versekerde gebou na die verdwyning van sodanige sleutel tot sodanige perseel of volgende daarop dat die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutel is

Met dien verstande dat:

i. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R3 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

ii. die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir die eerste R300 van iedere en elke gebeurtenis.

## Klousule: Verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan verwittig sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

## Klousule: Munisipale planondersoekgelde

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit munisipale planondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die eiendom wat aldus geraak word, beloop.

## Klousule: Vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel-of herbouingskoste in wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou-of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, afdelings-, munisipale of ander plaaslike owerheid.

Met dien verstande dat:

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is, nie die volgende insluit nie:
   a. die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies;
      i. ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;
      ii. ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;
      iii. ingevolge waarvan kennis aan die Versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het;
      iv. ten opsigte van onbeskadigde eiendom, onbeskadigde dele van die eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van daardie deel wat beskadig is;
   b. die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;
   c. die bedrag van munisipale of ander belasting, ontwikkelings-of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies;
2. die herstel-of herbouwerk moet met redelike spoed begin en uitgevoer word en mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien bogenoemde regulasies dit vereis), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;
3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;
4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

## Klousule: Spoorweg- en ander subrogasie

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## Klousule : Herstelwaardevoorwaardes

Ingeval die eiendom beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was, met dien verstande dat:

1. die vervangings-of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die Versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen bó en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;
2. totdat uitgawe deur die Versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom, die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie klousule nie hierby ingelyf was nie;

3. indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n omskrewe gebeurtenis, die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies moet dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

4. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien:

    a. die Versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, die Maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;

    b. die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## Klousule: Tydelike verwydering

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die verhuurder se los en vaste toebehore gedek terwyl dit tydelik na enige ander perseel verskuif word, insluitende transito per pad, spoor of binnelandse waterweg binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

Met dien verstande dat die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is, hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die verlies of skade plaasgevind het op die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

## Klousule: Huurders

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde word nie geraak deur enige optrede of versuim aan die kant van enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied nie. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar word.

## Uitbreiding: Prysaanpassingsklousule (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(-e) ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk. Tensy anders ooreengekom, is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag (-e) wat ten tyde van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

By elke hernuwingsdatum moet die Versekerde die Maatskappy in kennis stel van die bedrag(-e) wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word. By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie uitbreiding is 50 persent van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is

## Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsonderings, uitsluitings en waarborge hierin vervat, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die doelbewuste of opsetlike daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende eiendom wat:

   a. gesteel word;

   b. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word terwyl daar in-of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige gebou op die perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word terwyl daar in-of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

   a. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   b. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe; van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

   met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

   a. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

   b. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

   c. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

   d. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

   e. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning, word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

## Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (1) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

a. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

b. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

c. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

d. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

e. skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# UITBREIDINGS VIR GASTEHUISE EN JAGHUISE

Hierdie uitbreidings is slegs van toepassing op daardie deel van die risiko wat met die gastehuis en/of jaghuisverband hou indien ingevolge die bepalings van hierdie afdeling verseker is.

## Onderafdeling A Eiendom:

Paragraaf 6 word geskrap en deur die volgende vervang:

6. Diefstal (of enige poging daartoe) behalwe

    a. die eerste R500 in die geval van diefstal van inhoud.

    Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat, vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie item opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde ˈn medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy ˈn eweredige deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

Paragraaf 7 word geskrap en deur die volgende vervang:

7. Bars, oorloop, lekkasie of ontlading van water of olie uit tenks, waterverhittingstoestelle, pype of apparate, met inbegrip van enige vaste water-of olie-ontstekende verhittingsinstallasie met inbegrip van skade aan sodanige tenks, waterverhittingstoestelle, pype, apparate en vaste water-of olie-ontstekende verhittingsinstallasies.

    Die Versekerde is verantwoordelik vir ˈn eerste bedrag betaalbaar van R250 ten opsigte van enige eis as gevolg van hierdie uitbreiding.

DIE VOLGENDE UITBREIDINGS WORD BYGEVOEG:

8. Verlies van of skade deur enige oorsaak, aan swembad-, boorgat-(vir huishoudelike gebruik), jacuzzi-en saunabad-aanleg en masjinerie, elektriese deure en -hekke, met dien verstande dat:

    a. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R5 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

    b. die bedrag betaalbaar verminder word met R200 vir iedere en elke sodanige skade.

9. Toevallige skade aan:

    a. vaste glas en sanitêre ware;

    b. huishoudelike elektriese toestelle;

    c. radio-of televisie-antennas of -maste;

    met dien verstande dat die bedrag betaalbaar met R500 verminder word vir iedere en elke sodanige skade.

10. Verlies of skade veroorsaak deur die algehele of gedeeltelike versuim van die openbare voorsiening van elektrisiteit aan die persele van die Versekerde met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur:

    a. droogte;

    b. besoedeling van water;

    c. tekort aan brandstof of water:

    d. ʼn fout in enige deel van die installasie wat aan die persele behoort;

    e. die uitoefening deur enige owerheid wat regtens gemagtig is om elektrisiteit te voorsien, van sy reg om die voorsiening te weerhou of te beperk tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks toegeskryf kan word aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.

    Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik nie tensy die onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur.

11. Die uitwerking van verkoelingsgasse wat uit die eenheid ontsnap het met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

    a. verlies of skade veroorsaak deur die doelbewuste handeling van die verskaffingsowerheid of uitoefening deur enige owerheid wat regtens gemagtig is om elektrisiteit en/of gas te voorsien, van sy reg om die voorsiening van elektrisiteit en/of gas te weerhou of te beperk tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks toegeskryf kan word aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

    b. gevolglike verlies.

Die Versekerde is verantwoordelik vir ʼn eerste bedrag betaalbaar van R250 ten opsigte van enige eis as gevolg van hierdie uitbreiding.

## Tuine en watervoorwerpe

Die Maatskappy betaal tot hoogstens R5 000 vir koste deur die Versekerde aangegaan om landskaptuine en watervoorwerpe te herstel na brand, weerlig, weerligslag, onderaardse brand, spesiale gevare, aardbewing, kwaadwillige beskadiging en ontploffing.

## Vrekte van perde

Die Maatskappy betaal tot hoogstens R5 000 vir enige enkele gebeurtenis vir die vrekte van of besering aan perde wat regstreeks veroorsaak word deur brand, weerlig, weerligslag, ontploffing, aardbewing, diefstal, lugvaartuie (of artikels wat uit lugvaartuie val), storm, orkaan, oorstroming, botsing deur voertuie of enige daad gepleeg deur enigiemand met die bedoeling om sodanige vrekte of besering te veroorsaak.

## Uithangborde, blinders en afdakke

Die Maatskappy betaal tot hoogstens R5 000 vir skade aan uithangborde, blinders en afdakke by die Versekerde se persele waarvoor hy verantwoordelik is, maar met uitsluiting van die eerste R500 ten opsigte van elke eis.

## Verslegting van kos

Die Maatskappy betaal tot hoogstens R25 000 vir die toevallige verslegting van kos vanweë enige oorsaak maar met uitsluiting van:

a. skade as gevolg van die doelbewuste weerhouding van elektrisiteit deur 'n voorsieningsowerheid;

b. gevolglike verlies;

c. die eerste R500 van elke eis.

# KANTOORINHOUD

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. Verlies van of skade aan die inhoud (behalwe dokumente soos omskryf in onderafdeling C indien dit daarkragtens verseker is en elektroniese dataverwerkingstoerusting), insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore, die eiendom van die Versekerde of waartoe hy verantwoordelik is en tensy andersins vermeld in die bylae, tot die mate waarin die eiendom nie andersins verseker is nie, eiendom wat besit word deur enige vennoot, of direkteur of werknemer van die Versekerde tot hoogstens 'n bedrag van R2 500 per persoon terwyl dit gehou word in die kantore en/of spreekkamers wat geleë is soos in die bylae vermeld (hierna die kantoorperseel genoem) deur enige van die gevare wat in onderafdeling A gespesifiseer word.

2. Verlies van of skade aan die geheel of 'n deel van die eiendom wat ingevolge item C van die bylae verseker word en ingevolge onderafdeling C omskryf en die gevolge daarvan wat ingevolge item D van die bylae verseker en ingevolge onderafdeling D beskryf word.

3. Verlies en/of uitgawe wat ingevolge onderafdelings B en E beskryf word.

## ONDERAFDELING A INHOUD

1. Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.

2. Storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels.

3. Aardbewing, maar met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

4. Lugvaartuie en ander lugtoestelle of artikels wat daaruit laat val word.

5. Botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

6. Toevallige brekasie van spieëlglas, glasblaaie van meubels of vaste glas wat deel uitmaak van enige meubelstuk.

7. Bars van watertenks, waterapparate of waterpype, en die toevallige lekkasie van olie uit vaste olieontstekende verhittingsinstallasie.

8. Kragstuwing met dien verstande dat:

   i. Die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige eis of 'n hoeveelheid eise vanuit enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, nie R50 000 sal oorskry nie

   ii. Die Versekerde verantwoordelik is vir 'n eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis onderhewig aan 'n minimum van R500.

### Beperkingsklousule

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling word ten opsigte van dokumente, manuskripte, sakeboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrae wat aan die arbeid bestee is.

# SPESIFIEKE VOORWAARDE

### Eweredigheid (nie van toepassing op gevaar 6 en 8 hierbo nie)

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige verlies of skade deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom verseker, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

# ONDERAFDELING B HUURGELD

Verlies aan huurgeld wat werklik deur die Versekerde gely is as gevolg daarvan dat die kantoorperseel of 'n deel daarvan sodanig beskadig word deur enige van die gevare in die onderafdeling A gespesifiseer dat dit onbewoonbaar is, maar slegs vir die tydperk wat vir vervanging nodig is. Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling beloop hoogstens 25 persent van die versekerde bedrag of waarde (wat ook al die minste is) van alle inhoud van die kantoorperseel wat geraak is.

Vir die doeleindes van hierdie onderafdeling word die woord "kantoorperseel" geag enige persele of deel daarvan in die nabyheid van die kantoorperseel in te sluit indien skade aan sodanige persele toegang tot die kantoorperseel verhinder of beperk.

# ONDERAFDELING C DOKUMENTE

Verlies van of skade aan dokumente wat normaalweg by die kantoorperseel gehou word deur enige gevaar wat nie spesifiek uitgesluit is nie, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens R5 000 of die versekerde bedrag vermeld in die bylae, welke ook al die grootste is, beloop.

### Omskrywing

Die woord "dokumente" beteken die volgende

films, bande, adressograafplate, boeke, rekords, planne, tekeninge, uittreksels, aktes, testamente, verbandbriewe, ooreenkomste, manuskripte, briewe, sertifikate, dokumente en soortgelyke papiere waarop skrif, tik-of drukwerk aangebring is, wat deur die Versekerde in die besigheid gebruik word en wat aan hom behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, met uitsluiting van geld, geldige pos-of inkomsteseëls, gekanselleerde en ongekanselleerde koepons, effekte, toonderobligasies, tjeks, wissels en enige skriftelike opdrag om 'n bepaalde bedrag te betaal en enige skriftelike bewys van skuld of verpligting en alle eiendom wat vervoer of aangehou word as monsters of vir verkoop of naverkoop-aflewering en rekenaarprogrammatuur en rekenaardatadraende media tensy anders in die bylae vermeld.

### Beperkingsklousule

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling word beperk tot alle koste, heffings en uitgawes wat deur die Versekerde aangegaan word ter vervanging of herstel van sodanige dokumente.

Spesifieke uitsondering (van toepassing op onderafdeling A)

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie:

a. eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi;

b. ontwerpe, patrone, modelle of gietvorms (behalwe tot die mate wat die vermelde artikels ingevolge onderafdeling A verseker is), bedryfsvoorraad, monsters, motorvoertuie en toebehore daarvoor, geld, effekte, seëls, juweliersware of edelgesteentes;

c. die eerste 10 persent van die skadeloosstelbare bedrag of R1 000, welke ook al die grootste is, indien die verlies of skade aan weerligskade te wyte is.

## Spesifieke uitsondering (van toepassing op onderafdeling C)

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie:

a. verlies of skade wat veroorsaak word deur:

    i. elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, versteuring of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames, tensy te wyte aan weerlig in welke geval die weerligverlies-of skadeloosstelbare bedrag met die grootste van 10 persent of R1 000 verminder word;

    ii. ongedierte of inherente defek of deur verwerking, kopiëring of ander werk aan die dokumente;

    iii. die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot of direkteur van die Versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan. Hierdie uitsondering geld nie vir enige direkteur wat ook ʼn werknemer van die Versekerde is en ten opsigte van wie die Versekerde die reg het om te alle tye in die uitvoering van sy werk in diens van die Versekerde en in die loop van die besigheid te bestuur, beheer of opdrag te gee nie;

b. geleidelike agteruitgang of slytasie;

c. koste aangegaan om films en video's en klankbane oor op te neem.

# ONDERAFDELING D REGSAANSPREEKLIKHEID DOKUMENTE

Regsaanspreeklikheid as ʼn regstreekse gevolg van verlies van of skade aan dokumente soos omskryf in onderafdeling C en ten opsigte waarvan betaling, vervanging of herstelwerk gedoen, of aanspreeklikheid deur die Maatskappy ingevolge onderafdeling C erken is, tensy sodanige betaling, vervanging, herstelwerk of aanspreeklikheid nie gedoen of erken is nie slegs omdat dit van die Versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra.

## Spesifieke uitsondering (van toepassing op onderafdeling D)

Hierdie onderafdeling dek nie aanspreeklikheid nie wat ingevolge enige kontrak, onderneming of ooreenkoms deur die Versekerde aanvaar is indien sodanige aanspreeklikheid nie by die Versekerde sou berus het in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie.

# ONDERAFDELING E VERHOGING IN BEDRYFSKOSTE

Enige bykomende uitgawes waarvoor daar nie andersins in hierdie afdeling voorsiening gemaak word nie en wat redelikerwys deur die Versekerde aangegaan word met die doel om die gewone werksaamhede van die besigheid in stand te hou as gevolg van verlies of skade ten opsigte waarvan betaling, vervanging of herstelwerk gedoen, of aanspreeklikheid deur die Maatskappy ingevolge onderafdeling A of C erken is.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling beloop hoogstens 25 persent van die versekerde bedrag ten opsigte van alle inhoud van die kantoorperseel wat geraak word.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Klousule: Veranderings en wanbeskrywing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie nie, hetsy te wyte aan die verskuiwing van prosesse of masjinerie of te wyte aan strukturele veranderings, herstelwerk aan die geboue, masjinerie of toerusting met dien verstande dat die Maatskappy so gou moontlik daarna in kennis gestel word en die Versekerde instem, indien vereis, om 'n bykomende premie te betaal.

## Klousule: Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, verbeterings en toevoegings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrae nie) aan of tot die eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy elke kwartaal van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings in kennis te stel en om die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## Klousule: Slotte en sleutels

Benewens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, stel die Maatskappy die Versekerde skadeloos ten opsigte van die vervangingskoste van slotte en sleutels vir enige versekerde kantoorperseel ná die verdwyning van enige sleutel vir sodanige perseel of indien die Versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutel mag wees.

Met dien verstande dat:

i. die Maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R3 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

ii. die Maatskappy nie aanspreeklik is vir die eerste R300 van elke gebeurtenis nie.

## Klousule: Nuwe en bykomende persele

Indien die Versekerde ander kantore of spreekkamers okkupeer behalwe dié wat geleë is soos in die bylae vermeld in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, geld die versekering ingevolge hierdie afdeling asof sodanige kantore of spreekkamers kantoorpersele binne die bestek van hierdie afdeling is.

Met dien verstande dat:

i. die Versekerde die Maatskappy binne 'n redelike tyd ná okkupasie daarvan in kennis stel en die bykomende premie betaal wat pro rata bereken word vanaf die tydstip van okkupasie tot aan die einde van die versekeringstydperk wat op daardie tydstip van krag was;

ii. hierdie klousule nie geld vir enige verlies, indien en in soverre dit andersins verseker is nie.

## Klousule: Verwydering van puin

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om sodanige redelike koste en uitgawes in te sluit wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word ten opsigte van die verwydering van puin ná verlies of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawe in totaal die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word ten opsigte van die eiendom wat geraak word.

Die Maatskappy betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

1. aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;
2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker is nie.

## Klousule: Tydelike verwydering

Behalwe ten opsigte van die persoonlike eiendom van enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde, word verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is terwyl dit tydelik gehuisves word in enige gebou in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, geag word plaas te gevind het terwyl sodanige eiendom in die kantoorperseel gehou is.

## Klousule: Tydelike herstelwerk en maatreëls ná verlies

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om alle redelike koste en uitgawe te dek wat deur die Versekerde aangegaan word in die uitvoer van sodanige herstelwerk en die tref van tydelike maatreëls as wat redelikerwys nodig mag wees ná verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige gevaar waarteen hierkragtens verseker is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir sodanige verlies of skade en koste en uitgawe in totaal hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word ten opsigte van die eiendom wat geraak is.

## Klousule: Huurders

Die Maatskappy se aanspreeklikheid teenoor die Versekerde word nie geraak nie deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die Versekerde) wat sonder die Versekerde se medewete geskied. Die Versekerde moet die Maatskappy egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die Maatskappy aanvaar word.

## Klousule: Herstelwaardevoorwaarde

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word vir 'n eis ten opsigte van inhoud, is óf die vervanging van die inhoud met soortgelyke eiendom in 'n toestand gelykstaande aan, maar nie beter of omvangryker nie as die toestand daarvan toe dit nuut was

**óf**

die herstel van die inhoud tot 'n toestand aansienlik dieselfde maar nie beter nie as die toestand daarvan toe dit nuut was met dien verstande dat, indien op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die inhoud verlore, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, die Versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

## Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge hierin vervat, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende eiendom wat:
    a. gesteel word;
    b. beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder vanuit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;
2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in-of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;
3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:
    a. die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;
    b. die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

    van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die bedoeling om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

a. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

b. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

c. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

d. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

e. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien die versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom, tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

## Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word onderafdelings A, B en C van hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

i. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

ii. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

a. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

b. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

c. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

d. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

e. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

   Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## Uitbreiding: Diefstal as gevolg van kragdadige betreding (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg by die gevare van toepassing op onderafdeling A – inhoud:

7. Diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die kantore en/of spreekkamers gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld.

Met dien verstande dat:

i. die Maatskappy nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik is nie vir diefstal of poging tot diefstal deur enige prinsipaal, direkteur of werknemer van die Versekerde;

ii. die bedrag betaalbaar verminder word met die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding;

iii. die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding, min die eerste bedrag betaalbaar.

## Diefstaluitbreiding (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg by die gevare van toepassing op onderafdeling A – inhoud:

7. Diefstal of enige poging daartoe behalwe deur 'n prinsipaal, vennoot in of van of direkteur of werknemer van die Versekerde.

Met dien verstande dat:

i. die bedrag betaalbaar verminder word met die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding;

ii. die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding, min die eerste bedrag betaalbaar.

## Memorandum

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van onderafdeling D geskrap en deur die volgende vervang:

"Hierdie onderafdeling dek nie verlies, skade, aanspreeklikheid of onkoste wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militere of geüsurpeerde gesag nie."

## Klousule: Werkers/werknemers/kontrakteurs

Indien 'n kontrakteur, werker of werknemer sonder die wete van die Versekerde iets doen of versuim om iets te doen wat in teenstelling met 'n voorwaarde, bepaling of uitsondering van hierdie polis is, sal die Versekerde se dekking van krag bly. Die Versekerde moet die Maatskappy in kennis stel van die optrede of versuim sodra hy of sy daarvan te wete kom.

# SAKE-ONDERBREKING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies wat volg op 'n onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die perseel plaasvind ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is ingevolge:

(i) die afdeling Brand van hierdie polis;

(ii) die afdeling Geboue Omvattend van hierdie polis;

(iii) die afdeling Kantoorinhoud van hierdie polis;

(iv) enige ander materiële skade-versekering wat die belang van die versekerde dek; maar slegs ten opsigte van gevare

wat verseker is ingevolge die afdeling Brand hiervan (hierna skade genoem).

Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra.

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos in ooreenstemming met die bepalings van die spesifikasie soos hieronder uiteengesit.

## SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die versekering ingevolge hierdie afdeling word gestaak indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word behalwe met die skriftelike toestemming van die versekeraar.

2. By die plaasvind van enige skade as gevolg waarvan 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel kan word, moet die versekerde, benewens om te voldoen aan algemene voorwaarde 6 en 7, met die nodige ywer alles doen en meehelp en toelaat dat dit gedoen word wat redelikerwys moontlik is om enige onderbreking of belemmering van die besigheid tot die minimum te beperk of te stuit of om die verlies te voorkom of te verminder en in geval 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, nie later nie as 30 dae ná die verstryking van die skadeloosstellingstydperk of binne sodanige verdere tyd as wat die versekeraar skriftelik mag toelaat, op sy eie onkoste aan die versekeraar 'n skriftelike opgawe voorlê waarin besonderhede van sy eis vervat word saam met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of gevolglike verlies van enige aard wat daaruit voortspruit, dek.

   Geen eis is ingevolge hierdie afdeling betaalbaar nie tensy die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is en in geval van die nie-nakoming daarvan in enige opsig, moet enige betaling wat reeds vanweë hierdie eis gedoen is, onmiddellik aan die versekeraar terugbetaal word.

## ITEM 1 BRUTO WINS (verskilgrondslag)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan:

(a) vermindering in omset en

(b) verhoging in bedryfskoste

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

(a) ten opsigte van ʼn vermindering in omset, die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet

(b) ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit die bruto wins betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# ITEM 1 BRUTO WINS (byvoegingsgrondslag)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan:

(a) ʼn vermindering in omset en

(b) ʼn verhoging in bedryfskoste

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

(a) ten opsigte van ʼn vermindering in omset, die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet

(b) ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste as wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

## Memo

Indien enige vaste koste van die besigheid nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie, word daar by die berekening van die bedrag wat hierkragtens as verhoogde bedryfskoste verhaalbaar is slegs daardie deel van die bykomende uitgawes in berekening gebring as die verhouding waarin die som van die netto wins en die versekerde vaste koste staan tot die som van die netto wins en alle vaste koste.

# ITEM 2 BRUTO HUURGELD

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot:

(a) verlies aan bruto huurgeld en

(b) ten opsigte van verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan bruto huurgeld wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan bruto huurgeld daardeur vermy min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit bruto huurgeld betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto huurgeld minder is as die jaarlikse bruto huurgeld indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse bruto huurgeld indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# ITEM 3 INKOMSTE

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot:

(a) verlies aan inkomste en

(b) verhoging in bedryfskoste

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

(a) ten opsigte van die verlies aan bruto inkomste, die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardinkomste te kort skiet;

(b) ten opsigte van verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan inkomste wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, te vermy of te verminder, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan inkomste daardeur vermy min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit inkomste betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van inkomste minder is as die jaarlikse inkomste indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse inkomste indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

# ITEM 4 BYKOMENDE VERHOGING IN BEDRYFSKOSTE

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot redelike bykomende uitgawes (nie verhaalbaar ingevolge ander items nie) wat met die toestemming van die versekeraar aangegaan word gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade ten einde die gewone bedryf van die besigheid in stand te hou.

# ITEM 5 LONE (grondslag van aantal weke)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies wat deur die versekerde gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die skade en nie langer as die gespesifiseerde aantal weke daarna voortduur nie.

Die bedrag wat as skadeloosstelling ingevolge hierdie item betaalbaar is, is die werklike bedrag wat die versekerde vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die skade hoegenaamd nie deur die versekerde benut kan word nie en 'n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die skade nie ten volle deur die versekerde benut kan word nie.

Met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik ná die skade aan lone betaal sou gewees het indien die skade nie voorgekom het nie.

# ITEM 6 BOETES EN STRAFTOEKENNINGS VIR KONTRAKBREUK

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag as skadevergoeding hierkragtens betaalbaar is die bedrag waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van skade vir nie voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

# OMSKRYWINGS

**Skadeloosstellingstydperk**
Die tydperk wat met die aanvang van die skade begin en eindig nie later nie as die getal maande daarna in die bylae vermeld waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die skade geraak word.

**Omset**
Die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

**Inkomste**
Die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

**Bruto huurgeld**
Die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar deur huurders ten opsigte van huurgeld vir die perseel en dienste gelewer.

**Bruto wins (verskilgrondslag)** Die bedrag waarmee

(1) die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad meer is as

(2) die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste.

Die bedrag van die begin- en eindvoorraad word vasgestel volgens die versekerde se gewone rekeningkundige metodes nadat behoorlike voorsiening vir waardevermindering gemaak is.

**Onversekerde koste**
Soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die versekerde).

**Bruto wins (byvoegingsgrondslag)**
Die bedrag wat verkry word deur die netto wins te voeg by die bedrag van die versekerde vaste koste of, indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste, min sodanige deel van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van die versekerde vaste koste tot alle vaste koste van die besigheid staan.

**Netto wins**
Die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en -aanwas en alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit die besigheid van die versekerde by die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, met inbegrip van waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen die winste vorderbaar is.

**Versekerde vaste koste**
Soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word, dra die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in die boeke en rekeninge van die versekerde).

**Standaardomset***

**Standaardinkomste***

**Standaard bruto huurgeld ***
Die omset (inkomste) (bruto huurgeld) gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk ooreenstem.

**Jaarlikse omset***

**Jaarlikse inkomste***

**Jaarlikse bruto huurgeld ***
Die omset (inkomste) (bruto huurgeld)gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die skade.

**Bruto winskoers ***
Die bruto winskoers verdien op die omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die skade waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat mag nodig wees om te voorsien vir die tendens van die besigheid en afwykings of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak, of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie.

**LET WEL: Indien die skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde van die items wat links hiervan vermeld word, bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die besigheid en die datum van die skade.*

## Memo

Indien goedere of dienste óf deur die versekerde óf deur ander namens hom gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel verkoop of gelewer word vir die voordeel van die besigheid, word die geld betaal of betaalbaar vir sodanige verkope of dienste in berekening gebring om die omset, inkomste of bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk te bepaal.

# UITBREIDINGS EN KLOUSULES

## Wynkelderklousule

Vir die doel van hierdie afdeling, sal die beskrywing van Inkomste soos volg aangepas word:

- Netto betaling bereken op tonnemaat gelewer/gebruik
- Plus – Vaste kostes
- Plus – Ko-operatiewe kommissie vir spesifieke poel
- Plus – Uitgawes alreeds aangegaan
- Minus – Enige bedrae bespaar gedurende die skadeloosstellingstydperk in terme van opskorting of vermindering van sodanige kostes en uitgawes van die besigheid as gevolg van die skade.

## Klousule: Rekenmeesters

Enige gegewens of besonderhede wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word en wat deur die versekeraar benodig mag word ingevolge hierdie afdeling met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is prima facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

## Klousule: Opgehoopte voorraad

Met die berekening van enige verlies word dit in ag geneem, en 'n billike voorsiening word gemaak, indien enige tekort in omset of inkomste te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset of inkomste tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## Klousule: Departemente

Indien die besigheid in departemente of takke bedryf word waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is, geld die bepalings ingevolge item 1 (bruto wins), 2 (bruto huurgeld) of 3 (inkomste) wat verband hou met verlaging in omset/bruto huurgeld/inkomste en verhoging in bedryfskoste afsonderlik vir elke departement of tak wat deur die skade geraak word, behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur die betrokke item minder is as die totaal van die jaarlikse bruto inkomste/jaarlikse huurgeld ontvangbaar verkry deur die bruto wins-koers vir elke departement/tak van die besigheid, hetsy deur skade geraak al dan nie, toe te pas op die betrokke jaarlikse omset (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingsperk twaalf maande oorskry).

## Klousule: Depositopremie

Met inagneming daarvan dat die premie ingevolge items 1, 2 of 3 voorlopig is omdat dit bereken word op 75 persent van die versekerde bedrag, is die premie soos volg onderworpe aan aanpassing by die verstryking van elke versekeringstydperk: In geval die bruto wins/bruto huurgeld/inkomste wat verdien is (na verhouding verhoog indien die aantal maande waarna in die omskrywing van die skadeloosstellingstydperk verwys word 12 oorskry)

gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk, minder of meer is as 75 persent van die bedrag waarteen dit verseker is, word pro rata-terugbetalings- of bykomende premie wat nie 33 persent oorskry van die voorlopige premie wat vir sodanige versekeringstydperk betaal is nie, ten opsigte van die verskil betaal.

In geval 'n eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, word die bedrag wat daarop betaal of betaalbaar is, as werklik verdien beskou.

## Deposito premie (wynvoorraad)

Ten opsigte van wynvoorraad wat ingevolge hierdie afdeling verseker word, word die premie op 75 persent van die versekerde bedrag bereken, en die premie is onderworpe aan aanpassing by die verstryking van die 12 maande tydperk vanaf die aanvang van die polis asook die daaropvolgende 12 maande tydperke vir die leeftyd van die polis.

Die versekerde moet deur middel van 'n skriftelik verklaring aan die einde van elke 12 maande tydperk aan die versekeraar die totale waarde van sy wynvoorraad in voorraad asook reeds verkoop gedurende daardie tydperk voorsien.

Indien daar ná die plaasvind van skade gevind word dat die bedrag van die laaste verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, word die bedrag wat deur die versekerde verhaalbaar sou wees in sodanige verhouding verminder as dié wat die bedrag van die genoemde verklarings uitmaak van die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ook al die kleinste bedrag is.

Indien van toepassing, werk die bepalings van hierdie voorwaarde kumulatief saam met die bepalings van die spesifieke voorwaarde wat betrekking het op eweredigheid.

Die versekeraar se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag en die premie is nie ontvangbaar ten opsigte van waardes wat dit oorskry nie.

Bogemelde spesifieke voorwaardes geld afsonderlik vir elke item van die spesifikasie waarop hierdie voorraadverklaringsvoorwaarde van toepassing is.

## Klousule: Produksie (alternatiewe grondslag)

Na die keuse van die versekerde mag die woord "produksie" die woord "omset" vervang en vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken produksie die verkoop- of oordragwaarde, soos in die versekerde se boeke aangedui, van goedere wat deur die versekerde by die perseel vervaardig of verwerk is.

Met dien verstande dat:

(a) slegs die betekenis van produksie of die betekenis van omset geld in verband met enige enkele gebeurtenis wat onderbreking tot gevolg het;

(b) indien die betekenis van produksie gebruik word

   (i) geld die klousule insake die opgehoopte voorraad nie;

   (ii) die memo aan die einde van die omskrywings soos volg lees: Indien goedere óf deur die versekerde óf deur ander namens hom gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel vervaardig of verwerk word vir die voordeel van die besigheid, word die verkoop of oordrag van sodanige goedere in berekening gebring om die produksie gedurende die skadeloosstellingstydperk te bepaal.

## Klousule: Verkoop van geredde goedere

Indien die versekerde gedurende die skadeloosstellingstydperk 'n bergingsverkoping hou, lees klousule:

(a) van item 1 (bruto wins) vir die doeleindes van sodanige eis soos volg:

ten opsigte van vermindering in omset, die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk (minus die omset vir die tydperk van die verkoping van geredde goedere) as gevolg van die skade by die standaardomset te kort skiet, van welke totaal die werklike bruto wins wat gedurende die tydperk van die verkoping van geredde goedere verdien is, afgetrek word.

## Uitbreidings na ander persele

Verlies, soos verseker deur hierdie afdeling, wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade (soos hierin omskryf) by die ondergemelde liggings of aan die eiendom wat hieronder aangedui is, word geag verlies te wees wat voortspruit uit skade aan eiendom wat deur die versekerde by die perseel gebruik word.

(a) Gespesifiseerde verskaffers/subkontrakteurs (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die persele van die verskaffers en subkontrakteurs wat in die bylae gespesifiseer word, onderworpe aan die vermelde perke.

(b) Ongespesifiseerde verskaffers

Die persele van enige van die versekerde se ander verskaffers, vervaardigers of verwerkers van komponente, goedere of materiaal, maar met uitsluiting van die perseel van enige openbare verskaffingsonderneming waarvandaan die versekerde elektrisiteit, gas of water verkry, onderworpe aan 'n maksimum van 10% van die bruto wins (soos verseker) of die perk in die bylae vermeld, welke die hoogste.

(c) Berging, transito en voertuig

Die eiendom van die versekerde terwyl dit geberg word of terwyl dit per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word of wat die motorvoertuie van die versekerde is op 'n ander plek as by die perseelwat deur die versekerde geokkupeer word.

(d) Kontrakterreine

Enige ligging wat nie deur die versekerde geokkupeer word nie waar die versekerde 'n kontrak uitvoer.

(e) Verhindering van toegang

Eiendom wat binne 'n radius van 10 km vanaf die versekerde se perseel is waarvan vernietiging of skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer hetsy die perseel of die versekerde se eiendom daarin beskadig is of nie.

(f) Verhindering van toegang – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Eiendom wat binne 'n radius van 10 km vanaf die perseel is waarvan die vernietiging of skade daaraan die gebruik van of toegang tot die perseel verhinder of belemmer hetsy die perseel of die versekerde se eiendom daarin beskadig is of nie.

(g) Bykomende persele

Indien die versekerde gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling enige nuut toegevoegde perseel okkupeer of eiendom daarop het vir die doeleindes van die besigheid word sodanige nuut toegevoegde perseel geag ingesluit te wees by dié wat gespesifiseer is, onderworpe aan kennisgewing daarvan aan die versekeraar so gou dit redelikerwys moontlik is en 'n aanpassing van die premie indien nodig.

(h) Klante (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die persele van die klante in die bylae gespesifiseer, onderworpe aan die gespesifiseerde perke.

(i) Openbare dienste – slegs versekerde gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwante gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings van 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot 'n toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by die perseel van die versekerde.

(j) Openbare telekommunikasie – slegs versekerde gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

(i) Eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan die versekerde te verskaf.

(ii) Die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in (i) vermeld.

## Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker voortspruitend uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die versekerde se persele word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf), met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

(i) droogte;

(ii) 'n fout by enige deel van die persele wat aan die versekerde behoort;

(iii) 'n besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(iv) enige gebeurtenis in algemene uitsondering 1 en 2 omskryf, maar dekking verskaf deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die grondliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis word nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie tensy die onderbreking of belemmering van die versekerde se besigheid langer as 24 uur duur.

## Openbare dienste – uitgebreide dekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies soos verseker wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van 'n algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na die versekerde se perseel word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

(i) droogte;

(ii) waterbesoedeling;

(iii) 'n brandstof- of watertekort;

(iv) 'n fout in enige deel van die installasie wat aan die perseel behoort;

(v) 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(vi) enige gebeurtenis in algemene uitsondering 1 en 2 beskryf, maar dekking wat verskaf is deur die Uitbreiding Kwaadwillige Beskadiging in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis is nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan 'n meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur.

## Die gebiedsgrense van

(b), (c), (d), (e), (f), (h), (i) en (j) van die uitbreidings tot ander persele en die uitgebreide dekking vir openbare telekommunikasies en openbare dienste word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

(g) van die uitbreidings tot ander persele word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.

## Toevallige skade (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende omskrewe gebeurtenis word bygevoeg:

Verlies ná onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge omskrewe gebeurtenis van die Afdeling Toevallige Skade van hierdie polis en die Afdeling Spesialisversekering vir die Wynboubedryf: Verlies van/of skade aan wyn en verwante produkte, wyntenks en verwante eiendom (hierna skade genoem) met dien verstande dat:

(a) die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling, dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, geskrap word ten opsigte van hierdie omskrewe voorval;

(b) die versekeraar nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die afdeling Toevallige skade of die afdeling Spesialisversekering vir die Wynboubedryf: Verlies van/of skade aan wyn en verwante produkte, wyntenks en verwante eiendom, wat ookal die hoogste vir beide hierdie afdeling en die Toevallige skade afdelings tesame nie.

# UITBREIDINGS VIR GASTEHUISE EN JAGHUISE

Hierdie uitbreidings is slegs van toepassing op daardie deel van die risiko wat met die gastehuis en/of jaghuis verband hou indien ingevolge die bepalings van hierdie afdeling verseker is.

## Moord/Selfmoord/Siekte/Siekwees/Besoedeling/Haai- en dieraanval

Skade (soos hierin omskryf) word geag verlies in te sluit wat volg op die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van:

(a) moord, selfmoord, gewapende roof, kwaadwillige of terroriste-aktiwiteite (hetsy werklik of foppery) by die versekerde se persele;

(b) kos- of drankvergiftiging by die versekerde se persele;

(c) die sluit van die persele as gevolg van Skadelike gasse binne 'n 50 kilometer radius vanaf die versekerde se persele, op bevel van die bevoegde plaaslike, munisipale, streeks- or regeringowerheid wat vir die area verantwoordelik is;

(d) ongunstige weersomstandighede binne 'n 50 kilometer radius vanaf die versekerde se persele, van voldoende intensiteit en/of omvang met die potensiaal om Skade aan eiendom of besering aan persone te veroorsaak;

(e) die besoedeling van enige see, strand, waterweg, dam of rivier binne 'n 50 kilometer radius vanaf die versekerde se persele, behalwe besoedeling van drinkwater;

(f) haai- of wilde dier-aanval binne 'n 50 kilometer radius vanaf die versekerde se persele;

(g) 'n bomaanval binne 'n 50 kilometer radius vanaf die versekerde se persele;

(h) die sluit van die persele as gevolg van ongedierte, pes of foutiewe sanitêre geriewe by die versekerde se persele op bevel van die bevoegde plaaslike, munisipale, streeks- or regeringowerheid wat vir die area verantwoordelik is;

(i) aansteeklike of besmetlike aanmeldbare siekte binne 'n 50 kilometer radius vanaf die versekerde se persele met dien verstande dat die munisipale, streeks-, plaaslike of regeringsowerheid wat vir die gebied verantwoordelik is, verklaar het dat 'n aanmeldbare mediese kondisie of oordraagbare siekte in die area bestaan en/of kwarantynregulasies in plek gestel het en/of opgetree het om toegang tot die area te beperk ingevolge enige plaaslike, munisipale or nasionale wetgewing, verordening of regulasie wat betrekking het op openbare gesondheid en veiligheid.

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding

(i). beteken "Skadeloosstellingstydperk" die tydperk wat 'n aanvang neem met die plaasvind van (a), (b), (d), (e), (f) of (g) hierbo of vir (c), (h) en (i) die datum waarop beperkings op die persele geplaas is en wat eindig nie later nie as 3 maande daarna;

(ii) beteken "versekerde persele" daardie lokasies wat in die bylae as die versekerde se persele gelys word en sluit dit nie die persele van verskaffers, kliënte, klante, kontrakteurs (of sub-kontrakteurs) nieteenstaande die feit dat hierdie versekering andersins mag uitgebrei wees om sodanige persele in te sluit nie;

(iii) beteken "aansteeklike of besmetlike aanmeldbare siekte" 'n uitbreek ten opsigte waarvan die munisipale, streeks-, plaaslike of regeringsowerheid bepaal het dat kennis daarvan aan hulle gegee word, met uitsluiting van Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) of VIGS-verwante toestand

Die dekking wat deur hierdie uitbreiding verleen word, sluit nie enige koste in wat ontstaan uit die skoonmaak, herstel of herroeping of nagaan van die Versekerde se persele nie.

## Spoorweg- en lugdienste

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade by die ondervermelde situasies en aan ondervermelde eiendom word geag verlies vanweë skade aan eiendom wat deur die versekerde by die persele gebruik word, te wees:

(a) by die persele en eiendom van enige spoorwegdiens;

(b) by die persele en eiendom van enige lughawe of terminaalfasiliteit insluitende lugvaartuie;

(c) by die persele van enige skeepsterminaal of vraglaai-fasiliteit;

(d) aan enige pad, tonnel, brug of dienstoegangspad wat daarmee verband hou;

(e) aan enige padvoertuig wat aan 'n klant van die versekerde behoort of padvervoerdiens.

Met dien verstande dat:

(i) sodanige Skade nie teweeggebring is nie deur die regstreekse of onregstreekse optrede van enige party, wat insluit staking, arbeidsoproer, kwaadwillige beskadiging of die bedoeling daarvan of politiese inmenging;

(ii) indien sodanige onderbreking of belemmering voortspruit uit meganiese of elektriese of elektroniese onklaarraking, daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding bestaan vir onderbreking of belemmering van die besigheid nie tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur vanaf die aanvang daarvan voortduur.

Die gebiedsperke van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## Verlies van wild

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die vrekte van wild deur 'n bosbrand of wilde brand word geag as synde uit Skade (soos hierin omskryf) voort te spruit.

Die gebiedsperke van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## Onklaarraking van lugversorging

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die versuim van enige lugversorgingstelsel wat die verkoelings- of verhittingsvereistes van die versekerde se persele beheer word geag as synde uit Skade (soos hierin omskryf) voort te spruit met dien verstande dat indien sodanige onderbreking of belemmering voortspruit uit meganiese of elektriese of elektroniese onklaarraking, daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding bestaan vir onderbreking of belemmering van die besigheid nie.

Die gebiedsperke van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## Onklaarraking van hulpkrag

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die versuim van die hulpkragaanleg om te funksioneer in die geval van die onklaarraking van die hoofelektrisiteitsvoorsieningsnetwerk waarvan die versekerde normaalweg sy krag verkry, word geag as synde deur Skade(soos hierin omskryf) veroorsaak te wees, met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie skade dek as gevolg van verlies regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur die volgende nie:

(a) gebrek aan instandhouding of versuim om sodanige toerusting op 'n weeklikse grondslag te toets;

(b) normale slytasie of geleidelike agteruitgang;

(c) 'n tekort aan brandstof of die verkeerde brandstofvoorsiening;

(d) 'n pap battery of battery-onklaarraking wanneer die toerusting aangeskakel word.

Die gebiedsperke van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## Dranklisensie

Verlies soos verseker deur hierdie afdeling wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van 'n lisensie, wat toegestaan is ten opsigte van die persele, vir die verkoop van kleinhandel of belasbare drank, wat opgeskort of verbeur word onder die bepalings van die toepaslike wetgewing wat sodanige lisensies beheer of die weiering van die hernuwing daarvan na behoorlike aansoek vir sodanige hernuwing aan die toepaslike owerheid op enige tydstip gedurende die versekeringstydperk, welke opskorting, verbeuring of geweierde hernuwing veroorsaak word deur redes buite die beheer van die versekerde, met die verstande dat:

(a) indien die versekerde geregtig is op die betaling van vergoeding ingevolge die bepalings van enige parlementswetgewing ten opsigte van die weiering om die lisensie te hernu, geen eis ingevolge hierdie afdeling sal ontstaan nie;

(b) in die geval van dood, bankrotskap, onbevoegdheid, drossery van die persele of skuldigbevinding op enige oortreding waar sodanige skuldigbevinding die karakter of reputasie van die skuldigbevinde persoon ten opsigte van sy eerlikheid, morele karakter of soberheid van die huurder, bestuuder, okkupeerder of lisensiehouer skaad, die versekerde, waar doenlik en op versoek van die versekeraar, 'n geskikte persoon in diens sal neem om hom te vervang en aan wie die gereg die lisensie sal oordra of die lisensie deur hernuwing sal toeken;

(c) indien die verbeuring of weiering om te hernu gedeeltelik of in die geheel veroorsaak word deur die wanoptrede of verkryging of oogluikende toelating of versuim van die versekerde om enige aksie te neem om die lisensie van krag te hou, geen eis ingevolge hierdie afdeling sal ontstaan nie tensy die versekerde of enige ander eiser hieringevolge tot die versekeraar se redelike bevrediging kan bewys dat sodanige kwessie buite sy mag of beheer was;

(d) indien die geweierde hernuwing, opskorting of verbeuring van die lisensie regstreeks of onregstreeks ontstaan as gevolg van enige skema of stads- of streeksbeplanning, verbetering of herontwikkeling, verpligte koop of vanweë 'n wetswysiging wat die verlening, weiering om te hernu, opskorting of verbeuring van die lisensie raak, geen eis ingevolge hierdie afdeling sal ontstaan nie.

(e) dat die versekerde, wanneer hy bewus word van enige:

  (i) klagte teen die persele of die beheer daaroor;

  (ii) regstappe teen of die skuldigbevinding van die lisensiehouer, bestuurder, huurder of okkupeerder van die persele, vir die oortreding van lisensiewetgewing of enige aangeleentheid hoegenaamd waardeur die karakter of reputasie van die betrokke persoon in twyfel getrek word ten opsigte van sy eerlikheid, morele karakter of soberheid;

  (iii) oordrag of voorgestelde oordrag van die lisensie;

  (iv) wysiging van die doel waarvoor die persele gebruik word;

  (v) teenkanting teen hernuwing of ander omstandighede wat die lisensie of die hernuwing daarvan in gevaar kan stel onmiddellik skriftelike kennis daarvan aan die versekeraar gee en sodanige addisionele inligting verskaf en bystand verleen as wat die versekeraar redelikerwys mag verlang.

Die gebiedsperke van hierdie uitbreiding word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

santam

# REKENINGS ONTVANGBAAR

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies of skade weens 'n ongeval of teëspoed (hierna skade genoem) aan die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords by die perseel of by die woning van enige direkteur, vennoot of werknemer of by die perseel van enige rekenmeester van die versekerde as gevolg waarvan die versekerde nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's wat ten volle of gedeeltelik aan hom verskuldig is, na te spoor of vas te stel nie.

Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die versekerde bedrae beloop wat in die bylae vermeld word, en dat die skadeloosstellingsgrondslag is soos uiteengesit in die spesifikasie wat deel uitmaak van hierdie afdeling.

Indien sodanige rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords na 'n plek van veiligheid verwyder word weens 'n dreigende gevaar van hulle vernietiging, geld die versekering hierkragtens indien sodanige goedere vernietig, beskadig of verlore raak, soos voorheen vermeld, gedurende sodanige verwydering of terwyl dit aldus geleë is of terwyl dit na die perseel teruggebring word, met dien verstande dat die versekerde die versekeraar binne 30 dae daarna skriftelik van sodanige verwydering in kennis stel.

Die versekeraar betaal ook alle redelike invorderingskoste en -uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word en wat die gewone invorderingskoste en -uitgawes oorskry wat deur sodanige skade genoodsaak word.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar betaal nie vir die volgende nie:

(a) verlies wat voortspruit uit verlies van of skade aan die rekeningboeke of ander besigheidsboeke of rekords wat veroorsaak word deur:

  (i) slytasie of geleidelike agteruitgang of motte of ongedierte;

  (ii) terughouding, beslaglegging of konfiskering deur enige wettig ingestelde owerheid;

  (iii) elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, steuring van of uitwissing, tensy die versekerde duplikaatrekords in stand hou waarna in die duplikaatrekordsklousule in hierdie afdeling verwys word, in welke geval die versekerde vir die eerste R500 van elke verlies verantwoordelik is;

(b) verlies veroorsaak deur bedrog of oneerlikheid van enige prinsipaal, direkteur, vennoot of werknemer van die versekerde.

## SPESIFIKASIE

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot die verlies wat deur die versekerde gely word ten opsigte van uitstaande debietsaldo's wat regstreeks te wyte is aan die skade, en die bedrag wat betaalbaar is, beloop hoogstens:

(i) die verskil tussen

  (a) die uitstaande debietsaldo's

  en

  (b) die totaal van die bedrae ontvang of nagespoor ten opsigte daarvan

plus

(ii) die bykomende uitgawe aangegaan om kliënte se debietsaldo's na te spoor en vas te stel ná die skade. Met dien verstande dat, indien die versekerde bedrag ingevolge hierdie item minder is as die uitstaande debietsaldo's, die bedrag betaalbaar na verhouding verminder sal word.

# OMSKRYWINGS

## Uitstaande debietsaldo's

Die totaal wat verklaar word in die laaste verklaring wat ingevolge die bepalings van die volgende memorandum gegee en aangepas is vir:

(a) slegte skulde;

(b) bedrae gedebiteer (of gefaktureer maar nie gedebiteer nie) en gekrediteer (insluitende kredietnotas en kontant wat nie ten tyde van die skade in die boeke opgeneem is nie) teen kliënte se rekeninge in die tydperk tussen die datum van die vermelde laaste verklaring en die datum van die skade;

en

(c) enige abnormale handelstoestand wat 'n wesenlike invloed op die besigheid gehad het of kon gehad het sodat die aangepaste bedrag aldus verkry so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is, die bedrag verteenwoordig wat, as dit nie vir die skade was nie, verkry sou gewees het op die datum van die skade.

# KLOUSULES EN MEMORANDA

## Verklarings

Die versekerde moet binne 60 dae ná die einde van elke maand, of 'n ander tydperk waarop ooreengekom word, by die versekeraar 'n ondertekende verklaring indien wat die totale bedrag aantoon wat uitstaande is in kliënte se rekeninge soos uiteengesit in die versekerde se rekeninge aan die einde van die betrokke maand.

## Aanpassing

As teenprestasie daarvoor dat die premie ingevolge hierdie afdeling voorlopig is omdat dit op 75 persent van die versekerde bedrag bereken word, word die premie soos volg aangepas:

By die verstryking van elke versekeringstydperk word die werklike premie bereken teen die persentasietarief per jaar op die gemiddelde versekerde bedrag, dit wil sê, die totaal van die bedrae wat verklaar is, gedeel deur die getal verklarings. Indien die werklike premie meer is as die voorlopige premie moet die versekerde die verskil betaal. Indien dit minder is, word die verskil aan die versekerde terugbetaal, maar sodanige terugbetaling beloop hoogstens 33,3 persent van die voorlopige premie wat betaal is.

Indien die bedrag van 'n verklaring die versekerde bedrag oorskry wat op die datum van sodanige verklaring van toepassing is, word dit slegs vir die doel van hierdie memorandum geag dat die versekerde sodanige versekerde bedrag verklaar het.

## Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Klousule: Rekenmeesters

Enige gegewens of besonderhede wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords vervat word en wat deur die versekeraar benodig mag word ingevolge hierdie afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

## Duplikaatrekords (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde moet duplikate in stand hou van sy rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords waarin besonderhede van uitstaande saldo's vervat word en sodanige duplikate moet by ander persele as die oorspronklikes daarvan geberg word.

## Beskermings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords wat besonderhede van uitstaande saldo's bevat, moet buite sake-ure in 'n brandvaste brandkas, kabinet of brandkluis gehou word, tensy daar aan hulle gewerk word of hulle vir onmiddellike verwysing benodig word.

## Uitbreiding: Transito (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit in verlies, soos omskryf, aan die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords terwyl dit vervoer word na of van die perseel of woning van enige direkteur, vennoot, werknemer of rekenmeester van die versekerde.

santam

# DIEFSTAL

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel wat in die bylae beskryf word weens diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld.

## UITBREIDINGS

1. Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendomte dek:

   (a) wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met:

      (i) 'n dief of diewe wat voor sluitingstyd op die versekerde perseel skuilhou;

      (ii) betreding en/of verlating van die perseel deur gebruik te maak van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die versekerde tot die bevrediging van die versekeraar kan bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

   (b) terwyl in 'n gebou op enige bykomende perseel wat deur die versekerde gebruik word, met dien verstande dat:

      (i) die versekeraar binne 30 dae vanaf datum waarop die risiko vir die versekeraar bestaan van sodanige bykomende perseel in kennis gestel word;

      (ii) 'n bykomende premie, indien enige, betaal word;

      (iii) die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie uitbreiding hoogstens 50 persent beloop van die hoogste bedrag wat in die bylae vermeld word ten opsigte van enige enkele perseel.

2. Benewens die skadeloosstellingsperk in die bylae vermeld:

   (a) sluit die versekering ingevolge hierdie afdeling die volgende in:

      (i) skade aan geboue (insluitende die verhuurder se los en vaste toebehore) op die versekerde perseel in die loop van diefstal of enige poging daartoe;

      (ii) verlies van geboue en verhuurder se los en vaste toebehore, by die versekerde persele weens diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal, of enige poging daartoe, wat volg op geweld of dreigement daartoe;

   (b) vergoed die versekeraar die versekerde vir alle redelike koste en uitgawes wat aangegaan word om sodanige tydelike herstelwerk uit te voer en sodanige tydelike maatreëls te tref as wat redelikerwys nodig mag wees ná verlies of skade wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling;

   met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R10 000 of die bedrag vermeld in die bylae, wat ook al die grootste is, ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop.

3. Benewens die skadeloosstellingsperk in die bylae vermeld, stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van die vervangingskoste van slotte en sleutels vir die versekerde perseel wat volg op die verdwyning van enige sleutel vir sodanige perseel of nadat die versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutel mag wees.

   Met dien verstande dat:

   (a) die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R3 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

   (b) die versekeraar nie vir die eerste R300 ten opsigte van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

4. Die uitdrukking "alle inhoud" sluit die volgende in: persoonlike besittings, gereedskap en trapfietse wat die eiendom is van die versekerde, enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde tot die mate waartoe sodanige eiendom nie anders verseker is nie, tot hoogstens 'n bedrag van R2 500 ten opsigte van enige enkele persoon.

5. Hierdie uitbreiding is slegs van toepassing op daardie deel van die risiko wat verband hou met die gastehuis en/of jaghuis indien ingevolge die bepalings van hierdie afdeling verseker is:

Verlies van of skade aan alle inhoud (die eiendom van die versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel wat in die bylae beskryf word as gevolg van diefstal of enige poging daartoe, met dien verstande dat diefstal uit enige kroeg, drank-of sigaretstoorarea met kragdadige en geweldadige betreding of verlating van sodanige gebou gepaardgaan.

# BEPERKINGS

Die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, rekenaarstelselrekords en -media, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms word beperk tot die waarde van die materiaal en die bedrag aan arbeid bestee.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies of skade wat ingevolge 'n brandpolis verseker kan word, behalwe in die geval van ontploffing wat veroorsaak word in 'n poging om toegang te verkry;

2. verlies of skade wat ingevolge 'n glasversekeringspolis versekerbaar is;

3. eiendom wat meer spesifiek verseker is of, tensy dit in die bylae gespesifiseer is, kontant, bank-en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare seëls en dokumente of sertifkate van 'n verhandelbare aard;

4. verlies of skade waarby enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde of enige lid van die versekerde se huishouding as dader of medepligtige betrokke is.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Hierdie afdeling word nietig verklaar indien die aard van die risiko wesenlik verander sonder dat die skriftelike toestemming van die versekeraar vooraf verkry is.

2. Ten opsigte van enige perseel wat in die bylae as onderworpe aan hierdie voorwaarde vermeld word waar ʼn diefalarm geïnstalleer is, is die volgende voorvereistes vir die aanspreeklikheid van die versekeraar en word daar gewaarborg dat:

   (a) die diefalarm wat op die perseel geïnstalleer is ten volle in werking gestel word wanneer die perseel nie vir besigheidsdoeleindes oop is nie, tensy ʼn prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde op die perseel is;

   (b) sodanige diefalarm in ʼn behoorlike werkende toestand in stand gehou word, maar dit word as gedoen geag indien die versekerde sy verpligtinge ingevolge ʼn kontrak met die verskaffers of versieningsingenieurs van die alarmstelsel nagekom het.

Hierdie versekering dek geen verlies van of skade aan die eiendom as gevolg van die gebruik van die sleutels van die diefalarm of enige duplikaat daarvan wat aan die versekerde behoort nie, tensy sodanige sleutels met geweld of weens ʼn dreigement van geweld aan enige persoon verkry is.

# GELD

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan geld (soos omskryf) wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, behalwe indien andersins gespesifiseer.

Met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid vir alle verlies of skade wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaakhoogstens die spesifieke perke vermeld in die bylae beloop.

## WOORDOMSKRYWINGS

**Geld** beteken kontant, bank-en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige onderhandelbare pos-, inkomste en vakansiebetalingseëls, MVA-kentekens, kredietkaartstrokies en dokumente, sertifikate of andermiddele van 'n verhandelbare aard, telefoonkaarte, die eiendom van die versekerde of waarvoor hyverantwoordelik is.

**Houer** beteken enige brandkas, -kluis, -trommel, kasregister, geldlaai, geldkis of ander houer vir geld of enige frankeermasjien.

**Klerasie** beteken klerasie en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie wat aan die versekerdeof aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde behoort.

## UITBREIDINGS

### 1. Houers en klerasie

Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van houers en klerasie (soos omskryf) wat verloor of beskadig word weens diefstal, of poging daartoe, van geld met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens R2 000 beloop ten opsigte van klerasie en die bedrag vermeld in die bylae ten opsigte van houers of R2 000, of wat ook al die hoogste is.

### 2. Slotte en sleutels

Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis stel die versekeraar die versekerde skadeloos ten opsigte van die koste om slotte en sleutels van enige houer by die versekerde persele te vervang wat volg op die verdwyning van enige sleutel vir sodanige houer nadat die versekerde enige rede het om te vermoed dat enige ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutel mag wees.

Met dien verstande dat:

(i) die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R3 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

(ii) die versekeraar nie aanspreeklik is vir die eerste R300 van elke gebeurtenis nie.

## 3. Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit diekonfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1(A)(ii),(iii),(iv),(v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a),(b),(c),(d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 4. Lopers

Die versekering kragtens hierdie afdeling word uitgebrei om verlies van of skade aan die versekerde eiendom in te sluit wat veroorsaak word deur of gepaard gaan met toegang tot houers deur middel van die gebruik van 'n loper of ander soortgelyke toestel (met uitsluiting van 'n duplikaatsleutel) met dien verstande dat die versekerde tot bevrediging van die versekeraar bewys dat 'n loper of soortgelyke toestel gebruik is.

## 5. Uitbreiding: Persoonlike ongevalle (aanranding)

Die uitdrukking "omskrewe gebeurtenisse" in die geldafdeling word geag om liggaamlike besering in te sluit wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word as gevolg van diefstal (of enige poging daartoe) aan die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem) terwyl sodanige persoon optree in die loop van sy pligte in die versekerde se diens.

Die versekeraar betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die versekerde die bedrag of bedrae vermeld in die bylae in die geval van liggaamlike besering van enige sodanige persoon wat binne 24 kalendermaande lei tot:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | dood | **die kapitale bedrag; vermeld in die bylae as R10 000 welke ook al die grootste is:** |
| 2. | permanente ongeskiktheid soos volg q | **die persentasie van kapitale bedrag** |

| | Persentasie van kapitale bedrag |
|---|---|
| (a) verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate | 100 |
| (b) permanente en algehele verlies van | |
| hele oog | 100 |
| sig in oog | 100 |
| sig in oog behalwe waarneming van lig | 75 |
| (c) permanente en algehele gehoorverlies in | |
| albei ore | 100 |
| een oor | 25 |
| (d) permanente en algehele spraakverlies | 100 |
| (e) beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen | 100 |
| (f) verlies van vier vingers | 70 |
| (g) verlies van duim | |
| albei falankse | 25 |
| een falanks | 10 |
| (h) verlies van wysvinger | |
| drie falankse | 10 |
| twee falankse | 8 |
| een falanks | 4 |
| (i) verlies van middelvinger | |
| drie falankse | 6 |
| twee falankse | 4 |
| een falanks | 2 |
| (j) verlies van ringvinger | |
| drie falankse | 5 |
| twee falankse | 4 |
| een falanks | 2 |
| (k) verlies van pinkie | |
| drie falankse | 4 |
| twee falankse | 3 |
| een falanks | 2 |

(l) verlies van middelhandbeen

eerste of tweede (bykomend) ______ 3

derde, vierde of vyfde (bykomend) ______ 2

(m) verlies van tone

almal aan een voet ______ 30

groottoon, albei falankse ______ 5

groottoon, een falanks ______ 2

ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen ______ 2

3. In die geval van algehele en absolute ongeskiktheid om die gewone besigheid of beroep te behartig, is R200 of die weeklikse bedrag wat in die bylae gespesifiseer is, welke ook al die grootste is, betaalbaar.

4. Die redelike koste aangegaan, tot hoogstens R2 000 of die bedrag gespesifiseer in die bylae, is betaalbaarten opsigte van mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting-of hospitaalbehandeling (metinbegrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en -ledemate en die koste en uitgawe wat aangegaan word vir noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

# MEMORANDA (van toepassing op permanente-ongeskiktheidsvoordele)

a. Waar die besering nie gespesifeer word nie, betaal die versekeraar sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met die voormelde bepalings nie.

b. Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

c. 100 persent is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.

Met dien verstande dat:

(i) die versekeraar nie aanspreeklik is om meer as die kapitale bedrag plus die bedrae gespesifiseer ingevolge items 3 en 4 ten opsigte van enige sodanige persoon te betaal nie;

(ii) die bedrag gespesifiseer ingevolge item 3 slegs betaalbaar is vir die duur van die ongeskiktheid van sodanige persoon en nie vir langer as 104 weke nie en sodanige betaling gestaak word sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak, sover redelikerwys moontlik geheel het nieteenstaande die feit dat permanente ongeskiktheid mag voortduur;

(iii) vergoeding betaalbaar ingevolge item 4 word verminder met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is ingevolge enige ongevallewetgewing ten opsigte van enige behandeling waarvoor vergoeding ingevolge item 4 betaalbaar is;

(iv) hierdie uitbreiding nie van toepassing is op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bó die ouderdom van 70 jaar nie;

(v) sodanige persoon nadat hy 'n liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan. Die versekeraar is nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie tensy hierdie voorbehoudsbepaling na sy bevrediging nagekom is;

(vi) algemene uitsondering 2 en algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie uitbreiding van toepassing is nie;

(vii) slegs ten opsigte van hierdie uitbreiding algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

"Hierdie uitbreiding dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand teen gesag, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

# UITBREIDINGS OP DIE UITBREIDING: PERSOONLIKE ONGEVALLE (aanranding)

1. Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente en wat regstreeks of onregstreeks voortspruit daaruit dat sodanige persoon die slagoffer van diefstal (of enige poging daartoe) is.

2. In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die versekeraar tevrede stel dat hy besering opgedoen het waarop hierdie Uitbreiding: Persoonlike Ongevalle (Aanranding) van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die versekeraar vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie uitbreiding verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die versekeraar 'n betaling hieronder gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die versekeraar terugbetaal word.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir verlies van of skade aan geld:

(1) voortspruitend uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur, persoon of persone in diens van die versekerde wat nie binne 14 werkdae ná die plaasvind daarvan ontdek word nie;

(2) voortspruitend uit tekort te wyte aan fout of weglating;

(3) voortspruitend uit die gebruik van sleutels van enige brandkas of -kluis tensy die sleutels:

(a) deur geweld of dreigement van geweld bekom is;

(b) deur die sleutelhouer of 'n ander persoon in samewerking met die sleutelhouer gebruik word en die versekerde tot die bevrediging van die versekeraar kan bewys dat die sleutelhouer of sodanige die sleutel gebruik het om die houer oop te maak;

(4) in 'n ongesluite brandkas of -kluis terwyl die deel van die perseel wat sodanige brandkas-of kluis bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die maatskappy bewys kan word dat die sleutelhouer van die brandkas of -kluis dit doelbewus ongesluit gelaat het met die doel om die diefstal van die geld toe te laat;

(5) nie gehou in 'n gesluite brandkas of -kluis nie terwyl die deel van die perseel wat sodanige geld bevat, onbewaak is, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie indien tot die bevrediging van die versekeraar bewys kan word dat die persoon(e) wie se verantwoordelikheid die geld is, dit doelbewus buite die brandkas of -kluis gelaat laat het met die doel om die diefstal daarvan toe te laat;

(6) in enige voertuig wat deur die versekerde gebruik word, tensy 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde inderdaad in sodanige voertuig is, of indien nie in sodanige voertuig nie, binne 5 meter daarvandaan in 'n posisie van waar die voertuig duidelik sigbaar is. Hierdie uitsondering is nie van toepassing nie ná 'n ongeluk, waarby sodanige voertuig betrokke is, wat die vermelde persoon onbevoeg laat.

Spesiale uitsonderings (3), (4), (5) en (6) is nie van toepassing op bedrae tot R1 500 nie en sodanige verliese word nie met enige eerste bedrag betaalbaar verminder nie.

# MEMORANDA

1. Verlies van of skade aan geld voortspruitende uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of persoon in diens van die versekerde (sodanige persoon), soos verseker ingevolge hierdie afdeling, is aan die volgende Klousule: Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar onderworpe:

   Die bedrag hierkragtens betaalbaar ten opsigte van 'n gebeurtenis waarby enige een of enige aantal sodanige persone wat saamspan, betrokke is, word verlaag met:

   (a) 2 persent van die toepaslike perk ingevolge omskrewe gebeurtenisse, plus

   (b) 'n verdere bedrag van 10 persent van die netto bedrag betaalbaar ná aftrekking van die 2 persent wat in (a) hierbo gespesifiseer word.

2. Die versekeraar is nie ingevolge hierdie afdeling van die polis aanspreeklik nie ten opsigte van verlies of skade voortspruitend uit enige gebeurtenis ten opsigte waarvan 'n eis betaalbaar is of betaalbaar sou gewees het, as dit nie was nie vir die eerste bedrag betaalbaar of medeversekeringsklousule ingevolge die Getrouheidsafdeling van die polis of enige ander getrouheidsversekering.

# SPESIALE VOORWAARDES

## Eerste bedrag betaalbaar van toepassing op diefstal van tjeks

Enige verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike gebeurtenis wat ingevolge hierdie polis betaalbaar is en wat voortspruit uit die diefstal van enige tjek of tjeks word met 'n eerste bedrag betaalbaar van 25 persent van die verlies verminder tensy:

1. Tjeks getrek deur die versekerde

   (a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande "Aanbevole Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAVV)-prosedure vir trekking en kruising van tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur die SAVV en die gedrukte gedeelte van die tjek (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of 'n drukker gelisensieer deur die Outomatiese Klaringsburo om die tjeks te druk

   of

   (b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos.

2. Tjeks getrek deur enige persoon anders as die versekerde en wat deur die versekerde deur die pos of direk by die kassier ontvang word

(a) sodanige tjek onmiddellik ná ontvangs daarvan deur die versekerde gekruis en "nie verhandelbaar nie" en "nie oordraagbaar nie" gemerk is en

(b) die versekerde in staat is om die trekker en die bedrag van die tjek uit hul rekords te identifiseer.

3. Tjeks waarvan die versekerde die ware eienaar is en wat getrek is deur enige persoon anders as die versekerde en wat aan die versekerde gepos is maar wat nie ontvang is nie

(a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die onderstaande "Aanbevole SAVVprosedure vir trekking en kruising van tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur die SAVV

of

(b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die versekerde gestuur is of enige pos waarvan die sekuriteit gelykwaardig of beter is as gesertifiseerde pos

of

(c) die faktuur van die versekerde (waarop die betaling per tjek betrekking het) 'n boodskap daarop bevat (goedgekeur deur die versekeraar of die SAVV) wat aanbeveel of vereis dat die tjek getrek word in ooreenstemming met die "Aanbevole SAVV-prosedure vir trekking en kruising van tjeks".

# AANBEVOLE SAVV-PROSEDURE VIR TREKKING EN KRUISING VAN TJEKS EN DRUK VAN BLANKO TJEKS

## A. Trekking en kruising van tjeks

Een van die veiligste metodes om 'n tjek te trek en te kruis en wat vir banke aanvaarbaar is word hieronder uiteengesit. Hierdie metode word deur die SAVV aanbeveel.

1. Skrap die voorafgedrukte woorde "of toonder". Dit beperk die moontlikheid dat die bank aan 'n toonder uitbetaal wat nie op betaling geregtig is nie.

2. Indien die woorde "of order" in plaas van "of toonder" op u tjek gedruk is moet hierdie woorde ookgeskrap word.

3. Skryf die woorde "nie oordraagbaar nie" op die voorkant van die tjek.

4. Kruis die tjek deur twee parallelle lyne deur die tjek te trek.

5. Skryf die woorde "nie verhandelbaar nie" tussen die twee parallelle lyne waarna in 4 hierbo verwys word.

6. Maak seker dat die begunstigde noukeurig, behoorlik en volledig beskryf is byvoorbeeld wanneer die begunstigde 'n versekeraar is moet die volle naam gebruik word, soos byvoorbeeld: RH Jones (Edms) Bpk.

   Waar die bankrekeningnommer of BK-nommer van die begunstigde bekend is, moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word, soos byvoorbeeld "RH Jones (Edms.) Bpk., Mpy. Nr.: 69/ 123456" of "RH Jones (Edms) Bpk ABC bankrekeningnommer: 123456789"

   Alhoewel dit sterk aanbeveel word, is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie.

7. Met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat sal stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie.

8. ’n Voorbeeld van hierdie metode om ’n tjek te trek word as Aanhangsel A aangeheg.

9. Die bewoording wat in Aanhangsel B uiteengesit is, moet op die voorkant van die tjek gedruk word (sien laaste bladsy van hierdie afdeling). Maak seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente.

10. Al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek moenie afkortings of ander weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die woorde "nie verhandelb" en ’n kruising d.m.v. ’n stempel met ’n reghoek in plaas van twee parallelle lyne is nutteloos.

11. Die metode waarop tjeks voltooi word moet ’n inkafdruk op die papier laat soos handskrif, ’n tikmasjien of ’n matriksdrukker. Die lint wat in die drukker/tikmasjien gebruik word moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Vermy die volgende:

    11.1 ou linte

    11.2 laserdrukkers wat nie ’n afdruk op die papier laat nie

    11.3 die "omgekeerde druktegniek"

    11.4 wysigbare tiklinte

## B. Druk van blanko tjeks


Blanko tjeks moet net deur die bank self of ’n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is gedruk word. Hierdie drukkers is bekend met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruikmaak van goedgekeurde:

(i) sekuriteitspapier (CBS1 of beter)

(ii) sekuriteitsontwerpe

(iii) spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp

(iv) metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om ’n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieer.




## Aanhangsel B – SAIA-aanbevole tjek

Waarskuwing wat in die linkerkantse onderste hoek van die tjek gedruk moet word – laat genoeg spasie vir bankstempels, ens.


## Waarskuwing

Aan die persoon wat hierdie tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang:

Indien 'n tjek van die ware eienaar gesteel of deur hom verloor is mag u aanspreeklik word om hom vir sy verlies te vergoed indien u sodanige tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang. (Artikel 81 van die Wet op Wissels, 1964)

**LET WEL:** HIERDIE TJEK IS GEKRUIS EN "NIE VERHANDELBAAR NIE" EN "NIE OORDRAAGBAAR NIE" GEMERK.

# AANHANGSEL A – VOORGESTELDE SAVV-TJEK




# AANHANGSEL B – SAIA-AANBEVOLE TJEK

Waarskuwing wat in die linkerkantste onderste hoek van die tjek gedruk moet word - laat genoeg spasie vir bankstempels, ens.

## WAARSKUWING

Aan die persoon wat hierdie tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang:

Indien die tjek van die ware eienaar gesteel of deur hom verloor is mag u aanspreeklik word om hom vir sy verlies te vergoed indien u sodanige tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang. (Artikel 81 van die Wet op Wissels, 1964)

LET WEL: Hierdie tjek is gekruis en "nie verhandelbaar nie" en "nie oordraagbaar nie" gemerk.

# GLAS

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan interne en eksterne glas (insluitende spieëls), letterskilderwerk en die behandeling daarvan op die versekerde persele, soos in die bylae vermeld, wat die eiendom van die versekerde is of waarvoor hy verantwoordelik is.

Ná verlies van of skade aan glas stel die versekeraar die versekerde ook teen die volgende skadeloos:

1. die koste van die aanbring van sodanige skuttings as wat redelikerwys nodig mag wees;
2. skade aan winkeltoonvensters, rame, vensteruitstallings (insluitende los en vaste toebehore), diefalarmstroke, -drade en -vibrators as 'n regstreekse gevolg van sodanige verlies of skade;
3. die koste van die verwydering en herinstallering van los en vaste toebehore wat nodig is om die glas te vervang;
4. die koste van die aanstel van 'n wagdiens voor die vervanging van die glas of die aanbring van skuttings of die herstel van die diefalarmstelsel, tensy dit ingevolge enige ander versekering wat deur die versekerde gereël is, betaalbaar is.

Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die volgende beloop:

(i) vir die vervanging van die glas, letterskilderwerk en behandeling – die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word as van toepassing op die perseel waar die verlies of skade plaasvind;

(ii) vir alle ander koste en uitgawe waarvoor voorsiening gemaak word deur hierdie afdeling en wat voortspruit uit een gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse wat aan een bron of oorspronklike oorsaak toeskryfbaar is -in totaal die bedrag van R5 000.

## SPESIFIEKE VOORWAARDE

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik van groter waarde is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## OMSKRYWING VAN GLAS

Tensy spesifiek ooreengekom, word aanvaar dat alle glas (behalwe spieëls) wat deur hierdie afdeling verseker is, "float" glas is wat nie dikker as 6,0 mm is nie, hetsy bedek deur 'n laag of nie, of gelamineerde veiligheidsglas van 6,5 mm.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies of skade wat verseker word deur, of in die afwesigheid van hierdie afdeling verseker sou word, deur enige brandversekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó dié bedrag wat ingevolge sodanige brandversekering betaalbaar sou gewees het indien die versekering ingevolge hierdie afdeling nie aangegaan is nie. Hierdie spesifieke uitsondering is egter nie van toepassing nie op verlies of skade waarvoor die versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is;
2. glas wat deel uitmaak van handelsvoorraad;
3. glas wat by die aanvang van hierdie versekering gebars of gebreek is, tensy die versekeraar ingestem het om dit te dek;
4. skending of skade, behalwe 'n bars dwarsdeur die dikte van die glas of enige laminering daarvan.

# UITBREIDINGS

## Spesiale herstel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde ná verlies of skade wat hierkragtens verseker is, ingevolge die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing verplig word om die beskadigde glas te vervang met glas van 'n beter gehalte, is die versekeraar verantwoordelik vir die verhoogde koste van sodanige vervanging insluitende (maar nie daartoe beperk nie) rame daarvoor, met dien verstande dat indien die koste om die hele versekerde eiendom (insluitende ander versekerde items) so te vervang groter is as die bedrag waarteen dit verseker is ten tyde van die verlies of skade, die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.

## Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit 'n algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d), of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie uitbreiding is slegs van toepassing op verlies of skade waarvoor die versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is.

# GETROUHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. Verlies van geld en/of ander eiendom wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is en wat deur 'n versekerde werknemer gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling gesteel word.

2. Regstreekse finansiële verlies wat die versekerde ly weens bedrog of oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat alles gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling plaasvind en wat lei tot oneerlike persoonlike finansiële voordeel vir die betrokke werknemer.

   Met dien verstande dat:

   1. (a) die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir alle verliese wat langer as 24 maande voor ontdekking plaasgevind het;

      (b) alle verliese ontdek word nie langer as twaalf maande nie ná die beëindiging van:

         (i) hierdie afdeling, of

         (ii) hierdie afdeling ten opsigte van enige versekerde werknemer betrokke by 'n verlies, of

         (iii) die diens van die versekerde werknemer of die laaste van die versekerde werknemers betrokke by 'n verlies

         na gelang van wat eerste plaasvind;

   2. (a) OORDEKKENDE GRONDSLAG – die versekeraar se aanspreeklikheid vir alle verliese hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae beloop hetsy dit enige enkele werknemer is of enige aantal werknemers wat saamspan of onafhanklik van mekaar optree;

      (b) NAAM- OF POSGRONDSLAG – die versekeraar se aanspreeklikheid vir alle verliese waarby enige werknemer betrokke is hoogstens die versekerde bedrag beloop wat teenoor sy naam in die bylae vermeld word, of as hy nie vermeld word nie, die versekerde bedrag teenoor die pos wat hy in die besigheid beklee, soos in die bylae vermeld;

   3. hernuwing van hierdie versekering van tydperk tot tydperk of enige verlenging van enige versekeringstydperk nie die uitwerking het dat dit die versekeraar se aanspreeklikheid ophoop of verhoog bó die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie. Indien die versekeringstydperk korter as 12 maande is, word die versekeraar se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag in die bylae vermeld gedurende enige versekeringstydperk van 12 maande bereken vanaf aanvang of hernuwing;

   4. die uitdrukking "oneerlike persoonlike finansiële voordeel" nie voordeel deur 'n werknemer in die vorm van salaris, salarisverhogings, gelde, kommissies, bonusse, bevorderings of ander vergoeding insluit nie.

## WOORDOMSKRYWING

### Werknemer beteken

(a) enige persoon wat ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap by die versekerde in diens is;

(b) enige persoon wat van enige ander party aan die diens van die versekerde gehuur of geleen word;

wat die versekerde te alle tye in die loop van sy besigheid geregtig is om te beheer en te beveel in die uitvoering van sy werk en, indien hierdie afdeling op 'n naam- en/of posgrondslag is, wat by wyse van hierdie naam en/of pos in die bylae beskryf word.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

   (a) verlies voortspruitende uit of waartoe bygedra word deur enige omskrewe gebeurtenis deur:

      (i) enige vennoot van die versekerde tot die mate waartoe sodanige vennoot baat sou vind by die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie polis verleen word;

      (ii) enige prinsipaal, direkteur of lid van die versekerde tensy sodanige direkteur of lid ook 'n werknemer is;

      (iii) enige werknemer vanaf die tyd dat die versekerde bewus word dat sodanige werknemer enige daad van bedrog of oneerlikheid gepleeg het;

   (b) enige gevolglike verlies van enige aard wat plaasvind ná verliese waarna in die omskrewe gebeurtenisse verwys word;

2. Hierdie afdeling dek nie enige maatskappy of ander regsentiteit wat gedurende die versekeringstydperk verkry word nie.

3. Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir enige omskrewe gebeurtenis indien dit spruit uit oneerlike:

   (i) manipulasie van

   (ii) invoering in

   (iii) onderdrukking van invoering in

   (iv) vernietiging van

   (v) verandering aan

   enige rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wat by die versekerde se elektroniese dataverwerkingsafdeling of -gebied in diens is.

   Hierdie uitsondering geld nie vir versekerde werknemers wat in diens is by die elektroniese dataverwerkingsafdeling/ -gebied van enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaar nie.

4. Die versekeraar is slegs tot die mate van die deelname/aandeelhouding van enige onbetrokke vennoot/ prinsipaal/ direkteur of lid aanspreeklik vir 'n versekerde gebeurtenis waarby enige vennoot/prinsipaal/ direkteur of lid van die versekerde regstreeks betrokke is of was.

   Hierdie spesifieke uitsondering geld slegs vir vennootskappe, privaatmaatskappye of beslote maatskappye.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die versekerde moet al sodanige kontrole- en beheerstelsels, rekening- en klerikale prosedures en metodes vir die bedryf van sy besigheid instel en/of in stand hou en voortgaan om dit toe te pas soos wat deur hom aan die versekeraar voorgehou word, maar die versekerde mag:

   (a) die vergoeding en diensvoorwaardes van enige werknemer verander;

   (b) ten opsigte van enige werknemer wat by sy naam in die bylae beskryf word, sy pligte en pos verander;

(c) ten opsigte van enige werknemer wat slegs by sy pos in die bylae beskryf word, sodanige werknemer verwyder en enige ander persoon wat binne die woordomskrywing van werknemer val, in sy plek aanstel;

(d) sodanige ander veranderings maak as wat vooraf skriftelik deur die versekerde se ouditeure goedgekeur word.

2. Indien die versekerde enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is wat die bedrag betaalbaar hierkragtens oorskry ten opsigte van sodanige verlies, is die versekerde geregtig op alle verhalings (behalwe uit borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling geneem of aangegaan deur die versekeraar of vir die bedrag van enige eerste bedrag betaalbaar) deur wie ook al gemaak as gevolg van sodanige verlies totdat dit ten volle vergoed is, min die werklike koste om dit aan te gaan, en enige oorblywende deel word aangewend tot vergoeding van die versekeraar en die versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item (b) van die Klousule: Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Klousule: Rekenmeesters

Enige besonderhede of gegewens wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -dokumente vervat word wat deur die versekeraar benodig mag word ingevolge hierdie afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

## Uitbreiding: Uitgebreide dekking vir voormalige werknemers

Enige persoon wat nie meer 'n werknemer is nie word vir die doeleindes van hierdie afdeling beskou as synde 'n werknemer te wees vir 'n tydperk van 30 dae nadat hy opgehou het om 'n werknemer te wees.

## Uitbreiding: Terugwerkende dekking – Geen vorige versekering van krag nie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling is ook van toepassing op omskrewe gebeurtenisse soos hierkragtens verseker wat tot 12 maande voor aanvang van hierdie afdeling plaasvind maar nie langer as 24 maande voordat dit ontdek is nie, met dien verstande dat die gebeurtenisse ontdek word binne 12 maande ná die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 maande ná die verstryking van hierdie afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind.

## Uitbreiding: Vervangde versekering (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling is ook van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat hierkragtens verseker is wat plaasgevind het gedurende die geldigheidsduur van enige versekering wat deur hierdie afdeling vervang word en in die bylae gespesifiseer word met dien verstande dat:

1. hierdie uitbreiding beperk word tot verliese wat deur die vervangde versekering betaalbaar sou gewees het maar wat nie opeisbaar is nie weens die verstryking van die tydperk wat deur die vervangde versekering toegelaat word vir die ontdekking van die versekerde gebeurtenisse;

2. die omskrewe gebeurtenisse ontdek word binne 12 maande ná die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne 12 maande na die verstryking van hierdie afdeling, na gelang van wat eerste plaasvind;

3. die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens die bedrag kragtens hierdie afdeling verseker of die bedrag kragtens die vervangde versekering verseker, wat ook al die minste is, beloop;

4. indien die omskrewe gebeurtenisse waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling sowel as die geldigheidsduur van die vervangde polis plaasvind, die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die bedrag beloop verseker deur hierdie afdeling ten tyde van ontdekking van die omskrewe gebeurtenisse;

5. hierdie uitbreiding nie van toepassing is op omskrewe gebeurtenisse wat langer as die getal jare in die bylae vermeld, voor die aanvang van hierdie afdeling, plaasgevind het nie;

6. die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir enige verlies wat langer as 24 maande voor ontdekking plaasgevind het.

## Ander versekering

Dit is 'n voorwaarde van hierdie afdeling dat behalwe:

(a) 'n geldpolis;

(b) dit wat by aanvangs-of hernuwingsdatum of ten tyde van die instel van 'n eis aan die versekeraar verklaar is;

(c) 'n pensioenfondsgetrouheidspolis wat nie hierdie afdeling in waarde oorskry nie;

(d) hierdie polis;

daar geen ander polis gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling van krag is om te verseker teen die risiko's wat hierkragtens verseker word nie.

## Verpligte eerste bedrag betaalbaar

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis waarby een werknemer of enige getal werknemers wat saamspan betrokke is, word verminder met:

(a) 2 persent van die totaal van die versekerde bedrag ingevolge hierdie afdeling en die verklaarde versekering of R60 000, wat ook al die minste is plus

(b) 'n verdere bedrag van 10 persent van die netto bedrag betaalbaar ná aftrekking van die bedrag wat in (a) hierbo gespesifiseer word.

Beide bedrae word ten volle deur die versekerde gedra en bly onverseker.

## Rekenaarverliese – eerste bedrag betaalbaar

Die persentasie aangetoon in (b) van die klousule: verpligte eerste bedrag betaalbaar word van 10 persent na 20 persent verhoog indien die omskrewe gebeurtenis voortspruit uit oneerlike

(i) manipulasie van

(ii) invoering in

(iii) onderdrukking van invoering in

(iv) vernietiging van

(v) verandering aan

enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wie se pligte die bestuur, toesig, ontwerp, skepping of verandering van rekenaarstelsels of -programme behels.

## Eerste bedrag betaalbaar vir verliese ontdek langer as 12 maande nadat dit gepleeg is

Indien enige versekerde gebeurtenis ontdek word langer as 12 maande nadat:

1. dit gepleeg is
2. die eerste gebeurtenis binne 'n reeks gebeurtenisse gepleeg is deur een persoon of 'n aantal persone wat saamspan

word die persentasies vervat in die Klousule: Eerste Bedrag Betaalbaar soos volg verhoog:

| **Klousule: eerte bedrag betaalbaar** | **Eerste bedrag betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui** | |
|---|---|---|
| | Indien verliese ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 24 maande daarna nie. | Indien die polis verleng is om daardie gedeelte van verliese te dek wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 36 maande daarna nie. |
| **Verpligtend**<br>Paragraaf (a)<br>Paragraaf (b) | <br>Van 2% tot 4 %<br>Van 10% tot 15% | <br>Van 2% tot 5%<br>Van 10% tot 20% |
| **Rekenaarverliese** | Van 20% tot 30% | Van 20% tot 30% |

Nieteenstaande bogemelde mag die versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is, in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing is.

## Klousule: Vrywillige eerste bedrag betaalbaar (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Benewens die bedrag wat deur die versekerde betaalbaar is ingevolge die Klousule: Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar, is die versekerde verantwoordelik vir die verskil tussen sodanige bedrag en die bedrag vermeld in die bylae as die vrywillige eerste bedrag betaalbaar, met dien verstande dat sodanige vrywillige bedrag die verpligte bedrag oorskry.

## Klousule: Vermindering/Herstel van versekerde bedrag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Betaling deur die versekeraar van enige verlies waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is verminder nie die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van die res van die versekerde werknemers nie, met dien verstande dat:

1. die maksimum bedrag wat deur die versekeraar betaalbaar is vir alle versekerde werknemers hoogstens dubbel die versekerde bedrag in die bylae beloop;
2. die versekerde 'n bykomende premie betaal op die bedrag van die versekerde verlies, bereken volgens die volgende formule:

$$\text{Jaarlikse premie van krag ten tyde van ontdekking van verlies} \times \frac{\text{Bedrag van eisskikking}}{\text{Versekerde bedrag ten tyde van ontdekking van verlies}}$$

Die bykomende premie is ten volle betaalbaar en mag nie verminder word omrede die tydperk tussen die datum van ontdekking van die verlies en die verstrykingsdatum korter as twaalf maande is nie.

## Uitbreiding: Verhalingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is en wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry, betaal die versekeraar benewens die versekerde bedrag hoogstens die bedrag vermeld in die bylae aan die versekerde vir koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys met die toestemming van die versekeraar (welke toestemming nie onredelikerwys weerhou mag word nie) aangegaan word vir die verhaling of poging tot verhaling vanaf die werknemer met betrekking tot wie die eis ingestel is, van daardie deel van die verlies wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry. Alle bedrae bó die gemelde deel van die verlies wat deur die versekerde verhaal word, is tot die voordeel van die versekeraar en die versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item (b) van die Klousule: Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar.

## Uitbreiding: Rekenaarverliese (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde 'n bevredigende vraelys voltooi het, word Spesifieke uitsondering 3 en die Klousule: Eerste Bedrag Betaalbaar vir Rekenaarverliese, geskrap.

## Verlenging vir verliese wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 36 maande daarna nie (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

1. As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word voorbehoudsbepaling 1(a) van die omskrewe gebeurtenisse vervang met:

   1.(a) die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir alle verliese wat plaasgevind het langer as 36 maande voor ontdekking.

2. Indien hierdie polisafdeling die Klousule: Vervangde Polis insluit, word die tydperk waarna in voorbehoudsbepaling 6 daarvan verwys word van 24 maande tot 36 maande verleng.

## Verlenging toegestaan by ontvangs van 'n bevredigende stelseloudit ten opsigte van verliese wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

As teenprestasie daarvoor dat die ouditeursfirma vermeld in die bylae 'n bevredigende oudit gedoen het van die versekerde se stelsels van

- beheer
- ontdekking van bedrog, oneerlikheid en diefstal

en onderworpe daaraan dat die versekerde al die aanbevelings vervat in sodanige oudit implementeer en in stand hou:

1. word voorbehoudsbepaling 1(a) van die omskrewe gebeurtenisse (wat dekking beperk tot daardie deel van verliese wat binne 24 maande ontdek word) en voorbehoudsbepaling 6 van die uitbreiding: vervangde versekeringklousule (indien van toepassing) geskrap;
2. indien enige versekerde voorval ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is, word die persentasies vervat in ondergemelde Klousule: Eerste Bedrag Betaalbaar, soos volg verhoog:

| Eerste bedrag betaalbaar-klousule | Eerste bedrag betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui indien verliese ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is |
|---|---|
| **Verpligtend** | |
| Paragraaf (a) | Van 2% tot 3% |
| Paragraaf (b) | Van 10% tot 12,5% |
| **Rekenaarverliese** | Van 20% tot 25% |

Nieteenstaande bogemelde mag die versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is, in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing is.

3. Die Klousule: Eerste Bedrag Betaalbaar vir Verliese wat ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is, word geskrap.

# MEMORANDA

1. In die geval van die ontdekking van enige verlies wat uit 'n omskrewe gebeurtenis voortspruit, mag die versekerde, nieteenstaande enigiets tot die teendeel in paragraaf (ii) van algemene voorwaarde 6 vervat, nalaat om die aangeleentheid by die polisie aan te meld, maar sal dit onmiddellik doen indien die versekeraar dit verlang.
2. Verswyging van sy eie bedrog of oneerlikheid of dié van ander persone met wie hy saamspan, deur enige persoon wat die aansoekvorm onderteken of hernuwing of enige ander instruksies gee, benadeel nie enige eis ingevolge hierdie afdeling nie.
3. Algemene uitsonderings 1 en 2 en Algemene voorwaarde 9 is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.
4. Indien die versekerde bedrag te eniger tyd verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat ná die datum van sodanige verhoging gepleeg word

santam

# GOEDERE IN TRANSITO

## I. OMSKREWE GEBEURTENISSE (uitgesluit lewende hawe en wild)

Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word en aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, in die loop van transito deur die vervoermiddel of ander metodes wat daarmee gepaard gaan, deur enige ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.

Met dien verstande dat:

(i) die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld ten opsigte vanhierdie omskrewe gebeurtenis behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffIng;

(ii) die aanspreeklikheid van die versekeraar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkeleomskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## MEMORANDUM

1. Transito word geag 'n aanvang te neem vanaf die tydstip waarop die eiendom (uitgesluit enige handelsgereedskap) wat in die bylae beskryf word opgelaai word (met inbegrip van die dra na enige vervoermiddel en die laai daarop), voortgesit te word met die vervoer na die bestemming (insluitend tydelike berging van hoogstens 96 uur in die loop van die reis) en te eindig wanneer die aflaai en aflewering voltooi is by enige bestemming. Enige aanwending of gebruik van die eiendom wat in die bylae beskryf word, sal nie deel uitmaak van hierdie memorandum nie

2. Indien enige ontvanger weier om eiendom te ontvang wat versend is, word transito geag voortgesit te word en die versekering ten opsigte van sodanige eiendom bly van krag totdat die eiendom deur enige vervoermiddel by die persele van die versender afgelewer word met dien verstande dat die versekerde alle redelike maatreëls tref om seker te maak dat die eiendom so gou as redelikerwys moontlik teruggestuur word.

3. Wanneer die vervoermiddel 'n gespesifiseerde voertuig is, is die versekering ingevolge hierdie afdeling van toepassing op eiendom op enige voertuig wat tydelik in die plek daarvan gebruik word terwyl 'n gespesifiseerde voertuig herstel of versien word, welke vervangingsvoertuig nie die eiendom van die versekerde is of deur hom gebruikhuur of gehuur word ingevolge 'n bruikhuur-of opskortende verkoopsooreenkoms nie.

4. Ingeval 'n gespesifiseerde vervoermiddel onklaar raak gedurende transito of indien die eiendom om enige rede buite die beheer van die versekerde in gevaar gestel word verhinder niks hierin vervat die versekerde daarvan om gebruik te maak van enige ander soort vervoermiddel ten einde die transito te voltooi nie en die versekering verleen word nie daardeur beïnvloed nie.

# UITBREIDING: PUINVERWYDERING (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin ná skade aan die vervoermiddel of die eiendom daarop, onderworpe aan 'n perk van R5 000 of die perk wat in die bylae vermeld word, wat ook al die hoogste is, ten opsigte van enige enkele omskrewe gebeurtenis.

# BEPERKTE DEKKING

## Brand-, ontploffing-, botsing-, ontsporing-en omslaanbeperking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot verlies van of skade aan die eiendom wat voortspruit uit brand of ontploffing of botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel wat in die bylae beskryf word.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies van of skade aan eiendom wat voortspruit uit of veroorsaak word deur:

   (a) diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde is, tensy die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self in 'n beveiligde en gesluite gebou gehuisves word en betreding of verlating van sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan;

   (b) inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes;

   (c) die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan;

   (d) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane-of ander beamptes of owerhede;

   (e) of wat ontstaan gedurende transito per see of binnelandse transito wat daarmee gepaard gaan;

   (f) onklaarraking van verkoelingstoerusting;

2. slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig-, klimaats-of atmosferiese toestande) tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

3. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring van die versekerde eiendom, tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

4. verlies van of skade aan:

   (a) kontant, bank-en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard;

   (b) eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;

(c) eiendom wat andersins verseker is, of wat in die afwesigheid van hierdie afdeling, verseker sou word deur enige ander versekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige versekering betaalbaar sou gewees het as die versekering ingevolge hierdie afdeling nie aangegaan is nie;

5. gevolglike verlies van enige aard, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat teweeg gebring word deur natuurlike oorsake.

# SPESIFIEKE UITBREIDINGS

## 1. Uitbreiding: Brandbluskoste

Indien die eiendom omskryf in die bylae verlore raak of deur brand beskadig word terwyl in transito wat ingevolge hierdie afdeling verseker word, betaal die versekeraar, benewens skadeloosstelling aan die versekerde vir sodanige verlies of skade, ook die koste van die blus van die brand of poging daartoe met dien verstande dat die maksimum bedrag betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop teenoor hierdie uitbreiding in die bylae vermeld plus (indien van toepassing) die verhoogde Brandbluskosteuitbreidingsperk.

## 2. Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word;

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

# II. OMSKREWE GEBEURTENISSE: LEWENDE HAWE EN WILD

## 1. Beperkte dekking – Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan (indien van toepassing)

Versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot vrekte van die versekerde dier as gevolg van brandof ontploffing of ontsporing of omslaan of botsing van die vervoermiddel beskryf in die bylae terwyl vervoer word binne die gebiedsperke.

Met dien verstande dat:

(a) die vrekte binne 7 dae van sodanige ongeval plaasvind;

(b) die ongeval opgedoen of gelei is in die loop van die vervoer;

(c) die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie omskrewe gebeurtenis;

(d) die aanspreeklikheid van die versekeraar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 2. Beperkte dekking – Brand, ontploffing, botsing, ontsporing, omslaan en gevolglike diefstal (indien van toepassing)

Versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot vrekte van die versekerde dier as gevolg van brandof ontploffing of ontsporing of omslaan of botsing van die vervoermiddel beskryf in die bylae en diefstal wat daarop volg, terwyl vervoer word binne die gebiedsperke.

Met dien verstande dat:

(a) die vrekte binne 7 dae van sodanige ongeval plaasvind;

(b) die ongeval opgedoen of gelei is in die loop van die vervoer;

(c) die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie omskrewe gebeurtenis;

(d) die aanspreeklikheid van die versekeraar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 3. Beperkte dekking – Brand, ontploffing, botsing, ontsporing, omslaan, gevolglike diefstal en kaping (indien van toepassing)

Versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot vrekte van die versekerde dier as gevolg van brand of ontploffing of ontsporing of omslaan of botsing van die vervoermiddel beskryf in die bylae, diefstal wat daarop volg en kaping van die vervoermiddel beskryf in die bylae, terwyl vervoer word binne die gebiedsperke.

Met dien verstande dat:

(a) die vrekte binne 7 dae van sodanige ongeval plaasvind;

(b) die ongeval opgedoen of gelei is in die loop van die vervoer;

(c) die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie omskrewe gebeurtenis;

(d) die aanspreeklikheid van die versekeraar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 4. Alle risiko (indien van toepassing)

Versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot verlies of vrekte van die versekerde dier deur enige ongeval nie spesifiek uitgesluit nie, terwyl vervoer word binne die gebiedsperke, deur die vervoermidddel beskryf in die bylae.

Met dien verstande dat:

(a) vrekte binne 7 dae van sodanige ongeval plaasvind;

(b) die ongeval opgedoen of gelei is in die loop van die vervoer;

(c) die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie omskrewe gebeurtenis;

(d) die aanspreeklikheid van die versekeraar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die versekeraar betaal nie vir die volgende nie::

1. eise vir vrekte of verlies van die versekerde dier as gevolg van: :

    (i) brand, weerlig of ontploffing tensy tydens die werklike loop van transito;

    (ii) inenting, kastrasie, stertafkapping of snykundige operasie of bevalling of die gevolge daarvan of dragtigheid;

    (iii) spronge;

    (iv) afdwaling.

2. vrekte van die versekerde dier indien jonger as 3 maande oud;

3. vankantmaking in nakoming van die vereistes van enige wetgewing of enige bevel van ʹn regeringsdepartement of enige plaaslike owerheid;

4. ongeskiktheid vir of enige onvermoë om die funksies of pligte te vervul waarvoor die dier aangehou word;

5. enige ongeval opgedoen tydens transito per see of per lug;

6. doelbewuste slagting hetsy op las van enige regering-of openbare of plaaslike owerheid of enige persoon wat regsbevoegdheid in die aangeleentheid het, behalwe:

    (i) indien die versekeraar uitdruklik en skriftelik tot die vernietiging van die dier ingestem het;

    (ii) in geval van ʹn beserings wat om humanitêre redes die onmiddellike slagting verg en waar ʹn gekwalifiseerde veearts, wat deur die versekerde aangestel is, skriftelik sertifiseer dat die lyding ongeneeslik en van sodanige omvang is dat slagting onvermydelik is, met dien verstande dat die versekeraar die reg voorbehou om op sy eie koste ʹn nadoodse ondersoek deur ʹn gekwalifiseerde veerats te laat uitvoer;

7. vrekte regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur:

    (i) enige snykundige operasies tensy uitgevoer deur ʹn gekwalifiseerde veearts en deur hom gesertifiseer as synde noodsaaklik te wees uitsluitlik vanweë ʹn ongeval, siekte of kwaal en met dien verstande dat sodanige snykundige operasie uitgevoer word in ʹn poging om die dier se lewe te red;

(ii) die toediening van enige medikasie tensy deur 'n gekwalifiseerde veearts of 'n ervare persoon wat deur hom gelei word. Die gekwalifiseerde veearts moet sertifiseer dat sodanige medikasie as 'n voorsorgmiddel toegedien is of dat dit noodsaaklik geword het vanweë 'n ongeval, siekte of kwaal. Vir die doeleindes van hierdie algemene uitsondering sluit die term medikasie enige geneesmiddel, hormoon, vitamiene, proteïn of ander middel, behalwe suiwer voedsel en vloeistof, in;

(iii) vrekte vanweë hongersnood of wanvoeding;

(iv) doodtrap of versmoring vanweë die oorlaai van enige voertuig wat vir die vervoer van die versekerde dier gebruik word;

8. aanspreeklikheid teenoor enige derde party;

9. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat deur natuurlike oorsake teweeggebring word.

## Gebiedsperke

Die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Malawi, Lesotho en Mosambiek.

## Waarborg

Dit word hiermee gewaarborg dat elke versekerde dier by die aanvang van hierdie versekering in goeie gesondheid verkeer en vry is van enige kwaal, siekte, lamheid, ongesteldheid, besering of ongeskiktheid.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die versekerde sal te alle tye alle redelike sorg tref en die versekerde diere beskerm teen verlies of gevaar van verlies, ongeval of siekte en sal aan alle redelike maatreëls en voorskrifte voldoen wat deur die versekeraar of 'n gekwalifiseerde veearts in diens van die versekeraar uitgereik word.

2. Die versekerde sal die versekeraar onmiddellik in kennis stel van enige ongeval of siekte van enige dier wat ingevolge hierdie afdeling verseker is en sal op eie koste onmiddellik vir voldoende bystand en behandeling voorsiening maak.

3. Die versekerde onderneem om alle wette, reëls en regulasies na te kom wat betrekking het op die vervoer van die versekerde diere.

4. In geval van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee of wat tot 'n eis aanleiding kan gee, sal die versekerde die versekeraar onmiddellik van sodanige gebeurtenis in kennis stel.

    A. Die versekerde sal binne 14 dae van sodanige gebeurtenis en op eie onkoste die versekeraar van 'n voltooide eisvorm voorsien, tesame met alle ander inligting wat deur die versekeraar verlang mag word, met inbegrip van enige sertifikate van gekwalifiseerde veeartse, foto's en bevredigende bewys van vrekte, identiteit en waarde van die dier.

    B. Indien die versekeraar beweer dat die dier se vrekte uit 'n uitgeslote oorsaak spruit, rus die las om die teendeel te bewys op die versekerde.

    C. Indien die versekeraar die eis toelaat, mag die versekerde tot beste voordeel van die karkas ontslae raak en die bedrag wat die verkoop van die karkas opbring, word teen die bedrag van die eis gereken.

# SAKE ALLE RISIKO'S

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word terwyl dit op enige plek ter wêreld is, deur enige ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.

Met dien verstande dat die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld ten opsigte van elke gebeurtenis behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies van of skade aan eiendom wat spruit uit of veroorsaak word deur:

   (a) Diefstal uit enige onbewaakte voertuig wat in die bewaring of onder die beheer is van die versekerde of enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde tensy die eiendom gehuisves word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self in 'n beveiligde en gesluite gebou gehuisves word en betreding of verlating tot sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan;

   (b) die proses van skoonmaak, herstel, kleuring, bleiking, verandering of opknapping wat die eiendomondergaan;

   (c) inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, klamheid, muf of roes;

   (d) die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, hetsy hy alleen optree of saamspan;

   (e) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane-of ander beamptes of owerhede;

2. slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig-, klimaats-of atmosferiese toestande) tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

3. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring, tensy dit volg op 'n ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;

4. verlies van of skade aan kontant, bank-en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare dokumente, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard;

5. verlies van of skade aan goedere wat kragtens 'n vragbrief versend word.

## SPESIFIEKE VOORWAARDES

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom, wat nie afsonderlik en individueel gespesifiseer is nie, by die aanvang van enige verlies of skade aan enige sodanige eiendom meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy 'n eweredige deel van die verlies of skade.

Elke item van die bylae wat sodanige eiendom verseker, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Herstelwaardevoorwaarde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word, is óf die vervanging van die eiendom met soortgelyke eiendom gelykstaande aan maar nie beter of omvangryker nie as die nuwe toestand daarvan

óf

herstel van die eiendom na 'n toestand wat wesenlik dieselfde, maar nie beter nie, is as die nuwe toestand daarvan.

Met dien verstande dat indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die versekerde eiendom verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van die verlies of skade, die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.

# SPESIFIEKE UITBREIDINGS

## Uitbreiding: Verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot uitgawe wat nie andersins ingevolge hierdie afdeling verhaalbaar is nie en wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word weens verlies van of skade aan eiendom waarvoor betaling gedoen of aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling erken word met die doel om die gewone werkverrigtinge van die besigheid in stand te hou.

## Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

# TOEVALLIGE SKADE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE (i)

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is, of waarvoor versekering nie beskikbaar is nie en wat beskryf word (hetsy by hierdie polis ingelyf al dan nie) ingevolge enige ander afdeling (behalwe Sake Alle Risiko's) wat in die inhoudsopgawe van hierdie polis uiteengesit is of in terme van die kragstuwing uitbreiding onder die Brand, Geboue omvattend en Kantoorinhoud afdeling.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld

en

nieteenstaande Algemene voorwaarde 2 dra hierdie afdeling nie by tot enige omskrewe gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir die volgende nie:

a. enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit is uit enige ander beskikbare versekering by die Maatskappy ten tyde van die aanvang hiervan en ook nie vir enige bybetaling wat betaalbaar is deur die Versekerde ingevolge sodanige versekering en ook nie vir enige vermindering in enige bedrag betaalbaar ingevolge enige eis te wyte aan die toepassing van eweredigheid nie;

b. meer as die afsonderlike waarde van elke item wat deel uitmaak van 'n paar, stel of versameling sonder inagneming van enige spesiale waarde daarvan as deel van sodanige paar, stel of versameling;

c. terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of ander geregtelike proses;

d. onverklaarbare verdwyning of tekort wat slegs bekend word by of ná 'n voorraadopname, of foute of weglatings in kwitansies of betalings of rekeningkunde, of foutiewe liassering of verlegging van inligting;

e. verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur:

   i. enige oneerlike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel toegepas op die Versekerde (of enige persoon onder wie se toesig versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal of agent van die Versekerde;

   ii. oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek. Hierdie uitsondering is slegs van toepassing op houers, pype, buise of soortgelyke apparaat;

   iii. onklaarraking, elektriese, elektroniese en/of meganiese steuring;

   iv. verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan;

   v. foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking of eie slytasie;

vi. induiking, afsplintering, krapmerke of kraking wat nie die werkverrigting van die item affekteer nie;

vii. termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, die werking van lig;

f. versakking, vasstamp, gronddeining of kraking van strukture of die verwydering of verswakking van die stut van enige versekerde eiendom;

g. i. verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of damoe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word;

ii. verlies of skade voortspruitend uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe;

h. onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van en/of gebrek aan toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel;

i. ineenstorting van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakwerk of stoorplatforms).

# OMSKRYWING

## Versekerde eiendom

Enige tasbare eiendom wat aan die Versekerde behoort of deur hom in trust of in kommissie gehou word of waarvoor hy verantwoordelik is, behalwe:

a. gangbare munt (insluitende Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank-en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, geldige ongebruikte pos-, inkomste-en vakansieseëls, kredietkaartstrokies, ongebruikte MVA-kentekens en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard;

b. pelse, juweliersware, muntmetaal, edel-en halfedelmetale en -stene, rariteite, seldsame boeke en kunswerke;

c. eiendom in transito per lug, binnelandse waterweg of see;

d. spoorweglokomotiewe, rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, watervaartuie, meganiese of elektriesaangedrewe voertuie, motorfietse, mobiele toerusting, karavane en sleepwaens;

e. staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (met inbegrip van bogrond, opvulling, dreinering en duikslote), opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel), sweefspore, bruê, dokke, kaaie, seehoofde, piere, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;

f. elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting wat daarin vervat word;

g. eiendom in die loop van konstruksie, oprigting en aftakeling insluitende die materiale of voorrade wat daarmee verband hou;

h. eiendom in die besit van kliënte ingevolge bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopsooreenkomste;

i. glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels tensy in die bylae as ingesluit vermeld.

# OMSKREWE GEBEURTENISSE (II) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom as gevolg van ontlading of lekkasie van chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe (met inbegrip van verlies van sodanige chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe) uit tenks, pype of apparaat behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelikwerkende oorsake van die tenks, pype of apparaat.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Klousule: Beperkte dekking

Die versekering ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle, gietvorms en rekenaarstelselrekords word beperk tot die waarde van die materiale en die arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes uit in verband met die lewering van enige inligting daarin vervat of die waarde van sodanige inligting aan die Versekerde.

## Klousule: Bykomende koste

Die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde geboue, toerusting en masjinerie sluit die volgende in:

a. enige herstel-of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou-of ander regulasies van enige openbare owerheid ná die plaasvind van ´n versekerde gebeurtenis, met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie:

    i. enigiets waarvan kennis reeds aan die Versekerde gegee is voor die versekerde gebeurtenis;

    ii. enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom;

    iii. eiendoms -en ander belasting, ontwikkelings -en ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom;

b. ondersoekgelde van munisipale of ander planne;

c. koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping, puinverwydering (insluitende onbeskadigde inhoud) en die oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping en herbouing;

d. die professionele gelde van argitekte, bestekopnemers en ander konsultante; en die versekerde bedrag vir alle versekerde eiendom sluit in:

e. gelde gehef deur enige gemagtigde brandweer vir hulle dienste maar die Maatskappy is nie ingevolge (a), (b) of (d) aanspreeklik nie tensy die verlore of beskadigde eiendom vervang of herstel word sonder onnodige oponthoud, en ook nie ingevolge (d) vir enige uitgawes in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

Verder is die Maatskappy ook nie ingevolge (c) aanspreeklik nie vir enige koste of uitgawe:

i. wat aangegaan word vir die verwydering van puin, behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;

ii. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker word nie.

## Klousule: Verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel deur enige optrede of versuim aan die kant van die verbandgewer wat sonder die verbandhouer se medewete geskied nie. Die verbandhouer moet die Maatskappy egter daarvan in kennis stel sodra hy van enige sodanige optrede of versuim bewus word en hy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko ingevolge hierdie klousule deur die Maatskappy aanvaar word.

## Klousule: Spoorweg- en ander subrogasie

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## Klousule: Huurders

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die perseel wat hy besit of waarvan hy 'n mede-huurder is of van die eienaar van enige perseel waarvan hy 'n huurder is nie, met dien verstande dat die Maatskappy in kennis gestel word sodra hy van sodanige handeling te wete kom en hy enige bykomende premie betaal voortspruitende uit die Maatskappy se aanvaarding van enige bykomende risiko.

# MEMORANDA

## 1. Eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die versekerde eiendom by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy diensooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade.

Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie memorandum onderworpe.

## 2. Uitgeslote eiendom (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die eiendom wat in die bylae uiteengesit word, word gevoeg by die uitgeslote eiendom in die omskrywing van versekerde eiendom.

## 3. Herstel (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na 'n versekerde gebeurtenis ten opsigte van geboue, toerusting en masjinerie is die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was nie

met dien verstande dat:

a. die vervanging of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer moet word, anders word geen betaling gedoen bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie by hierdie afdeling ingelyf was nie;

b. totdat die uitgawe deur die Versekerde aangegaan word vir vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie memorandum nie by hierdie afdeling ingelyf was nie;

c. indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel die bedrag oorskry waarteen dit verseker was by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy 'n eweredige deel van die verlies.

   Elke item waarop hierdie memorandum van toepassing is, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe.

d. hierdie memorandum is nie van toepassing nie indien:

   i. die Versekerde versuim om die Maatskappy binne ses maande vanaf die versekerde gebeurtenis (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel;

   ii. die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## 4. Eersteverlies-eweredigheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien, op die tydstip wat enige verlies of skade ontstaan, die totale waarde van die eiendom wat deur elke item beskryf word, nie die bedrae oorskry wat in die bylae vermeld word nie, is hierdie versekering nie aan eweredigheid onderworpe nie maar indien die totale waarde van sodanige eiendom meer is as die voormelde bedrae, word die Versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en die Maatskappy is slegs aanspreeklik vir sodanige deel van die eerste verlies-versekerde bedrag as die verhouding waarin die voormelde bedrae staan tot die totale waarde en dit beloop hoogstens die totale bedrag waarteen elke item verseker is.

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID (EISE INGESTEL-GRONDSLAG)

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skadevergoeding wat die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van Besering of Skade wat op of ná die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word in die loop van of in verband met die Besigheid plaasvind binne die Gebiedsperke en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die Versekeringstydperk skriftelik teen die Versekerde ingestel word.

## OMSKRYWINGS

Vir die doeleinde om die skadeloosstelling wat deur hierdie Afdeling verleen word te bepaal, beteken die onderstaande terme die volgende:

### 1. Skade

Verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom of onregmatige aantasting van die genieting van regte oor tasbare eiendom.

### 2. Werknemer

Persoon/e in diens van die Versekerde ingevolge 'n dienskontrak of vakleerlingskap.

### 3. Besering

Dood, liggaamlike besering, geestesbesering, kwaal (liggaamlik of geestelik) of siekte van of aan enige persoon.

### 4. Produk

Enige tasbare eiendom (insluitend houers en etikette) nadat dit die bewaring of beheer van die Versekerde verlaat het, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is deur of namens die Versekerde.

### 5. Besoedeling

Die emissie, uitlating, vrylating, verspreiding, wegdoening, deursypeling of ontsnapping van vaste, vloeibare of gasagtige of termiese besmetters of prikkelmiddels insluitende dampe, reuke, stanke, vogtigheid, walms, rook, roet of ander lugpartikels, sure, alkalieë, chemikalieë en afval, elektromagnetiese golwe, geraas, vibrasies, ander emissies van afval of skadelike stowwe in of op die grond, die atmosfeer of enige waterweg of liggaam van water.

## 6. Koste en Uitgawes

Koste, fooie, uitgawes en regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die Versekerde verhaalbaar is en wat deur die Maatskappy of deur die Versekerde met die Maatskappy se vooraf toestemming aangegaan word:

(i) in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie Polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde aanhangig gemaak word ten opsigte van Besering of Skade of ander aanspreeklikhied soos verseker ingevolge die bepalings van hierdie Afdeling van die Polis.

(ii) in die verteenwoordiging by enige ondersoek of beseringondersoek ten opsigte van Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees en/of in die verdediging van enige geregtelike stappe in 'n Hof van Summiere Jurisdiksie ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees.

# DIE SKADELOOSSTELLINGSPERK

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

Indien 'n gebeurtenis van enige enkele oorspronklike oorsaak tot 'n eis of 'n reeks eise aanleiding gee wat die onderwerp van skadelosstelling is ingevolge meer as een uitbreiding van hierdie Afdeling, word elke uitbreiding afsonderlik toegepas en is dit onderhewig aan sy eie afsonderlike Aanspreeklikheidsperk, altyd met dien verstande dat die totale bedrag van die Versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens die hoogste Aanspreeklikheidsperk beloop wat beskikbaar is ingevolge enige van die Uitbreidings wat skadeloosstelling bied vir die eis of reeks eise.

Indien meer as een Versekeringstydperk van hierdie Polis, na die hernuwing of vervanging daarvan, van toepassing mag wees op 'n oorspronklike oorsaak of bron, word die Versekeraar se aanspreeklikheid beperk tot die maksimum Aanspreeklikheidsperk vir enige sodanige Versekeringstydperk.

# GEBIEDSPERKE

Enige plek ter wêreld, maar nie in verband met die volgende nie:

(i) enige besigheid wat die Versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

of

(ii) enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die Versekeraar stel die Versekerde nie ten opsigte van die volgende skadeloos nie:

## 1. Werknemers

aanspreeklikheid as gevolg van Besering van enige Werknemers van die Versekerde wat voortspruit uit en in die loop van diens by die Versekerde.

## 2. Eiendom

Skade aan:

(a) (i) eiendom wat aan die Versekerde behoort;

(ii) eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie op persele (of die inhoud daarvan) wat tydelik deur die Versekerde geokkupeer word vir werk daar binne nie.

(b) die deel van enige eiendom waaraan die Versekerde werk of gewerk het, indien sodanige Skade regstreeks weens sodanige werk ontstaan.

## 3. Professionele advies, voertuie, lugvaartuie, produkte ens.

aanspreeklikheid wat volg op Besering of Skade:

(a) Professionele advies of behandeling

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat deur of in opdrag van die Versekerde gegee of toegedien word.

(b) Voertuie, watervaartuie, lokomotiewe

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige meganiesaangedrewe voertuig (behawe 'n trapfiets of grassnyer of enige voetgangerbeheerde tuintoerusting) of van enige sleepwa, watervaartuig (behalwe nie-gemotoriseerde watervaartuie waarvan die lengte nie 6 meter oorskry nie en wat slegs op binnelandse waterweë gebruik word), lokomotief of rollende materiaal. Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie die Versekeraar onthef nie van die verpligting om die Versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op Besering of Skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig, in die mate wat sodanige Besering of Skade nie deur enige ander versekeringspolis verseker is nie.

(c) Lugvaartuie

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met:

(i) die brandstofinname en brandstofuitname van lugvaartuie;

(ii) die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery;

(iii) die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek.

(d) Produkte

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige Produk wat verkoop of verskaf word behalwe voedsel en drank wat verskaf word vir verbruik op die perseel van die Versekerde.

## 4. Vibrasie en verwydering van stut

meer as R20 000 vir Skade wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.

## 5. Besoedeling

(a) aanspreeklikheid ten opsigte van Besering, Skade of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur Besoedeling, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige Besoedeling deur 'n skielike, onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word;

(b) die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van stowwe wat uit Besoedeling voortspruit, tensy die Besoedeling deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;

## 6. Boetes, strafvoltrekkings ens.

boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.

## 7. VSA en KANADA uitsprake, toekennings of skikkings

skadevergoeding ten opsigte van uitsprake, toekennings of skikkings wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada gemaak is (of enige bevel wat enige plek in die wêreld uitgereik is om sodanige uitspraak, toekenning of skikking af te dwing, hetsy in die geheel of gedeeltelik). Vir die doeleindes van hierdie spesifieke uitsondering word "Skadevergoeding" geag as synde die koste en uitgawes van litigasie in te sluit wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal word.

## 8. Gebeurtenisse bekend aan die Versekerde

enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die Versekerde bekend is:

(a) wat nie ingevolge Algemene voorwaarde 6 by die Versekeraar aangemeld is nie;

(b) voor die aanvang van hierdie afdeling of die aanvang van enige uitbreiding onder hierdie afdeling.

## 9. Eerste bedrag betaalbaar

die eerste bedrag betaalbaar. Die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike bron of oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule is van toepassing op eise wat voortspruit uit Skade of Besering en is van toepassing op Koste en Uitgawes.

## 10. Plofstowwe, ontploffing, brand, vloed en diere

aanspreeklikheid wat volg op Besering of Skade wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met of voortspruitende uit of wat toegeskryf kan word aan:

(a) plofstowwe;

(b) die ontploffing van enige stoomketel;

(c) brand of ontploffing;

(d) vloed;

(e) die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige dier.

### 11. Beslaglegging op of die verlegging van water

die beslaglegging op of die verlegging van water deur die Versekerde of deur enige persoon wat namens die Versekerde optree.

### 12. Brandskade

brandskade aan suikerriet of enige plantasie.

### 13. Opsetlike of doelbewuste dade

Aanspreeklikheid as gevolg van Besering of Skade wat voortspruit uit moedswillige, doelbewuste en opsetlike verontagsaming deur die bestuur van die Versekerde om redelike voorsorg maatreëls te neem ter voorkoming van enige gebeurtenis of omstandigheid wat kon aanleiding gee tot 'n eis.

### 14. Wederregtelike mededinging

enige werklike of beweerde eis of eise wat op watter manier ook al ontstaan in verband met of gebaseer op of voortspruitend uit of wat op enige manier te doen het met werklike of beweerde wederregtelike mededinging, onbillike praktyke, misbruik van monopolie mag, kartelaktiwiteite of wat andersins mag voortspruit uit of gebaseer wees op of verband hou met enige oortreding van die Wet op Mededinging, Wet Nr. 89 van 1998 (soos gewysig) of enige soortgelyke voorskrif, wet of regulasie soos van krag mag wees in enige jurisdiksie of land waar die Versekerde se aanspreeklikheid ontstaan het.

# MEMORANDUM

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie afdeling dek nie Besering, Skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

### 1. Eise wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word

Enige eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n Omskrewe Gebeurtenis wat ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld word (hierna 'n aangemelde gebeurtenis genoem) word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die Versekerde die gebeurtenis by die Versekeraar aangemeld het.

### 2. Aanmelding van gebeurtenisse na kansellasie of nie-hernuwing van polis

In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis mag die Versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 by die Versekeraar aanmeld tot 30 dae na die verstryking van die Versekeringstydperk met dien verstande dat sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het.

### 3. Reeks eise met een oorspronklike oorsaak

Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die Versekerde ingestel word as gevolg van een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof almal aanvanklik teen die Versekerde ingestel is:

(a) op die datum waarop die Versekerde die gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld het

of

(b) op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel word indien die Versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee.

## 4. Manifestasie-klousule

Indien die feite nie vanself spreek nie en die Versekeraar en die Versekerde nie onderling kan ooreenkom wanneer die Besering of Skade plaasgevind het nie, word vir die doeleindes van die bepaling van die skadeloosstelling wat verleen word:

(a) die Besering geag as synde plaas te gevind het toe die eiser die eerste keer 'n gekwalifiseerde praktisyn aangaande sodanige Besering gespreek het , hetsy dit op daardie tydstip korrek gediagnoseer is al dan nie. Indien geen sodanige konsultasie plaasgevind het nie, word die Besering geag as synde plaas te gevind het toe die Versekerde die eerste keer daarvan in kennis gestel is.

(b) die Skade geag as synde plaas te gevind het toe dit die eerste keer aan die eiser duidelik geword het, selfs al was die oorsaak onbekend.

# UITBREIDINGS

## 1. Verlengde aanmeldingsopsie

Na die keuse van die Versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, stem die Versekeraar in om die tydperk waartydens die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom sal word, maar onder geen omstandighede langer as 36 maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem).

Met dien verstande dat:

(a) hierdie opsie net uitgeoefen mag word indien die Versekeraar hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernieu;

(b) hierdie opsie skriftelik deur die Versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae na kansellasie of nie-hernuwing;

(c) hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die Versekerde of die Versekeraar gekanselleer kan word nie;

(d) die Versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan die afdeling wat verstryk het nie;

(e) die Versekeraar slegs aanspreeklik is vir 'n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het ná die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing;

(f) eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die Versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing;

(g) die bedrag wat deur die Versekeraar betaalbaar is vir eise wat ingestel word of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie.

## 2. Bykomende versekerdes

Die Versekeraar stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:

(a) in die geval van die dood van die Versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die Versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die Versekerde opgeloop is;

(b) enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (indien die Versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is;

(c) in die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat vermeld word in enige kontrak wat die Versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan;

(d) ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan die versekerde behoort of deur hom tot stand gebring is tot voordeel van sy werknemers:

    (i) enige beampte of lid daarvan;

    (ii) enige besoekende sportspan of lid daarvan.

Met dien verstande dat:

(1) die Versekeraar se totale aanspreeklikheid hoogstens die Skadeloosstellingsperke beloop wat in die bylae vermeld word;

(2) enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

(3) die skadeloosstelling ingevolge (a), (b) en (c) slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die Versekerde ingestel was.

Die Versekeraar doen vir die doel van hierdie uitbreiding afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy mag hê of wat hy mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## 3. Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een Versekerde in die bylae vermeld word, stel die Versekeraar elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Versekeraar hoogstens die Skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 4. Handelswerktuig

Spesifieke uitsondering 3(b) is nie van toepassing op die werkverrigting, as 'n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat die Versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering val nie, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is. Die Versekeraar is ook nie aanspreeklik nie indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur die Versekerde aangegaan is.

## 5. Eiendom van werknemers en besoekers

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) is nie van toepassing nie op eiendom wat behoort aan enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde of enige besoeker aan die Versekerde se perseel.

## 6. Transnet en ander regeringsdepartemente

Nieteenstaande die bepalings van Spesifieke uitsonderings 2(a)(ii) en 3(b) en word hierdie afdeling uitgebrei om die Versekerde skadeloos te stel:

(a) teen aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak wat aangegaan word met, of vrywaring wat verleen word aan, Transnet, die staat of semi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke liggame wat die gebruik van spoorwegsylyne dek of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van 'n soortgelyke aard;

(b) een aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is;

(c) ten opsigte van aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit by enige spoorwegsylyn deur of namens die Versekerde gebruik word.

## 7. Los sleepwaens

Sover dit sleepwaens aangaan, is Spesifieke uitsondering 3(b) nie van toepassing nie ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganiesaangedrewe voertuig vas is nie en wat nie per abuis daarvandaan losgekom het nie, met dien verstande dat die Versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie vir die deel van enige verlies wat:

(i) deur enige ander polis of polisse wat deur die Versekerde aangegaan is, verseker is of wat, in die afwesigheid van hierdie afdeling, so verseker sou gewees het;

(ii) binne die bestek val van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie.

## 8. Nood mediese onkoste

Die Versekeraar stel die Versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die Versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die Versekerde mag wees.

## 9. Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van Spesifieke uitsondering 2(a)(ii), stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hulle inhoud en toebehore, die eiendom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die Versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die Versekerde voorsien word.

## 10. Huurdersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 2(a)(ii) en 3(b) van hierdie afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat deur die Versekerde as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.

## 11. Produkaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in Spesifieke uitsondering 3(d) vervat, stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos ten opsigte van Omskrewe Gebeurtenisse wat plaasvind te enige plek in die gebiede vermeld in die bylae elders as op 'n perseel wat deur die Versekerde geokkupeer word en wat veroorsaak word deur enige Produk (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde Produkte).

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die Uitbreiding: Produkaanspreeklikheid)

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikhede nie:

(i) die herstel-, verandering-, herroeping-, opknapping- of vervangingskoste van die Produk of deel daarvan (insluitende houers en etikette) wat Besering of Skade veroorsaak en/of die verlies van gebruik van enige Produk of deel daarvan,

Vir die doeleindes van hierdie bykomende spesifieke uitsondering, word die term "vervanging" geag as synde in te sluit enige krediet of terugbetaling toegestaan of alternatiewe Produk verskaf deur of namens die Versekerde in plaas van die vervanging van die gebrekkige Produk;

(ii) die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die Produk en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die Produk beskadig is;

(iii) wat voortspruit uit die versuim van enige Produk of deel daarvan om sy bedoelde funksie te verrig of te werk soos gespesifiseer of gewaarborg, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing op gevolglike Besering of Skade nie;

(iv) wat voortspruit uit Produkte wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstalleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak;

(v) ten opsigte van Besering of Skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige Produkte wat deur of in opdrag van die Versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige goedere of produkte na die Versekerde se wete deur of namens die Versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is.

(vi) vir enige gebrek in enige Produk of enige deel daarvan waarvan die Versekerde bewus was voor die aanvang van hierdie uitbreiding.

## 12. Statutêre regsverdedigingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Versekerde dit verlang, stel die Versekeraar die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde skadeloos teen koste en uitgawes wat hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word en wat met die toestemming van die Versekeraar aangegaan word deur of namens die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde in die verdediging van enige vervolging van die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde en wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van enige wet in die loop van die Besigheid gedurende die versekeringstydperk.

Met dien verstande dat:

(i) die Versekeraar in die geval van 'n appèl nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat wat deur die Versekeraar goedgekeur is, adviseer dat sodanige appèl na sy mening behoort te slaag;

(ii) die Versekeraar nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestrafflng wat opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie;

(iii) sodanige persoon, asof hy die Versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en hierdie afdeling daarvan nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees;

(iv) indien die vervolging ontstaan uit of in verband met enige Produk, die Versekeraar slegs die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde skadeloos stel indien die uitbreiding vir Produkaanspreeklikheid in die bylae as ingesluit vermeld word.

## 13. Onregmatige inhegtenisname en laster (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

(i) wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);

(ii) ten opsigte van lasterlike stellings, hetsy skriftelik of verbaal;

altyd met dien verstande dat die Skadeloosstellingsperk soos vermeld hoogstens die bedrag beloop soos vermeld in die bylae.

## 14. Brand- en ontploffingaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 10(b) en 10(c) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens R250 000 of die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word, welke ook al die grootste is.

Dit is 'n voorwaarde van hierdie uitbreiding dat die Versekerde by die plaasvind van 'n gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding ook voldoen het aan die voorskrifte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig).

## 15. Diere

Ondanks enigiets teenstrydigs wat in Spesifieke uitsondering 10(e) vervat word, sal die Versekeraar die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van Omskrewe Gebeurtenisse wat veroorsaak is deur diere (waarvan die Versekerde die eienaar is of waarvoor die Versekerde wetlik verantwoordelik is) gebruik of aangehou deur die Versekerde in verband met die Versekerde se Besigheid:

(a) terwyl sodanige diere aangejaag word oral binne die gebiedsperke met dien verstande dat die Versekerde redelike voorsorg tref om te voldoen aan wetgewing met betrekking tot die aanjaag van diere op openbare paaie; of

(b) terwyl sodanige diere op enige perseel van die Versekerde is; of

(c) terwyl sodanige diere te enige plek (met uitsluiting van enige perseel van die Versekerde) oral binne die gebiedsperke waar sodanige diere tydelik aangehou word of tydelik gehuisves word; of

(d) terwyl sodanige diere wegloop vanaf die plek waarna in paragraaf (c) hierbo verwys word of wegloop vanaf die perseel waarna in paragraaf (b) hierbo verwys word.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 16. Vloed (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 10(d) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 17. Aanspreeklikheid vir skade aan suikerriet of enige plantasie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 12 word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

Dit is 'n voorwaarde van hierdie uitbreiding dat die Versekerde by die plaasvind van 'n gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding ook voldoen het aan die voorskrifte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig).

## 18. Pakhuishouersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) en 5 is nie van toepassing nie op aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom/goedere wat vir opbergingsdoeleindes in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige Werknemer van die Versekerde is, met dien verstande dat:

1. die Versekeraar egter nie die Versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan die eiendom/goedere hulself, maar slegs vir die gevolglike verliese wat spruit uit sodanige verlies of skade en waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal;

2. die verlies van of skade aan die eiendom/goedere in 'n pakhuis (gebou) plaasvind wat deur die Versekerde as eienaar of huurder okkupeer word;

3. die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word;

4. ten opsigte van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van ʹn reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, die Versekerde verantwoordelik is vir ʹn eerste bedrag betaalbaar bereken teen 10% van die Koste en Uitgawes deur die Versekeraar aangegaan, met dien verstande dat die voormelde bedrag nooit minder as R1 000 en nooit meer as R25 000 beloop nie.

### Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding pakhuishouersaanspreeklikheid)

Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid nie vir:

(a) verlies of skade veroorsaak deur

  (i) die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde of enige persoon aan wie die eiendom/goedere toevertrou is, hetsy sodanige persoon alleen optree of met ander persone saamspan;

  (ii) die opsetlike en wederregtelike verkoop van die eiendom/goedere deur die Versekerde, opsetlike toe-eiening of opsetlike en onregmatige verberging;

  (iii) vervalste pakhuiskwitansies;

  (iv) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak.

(b) verlies van of skade aan kontant, bank- of valutanote, muntstukke (insluitende Krugerrande en soortgelyke muntstukke), tjeks (insluitende reisigertjeks), poswissels en –orders, geldige verhandelbare pos-, inkomste-en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en dokumente, sertifikate of ander middele van ʹn verhandelbare aard, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard, juweliersware, diamante, goud, silwer, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en –stene, lewende hawe en diere.

## 19. Jagtersaanspreeklikheid

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs vervat in Spesifieke uitsondering 3(a), word hierdie afdeling uitgebrei om die Versekerde skadeloos te stel teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige jagaktiwiteite wat deur die Versekerde gereël word en wat op die Versekerde se persele plaasvind, met dien verstande dat:

(i) enige besoekers wat aan sodanige jagaktiwiteite deelneem en wie nie permenente inwoners van die Republiek van Suid-Afrika is nie, deur ʹn Professionele Jagter vergesel word wat in besit is van ʹn geldige professionele jagpermit;

(ii) enige besoeker wat nie onder (i) hierbo beskryf is nie, vergesel word deur die Versekerde of ʹn Werknemer van die Versekerde;

(iii) voor deelname aan enige jagaktiwiteite, alle besoekers ʹn dokument sal onderteken wat deur ʹn gekwalifiseerde prokureur opgestel is wat die Versekerde of enige direkteur of werknemer van die Versekerde kwytskel van aanspreeklikheid as gevolg van jagaktiwiteite;

(iv) die Versekerde moet voldoen aan alle wetgewing, verordeninge en plaaslike, munisipale, streeks- en regeringsregulasies wat op jagaktiwiteite van toepassing is.

## 20. Gratis advies

Nieteenstaande enigiets teenstrydig vervat in Spesifieke uitsondering 3(a) stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos ten opsigte van Omskrewe Gebeurtenisse wat veroorsaak word deur die onopsetlike versuim van die Versekerde om die regsverpligting na te kom om behoorlike sorg verskuldig aan ʹn ander persoon of party, uit te oefen in die verskaffing van tegniese inligting of advies aan sodanige persoon of party.

Met dien verstande dat hierdie afdeling nie aanspreeklikheid dek nie:

(i) wat voortspruit uit die bankrotskap van die Versekerde;

(ii) wat voortspruit uit finansiële dienste en/of kosteberamings wat deur of namens die Versekerde gelewer is;

(iii) wat voortspruit uit laster;

(iv) wat voortspruit uit ontwerp, formule, toesig, behandeling of advies wat deur of namens die Versekerde gelewer is in ruil vir 'n fooi.

(v) wat voortspruit vanuit tegniese inligting of advies verskaf in verband met 'n produk tensy die uitbreiding vir Produkaanspreeklikheid ingesluit is in die bylae.

Indien, ten tye van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling, skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word, dra hierdie onderafdeling nie saam met enige ander versekering by nie, behalwe met betrekking tot enige oorskryding bo die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

## 21. Verkrygings en nuwe besighede

Die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling van die Polis verleen word, word uitgebrei tot enige maatskappy wat deur die Versekerde gedurende die Versekeringstydperk gestig en/of verkry word binne 'n tydperk van 90 dae van sodanige stigting en/of verkryging.

Altyd met dien verstande dat:

1. die Terugwerkende datum ten opsigte van sodanige nuwe maatskappy geag word as die datum te wees waarop 'n nuut-gestigte en/of verkrygde maatskappy die eerste keer aanspreeklikheidsversekering aangekoop het van die tipe hiervolgens verseker op 'n "Eise ingestel" grondslag, onderworpe aan 'n verklaring deur die nuut-verkreë maatskappy se vorige bestuur van geen bekende of aangemelde eise of omstandighede wat waarskynlik aanleiding sal gee tot 'n eis op die datum van verkryging nie. In geval van geen sodanige verklaring sal die Terugwerkende datum die datum van die verkryging wees;
2. die Versekerde se sake-aktiwiteite onveranderd bly;
3. die jaarlikse omset van alle nuutgestigte en/of verkrygde maatskappye nie meer is as 5% (vyf persent) van die beraamde jaarlikse omset van die Versekerde, soos aan die Versekeraar bekend gemaak by die inwerkingtreding van hierdie Afdeling nie;
4. die Versekerde die Versekeraar in kennis sal stel van sodanige stigtings en/of verkrygings voor die 90 dae verstryk het en die Versekeraar die bepalings van hierdie afdeling van die Polis dienooreenkomstig mag wysig.

## 22. Uitbreidings vir gastehuise en jaghuise

Hierdie uitbreidings is slegs van toepassing op daardie gedeelte van die risiko wat verband hou met die gastehuis en/of jaghuis indien ingevolge hierdie afdeling verseker.

### A. Skoonmaak/droogskoonmaak van gaste se besittings

Nieteenstaande Spesifieke uitsonderings 2(a)(ii) en 2(b) stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos teen verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl dit die proses van skoonmaak of droogskoonmaak ondergaan, met dien verstande dat:

(a) die Versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R10 000 per gebeurtenis en R50 000 in enkele (jaarlikse) tydperk van versekering;

(b) die Versekeraar nie verantwoordelik is vir die eerste R1 000 van enige enkele gebeurtenis nie.

B. Eiendom van gaste

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) word hiermee geskrap en vervang met die volgende:

2(a)(ii) Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is, maar hierdie uitsondering geld nie vir die volgende nie:

(1) eiendom (behalwe voertuie) van besoekers op die Versekerde se persele of van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers van die Versekerde;

(2) voertuie wat nie deur die Versekerde gehuur of aan hom geleen word nie (met inbegrip van die inhoud en toebehore daarvan) wat gebruik maak van die Versekerde se persele;

(3) persele wat nie deur die Versekerde besit of gehuur word nie, wat tydelik deur hom beset word met die doel om werk daaraan of daarin uit te voer, tensy aanspreeklikheid uitsluitlik kragtens ʼn ooreenkoms ontstaan.

C. Onregmatige inhegtenisname en laster

Die Omskrewe Gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

(i) wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);

(ii) ten opsigte van laster;

altyd met dien verstande dat die Skadeloosstellingsperk soos vermeld hoogstens R100 000 elk ingevolge (i) en (ii) beloop en R500 000 in enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk.

# GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID (GEBEURTENIS-GRONDSLAG)

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skadevergoeding wat die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van Besering of Skade wat gedurende die Versekeringstydperk in die loop van of in verband met die Besigheid binne die Gebiedsperke plaasvind.

## OMSKRYWINGS

Vir die doeleinde om die skadeloosstelling wat deur hierdie Afdeling verleen word te bepaal, beteken die onderstaande terme die volgende:

### 1. Skade

Verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom of onregmatige aantasting van die genieting van regte oor tasbare eiendom.

### 2. Werknemer

Persoon/e in diens van die Versekerde ingevolge ´n dienskontrak of vakleerlingskap.

### 3. Besering

Dood, liggaamlike besering, geestesbesering, kwaal (liggaamlik of geestelik) of siekte van of aan enige persoon.

### 4. Produk

Enige tasbare eiendom (insluitend houers en etikette) nadat dit die bewaring of beheer van die Versekerde verlaat het, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is deur of namens die Versekerde.

### 5. Besoedeling

Die emissie, uitlating, vrylating, verspreiding, wegdoening, deursypeling of ontsnapping van vaste, vloeibare of gasagtige of termiese besmetters of prikkelmiddels insluitende dampe, reuke, stanke, vogtigheid, walms, rook, roet of ander lugpartikels, sure, alkalieë, chemikalieë en afval, elektromagnetiese golwe, geraas, vibrasies, ander emissies van afval of skadelike stowwe in of op die grond, die atmosfeer of enige waterweg liggaam van water.

### 6. Koste en Uitgawes

Koste, fooie, uitgawes en regskoste wat deur ´n eiser of enige aantal eisers van die Versekerde verhaalbaar is en wat deur die Maatskappy of deur die Versekerde met die Maatskappy se vooraf toestemming aangegaan word:

(i) in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie Polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde aanhangig gemaak word ten opsigte van Besering of Skade of ander aanspreeklikhied soos verseker ingevolge die bepalings van hierdie Afdeling van die Polis.

(ii) in die verteenwoordiging by enige ondersoek of beseringondersoek ten opsigte van Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees en/of in die verdediging van enige geregtelike stappe in 'n Hof van Summiere Jurisdiksie ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees.

# DIE SKADELOOSSTELLINGSPERK

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

Indien 'n gebeurtenis van enige enkele oorspronklike oorsaak tot 'n eis of 'n reeks eise aanleiding gee wat die onderwerp van skadelosstelling is ingevolge meer as een uitbreiding van hierdie Afdeling, word elke uitbreiding afsonderlik toegepas en is dit onderhewig aan sy eie afsonderlike Aanspreeklikheidsperk, altyd met dien verstande dat die totale bedrag van die Versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens die hoogste Aanspreeklikheidsperk beloop wat beskikbaar is ingevolge enige van die Uitbreidings wat skadeloosstelling bied vir die eis of reeks eise.

Indien meer as een Versekeringstydperk van hierdie Polis, na die hernuwing of vervanging daarvan, van toepassing mag wees op 'n oorspronklike oorsaak of bron, word die Versekeraar se aanspreeklikheid beperk tot die maksimum Aanspreeklikheidsperk vir enige sodanige Versekeringstydperk.

# GEBIEDSPERKE

Enige plek ter wêreld, maar nie in verband met die volgende nie:

(i) enige besigheid wat die Versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

of

(ii) enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die Versekeraar stel die Versekerde nie ten opsigte van die volgende skadeloos nie:

## 1. Werknemers

aanspreeklikheid as gevolg van Besering van enige werknemers van die Versekerde wat voortspruit uit en in die loop van diens by die Versekerde.

## 2. Eiendom

Skade aan:

(a) (i) eiendom wat aan die Versekerde behoort;

(ii) eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie op persele (of die inhoud daarvan) wat tydelik deur die Versekerde geokkupeer word vir werk daar binne nie.

(b) die deel van enige eiendom waaraan die Versekerde werk of gewerk het, indien sodanige Skade regstreeks weens sodanige werk ontstaan.

## 3. Professionele advies, voertuie, lugvaartuie, produkte ens

aanspreeklikheid wat volg op Besering of Skade:

(a) Professionele advies of behandeling

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) wat deur of in opdrag van die Versekerde gegee of toegedien word.

(b) Voertuie, watervaartuie, lokomotiewe

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige meganiesaangedrewe voertuig (behawe 'n trapfiets of grassnyer of enige voetgangerbeheerde tuintoerusting) of van enige sleepwa, watervaartuig (behalwe nie-gemotoriseerde watervaartuie waarvan die lengte nie 6 meter oorskry nie en wat slegs op binnelandse waterweë gebruik word), lokomotief of rollende materiaal. Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie die Versekeraar onthef nie van die verpligting om die Versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat volg op Besering of Skade wat veroorsaak word of ontstaan buite die grense van enige rybaan of deurgang in verband met die laai of aflaai van enige voertuig, in die mate wat sodanige Besering of Skade nie deur enige ander versekeringspolis verseker is nie.

(c) Lugvaartuie

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met:

(i) die brandstofinname en brandstofuitname van lugvaartuie;

(ii) die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery;

(iii) die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek.

(d) Produkte

wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige Produk behalwe voedsel en drank wat verskaf word vir verbruik op die perseel van die Versekerde.

## 4. Vibrasie en verwydering van stut

meer as R20 000 vir Skade wat veroorsaak word deur vibrasie of die verwydering of verswakking of steuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.

## 5. Besoedeling

(a) aanspreeklikheid ten opsigte van Besering, Skade of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur Besoedeling, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige Besoedeling deur 'n skielike, onbeplande of onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word;

(b) die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van stowwe wat uit Besoedeling voortspruit, tensy die Besoedeling deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie.

## 6. Boetes, strafvoltrekkings ens.

boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.

## 7. VSA en KANADA uitsprake, toekennings of skikkings

skadevergoeding ten opsigte van uitsprake, toekennings of skikkings wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada gemaak is (of enige bevel wat enige plek in die wêreld uitgereik is om sodanige uitspraak, toekenning of skikking af te dwing, hetsy in die geheel of gedeeltelik). Vir die doeleindes van hierdie spesifieke uitsondering word "Skadevergoeding" geag as synde die koste en uitgawes van litigasie in te sluit wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal word.

## 8. Eerste bedrag betaalbaar

die eerste bedrag betaalbaar. Die Versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike bron of oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule is van toepassing op eise wat voortspruit uit Skade of Besering en is van toepassing op Koste en Uitgawes.

## 9. Plofstowwe, ontploffing, brand, vloed en diere

aanspreeklikheid wat volg op Besering of Skade wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met of voortspruitende uit of wat toegeskryf kan word aan:

(a) plofstowwe;

(b) die ontploffing van enige stoomketel;

(c) brand of ontploffing;

(d) vloed;

(e) die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige dier.

## 10. Beslaglegging op of die verlegging van water

die beslaglegging op of die verlegging van water deur die Versekerde of deur enige persoon wat namens die Versekerde optree.

## 11. Brandskade aan suikerriet of enige plantasie

brandskade aan suikerriet of enige plantasie.

## 12. Opsetlike of doelbewuste dade

Aanspreeklikheid as gevolg van Besering of Skade wat voortspruit uit moedswillige, doelbewuste en opsetlike verontagsaming deur die bestuur van die Versekerde om redelike voorsorg maatreëls te neem ter voorkoming van enige gebeurtenis of omstandigheid wat kon aanleiding gee tot 'n eis.

## 13. Wederregtelike mededinging

enige werklike of beweerde eis of eise wat op watter manier ook al ontstaan in verband met of gebaseer op of voortspruitend uit of wat op enige manier te doen het met werklike of beweerde wederregtelike mededinging, onbillike praktyke, misbruik van monopolie mag, kartelaktiwiteite of wat andersins mag voortspruit uit of gebaseer wees op of verband hou met enige oortreding van die Wet op Mededinging, Wet Nr. 89 van 1998 (soos gewysig) of enige soortgelyke voorskrif, wet of regulasie soos van krag mag wees in

enige jurisdiksie of land waar die Versekerde se aanspreeklikheid ontstaan het.

# MEMORANDUM

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie afdeling dek nie Besering, Skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDE

## Manifestasie-klousule

Indien die feite nie vanself spreek nie en die Versekeraar en die Versekerde nie onderling kan ooreenkom wanneer die Besering of Skade plaasgevind het nie, word vir die doeleindes van die bepaling van die skadeloosstelling wat verleen word:

(a) die Besering geag as synde plaas te gevind het toe die eiser die eerste keer 'n gekwalifiseerde praktisyn aangaande sodanige Besering gespreek het, hetsy dit op daardie tydstip korrek gediagnoseer is al dan nie. Indien geen sodanige konsultasie plaasgevind het nie, word die Besering geag as synde plaas te gevind het toe die Versekerde die eerste keer daarvan in kennis gestel is.

(b) die Skade geag as synde plaas te gevind het toe dit die eerste keer aan die eiser duidelik geword het, selfs al was die oorsaak onbekend.

# UITBREIDINGS

## 1. Bykomende versekerdes

Die Versekeraar stel ook die volgende skadeloos asof 'n afsonderlike polis aan elk uitgereik is:

(a) in die geval van die dood van die Versekerde, enige persoonlike verteenwoordiger van die Versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die Versekerde opgeloop is;

(b) enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (indien die Versekerde dit verlang) teen enige eis waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is;

(c) in die mate wat dit deur enige kontrakvoorwaardes vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van enige kontrak, enige werkgewer wat vermeld word in enige kontrak wat die Versekerde vir die doeleindes van die besigheid aangaan;

(d) ten opsigte van die werksaamhede van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer of ambulansdiens, kafeteria en dies meer wat aan die Versekerde behoort of deur hom tot stand gebring is tot voordeel van sy werknemers:

   (i) enige beampte of lid daarvan;

   (ii) enige besoekende sportspan of lid daarvan.

Met dien verstande dat:

(1) die Versekeraar se totale aanspreeklikheid hoogstens die Skadeloosstellingsperke beloop wat in die bylae vermeld word;

(2) enige persoon of organisasie op wie die uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op

skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

(3) die skadeloosstelling ingevolge (a), (b) en (c) slegs van toepassing is ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die Versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die Versekerde ingestel was.

Die Versekeraar doen vir die doel van hierdie uitbreiding afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hy mag hê of wat hy mag verkry teen enige van bogenoemde en elke party waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## 2. Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een Versekerde in die bylae vermeld word, stel die Versekeraar elke Versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige Versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Versekeraar hoogstens die Skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## 3. Handelswerktuig

Spesifieke uitsondering 3(b) is nie van toepassing op die werkverrigting, as 'n werktuig, van enige voertuig of toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vasgeheg is nie, met dien verstande dat die Versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie ten opsigte van soveel van enige aanspreeklikheid as wat binne die bestek van enige soort motorvoertuigversekering of wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering val nie, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is. Die Versekeraar is ook nie aanspreeklik nie indien enige ander soort motorversekering wat dieselfde aanspreeklikheid dek, deur die Versekerde aangegaan is.

## 4. Eiendom van werknemers en besoekers

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) is nie van toepassing nie op eiendom wat behoort aan enige vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde of enige besoeker aan die Versekerde se perseel.

## 5. Transnet en ander regeringsdepartemente

Nieteenstaande die bepalings van Spesifieke uitsonderings 2(a)(ii) en 3(b) en word hierdie afdeling uitgebrei om die Versekerde skadeloos te stel:

(a) teen aanspreeklikheid wat deur die Versekerde aanvaar word ingevolge enige kontrak wat aangegaan word met, of vrywaring wat verleen word aan, Transnet, die staat of semi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke liggame wat die gebruik van spoorwegsylyne dek of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van 'n soortgelyke aard;

(b) een aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is;

(c) ten opsigte van aanspreeklikheid wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit by enige spoorwegsylyn deur of namens die Versekerde gebruik word.

## 6. Los sleepwaens

Sover dit sleepwaens aangaan, is Spesifieke uitsondering 3(b) nie van toepassing nie ten opsigte van enige sleepwa wat nie aan enige meganiesaangedrewe voertuig vas is nie en wat nie per abuis daarvandaan losgekom het nie, met dien verstande dat die Versekeraar nie hierkragtens aanspreeklik is nie vir die deel van enige verlies wat:

(i) deur enige ander polis of polisse wat deur die Versekerde aangegaan is, verseker is of wat, in die afwesigheid van hierdie afdeling, so verseker sou gewees het;

(ii) binne die bestek val van enige wetgewing ten opsigte van verpligte derdepartyversekering, ongeag of geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie.

## 7. Nood mediese onkoste

Die Versekeraar stel die Versekerde skadeloos vir alle billike onkoste wat deur die Versekerde aangegaan word vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat nodig mag wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis teen die Versekerde mag wees.

## 8. Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van Spesifieke uitsondering 2(a)(ii), stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan voertuie en hulle inhoud en toebehore, die eiendom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die Versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die Versekerde voorsien word.

## 9. Huurdersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 2(a)(ii) en 3(b) van hierdie afdeling is nie van toepassing nie ten opsigte van persele wat deur die Versekerde as huurder (maar nie as eienaar nie) geokkupeer word.

## 10. Produkaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in Spesifieke uitsondering 3(d) vervat, stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos ten opsigte van Omskrewe Gebeurtenisse wat plaasvind te enige plek in die gebiede vermeld in die bylae elders as op 'n perseel wat deur die Versekerde geokkupeer word en wat veroorsaak word deur enige Produk (insluitende foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde Produkte).

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

### Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die Uitbreiding: Produkaanspreeklikheid)

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende aanspreeklikhede nie:

(i) die herstel-, verandering-, herroeping-, opknapping- of vervangingskoste van die Produk of deel daarvan (insluitende houers en etikette) wat Besering of Skade veroorsaak en/of die verlies van gebruik van enige Produk of deel daarvan,

Vir die doeleindes van hierdie bykomende spesifieke uitsondering, word die term "vervanging" geag as synde in te sluit enige krediet of terugbetaling toegestaan of alternatiewe Produk verskaf deur of namens die Versekerde in plaas van die vervanging van die gebrekkige Produk;

(ii) die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die Produk en enige ander eiendom wat vir sodanige herstel, verandering of vervanging noodsaaklik is, tensy dit fisies deur die Produk beskadig is;

(iii) wat voortspruit uit die versuim van enige Produk of deel daarvan om sy bedoelde funksie te verrig of te werk soos gespesifiseer of gewaarborg, maar hierdie uitsondering is nie van toepassing op gevolglike Besering of Skade nie;

(iv) wat voortspruit uit Produkte wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstalleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak;

(v) ten opsigte van Besering of Skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige Produkte wat deur of in opdrag van die Versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige goedere of produkte na die Versekerde se wete deur of namens die Versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is;

(vi) vir enige gebrek in enige Produk of enige deel daarvan waarvan die Versekerde bewus was voor die aanvang van hierdie uitbreiding.

## 11. Statutêre regsverdedigingskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Versekerde dit verlang, stel die Versekeraar die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde skadeloos teen koste en uitgawes wat hoogstens die bedrag beloop wat in die bylae vermeld word en wat met die toestemming van die Versekeraar aangegaan word deur of namens die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde in die verdediging van enige vervolging van die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde en wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van enige wet in die loop van die Besigheid gedurende die versekeringstydperk.

Met dien verstande dat:

(i) die Versekeraar in die geval van 'n appèl nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat wat deur die Versekeraar goedgekeur is, adviseer dat sodanige appèl na sy mening behoort te slaag;

(ii) die Versekeraar nie sodanige persoon skadeloos stel ten opsigte van enige boete of bestrafflng wat opgelê word nie en ook nie ten opsigte van enige verlies wat daarop volg nie;

(iii) sodanige persoon, asof hy die Versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en hierdie afdeling daarvan nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees;

(iv) indien die vervolging ontstaan uit of in verband met enige Produk, die Versekeraar slegs die Versekerde of enige werknemer, vennoot of direkteur van die Versekerde skadeloos stel indien die uitbreiding vir Produkaanspreeklikheid in die bylae as ingesluit vermeld word.

## 12. Onregmatige inhegtenisname en laster (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

(i) wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);

(ii) ten opsigte van lasterlike stellings, hetsy skriftelik of verbaal;

altyd met dien verstande dat die Skadeloosstellingsperk hoogstens die bedrag beloop soos vermeld in die bylae.

## 13. Brand- en ontploffingaanspreeklikheid

Spesifieke uitsonderings 9(b) en 9(c) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens R250 000 of die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word, welke ook al die grootste is.

Dit is 'n voorwaarde van hierdie uitbreiding dat die Versekerde by die plaasvind van 'n gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding ook voldoen het aan die voorskrifte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig).

## 14. Diere

Ondanks enigiets teenstrydigs wat in Spesifieke uitsondering 9(e) vervat word, sal die Versekeraar die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van Omskrewe Gebeurtenisse wat veroorsaak is deur diere (waarvan die Versekerde die eienaar is of waarvoor die Versekerde wetlik verantwoordelik is) gebruik of aangehou deur die Versekerde in verband met die Versekerde se Besigheid:

(a) terwyl sodanige diere aangejaag word oral binne die gebiedsperke met dien verstande dat die Versekerde redelike voorsorg tref om te voldoen aan wetgewing met betrekking tot die aanjaag van diere op openbare paaie; of

(b) terwyl sodanige diere op enige perseel van die Versekerde is; of

(c) terwyl sodanige diere te enige plek (met uitsluiting van enige perseel van die Versekerde) oral binne die gebiedsperke waar sodanige diere tydelik aangehou word of tydelik gehuisves word; of

(d) terwyl sodanige diere wegloop vanaf die plek waarna in paragraaf (c) hierbo verwys word of wegloop vanaf die perseel waarna in paragraaf (b) hierbo verwys word.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 15. Vloed (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 9(d) word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

## 16. Aanspreeklikheid vir skade aan suikerriet of enige plantasie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 11 word geskrap.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

Dit is 'n voorwaarde van hierdie uitbreiding dat die Versekerde by die plaasvind van 'n gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding ook voldoen het aan die voorskrifte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande Nr. 101 van 1998 (soos gewysig).

## 17. Pakhuishouersaanspreeklikheid

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) is nie van toepassing nie op aanspreeklikheid wat voortspruit uit verlies van of skade aan eiendom/goedere wat vir opbergingsdoeleindes in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige Werknemer van die Versekerde is, met dien verstande dat:

1. die Versekeraar egter nie die Versekerde skadeloos stel nie ten opsigte van aanspreeklikheid, soos hierin bepaal, wat voortspruit uit verlies van of skade aan die eiendom/goedere hulself, maar slegs vir die gevolglike verliese wat spruit uit sodanige verlies of skade en waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal;
2. die verlies van of skade aan die eiendom/goedere in 'n pakhuis (gebou) plaasvind wat deur die Versekerde as eienaar of huurder okkupeer word;
3. die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die Skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word;
4. ten opsigte van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, die Versekerde verantwoordelik is vir 'n eerste bedrag betaalbaar bereken teen 10% van die Koste en Uitgawes deur die Versekeraar aangegaan, met dien verstande dat die voormelde bedrag nooit minder as R1 000 en nooit meer as R25 000 beloop nie.

### Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding Pakhuishouersaanspreeklikheid)

Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid nie vir

(a) verlies of skade veroorsaak deur:

- (i) die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde of enige persoon aan wie die eiendom/goedere toevertrou is, hetsy sodanige persoon alleen optree of met ander persone saamspan;
- (ii) die opsetlike en wederregtelike verkoop van die eiendom/goedere deur die Versekerde, opsetlike toe-eiening of opsetlike en onregmatige verberging;
- (iii) vervalste pakhuiskwitansies;
- (iv) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak.

(b) verlies van of skade aan kontant, bank- of valutanote, muntstukke (insluitende Krugerrande en soortgelyke muntstukke), tjeks (insluitende reisigertjeks), poswissels en –orders, geldige verhandelbare pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en dokumente, sertifikate of ander middele van 'n verhandelbare aard, transportaktes, manuskripte of effekte van enige aard, juweliersware, diamante, goud, silwer, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en –stene, lewende hawe en diere.

## 18. Jagtersaanspreeklikheid

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs vervat in Spesifieke uitsondering 3(a), word hierdie afdeling uitgebrei om die Versekerde skadeloos te stel teen aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige jagaktiwiteite wat deur die Versekerde gereël word en wat op die Versekerde se persele plaasvind, met dien verstande dat:

(i) enige besoekers wat aan sodanige jagaktiwiteite deelneem en wie nie permenente inwoners van die Republiek van Suid-Afrika is nie, deur 'n Professionele Jagter vergesel word wat in besit is van 'n geldige professionele jagpermit;

(ii) enige besoeker wat nie onder (i) hierbo beskryf is nie, vergesel word deur die Versekerde of 'n Werknemer van die Versekerde;

(iii) voor deelname aan enige jagaktiwiteite, alle besoekers 'n dokument sal onderteken wat deur 'n gekwalifiseerde prokureur opgestel is wat die Versekerde of enige direkteur of werknemer van die Versekerde kwytskel van aanspreeklikheid as gevolg van jagaktiwiteite;

(iv) die Versekerde moet voldoen aan alle wetgewing, verordeninge en plaaslike, munisipale, streeks- en regeringsregulasies wat op jagaktiwiteite van toepassing is.

## 19. Gratis advies

Nieteenstaande enigiets teenstrydig vervat in Spesifieke uitsondering 3(a) stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos ten opsigte van Omskrewe Gebeurtenisse wat veroorsaak word deur die onopsetlike versuim van die Versekerde om die regsverpligting na te kom om behoorlike sorg verskuldig aan 'n ander persoon of party, uit te oefen in die verskaffing van tegniese inligting of advies aan sodanige persoon of party.

Met dien verstande dat hierdie afdeling nie aanspreeklikheid dek nie:

(i) wat voortspruit uit die bankrotskap van die Versekerde;

(ii) wat voortspruit uit finansiële dienste en/of kosteberamings wat deur of namens die Versekerde gelewer is;

(iii) wat voortspruit uit laster;

(iv) wat voortspruit uit ontwerp, formule, toesig, behandeling of advies wat deur of namens die Versekerde gelewer is in ruil vir 'n fooi.

(v) wat voortspruit vanuit tegniese inligting of advies verskaf in verband met 'n produk tensy die uitbreiding vir Produkaanspreeklikheid ingesluit is in die bylae.

Indien, ten tye van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling, skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word, dra hierdie onderafdeling nie saam met enige ander versekering by nie, behalwe met betrekking tot enige oorskryding bo die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

## 20. Verkrygings en nuwe besighede

Die skadeloosstelling wat deur hierdie afdeling van die Polis verleen word, word uitgebrei tot enige maatskappy wat deur die Versekerde gedurende die Versekeringstydperk gestig en/of verkry word binne 'n tydperk van 90 dae van sodanige stigting en/of verkryging.

Altyd met dien verstande dat:

1. die Versekerde se sake-aktiwiteite onveranderd bly;

2. die jaarlikse omset van alle nuutgestigte en/of verkrygde maatskappye nie meer is as 5% (vyf persent) van die beraamde jaarlikse omset van die Versekerde, soos aan die Versekeraar bekend gemaak by die inwerkingtreding van hierdie Afdeling nie.

3. die Versekerde die Versekeraar in kennis sal stel van sodanige stigtings en/of verkrygings voor die 90 dae verstryk het en die Versekeraar die bepalings van hierdie afdeling van die Polis dienooreenkomstig mag wysig.

## 21. Uitbreidings vir gastehuise en jaghuise

Hierdie uitbreidings is slegs van toepassing op daardie gedeelte van die risiko wat verband hou met die gastehuis en/of jaghuis indien ingevolge hierdie afdeling verseker.

### A. Skoonmaak/droogskoonmaak van gaste se besittings

Nieteenstaande Spesifieke uitsonderings 2(a)(ii) en 2(b) stel die Versekeraar die Versekerde skadeloos teen verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl dit die proses van skoonmaak of droogskoonmaak ondergaan, met dien verstande dat:

(a) die Versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R10 000 per gebeurtenis en R50 000 in enkele (jaarlikse) tydperk van versekering.

(b) die Versekeraar nie verantwoordelik is vir die eerste R1 000 van enige enkele gebeurtenis nie.

### B. Eiendom van gaste

Spesifieke uitsondering 2(a)(ii) word hiermee geskrap en vervang met die volgende:

2(a)(ii) Eiendom wat in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde is, maar hierdie uitsondering geld nie vir die volgende nie:

(1) eiendom (behalwe voertuie) van besoekers op die Versekerde se persele of van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers van die Versekerde;

(2) voertuie wat nie deur die Versekerde gehuur of aan hom geleen word nie (met inbegrip van die inhoud en toebehore daarvan) wat gebruik maak van die Versekerde se persele;

(3) persele wat nie deur die Versekerde besit of gehuur word nie, wat tydelik deur hom beset word met die doel om werk daaraan of daarin uit te voer, tensy aanspreeklikheid uitsluitlik kragtens 'n ooreenkoms ontstaan.

### C. Onregmatige inhegtenisname en laster

Die Omskrewe Gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit:

(i) wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname (insluitende aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisname);

(ii) ten opsigte van laster;

altyd met dien verstande dat die Skadeloosstellingsperk soos vermeld hoogstens R100 000 elk ingevolge (i) en (ii) beloop en R500 000 in enige enkele (jaarlikse) Versekeringstydperk.

santam

# WERKGEWERSAANSPREEKLIKHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat ingevolge 'n diens-of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat op of ná die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word in die loop van en in verband met sodanige persoon se diens by die versekerde plaasvind, binne die gebiedsperke, en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die versekerde ingestel word.

## DIE SKADELOOSSTELLINGSPERK

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## GEBIEDSPERKE

Enige plek ter wêreld maar nie in verband met die volgende nie

(i) enige besigheid wat die versekerde bedryf by of vanaf 'n perseel buite

of

(ii) enige kontrak vir die uitvoer van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

(a) aanspreeklikheid wat deur die versekerde aanvaar word kragtens enige kontrak, onderneming of ooreenkoms indien die versekerde in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie aanspreeklik sou gewees het nie;

(b) aanspreeklikheid vir siekte of verswakking wat te wyte is aan 'n geleidelikwerkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of gebeurtenis voortspruit nie;

(c) boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

(d) (i) skadevergoeding ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie gelewer word deur of verkry word in 'n hof anders as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;

(ii) regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in (d)(i) hierbo beskryf word nie;

(e) enige eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is:

(i) wat nie ingevolge algemene voorwaarde 6 by die versekeraar aangemeld word nie;

(ii) voor die aanvang van hierdie afdeling;

(f) enige eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 48 maande (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) skriftelik teen die versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in spesifieke voorwaarde 2.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Enige eis, wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge algemene voorwaarde 6 aangemeld word (hiena 'n aangemelde gebeurtenis genoem), word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die versekeraar aangemeld het.

2. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis:

(a) word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel is gedurende die 48 maande onmiddellik ná kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag wat die versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig word;

(b) mag die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 6 by die versekeraar aanmeld tot 15 dae ná kansellasie of nie-hernuwing met dien verstande dat:

(i) sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het;

(ii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 48 maande soos in2(a) hierbo gespesifiseer word.

3. Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is:

(a) op die datum waarop die versekerde die gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 6 aangemeld

of

(b) op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word, indien die versekerde onbewus was van enige gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee.

# UITBREIDINGS

## Verlengde aanmeldingsopsie

Na die keuse van die versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, stem die versekeraar in om die tydperk waartydens die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge algemene voorwaarde 6 mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom sal word, maar onder geen omstandighede langer as 36 maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem).

Met dien verstande dat:

(a) hierdie opsie slegs uitgeoefen mag word indien die versekeraar hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernieu;

(b) hierdie opsie skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae ná kansellasie of niehernuwing;

(c) hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die versekeraar gekanselleer kan word nie;

(d) die versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan die afdeling wat verstryk het nie;

(e) die versekeraar slegs aanspreeklik is vir 'n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het ná die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing;

(f) eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word of enige gebeurtenis wat deur die versekerde aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing;

(g) die bedrag wat deur die versekeraar betaalbaar is vir eise wat ingestel is of gebeurtenisse wat aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat dit die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie;

(h) enige eis wat ná 'n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 48 maande ná die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing skriftelik teen die versekerde ingestel is, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot ná die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

## Prinsipale

Indien 'n prinsipaal en die versekerde aanspreeklik is vir dieselfde skadevergoeding en indien enige kontrak of ooreenkoms tussen 'n prinsipaal en die versekerde dit vereis, stel die versekeraar, ongeag die voormelde spesifieke uitsondering (a), die prinsipaal op 'n soortgelyke wyse as die versekerde skadeloos, maar slegs in soverre die prinsipaal teenoor 'n werknemer soos vermeld, aanspreeklik is vir dood of liggaamlike besering of siekte van sodanige persoon wat spruit uit die nalatigheid van die versekerde of die versekerde se werknemers.

Met dien verstande dat:

(a) die versekerde in die geval van 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding poog om met die prinsipaal te reël dat die hantering en kontrolering van alle eise by die versekeraar berus;

(b) die prinsipaal, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie polis nakom en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees;

(c) die aanspreeklikheid van die versekeraar nie hierdeur verhoog word nie.

# MEMORANDUM

Algemene uitsondering 1 word slegs ten opsigte van hierdie afdeling geskrap en deur die volgende vervang:

"Hierdie afdeling dek nie dood, besering, siekte of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

# AANGEGEWE VOORDELE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde (hierna in hierdie afdeling sodanige persoon genoem) wat in die bylae gespesifiseer word.

Die Maatskappy betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die Versekerde die vergoeding wat in die bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die bylae onder die opskrif omstandighede.

## OMSKRYWINGS

**Permanente ongeskiktheid** beteken die volgende: **Persentasie van vergoeding**

(a) verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate ................ 100

(b) permanente en algehele verlies van

hele oog ........ 100

sig in oog ........ 100

sig in oog behalwe waarneming van lig ........ 75

(c) permanente en algehele gehoorverlies in

albei ore ........ 100

een oor ........ 25

(d) permanente en algehele spraakverlies ........ 100

(e) beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen ........ 100

(f) verlies van vier vingers ........ 70

(g) verlies van duim

albei falankse ........ 25

een falanks ........ 10

(h) verlies van wysvinger

drie falankse ........ 10

twee falankse ........ 8

een falanks ........ 4

(i) verlies van middelvinger

drie falankse ........................................ 6

twee falankse ........................................ 4

een falanks ........................................ 2

(j) verlies van ringvinger

drie falankse ........................................ 5

twee falankse ........................................ 4

een falanks ........................................ 2

(k) verlies van pinkie

drie falankse ........................................ 4

twee falankse ........................................ 3

een falanks ........................................ 2

(l) verlies van middelhandbeen

eerste of tweede (bykomend) ........................................ 3

derde, vierde of vyfde (bykomend) ........................................ 2

(m) verlies van tone

almal aan een voet ........................................ 30

groottoon, albei falankse ........................................ 5

groottoon, een falanks ........................................ 2

ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen ........................................ 2

# MEMORANDA

(i) Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die Maatskappy sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met die voormelde bepalings nie.

(ii) Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

(iii) 100% is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.

**Tydelike algehele ongeskiktheid** beteken die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen, behalwe in die geval waar die versekerde persoon ook die plaaseienaar is in welke geval die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word alleenlik betaalbaar is vir die tydperk waarvoor sodanige plaaseienaar in 'n hospitaal of geregistreerde verpleeginrigting opgeneem moet word weens die liggaamlike besering.

**Mediese onkoste** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en -ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawes wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

**Jaarlikse verdienste** beteken die jaarlikse koers van die loon, salaris en lewenskostetoelae wat deur die Versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word ten tyde van die toevallige liggaamlike besering plus die oortydbetaling, huurgeld, voedseltoelaes, kommissie en ander vergoeding van 'n deurlopende aard wat deur die Versekerde aan sodanige persoon betaal of toegelaat word gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die toevallige liggaamlike besering.

**Gemiddelde weeklikse verdienste** beteken een twee-en-vyftigste deel van die jaarlikse verdienste.

# BESIGHEIDSBEPERKING (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van sodanige persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid.

# VOORBEHOUDSBEPALINGS

Daar word verklaar en ooreengekom dat:

1. die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die dood of permanente ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir tydelike algehele ongeskiktheid en mediese onkoste vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;

2. die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak, sover redelikerwys moontlik herstel het nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;

3. tensy daar andersins hierin voorsiening gemaak word, hierdie afdeling nie van toepassing is nie op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bó die ouderdom van 70 jaar;

4. enige vergoeding wat deur die Maatskappy betaalbaar is vir enige tydperk van tydelike algehele ongeskiktheid of vir mediese onkoste verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan die vergoeding wat ontvang word of ontvangbaar is deur of ten behoewe van sodanige persoon ingevolge enige ongevallewetgewing vir tydelike ongeskiktheid vir dieselfde of 'n korter tydperk of ten opsigte van mediese onkoste;

5. sodanige persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die Maatskappy van hom vereis word. Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie;

6. Algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie afdeling van toepassing is nie;

7. slegs ten opsigte van hierdie Afdeling Algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word

"Hierdie afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militerê of geüsurpeerde gesag nie."

# UITBREIDINGS

## 1. Blootstelling

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

## 2. Verdwyning

In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die Maatskappy tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die Maatskappy vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die Maatskappy 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die Versekerde aan die Maatskappy terugbetaal word.

## 3. Skending weens brandwonde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die omskrywing "Permanente ongeskiktheid":

| | | Persentasie van vergoeding |
|---|---|---|
| (n) | permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die | |
| (i) | gesig en nek | 50 |
| | 100% van die oppervlak geskend<br>100% van die oppervlak geskend | Die deel van 50 waarin die werklik minder as geskende deel staan tot 100% van die geskende oppervlak |
| (ii) | oorblywende dele van die liggaam behalwe die gesig en nek | 25 |
| | 100% van die oppervlak geskend<br>minder as 100% van die<br>geskend | Die deel van 25 waarin die werklik<br>geskende deel staan tot 100% oppervlak<br>van die geskende oppervlak |

Die Maatskappy betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie tensy die skending 10% oorskry ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan 'n eis ingestel word.

## 4. Lewenshulpmasjinerie

Nieteenstaande enigiets in die omskrewe voorvalle vervat sluit die 24 maande-tydperk daarin vermeld nie enige tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige persoon uitsluitlik vertraag word deur die gebruik van lewenshulpmasjinerie, -toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens drie opeenvolgende dae nie.

## 5. Beweeglikheiduitbreiding

Wanneer die Maatskappy 'n eis om permanente algehele ongeskiktheid erken het en indien die versekerde persoon as 'n regstreekse gevolg van sodanige ongeskiktheid permanent van 'n rystoel afhanklik is vir beweeglikheid sal die Maatskappy betaal vir:

(a) 'n selfaangedrewe rystoel en/of

(b) die ombouing van die kontrole van die versekerde persoon se motorvoertuig en (indien nodig) die installering van rystoellaaitoerusting en/of

(c) verbouings aan die versekerde persoon se woning om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rystoel tot hoogstens 'n bedrag van R10 000.

## 6. Repatriasie (slegs van toepassing indien die sterftevoordeel verseker is)

Die Maatskappy betaal bo en behalwe die kapitale bedrag vermeld in die bylae die redelike en noodsaaklike uitgawes vir die repatriasie van die liggaam van 'n oorlede versekerde persoon na sy normale plek van verblyf tot hoogstens 'n bedrag van R5 000.

## 7. Ontvallingsvoordeel (slegs van toepassing indien die sterftevoordeel verseker is)

Die versekeraar betaal bo en behalwe die kapitale bedrag 'n verdere R3 000 vir addisionele kostes vir toevallige sterfte van die versekerde persoon.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie om vergoeding te betaal vir dood, ongeskiktheid of mediese onkoste ten opsigte van sodanige persoon:

(a) terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie;

(b) deur sy selfmoord of moedswillige selfbesering;

(c) wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van sodanige persoon;

(d) weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon, tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep(behalwe hyself);

(e) weens sy deelname aan enige oproer of burgerlike beroering;

(f) in die geval van vroue, wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit of verleng of verhaas word deur of toe te skryf is aan swangerskap, bevalling, aborsie, miskraam, verloskundige prosedure of enige gevolge daarvan;

(g) terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan:

- (i) motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passasier) behalwe op besigheid van die Versekerde;
- (ii) wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe
  - (a) voertuig
  - (b) vaartuig
  - (c) tuig
- (iii) bergklim wat die gebruik van toue vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal of hangswewery.

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLLE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Liggaamlike besering wat op toevallige, gewelddadige, uitwendige en sigbare wyse veroorsaak word aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie afdeling sodanige persoon genoem) wat in die bylae gespesifiseer word.

Die versekeraar betaal ten behoewe van sodanige persoon of sy boedel aan die versekerde die vergoeding wat in die bylae vermeld word in die geval van toevallige liggaamlike besering aan enige sodanige persoon wat regstreeks en onafhanklik van alle ander oorsake binne 24 kalendermaande tot dood of ongeskiktheid lei, soos gespesifiseer in die bylae onder die opskrif omstandighede.

## OMSKRYWINGS

**Permanente ongeskiktheid** beteken

**Persentasie van vergoeding**

(a) verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van een of meer ledemate __________ 100

(b) permanente en algehele verlies van

hele oog __________ 100

sig in oog __________ 100

sig in oog behalwe waarneming van lig __________ 75

(c) permanente en algehele gehoorverlies in

albei ore __________ 100

een oor __________ 25

(d) permanente en algehele spraakverlies __________ 100

(e) beserings wat lei tot permanente algehele onvermoë om die gewone beroep of enige ander beroep waarvoor sodanige persoon uit hoofde van sy kennis of opleiding toegerus is, te beoefen __________ 100

(f) verlies van vier vingers __________ 70

(g) verlies van duim

albei falankse __________ 25

een falanks __________ 10

(h) verlies van wysvinger

drie falankse __________ 10

twee falankse __________ 8

een falanks __________ 4

(i) verlies van middelvinger

drie falankse — 6

twee falankse — 4

een falanks — 2

(j) verlies van ringvinger

drie falankse — 5

twee falankse — 4

een falanks — 2

(k) verlies van pinkie

drie falankse — 4

twee falankse — 3

een falanks — 2

(l) verlies van middelhandbeen

eerste of tweede (bykomend) — 3

derde, vierde of vyfde (bykomend) — 2

(m) verlies van tone

almal aan een voet — 30

groottoon, albei falankse — 5

groottoon, een falanks — 2

ander tone, behalwe groottoon, indien meer as een verloor, elkeen — 2

# MEMORANDA

(i) Waar die besering nie gespesifiseer word nie, betaal die versekeraar sodanige bedrag as wat na sy mening nie strydig is met voormelde bepalings nie.

(ii) Permanente algehele verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel word as verlies van sodanige liggaamsdeel beskou.

(iii) 100 persent is die maksimum persentasie vergoeding wat betaalbaar is vir permanente ongeskiktheid weens 'n ongeval of 'n reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit ten opsigte van enige enkele sodanige persoon.

**Tydelike algehele ongeskiktheid** beteken die algehele en absolute onvermoë om die gewone besigheid of beroep te beoefen, behalwe in die geval waar die versekerde persoon ook die plaaseienaar is in welke geval die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word alleenlik betaalbaar is vir die tydperk waarvoor sodanige plaaseienaar in 'n hospitaal of geregistreerde verpleeginrigting opgeneem moet word weens die liggaamlike besering.

**Mediese onkoste** beteken alle koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan word vir kunsmatige hulpmiddels en -ledemate, mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting-of hospitaalbehandeling (insluitende die koste en uitgawe wat aangegaan word vir die noodvervoer of bevryding van sodanige persoon indien hy vasgekeer is of om sodanige persoon na 'n veilige plek te bring) weens 'n liggaamlike besering en wat binne 24 maande ná die omskrewe gebeurtenis plaasvind.

# BESIGHEIDSBEPERKING (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Hierdie afdeling geld slegs ten opsigte van die toevallige liggaamlike besering van sodanige persoon wat ontstaan uit en in die loop van sy diens by die besigheid.

# VOORBEHOUDSBEPALINGS

Daar word verklaar en ooreengekom dat:

1. die versekeraar nie aanspreeklik is nie om meer te betaal as die vergoeding wat betaalbaar is vir die dood of permanente ongeskiktheid (wat ook al die hoogste is) plus enige vergoeding wat betaalbaar is vir tydelike algehele ongeskiktheid en mediese onkoste vir die dood of ongeskiktheid van enige sodanige persoon wat ontstaan uit 'n ongeval of reeks ongevalle wat uit een oorsaak voortspruit;
2. die vergoeding wat ten opsigte van tydelike algehele ongeskiktheid gespesifiseer word, betaalbaar is vir nie meer as die getal weke wat in die bylae vermeld word nie en sodanige betaling eindig sodra die besering wat die onvermoë veroorsaak sover redelikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat die permanente ongeskiktheid mag voortduur;
3. tensy daar andersins hierin voorsiening gemaak word, hierdie afdeling nie van toepassing is nie op enige sodanige persoon onder die ouderdom van 15 of bó die ouderdom van 75 jaar;
4. sodanige persoon, nadat hy 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding ingevolge hierdie afdeling betaalbaar mag wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer dit redelikerwys deur die versekeraar van hom vereis word. Die versekeraar is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot sy bevrediging nagekom is nie;
5. algemene voorwaardes 2 en 9 nie op hierdie afdeling van toepassing is nie;
6. slegs ten opsigte van hierdie afdeling algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang word:

Hierdie afdeling dek nie dood of liggaamlike besering regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militerê of geüsurpeerde gesag nie.

# UITBREIDINGS

## 1. Blootstelling

Liggaamlike besering word geag besering in te sluit wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat regstreeks of onregstreeks weens teenspoed ontstaan.

## 2. Verdwyning

In die geval van die verdwyning van enige sodanige persoon in omstandighede wat die versekeraar tevrede stel dat hy 'n besering opgedoen het waarop hierdie afdeling van toepassing is en dat sodanige besering tot die dood van sodanige persoon gelei het, veronderstel die versekeraar vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word sy dood, met dien verstande dat indien daar, nadat die versekeraar 'n betaling hierkragtens gedoen het ten opsigte van sodanige persoon se veronderstelde dood, gevind word dat hy leef, sodanige betaling onverwyld deur die versekerde aan die versekeraar terugbetaal word.

## 3. Skending weens brandwonde (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan die uitsluiting hieronder, word die volgende item gevoeg by die omskrywing "Permanente ongeskiktheid":

| | Persentasie van vergoeding |
|---|---|
| (n) permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van die | |
| (i) gesig en nek | |
| 100 persent van die oppervlak geskend | 50 |
| minder as 100 persent van die oppervlak geskend | Die deel van 50 waarin die werklik geskende deel staan tot 100 persent van die geskende oppervlak |
| (ii) oorblywende dele van die liggaam behalwe die gesig en nek | |
| 100 persent van die oppervlak geskend | 25 |
| minder as 100 persent van die oppervlak geskend | Die deel van 25 waarin die werklik geskende deel staan tot 100 persent van die geskende oppervlak |

Die versekeraar betaal nie ingevolge enige sub-item van hierdie uitbreiding nie tensy die skending 10 persent oorskry ten opsigte van die sub-item ingevolge waarvan 'n eis ingestel word.

## 4. Lewenshulpmasjinerie

Nieteenstaande enigiets in die omskrewe voorvalle vervat sluit die 24 maande-tydperk daarin vermeld nie enige tydperk of tydperke in waar die dood van sodanige persoon uitsluitlik vertraag word deur die gebruik van lewenshulpmasjinerie, -toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens drie agtereenvolgende dae nie.

## 5. Beweeglikheiduitbreiding

Wanneer die versekeraar 'n eis om permanente algehele ongeskiktheid erken het en indien die versekerde persoon as 'n regstreekse gevolg van sodanige ongeskiktheid permanent van 'n rystoel afhanklik is vir beweeglikheid sal die versekeraar betaal vir:

(a) 'n selfaangedrewe rystoel en/of

(b) die ombouing van die kontrole van die versekerde persoon se motorvoertuig en (indien nodig) die installering van rystoellaaitoerusting en/of

(c) verbouings aan die versekerde persoon se woning om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rystoel tot hoogstens 'n bedrag van R10 000.

## 6. Repatriasie (slegs van toepassing indien die sterftevoordeel verseker is)

Die versekeraar betaal bo en behalwe die kapitale bedrag vermeld in die bylae die redelike en noodsaaklike uitgawes vir die repatriasie van die liggaam van 'n oorlede versekerde persoon na sy normale plek van verblyf tot hoogstens 'n bedrag van R5 000.

## 7. Ontvallingsvoordeel (slegs van toepassing indien die sterftevoordeel verseker is)

Die versekeraar betaal bo en behalwe die kapitale bedrag 'n verdere R3 000 vir addisionele kostes vir toevallige sterfte van die versekerde persoon.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik om vergoeding te betaal vir dood, ongeskiktheid of mediese onkoste ten opsigte van sodanige persoon nie:

(a) terwyl hy per lug reis as lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop en nie as passasier nie;

(b) deur sy selfmoord of moedswillige selfbesering;

(c) wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid van sodanige persoon;

(d) weens die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels op sodanige persoon tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe hyself);

(e) weens sy deelname aan enige oproer of burgerlike beroering;

(f) in die geval van vroue, wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit of verleng of verhaas word deur of toe te skryf is aan swangerskap, bevalling, aborsie, miskraam, verloskundige prosedure of enige gevolge daarvan;

(g) terwyl hy deelneem aan of weens sy deelname aan:

  (i) motorfietsry (hetsy as bestuurder of as passasier) behalwe op besigheid van die versekerde;

  (ii) wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe

    (a) voertuig

    (b) vaartuig

    (c) tuig

  (iii) bergklim wat die gebruik van toue vereis, wintersport waarby ys of sneeu betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, professionele voetbal of hangswewery.

# MOTOR

## ONDERAFDELING A VERLIES OF SKADE

### OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan enige voertuig wat in die bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daaraan is. Indien sodanige voertuig onbruikbaar is weens enige verlies of skade wat hierkragtens verseker is, betaal die versekeraar die redelike koste vir die beskerming en verwydering daarvan na die naaste herstellers en die versekerde mag opdrag gee dat herstelwerk tot hoogstens R5 000 uitgevoer word sonder dat die versekeraar se toestemming vooraf verkry word met dien verstande dat 'n uitvoerige raming eers verkry en onmiddellik aan die versekeraar gestuur word. Die versekeraar betaal ook die redelike koste vir aflewering aan die versekerde ná die herstel van sodanige verlies of skade, maar tot hoogstens die redelike koste van vervoer na die permanente adres van die versekerde in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Mosambiek of Malawi.

Met dien verstande dat:

1. die skadeloosstellingsperk vir elke soort voertuig is soos wat dit in die bylae vermeld word en dat dit die maksimum bedrag is wat deur die versekeraar betaalbaar is ten opsigte van sodanige verlies of skade, maar dit mag hoogstens dieredelike markwaarde van die voertuig en sy toebehore en onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade beloop;

2. die versekeraar na sy eie keuse sodanige voertuig of enige deel daarvan en/of die toebehore en onderdele daarvan kan herstel of vervang of die bedrag van die verlies of skade kontant betaal tot hoogstens die redelike markwaarde van sodanige voertuig en/of die toebehore en/of onderdele ten tyde van sodanige verlies of skade;

3. indien die voertuig na die wete van die versekeraar die onderwerp van 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms is, sodanige betaling gedoen word aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die versekeraar ten opsigte van sodanige verlies of skade;

4. ten opsigte van elke gebeurtenis wat tot 'n eis (behalwe 'n eis weens brand, weerlig of ontploffing) ingevolge hierdie onderafdeling aanleiding gee, die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrae betaalbaar wat in die bylae vermeld word (na gelang van die soort voertuig) van enige uitgawe (of enige mindere uitgawe wat aangegaan mag word) waarvoor voorsiening gemaak word ingevolge hierdie onderafdeling (insluitende enige betaling ten opsigte van koste, uitgawe en gelde) en van enige uitgawe deur die versekeraar aangegaan in die uitoefening van enige diskresie wat hy ingevolge hierdie versekering mag hê. Indien die onkoste wat deur die versekeraar aangegaan word, enige eerste bedrag betaalbaar insluit waarvoor die versekerde verantwoordelik is, moet sodanige bedrag onverwyld deur die versekerde aan die versekeraar terugbetaal word.

   Indien 'n individuele eienaar bo die ouderdom van 55 jaar die geregistreerde eienaar van 'n private voertuig, op die bylae aangedui as 'n kategorie "A" voertuig, is en ook die bestuurder van die versekerde voertuig is ten tye van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding gee, is geen bybetaling van toepassing nie.

   Vir die doeleindes van hierdie klousule word die term "individuele" geag direkteure, trustees of lede in te sluit indien die geregistreerde eienaar van die voertuig 'n maatskappy, 'n trust of 'n beslote korporasie is.

   Hierdie vergunning is nie van toepassing nie ten opsigte van:

   (i) enige ander persoon (behalwe die individu se gade);

5. die versekeraar nie vir meer as die bedrag wat in die bylae vermeld word aanspreeklik is nie (na aftrekking van die eerste bedrae betaalbaar) ten opsigte van die diefstal of gepoogde diefstal van radio's, bandspelers en soortgelyke toerusting of telefone wat nie deur die vervaardigers van die voertuig verskaf is toe dit nuut was nie.

## UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING A

Die versekeraar is nie aanspreeklik om die volgende te betaal nie:

(a) gevolglike verlies weens enige oorsaak hoegenaamd, waardevermindering hetsy dit ontstaan weens herstelwerk ná 'n omskrewe gebeurtenis of andersins, slytasie, meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie;

(b) skade aan buitebande deur die gebruik van remme of deur padlekkasies, snye of barste;

(c) skade aan veerstelsels/skokbrekers te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede;

(d) terughouding, konfiskering of rekwisisie deur enige doeane- of ander beamptes of owerhede.

# ONDERAFDELING B AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDE PARTYE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Enige ongeval veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige voertuig wat in die bylae beskryf word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan die versekerde of enige passasier regtens aanspreeklik word om alle bedrae, insluitende die eiser se koste en uitgawes, te betaal ten opsigte van:

(i) dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in die diens van die versekerde wat ontstaan uit en in die loop van sodanige diens of iemand wat 'n lid van dieselfde huishouding as die versekerde is;

(ii) skade aan ander eiendom as die eiendom wat aan die versekerde behoort of deur hom in trust gehou word of in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is of wat deur sodanige voertuig vervoer word of daarop of daarvan afgelaai word.

Die versekeraar sal ook (ingevolge en onderworpe aan die beperkings van en vir die doeleindes van hierdie onderafdeling):

1. alle koste en uitgawes betaal wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan word en is geregtig om na sy eie goeddunke te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of vir die verdediging in enige landdroshof van enige strafregtelike vervolging ten opsigte van enige handeling wat enige gebeurtenis veroorsaak of daarmee verband hou, wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees of daarmee verband mag hou met dien verstande dat die versekeraar se algehele aanspreeklikheid ingevolge sowel hierdie uitbreiding as Onderafdeling B, hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in Onderafdeling B as van toepassing vermeld word;

2. enige persoon skadeloos stel wat sodanige voertuig op bevel van die versekerde of met die versekerde se toestemming bestuur of gebruik met dien verstande dat:

(a) sodanige persoon, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing mag wees;

(b) sodanige persoon wat sodanige voertuig bestuur deur geen versekeraar motorversekering of die voortsetting daarvan geweier is nie;

(c) die skadeloosstelling nie van toepassing is ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as sodanige persoon ingestel word nie;

(d) sodanige persoon nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie behalwe ten opsigte van enige bedrag wat nie daarkragtens verhaalbaar is nie;

3. die versekerde skadeloos stel terwyl hy persoonlik enige privaat tipe motorvoertuig bestuur wat nie aan hom behoort nie en nie ingevolge 'n huurkontrak of opskortende verkoopsooreenkoms aan hom gebruikhuur of verhuur word nie met dien verstande dat die versekerde 'n individu is en dat hy 'n voertuig hierkragtens verseker het wat voldoen aan die beskrywing onder omskrywing (a) of (b) en met dien verstande dat die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir skade aan die voertuig terwyl dit bestuur of gebruik word;

4. die versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat ontstaan weens die sleep van enige ander voertuig of sleepwa (insluitende aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa) deur 'n voertuig (behalwe teen vergoeding) met dien verstande dat die versekeraar nie aanspreeklik is vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa of vir die eiendom daarin of daarop nie.

# UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING B

Die versekeraar is nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik ten opsigte van die volgende nie:

(a) soveel van enige skadevergoeding of eis as wat binne die bestek van enige verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing val. Hierdie uitsondering geld nieteenstaande die feit dat geen versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is nie;

(b) dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in of op 'n voertuig beskryf in omskrywing (b,) (c), (d), (e), (f), (g) of (h) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van die plaasvind van die gebeurtenis waaruit enige eis ontstaan (behalwe enige persoon wat in of op 'n permanent omslote passasierdraende kompartement van 'n handelsvoertuig met 'n dravermoë van hoogstens 1500 kg vervoer word of wat daarin, daaruit, of daarvan af klim);

(c) aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes behalwe die instandhouding of herstel van 'n voertuig) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met 'n voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in enige sodanige gereedskap of toerusting. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op vurkhysers nie.

# SKADELOOSSTELLINGSPERK

Tensy anders vermeld, beloop die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie onderafdeling ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperke wat in die bylae vermeld word.

# ONDERAFDELING C MEDIESE ONKOSTE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Indien enige insittende in die gespesifeerde deel van 'n voertuig hieronder beskryf regstreeks in verband met sodanige voertuig op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse liggaamlike besering opdoen betaal die versekeraar die mediese onkoste in verband met sodanige besering tot hoogstens 'n bedrag van R5 000 per beseerde insittende maar tot hoogstens R20 000 in totaal vir alle beseerde insittendes as gevolg van 'n voorval of 'n reeks voorvalle voortspruitende uit een gebeurtenis.

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie onderafdeling word verminder met enige bedrag wat ingevolge enige ongevalle- of soortgelyke wetgewing verhaalbaar is.

Die uitdrukking mediese onkoste sluit enige koste in wat aangegaan word in verband met sodanige insittende se bevryding uit sodanige voertuig of sy vervoer na 'n plek waar mediese behandeling toegedien kan word.

| **Omskrewe voertuig maar slegs indien dit ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling verseker is** | **Gespesifiseerde gedeelte van voertuig waarin besering opgedoen moet word** |
|---|---|
| 1. Enige privaat tipe motorvoertuig of gemotoriseerde karavaan | Enige plek binne die voertuig |
| 2. Enige ander tipe versekerde voertuig behalwe 'n bus of | Die permament omslote passasierdraende kompartement huurmotor |

## OMSKRYWINGS

### 1. Voorval

Die woord voorval beteken enige voorval of reeks voorvalle wat ontstaan uit een oorsaak in verband met enige enkele voertuig ten opsigte waarvan skadeloosstelling deur hierdie versekering verleen word.

### 2. Voertuig

Die woord voertuig beteken:

(a) privaat tipe motorvoertuie (insluitende stasiewaens, safari-voertuie, karweimotors en dies meer of soortgelyke voertuie wat ontwerp is om nie meer nie as 9 mense, insluitende die bestuurder, te dra);

(b) handelsvoertuie en spesiale tipe voertuie soos in die bylae omskryf;

(c) motorfietse (insluitende bromponies en driewielvoertuie);

(d) busse (insluitende enige voertuig wat gebruik word vir besigheidsdoeleindes en ontwerp is om meer as 9 mense, insluitende die bestuurder, te dra);

(e) sleepwaens, woonwaens, landbou-implemente dit wil sê enige voertuig sonder selfaandrywing wat ontwerp is om deur 'n selfaangedrewe voertuig gesleep te word, maar met uitsluiting van enige onderdele of toebehore wat nie permanent daaraan aangebring is nie;

(f) selfaangedrewe landbou-implemente, dit wil sê enige selfaangedrewe landbouvoertuig wat nie ontwerp of aangepas is hoofsaaklik vir die vervoer van goedere nie dog uitgesonder enige sodanige voertuig wat 'n trekker of 'n stroper is;

(g) trekkers;

(h) stropers

synde enige sodanige voertuig wat deur die versekerde besit, gehuur of gebruikhuur word, insluitende enige sodanige voertuig wat tydelik deur die versekerde gebruik word ter vervanging van enige voertuig wat in onbruik is vir die doeleindes van versiening, instandhouding en/of herstelwerk met dien verstande dat die versekeraar se maksimum aanspreeklikheid hoogstens die markwaarde van die vervangingsvoertuig of die skadeloosstellingsperk van die vervangde voertuig soos in die bylae vermeld, wat ook al die laagste is, beloop.

# BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN GEENEISKORTING (van toepassing op gespesifiseerde-voertuig-grondslag)

Indien geen eis ingevolge hierdie polis ingestel word of ontstaan gedurende 'n versekeringstydperk wat hieronder gespesifiseer word en wat die hernuwing van die polis onmiddellik voorafgaan nie, word die hernuwingspremie vir die versekering van voertuie gegrond op die toepaslike Eisvrye groep of is dit onderworpe aan ondergemelde geeneiskortings:

**OMSKRYWING (a)**

| Versekeringstydperk | Eisvrye groep |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 1 |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jaar | 2 |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jaar | 3 |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jaar | 4 |
| die voorafgaande vyf of meer opeenvolgende jaar | 5 |

Anders as hierbo, geld Eisvrye groep 0.

Indien een of meer eise ingestel word of ontstaan gedurende 'n versekeringstydperk waarvoor die premie op Eisvrye groep 4 of 5 gebaseer is, word die volgende hernuwingspremie onderskeidelik op Eisvrye groep 2 of 3 gebaseer en vir daaropvolgende hernuwings soos volg:

(i) EISVRYE GROEP 4

| Versekeringstydperk waartydens geen eis ingestel word of ontstaan nie | Eisvrye groep |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 3 |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jaar | 4 |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jaar | 5 |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jaar | 6 |

(ii) EISVRYE GROEP 5

| Versekeringstydperk waartydens geen eis ingestel word of ontstaan nie | Eisvrye groep |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 4 |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jaar | 5 |

Anders as hierbo, geld Eisvrye groep 0.

**OMSKRYWINGS (b), (e), (f), (g), (h)**

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 15% |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jaar | 20% |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jaar | 30% |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jaar | 40% |

Anders as hierbo, geld geen korting nie.

**OMSKRYWINGS (c) en (d)**

| Versekeringstydperk | Geeneiskorting |
|---|---|
| die voorafgaande jaar | 15% |
| die voorafgaande twee opeenvolgende jaar | 20% |
| die voorafgaande drie opeenvolgende jaar | 30% |
| die voorafgaande vier opeenvolgende jaar | 35% |

Anders as hierbo, geld geen korting nie.

Indien die versekeraar instem tot 'n oordrag van belang in hierdie polis loop die tydperk waartydens die belang vir die oordraggewer was nie op tot die voordeel van die oordragnemer nie.

Indien meer as een voertuig in die bylae tot hierdie polis beskryf word, word die Eisvrye groep/ Geeneiskorting toegepas asof 'n afsonderlike polis ten opsigte van elkeen van sodanige voertuie uitgereik is.

# UITBREIDINGS

## 1. Uitbreiding: Gebeurlikheidsaanspreeklikheid

Die skadeloosstelling ingevolge onderafdeling B sluit eise in wat ingestel word teen:

(a) die versekerde in die geval van 'n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nóg die eiendom van die versekerde is nóg deur hom voorsien is, terwyl dit gebruik word deur enige vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem);

(b) enige sodanige persoon in die geval van 'n ongeluk wat ontstaan uit en in die loop van die besigheid en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige motorvoertuig wat nóg aan hom of die versekerde behoort nóg deur enige van hulle gebruikhuur of gehuur word, maar slegs tot die mate wat sodanige persoon nie enige motorversekering of die voortsetting daarvan deur enige versekeraar geweier is nie.

Met dien verstande dat:

(i) al die woorde in (b) van die uitsonderings op Onderafdeling B geskrap word;

(ii) die versekeraar nie aanspreeklik is vir verlies van of skade aan enige motorvoertuig wat gebruik word vir die doeleindes en op die wyse wat in (a) en (b) hierbo beskryf word nie;

(iii) die betaling deur die versekerde van subsidies of reistoelaes aan sodanige persoon vir die gebruik van sy eie voertuig vir amptelike doeleindes van die versekerde, insluitende die vervoer van persone

vir sodanige doeleindes, toegelaat word sonder dat die versekering ingevolge hierdie uitbreiding daardeur benadeel word;

(iv) indien die versekerde of sodanige persoon ten tyde van die plaasvind van enige ongeluk wat tot 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding lei, ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, die versekeraar nie aanspreeklik is om enige betaling hierkragtens te maak nie, behalwe ten opsigte van enige oorskryding bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is;

(v) die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van die polis andersins van toepassing is;

(vi) die skadeloosstellingsperk vir enige enkele gebeurtenis hoogstens R2 500 000 of die bedrag vermeld in die bylae, wat ook al die grootste is, beloop.

## 2. Uitbreiding: Passasiersaanspreeklikheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Uitsondering (b) op Onderafdeling B is nie van toepassing op voertuie wat in omskrywing (b) beskryf word nie, behalwe spesiale tipes, of in omskrywing (c), (d) of (e) nie. Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele voorval beloop hoogstens die bedrag wat in die bylae vermeld word.

## 3. Uitbreiding: Aanspreeklikheid teenoor ongemagtigde passasiers

Ongeag uitsondering (b) daarop word die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B uitgebrei om die versekerde se regsaanspreeklikheid te dek vir die dood of liggaamlike besering van persone terwyl hulle vervoer word in of op enige voertuig of terwyl hulle daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim, strydig met die versekerde se opdrag aan hulle bestuurders om nie passasiers te vervoer nie. Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele voorval beloop hoogstens R2 500 000 of die bedrag vermeld in die bylae, wat ook al die grootste is.

## 4. Uitbreiding: Parkeerfasiliteite en verskuiwing van derde partye se voertuie

Hierdie afdeling word uitgebrei om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van ongelukke wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met die verskuiwing van enige voertuig (wat nie aan die versekerde behoort of aan hulle geleen, gehuur of gebruikhuur word nie), deur enige persoon in diens van die versekerde of wat namens die versekerde optree, altyd met dien verstande dat sodanige voertuig verskuif is:

(a) met die magtiging van enige huurder, klant of besoeker van die versekerde, of

(b) in verband met die versekerde se parkeerreëlings, of

(c) om die uitvoering van die versekerde se besigheid te bewerkstellig en verder met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie van toepassing is op skade aan voertuie wat teen vergoeding geparkeer is nie. Die skadeloosstellingsperk vir enige enkele gebeurtenis beloop hoogstens R2 500 000 of die bedrag vermeld in die bylae, wat ook al die grootste is.

Sodanige voertuig (en die inhoud daarvan) word vir die doeleindes van hierdie uitbreiding nie geag deur die versekerde in trust gehou te word of in sy bewaring of onder sy beheer te wees nie.

## 5. Uitbreiding: Voorruit (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die eerste bedrag betaalbaar en geeneiskorting is nie van toepassing op enige betaling vir skade aan voorruitglas, sy- of agterruitglas wat deel uitmaak van enige voertuig nie.

Ten opsigte van A-tipe voertuie alleen, sal hierdie uitbreiding ook geld ten opsigte van kopligte en agterligte.

Met dien verstande dat:

(a) geen ander skade aan die voertuig veroorsaak word wat tot 'n eis ingevolge die polis aanleiding gee nie;

(b) die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar (van toepassing op glas) wat in die bylae vermeld word vir elke verlies.

## 6. Afstanddoening van subrogasieregte

Die versekeraar doen vir die doel van hierdie afdeling afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat hulle mag hê of wat hulle mag verkry teen enige ander persoon waarop die skadeloosstelling hierkragtens van toepassing is en elke sodanige persoon moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing mag wees.

## 7. Prinsipale

Nieteenstaande Spesifieke uitsondering 2 van hierdie afdeling, word die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B uitgebrei om, in die mate wat dit deur die voorwaardes van enige kontrak van die Bou lndustrieë- Federasie van Suid-Afrika vereis word en in verband met enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit die uitvoer van sodanige kontrak, enige prinsipaal wat benoem word in sodanige kontrak wat deur die versekerde aangegaan word vir die doeleindes van die besigheid skadeloos te stel, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die aanspreeklikheidsperk wat in die bylae vermeld word, beloop.

## 8. Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die versekeraar elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die versekeraar hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, beloop.

## 9. Uitbreiding: Oproer en staking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat daarin vervat word, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in (i) hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna in

Algemene uitsondering 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a) (b) (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 10. Uitbreiding: Verlies van sleutels

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos ten opsigte van die koste van die vervanging van slotte en sleutels insluitende die afstandalarmbeheerder en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige versekerde voertuig ná verlies van of skade aan die slot, sleutel of alarmbeheerder van sodanige voertuig of, nadat die versekerde rede het om te glo dat enige ongemagtigde persoon in besit mag wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel of alarmbeheerder.

Met dien verstande dat:

(i) die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal beperk word tot hoogstens R5 000 (vyfduisend rand) of die bedrag vermeld in die bylae watter ookal die meeste is;

(ii) die versekerde verantwoordelik is vir die eerste R500 van iedere en elke eis.

Die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die eerste bedrag betaalbaar en geeneiskorting is nie van toepassing op hierdie uitbreiding nie.

## 11. Brandbluskoste

Enige koste (tot hoogstens R5 000) wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 12. Uitbreiding: Wrakverwydering

Die dekking verskaf ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling word uitgebrei om koste en uitgawes in te sluit wat deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde voertuig ná skade aan sodanige voertuig deur 'n omskrewe gebeurtenis met dien verstande dat benewens die skadeloosstellingsperk ingevolge Onderafdeling A van hierdie afdeling, die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding, hoogstens die perk in die bylae as van toepassing op hierdie uitbreiding vermeld ten opsigte van enige enkele voorval, beloop. Die versekeraar se aanspreeklikheid is beperk tot R2 500 of die bedrag vermeld in die bylae, welke ook al die grootste is.

## 13. Uitbreiding: Krediettekort (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien enige algeheleverlies-skikking ingevolge Onderafdeling A minder is as die bedrag wat aan die finansier verskuldig is ingevolge 'n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms, betaal die versekeraar aan die versekerde 'n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort, minus:

(a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae;

(b) alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die motorvoertuig verband hou;

(c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word;

(d) die eerste bedrag betaalbaar ingevolge Onderafdeling A;

altyd met dien verstande dat:

(a) die bedrae betaalbaar hoogstens maksimum skadeloosstelling minus die eerste bedrag betaalbaar ingevolge Onderafdeling A beloop;

(b) die endossement nie van toepassing is nie op 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaarde-bedrag ná die aanvanklike paaiement, met meer as 10 persent van enige ander paaiement verskil nie;

(c) indien sodanige tekort die resultaat is van 'n hervoorskot ingevolge 'n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge 'n bruikhuurooreenkoms, die versekering ingevolge hierdie uitbreiding nietig verklaar word.

## 14. Vervanging van versekerde motorvoertuie (Privaat tipe motors en ligte afleweringswaens alleenlik)

In geval van skade aan die privaat-tipe motorvoertuig en ligte afleweringswa, soos vermeld in die bylae, wat na die mening van die versekeraar nie ekonomies herstel kan word nie, of diefstal daarvan waarna die voertuig nie binne 'n redelike tydperk teruggevind word nie, sal die versekeraar sodanige voertuig met 'n soortgelyke nuwe voertuig vervang, onderhewig aan die beskikbaarheid daarvan en met dien verstande dat:

(a) die verlies of skade plaasvind binne twaalf maande vanaf die datum van eerste registrasie van sodanige voertuig

(b) die versekerde voertuig nie meer as 30 000 kilometer afgelê het nie

(c) die versekeraar nie aanspreeklik is vir meer as die bedrag vermeld in die bylae ná die aftrekking van die eerste bedrag betaalbaar nie.

## 15. Insleepkoste en beveiliging ná meganiese onklaarraking

Onderafdeling A word uitgebrei om insleep- en beveiligingskoste tot 'n bedrag van hoogstens R2 500 in te sluit wat opgeloop word ná meganiese of elektriese onklaarraking van 'n privaat tipe motor en/of ligte afleweringswa wat ingevolge hierdie afdeling verseker is en in die bylae vermeld word. Die dekking word beperk tot 'n enkele voorval gedurende enige tydperk van 12 agtereenvolgende kalendermaande.

## 16. Noodverblyf

Onderafdeling A word uitgebrei om die noodsaaklike en werklike koste van noodverblyf vir die bestuurder en passasiers te dek in die geval van 'n privaat tipe motorvoertuig en/of ligte afleweringswa, verseker ingevolge hierdie afdeling van die polis en vermeld in die bylae, wat deur 'n versekerde gevaar beskadig word. Die dekking beloop hoogstens R500 per persoon en hoogstens R5 000 in totaal vir enige enkele voorval.

## 17. Skade aan bande (landbou-trekkers, stropers en landbou-implemente

Die dekking ingevolge hierdie afdeling van die polis word uitgebrei om die algehele verlies van en onherstelbare skade aan die bande van die voertuie hierbo vermeld as gevolg van enige ongesiene of verborge voorwerp terwyl op die pad of ander oppervlakte in te sluit, met dien verstande dat:

(a) die versekerde op eie onkoste alle skade en slytasie deur een of meer bandherversolers/-handelaars van goeie naam sal laat evalueer ten einde vas te stel of die band herstel kan word al dan nie;

(b) die teenooreenstemmende, nie-beskadigde band in die stel bande ook dekking sal geniet, maar slegs as die voertuigvervaardiger dit nodig ag of vereis;

(c) die versekerde verantwoordelik sal wees vir 'n eerste bedrag betaalbaar van 10% van die eis, met 'n minimum van R500 in terme van die teenooreenstemmende, nie-beskadigde band;

(d) slytasie ten tyde van die verlies of skade nie ingevolge hierdie uitbreiding gedek sal word nie.

Die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele gebeurtenis sal beperk word tot R30 000 of die bedrag vermeld in die bylae, welke ook al die grootste is.

## 18. Verlies van gebruik van voertuig (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

In geval van die verlies van gebruik van 'n trekker, vragmotor, voorhaker of stroper, vermeld in die bylae, as gevolg van of deur enige gevaar waarteen hierdie afdeling van die polis verseker, wat 'n eis ingevolge hierdie afdeling van die polis sou vorm, sal die versekeraar by ontvangs van 'n rekening uitgereik deur die verskaffer of verhuurder, die versekerde skadeloos stel teen die huurkoste van 'n trekker, vragmotor, voorhaker of stroper wat vir landboukundige doeleindes gebruik word (met bestuurder indien verpligtend).

Met dien verstande dat:

(a) die aanspreeklikheid beperk word tot die huurkoste vir 'n maksimum tydperk van 30 dae of die bedrag vermeld in die bylae, welke ook al die mindere is.

(b) dekking slegs in werking tree by ontvangs van die behoorlik voltooide eisvorm ten opsigte van verlies of skade deur die versekeraar.

(c) die vermelde voertuig ten tyde van die verlies of skade vir landboukundige doeleindes gebruik is.

Uitsonderings:

(1) Verlies of skade voortspruitende uit bevriesing of meganiese onklaarraking.

(2) Die versekeraar is nie aanspreeklik om 'n trekker, vragwa, voorhaker of stroper te voorsien nie.

## 19. Passasiersaanspreeklikheid - Werknemers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekeraar stel die versekerde ingevolge Onderafdeling B skadeloos teen die dood van of liggaamlike besering aan 'n werknemer wat vervoer word in of op, of wat in- of uit-/afklim van enige voertuig wat ingevolge hierdie afdeling verseker is soos omskryf in omskrywing van voertuig (b) en (e).

Met dien verstande dat:

(1) die voorval buite werkskonteks plaasgevind het.

(2) die voertuig aan alle kante van die laai-area van reëlings voorsien is.

(3) die versekeraar se aanspreeklik hoogstens R500 000 per gebeurtenis beloop..

## 20. Huur van voertuig (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

In geval van 'n privaat tipe motorvoertuig of ligte afleweringswa wat:

(1) onbruikbaar is of herstel word vanweë verlies of skade wat deur hierdie afdeling gedek word

(2) beskadig word en na die mening van die versekeraar nie ekonomies herstel kan word nie of wat gesteel word en nie binne 'n redelike tydperk teruggevind word nie.

Sal die versekeraar die versekerde met 'n voertuig van die versekeraar se keuse voorsien, met dien verstande dat:

(a) die versekeraar die behoorlik voltooide eisvorm ten opsigte van verlies of skade ontvang het

(b) die voertuig voorsien word tot sodanige tydstip wanneer die versekerde voertuig:

(i) bevredigend herstel is indien dit ekonomies herstel kan word

(ii) met ’n nuwe voertuig vervang is of datum van betaling in die geval van ’n kontantskikking

(iii) teruggevind word, plus, indien van toepassing, enige tyd vereis vir die herstel van die voertuig nadat dit in die geval van diefstal teruggevind is welke ook al eerste plaasvind

(c) die voertuig vir ’n tydperk van hoogstens 30 dae voorsien word

(d) verlies of skade wat binne die toepaslike bybetaling val word nie ingevolge hierdie uitbreiding gedek nie.

## 21. Sterftevoordeel

Die versekeraar betaal R5 000 vir addisionele kostes na ’n motorongeluk wat die dood van die bestuurder van ’n privaat tipe voertuig of LAW veroorsaak.

## 22. Bybetaling op noodwiel geskrap (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bepalings van hierdie afdeling wat verband hou met die eerste bedrag betaalbaar is nie van toepassing op enige betaling vir verlies van ’n noodwiel nie.

Met dien verstande dat:

(i) geen ander skade aan die voertuig veroorsaak word wat tot ’n eis ingevolge die polis aanleiding gee nie;

(ii) die versekeraar nie aanspreeklik is vir diefstal uit enige onbewaakte voertuig nie, tensy die noodwiel gehuisves word in ’n bestuurderskajuit of bagasiebak wat behoorlik beveilig en gesluit is of geheg is aan die permanente ingesluit soos aangebring deur die voertuigvervaardiger of die voertuig self in ’n beveiligde en gesluite gebou gehuisves word en betreding of verlating tot sodanige voertuig of gebou met kragdadige en geweldadige betreding of verlating gepaard gaan.

## 23. Outomatiese byvoegings

Die versekeraar sal enige bykomende voertuig verseker wat gekoop, gebruikhuur of gehuur word tot hoogstens:

(1) R300,000 of;

(2) die voertuig se markwaarde of;

(3) die koopprys van die voertuig

wat ook al die minste is.

Die versekerde moet:

(1) die versekeraar binne 14 dae vanaf die datum van die koop, bruikhuur of huur daarvan verwittig, en

(2) enige bykomende premie wat deur die versekeraar versoek word, betaal.

## 24. Motorongelukvoordeel vir werknemers (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien ’n insittende in enige versekerde voertuig sterf in regstreekse verband met sodanige voertuig, betaal die versekeraar aan die versekerde, namens sodanige persoon of sy boedel, R60 000 per insittende maar hoogstens R1 000 000 in totaal vir alle insittendes vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse.

Met dien verstande dat:

(1) sodanige insittende ook 'n voltydse werknemer van die versekerde is;

(2) sterfte binne 90 dae van sodanige gebeurtenis plaasvind.

## 25. Stroper-graantafels en -snytafels

Die versekeraar stel die versekerde in gevolge Onderafdeling A en B skadeloos teen verlies van of skade aan stropergraantafels en –snytafels terwyl geheg aan enige versekerde stroper of terwyl tydelik verwyder van enige versekerde stroper met dien verstande dat sodanige graantafel en snytafel nie aan enige onversekerde stroper geheg is nie.

## 26. Herwinningskoste

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel in terme van die redelike koste wat aangegaan is met die skriftelike goedkeuring van die versekeraar om die onbeskadigde versekerde voertuig te herwin nadat dit terug gevind is na dat dit gesteel of gekaap is. Die limiet van skadeloosstelling sal nie R5 000 oorskry in terme van herwinningskoste nie.

# MEMORANDA

## 1. Premie-aanpassing

Indien hierdie afdeling op 'n ongespesifiseerde voertuig-grondslag uitgereik word, moet die versekerde aan die einde van elke versekeringstydperk 'n verklaring van die totale aantal voertuie wat op sodanige verstrykingsdatum deur hom besit, gehuur of gebruikhuur is, by die versekeraar indien. By ontvangs van hierdie verklaring doen die versekeraar 'n premie-aanpassing van 50 persent van die jaarlikse tarief per voertuig toegepas op die verskil in die aantal voertuie by die aanvang of die hernuwing en die aantal wat verklaar is.

## 2. Oorlog

Slegs ten opsigte van Onderafdelings B en C word Algemene uitsondering 1 geskrap en deur die volgende vervang: "Hierdie afdeling dek nie oorlog, inval, optrede deur 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is of nie) burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie."

## 3. Beskrywing van gebruik

Gebruik vir sosiale, huishoudelike en ontspanningsdoeleindes en gebruik vir die besigheid of beroep van die versekerde. Met uitsluiting van: verhuring, vervoer van passasiers teen vergoeding of die vervoer van reisgeldbetalende passasiers, renne, spoed of ander wedrenne, tydrenne, tydtoetse, vervoer van plofstowwe of vervoer van enige vrag of passasiers wat die dravermoë oorskry waarvoor dit gebou of gelisensieer is of gebruik vir enige doeleindes in verband met die motorhandel. Die skadeloosstelling aan die versekerde in verband met enige voertuig geld terwyl sodanige voertuig in die bewaring of onder die beheer van 'n lid van die motorhandel is vir die doel van versiening, instandhouding of herstelwerk.

# OPSIONELE BEPERKINGS

**Slegs derde party (indien in die bylae as van toepassing vermeld)**

Onderafdeling A en C en die bepalings ten opsigte van die geeneiskorting word gekanselleer.

**Slegs derde party en brand (indien in die bylae as van toepassing vermeld)**
Die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge Onderafdeling A word uitsluitlik beperk tot verlies of skade wat ontstaan weens brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing. Verder word Onderafdeling C en die bepalings ten opsigte van die geeneiskorting gekanselleer.

**Slegs derde party, brand en diefstal (indien in die bylae as van toepassing vermeld)**
Die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge Onderafdeling A word uitsluitlik beperk tot verlies of skade wat ontstaan weens brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of weens diefstal of enige poging daartoe. Verder word Onderafdeling C en die bepalings ten opsigte van die geeneiskorting gekanselleer.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Die versekeraar is nie aanspreeklik vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid nie:

   (a) terwyl die voertuig met die medewete en toestemming van die versekerde op 'n ander wyse as in ooreenstemming met die klousule: beskrywing van gebruik, gebruik word;

   (b) opgedoen buite die Repubiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Mosambiek en Malawi, maar die versekeraar stel die versekerde skadeloos teen verlies van of skade aan enige voertuig terwyl dit in transito is op see of per lug tussen hawens of plekke in hierdie grondgebiede, insluitende die laai en aflaai wat met sodanige transito gepaard gaan;

   (c) opgedoen terwyl enige voertuig bestuur word deur:

      (i) die versekerde terwyl hy onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of terwyl hy nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie;

      (ii) enige ander persoon met die algemene toestemming van die versekerde wat na wete van die versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep behalwe hyself) of nie gelisensieer is om sodanige voertuig te bestuur nie maar dit is nie van toepassing nie indien die versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieer is en indien die versekerde tot bevrediging van die versekeraar kan bewys dat daar in die normale loop van sy besigheid prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

   Met dien verstande dat enige bestuurder geag word gelisensieer te wees om die voertuig te bestuur, indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna in spesifieke uitsondering (b) verwys word, of indien daar nie aan enige lisensiewet voldoen word nie bloot vanweë versuim om enige lisensie te hernu wat onderworpe is aan periodieke hernuwing, of indien 'n lisensie nie vereis word deur 'n wet nie of terwyl sodanige bestuurder leer bestuur en voldoen aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders.

2. Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir enige eis wat ontstaan uit kontraktuele aanspreeklikheid, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het .

# SPESIFIEKE VOORWAARDE

Indien enige bestuurslisensie ten gunste van die versekerde of sy gemagtigde bestuurder gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word, of indien hy of hulle weens nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur aangekla of skuldig bevind word, moet skriftelike kennisgewing aan die versekeraar gestuur word sodra die versekerde van sodanige feit bewus word.

# HUISEIENAARS

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan die geheel of 'n gedeelte van die versekerde eiendom veroorsaak deur enige van die volgende gevare:

1. Brand, weerlig, ontploffing.

2. Storm, wind, water, hael of sneeu, maar met uitsluiting van enige verlies van of skade aan enige eiendom:

   (a) wat voortspruit uit enige proses waarby die gebruik of aanwending van water noodsaaklik is;

   (b) in die opelug (behalwe versekerde geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die opelug te bestaan of te werk).

   Altyd met dien verstande dat hierdie omskrewe gebeurtenis nie die volgende dek nie:

   (i) Slytasie of geleidelike verslegting;

   (ii) Enige verlies of skade veroorsaak of vererger deur:

      (a) lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar- of drenktoestel in die versekerde geboue;

      (b) die versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om enige verlies of skade te voorkom of tot die minimum te beperk.

3. Aardbewing.

4. Vallende bome of botsing deur voertuie, diere, lugvaartuie en ander lugtoestelle of enigiets wat daarvan val.

5. Die oopbars van watertenks, -apparate of -pype, die toevallige lekkasie van olie vanuit vaste olieverwarmingsinstallasies en die lekkasie van wasmasjiene en skottelgoedmasjiene.

6. Diefstal of enige poging daartoe van vaste uitrusting en toebehore behorende aan die eienaar van die versekerde geboue terwyl sodanige vaste uitrusting en toebehore in of op die versekerde geboue is, maar met uitsluiting van diefstal (of enige poging daartoe), terwyl die versekerde geboue as geheel of gedeeltelik uitgeleen, verhuur of onderverhuur is, tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die versekerde geboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele. Vir die doeleindes van hierdie omskrewe gebeurtenis sal die inneem van gaste wat betaal, kosgangers of loseerders, hoogstens drie in getal, nie geag word omdie uitleen, verhuur of onderverhuur van die versekerde geboue te wees nie.

7. lnbreek in of uitbreek uit die versekerde geboue (of enige poging daartoe) deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele.

8. Kwaadwillige beskadiging.

9. Ineenstorting of brekasie van antennestelsels en satellietskottels, ingesluit die skade daaraan.

# OMSKRYWINGS

Versekerde eiendom

Die gebou van die private woonhuis waarvan die konstruksie en ligging in die Bylae van hierdie afdeling vermeld word (sodanige private woonhuis in hierdie afdeling die 'private woonhuis' genoem) en alle huishoudelike vertrekke, private motorhuise, private buitegeboue, private tennisbane, private swembaddens (behalwe draagbare swembaddens), swembadpompe, boorgatpompe wat uitsluitlik water verskaf vir huishoudelike gebruik, satellietskottels, grens- en ander mure, hekpale, hekke (insluitend die masjinerie daarvan), heinings (behalwe geplante heinings) en geplaveide of bedekte areas (met inbegrip van opritte) van steen, beton, asfalt of klip (nie gruis nie), watertenks, damme en septiese tenks, wat op dieselfde perseel is as en gebruik word slegs in verband met die voormelde private woonhuis, met inbegrip van vaste uitrusting en toebehore behorende aan die eienaar van die voormelde private woonhuis, huishoudelike vertrekke, private motorhuise, private buitegeboue, private tennisbane en private swembaddens (dog slegs terwyl sodanige vaste uitrusting en toebehore in of op die voormelde private woonhuis, huishoudelike vertrekke, private motorhuise, private buitegeboue, grens- en ander mure, hekpale, hekke, private tennisbane of private swembaddens is), asook die openbare toevoer- of hoofverbindings soos in Algemene uitbreiding B van hierdie afdeling vermeld, al die voormelde waarna as "versekerde eiendom", "versekerde geboue" en "versekerde gebou" in hierdie afdeling verwys word.

Altyd met dien verstande dat indien twee of meer private woonhuise ingevolge hierdie afdeling verseker is sal die bepalings, beperkings, uitsonderings en voorwaardes wat hierin vervat is, afsonderlik op elke versekerde eiendom van toepassing wees asof elkeen ingevolge 'n afsonderlike polis verseker is.

# UITBREIDINGS

## (1) Algemene uitbreidings

Onderworpe andersins aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis, dek hierdie afdeling ook die volgende:

### A. VERLIES VAN HUURGELD

Verlies van huurgeld ten opsigte van die private woonhuis as gevolg daarvan dat die private woonhuis sodanig deur enige van die gevare waarteen verseker is ingevolge die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling beskadig word dat dit onbewoonbaar gemaak word, maar slegs ten opsigte van die tydperk wat vir herstelling Afdeling Huiseienaars nodig is en vir 'n bedrag wat nie 25 persent van die bedrag waarvoor die voormelde beskadigde private woonhuis ingevolge hierdie afdeling verseker is, oorskry nie. Die grondslag van berekening sal wees die jaarlikse huur (ten tye van die plaasvind van die voormelde beskadiging) van die voormelde private woonhuis ongemeubileerd of die ekwivalent daarvan in huurwaarde.

### B. OPENBARE TOEVOER- OF HOOFVERBINDING

Toevallige skade aan water-, rioolstelsel-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings, die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde wetlik aanspreeklik is:

– tussen die openbare toevoer of openbare hooftoevoer en die versekerde geboue,

– tussen 'n boorgat, watertenk of ander waterbron en die versekerde geboue, maar slegs indien water verskaf word vir huishoudelike gebruik.

### C. GLAS EN SANITêRE WARE

Toevallige brekasie van glas, spieëls en sanitêre ware wat vaste dele van die versekerde se geboue is. Die geboue moet gemeubileerd en bewoon wees ten tye van die brekasie. Afsplintering, skrape en ontsiering is nie verseker nie.

D. BYKOMENDE KOSTE

Noodsaaklike koste in verband met 'n geldige eis vir sloping en opruiming, oprigting van skuttings, munisipale plan-ondersoeke, argitekte, bourekenaars en raadgewende ingenieurs, met dien verstande dat die koste van professionele gelde hoogstens 20 persent van die versekerde bedrag op die betrokke gebou sal beloop.

E. BRANDWEERKOSTE

Redelike koste gehef deur 'n gemagtigde instansie vir brandblussing om skade aan die versekerde geboue te voorkom of verminder.

F. WAGTE

Indiensneming van wagte om die versekerde geboue te beskerm ná skade aan die versekerde geboue deur enige van die gevare waarteen verseker is ingevolge die omskrewe gebeurtenisse van hierdie afdeling. Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding nie R5 000 sal oorskry nie.

G. TOEVALLIGE SKADE AAN MASJINERIE

Skielike en onvoorsiene skade aan masjinerie van swembaddens, jacuzzi's, boorgate (uitgesluit windpompe), sprinkelbesproeiingstelsels, elektriese hekke of motorhuisdeure, lugverkoelers, diefstalalarms en ingeboude stowe uitsluitlik aangewend vir huishoudelike gebruik. Die masjinerie moet op die perseel van die versekerde geboue geïnstalleer wees.

Met dien verstande dat die aanspreeklikheidsperk vir hierdie uitbreiding R10 000 beloop en dat dit onderworpe is aan 'n eerste bedrag betaalbaar van R350 ten opsigte van iedere en elke eis.

H. KOSTE VAN VERWYDERING VAN BOME

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit tot hoogstens R5 000 in ten opsigte van die koste om bome wat omgeval het of dele daarvan (hetsy dit skade veroorsaak het al dan nie) te verwyder waarna onder Omskrewe Gebeurtenis 4 verwys word.

I. SLEUTELS, SLOTTE EN AFSTANDBEHEEREENHEDE

Verlies van of skade aan sleutels, slotte en afstandbeheereenhede wat in verband met die versekerde se privaat woning gebruik word. Die redelike koste aangegaan om 'n slotmaker vanweë 'n noodgeval wat deur verlies of skade veroorsaak is, uit te roep, word ook gedek.

Met dien verstande dat:

(i) die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R3 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

(ii) die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir die eerste R300 van elke gebeurtenis.

J. TUINE EN WATERVOORWERPE

Die versekeraar betaal tot hoogstens R10 000 vir koste deur die versekerde aangegaan om landskaptuine en watervoorwerpe te herstel wat beskadig is deur brand, weerlig, weerligslag, onderaardse brand, spesiale gevare, kwaadwillige beskadiging en ontploffing insluitend skade veroorsaak deur die handeling van enige nooddiens as gevolg van 'n versekerde gevaar in terme van hierdie by die versekerde persele.

Met dien verstande dat die versekerde verantwoordelik is vir die eerste R500 van iedere en elke eis.

K. NOODAKKOMMODASIE

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om die werklike en noodsaaklike koste van noodakkommodasie te dek in die geval van 'n algehele verlies van 'n versekerde item veroorsaak deur 'n versekerde gevaar. Die dekking word beperk tot R500 per persoon maar tot hoogstens R5 000 in totaal per gebeurtenis.

L. VERLIES VAN WATER

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel in terme van bedrae verskuldig aan plaaslike owerhede vir water wat as gevolg van lekkende pype verlore gegaan het. Dekking sal slegs geld indien al die volgende voorwaardes nagekom is:

– die bedrae is deur die plaaslike owerheid bereken;

– die lesing is ten minste 50% meer as die gemiddeld van die vier voorafgaande meterlesings;

– wanneer 'n lek ontdek word, hetsy deur fisiese bewys of deurdat jy 'n buitengewone hoë waterrekening ontvang het, die versekerde dadelik alle nodige stappe geneem het om die lek op te spoor en die lekkende pype te herstel.

Die skadeloosstellingsperk sal nie R2 500 oorskry nie.

Die versekeraar sal nie die versekerde skadeloos stel onder hierdie afdeling in terme van die volgende nie:

(a) die koste om 'n lekkende pyp op te spoor en te herstel;

(b) meer as twee afsonderlike eise binne 'n tydperk van 12 maande. As daar twee afsonderlike eise binne 'n 12-maande tydperk is, is die totale gesamentlike vergoeding vir beide eise beperk tot die bedrag wat in die bylae genoem word;

(c) verlies van water:

  (1) as gevolg van lekkende krane, geisers of toilette;

  (2) uit swembaddens of die lekkende in- of uitlaatpype daarvan;

  (3) as die privaat woning vir meer as 60 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat is.

M. SPESIALE VERBOUINGS

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel vir die billike en redelike koste van verbouings aan die privaat woonstrukture as dit noodsaaklik is omdat die versekerde in 'n ongeluk betrokke was wat liggaamlike beserings veroorsaak het en die versekerde permanent rolstoelgebonde laat gedurende die termyn van hierdie polis.

Die limiet van skadeloosstelling in terme van spesiale verbouings sal nie R5 000 oorskry nie.

N. DEKKING VOOR EIENDOMSOORDRAG

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van verlies of skade aan die privaat woonstrukture wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is in die tydperk tussen die versekerde se ondertekening van 'n Verkoopsooreenkoms en die oordrag van die eiendom in die versekerde se naam deur die Aktekantoor.

Hierdie dek slegs eiendom wat deur die versekerde gekoop is en ingevolge hierdie polis verseker word.

Hierdie dekking geld nie as die privaat woonstrukture deur of namens die verkoper verseker is nie.

O. SKADE DEUR WILDE BOBBEJANE OF WILDE APE

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos vir verlies van of skade aan die versekerde se privaat woning en buitegeboue wat veroorsaak word deur wilde bobbejane of wilde ape.

Die limiet vir skadeloosstelling sal nie 2% van die versekerde bedrag of R10 000 ooskry nie.

P. OPENBARE TOEVOER- OF HOOFVERBINDING: ELEKTRISITEIT EN WATERPYPE

Diefstal van elektriese kabels of waterpype die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde wetlik aanspreeklik is:

– tussen die openbare toevoer of openbare hooftoevoer en die versekerde geboue,

– tussen ˊn boorgat, watertenk of ander waterbron en die versekerde geboue, maar slegs indien water verskaf word vir huishoudelike gebruik.

Met dien verstande dat slegs elektriese kabels en waterpype wat binne ˊn 200 meter radius vanaf die hoofwoning gelee is, gedek sal wees.

## (2) Aanspreeklikheidsuitbreiding

Onderworpe andersins aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis dek hierdie afdeling ook die volgende wat ontstaan gedurende die versekeringstydperk:

WETLIKE AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DIE PUBLIEK, in welke geval die versekeraar:

(A) die versekerde in sy/haar hoedanigheid as eienaar van die versekerde geboue

of

(B) die versekerde se persoonlike regsverteenwoordigers (in geval van dood van die versekerde) ten opsigte van aanspreeklikheid deur die versekerde op die hals gehaal, op voorwaarde, nietemin, dat sodanige regsverteenwoordigers, asof hulle die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover dit van toepassing kan wees, nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees,

skadeloos sal stel teen:

(a) alle bedrae waarvoor die versekerde wetlik aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal

en

(b) alle regskoste en -uitgawes

(i) deur enige eiser van die versekerde verhaalbaar dog op voorwaarde dat sodanige regskoste en -uitgawes betrekking het op ˊn eis om vergoeding ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding verleen word en op voorwaarde verder dat sodanige regskoste en -uitgawes aangegaan was voor die datum waarop die versekeraar óf die volle bedrag van die voormelde eis óf enige mindere bedrag waarvoor die voormelde eis geskik kan word óf die maksimum bedrag waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding ten opsigte van die voormelde eis aanspreeklik is, betaal het of onderneem het om dit te betaal,

of

(ii) deur die versekerde met die skriftelike toestemming van die versekeraar aangegaan, ten opsigte van

1. toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon behalwe ˊn persoon

(i) wat ˊn lid van die versekerde se huishouding of ˊn lid van die versekerde se gesin is

of

(ii) wat in diens van die versekerde is indien sodanige dood of liggaamlike besering of siekte ontstaan uit en/of in die loop van die tydperk wat sodanige persoon in diens van die versekerde is,

en/of

2. toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom behalwe eiendom wat behoort aan of wat verpag, verhuur, gehuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of beheer is van of wat in die bewaring is van die versekerde of enige lid van die versekerde se huishouding of enige lid van die versekerde se gesin of enige persoon in die versekerde se diens,

wat plaasvind of ontstaan in of op of by die versekerde geboue.

Altyd met dien verstande dat:

(1) die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding vir alle regskoste en -uitgawes en alle vergoeding betaalbaar (ongeag die aantal eisers wat vergoeding eis) ten opsigte van of wat ontstaan uit enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat ontstaan uit of toe te skryf is aan enige een bron of oorspronklike oorsaak, nie die bedrag van R3 000 000 altesame sal oorskry nie.

(2) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding nie van toepassing sal wees nie op en ook nie eise sal insluit nie om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van:

(a) aanspreeklikheid deur die versekerde kragtens ooreenkoms aanvaar, tensy die versekerde aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande sodanige ooreenkoms;

(b) die dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of verlies van of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van of wat ontstaan uit of eie is aan of wat toe te skryf is aan:

(i) die besigheid, handel, beroep of professie van die versekerde behalwe as eienaar van die versekerde geboue;

(ii) die eienaarskap of besit of gebruik van hysers, hystoestelle, roltrappe, hyskrane, voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer sleepwaens en sleepwoonwaens), watervaartuie van enige soort of lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort;

(iii) trilling of die verwydering of verswakking van of steuring aan stut van grond, geboue of enige ander eiendom.

(3) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding nie van toepassing sal wees nie op en ook nie sal insluit nie enige boetes of strawwe of bestraffende skadevergoeding ("fines or penalties or punitive, exemplary or vindictive damages"), maar op voorwaarde, nietemin, dat niks wat in hierdie voorbehoudsbepaling vervat is, hierdie afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie voorbehoudsbepaling nie ingevolge hierdie afdeling gedek sou gewees het nie.

(4) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding nie van toepassing sal wees nie op en ook nie sal insluit nie:

(a) eise om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van dood of enige besering, siekte, verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg is van of ontstaan uit of toe te skryf is aan sypeling, besoedeling of kontaminasie. Hierdie voorbehoudsbepaling sal egter nie van toepassing wees nie op eise om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom waar die voormelde sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onopsetlike en onverwagte gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk;

(b) enige koste om sypel-, besoedelende of kontaminerende stowwe te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur ʼn skielike, onopsetlike en onverwagte gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk.

Op voorwaarde dat niks wat in hierdie voorbehoudsbepaling vervat is, hierdie afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie voorbehoudsbepaling nie ingevolge hierdie afdeling gedek sou gewees het nie.

(5) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding nie van toepassing sal wees nie op en ook nie sal insluit nie eise om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van dood of enige besering of siekte wat toe te skryf is aan ʼn geleidelik werkende oorsaak wat nie uit ʼn skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie.

## (3) Opsionele uitbreiding

Onderworpe andersins aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis dek hierdie afdeling ook die volgende:

A. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verlies van of skade aan geboue wat veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing, uitgesluit:

(a) verlies van of skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, stutmure, hekpale, hekke en heinings;

(b) verlies of skade wat volg op:

(i) gebrekkige ontwerp of oprigting van enige gebou;

(ii) die verwydering of verswakking van stutte van enige gebou;

(iii) boukundige veranderings, toevoegings of herstelwerk;

(iv) uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.

Indien dit verlang word, moet die versekerde bewys dat die verlies of skade waarvoor geëis word, veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Hierdie afdeling dek nie enige gevolglike of indirekte verlies of skade van enige soort of beskrywing wat ook al, behalwe verlies van huurgeld soos uitdruklik in Uitbreiding (1)A van hierdie afdeling bepaal.

2. Hierdie afdeling dek nie enige verlies of skade of aanspreeklikheid of eis wat direk of indirek deur of deur middel van of as gevolg van insakking of grondverskuiwing veroorsaak word nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## Eweredigheid

lndien die versekerde eiendom, by die aanvang van enige verlies of skade (waarteen ingevolge hierdie afdeling verseker is) rakende die versekerde eiendom, gesamentlik van groter waarde is as die bedrag verseker ten opsigte van die versekerde eiendom, dan sal die versekerde geag word om sy/haar eie versekeraar vir die verskil te wees en moet die versekerde dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die voormelde verlies of skade dra. Elke item, indien daar meer as een is, van hierdie afdeling sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe wees.

## lnbesitstellingswaarde voorwaardes

In geval die eiendom beskadig word, is die grondslag waarop skadeloosstelling bereken word, die koste om die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, beperk tot die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word.

# KLOUSULES

## Kapitaaltoevoegings

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word hiermee uitgebrei om veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie vermeerdering in waarde bo die bedrag verseker nie) aan die versekerde eiendom te dek vir 'n bedrag tot hoogstens 10 persent van die bedrag verseker op die versekerde eiendom met dien verstande dat die versekerde onderneem om die versekeraar elke kwartaal van sodanige veranderings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en om die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

## Verbandhouers

Die belange van die verbandhouer geniet voorkeur bo die versekerde se belange, maar is beperk tot die uitstaande bedrag van die verband. Hierdie belange sal nie ongeldig gemaak word deur enige optrede of versuim van die verbandgewer of eienaar van die versekerde geboue nie, op voorwaarde dat die verbandhouer nie bewus is van die optrede of versuim nie.

## Tydelike verwydering

Behalwe indien en in soverre andersins verseker, word vaste uitrusting en toebehore wat behoort aan die eienaar van 'n gebou wat ingevolge hierdie afdeling verseker word (mits sodanige vaste uitrusting en toebehore deel uitmaak van die versekerde eiendom) gedek terwyl sodanige uitrusting en toebehore tydelik elders op dieselfde perseel, waar die voormelde gebou geleë is, verwyder is of terwyl verwyder na enige ander perseel (insluitende in transito) oral in die gebied van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

Met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule beperk is tot die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het indien die skade plaasgevind het op daardie gedeelte van die perseel waar die voormelde gebou geleë is waarvandaan die voormelde vaste uitrusting en toebehore oorspronklik tydelik verwyder was.

## Huurders

Indien 'n huurder van die versekerde se geboue sonder die versekerde se wete iets doen of versuim om iets te doen wat in teenstelling met 'n voorwaarde, bepaling of uitsondering van hierdie polis is, sal die versekerde se dekking van krag bly. Die versekerde moet die versekeraar in kennis stel van die optrede of versuim sodra die versekerde daarvan te wete kom.

## Vereistes van openbare owerhede

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word verklaar om in te sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste rakende die beskadigde versekerde eiendom as wat aangegaan mag word alleenlik vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies ingevolge of uitgevaardig kragtens enige parlementswet of ordonnansie van enige provinsiale, afdelingsraad, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat:

(1) die bedrag ingevolge hierdie klousule verhaalbaar, nie die volgende insluit nie:

- (a) die koste aangegaan om te voldoen aan enige van die voormelde regulasies:
  - (i) ten opsigte van skade wat plaasgevind het voordat hierdie klousule toegestaan is;
  - (ii) ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;
  - (iii) ingevolge waarvan kennis aan die versekerde gegee was voordat die skade plaasgevind het;
  - (iv) ten opsigte van onbeskadigde versekerde eiendom of onbeskadigde gedeeltes van die versekerde eiendom;
- (b) die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die beskadigde versekerde eiendom te bring tot 'n toestand gelykstaande aan die toestand daarvan toe dit nuut was indien die noodsaaklikheid om aan enige van die voormelde regulasies te voldoen, nie ontstaan het nie;
- (c) die bedrag van enige eiendom- of ander belasting, regte, ontwikkelings- of ander koste of aanslag wat uit kapitaalaanwas voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die versekerde eiendom of deur die eienaar daarvan as gevolg van die voldoening aan enige van die voormelde regulasies.

(2) die werk van herbouing of herstelling (wat in sy geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer mag word (indien die voormelde regulasies dit so genoodsaak), onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie klousule nie daardeur vermeerder word nie met redelike haas begin en uitgevoer moet word en in elk geval voltooi moet word binne twaalf maande nadat die skade plaasgevind het of binne sodanige tydsverlenging as wat die versekeraar (gedurende die gemelde twaalf maande) skriftelik mag toelaat.

(3) indien die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie afdeling, afgesien van hierdie klousule, verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, dan sal die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie klousule in dieselfde verhouding verminder word.

(4) die totale bedrag verhaalbaar ingevolge hierdie afdeling, nie die bedrag verseker op die voormelde beskadigde versekerde eiendom sal oorskry nie.

# MASJINERIE BREEKSKADE

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Onvoorsiene, skielike en toevallige fisiese skade aan die versekerde eiendom (of enige deel daarvan) terwyl op die perseel vanweë enige oorsaak wat nie spesifiek uitgesluit is nie terwyl besig is om te werk of in rus is of afgetakel, verskuif of heropgestel word vir die doeleindes van skoonmaak, inspeksie, herstelling or installering op 'n ander plek binne die perseel of in die loop van hierdie operasies en daaropvolgende heroprigting,deur, maar nie beperk nie tot,

gebreke in gietwerk en materiaal, foutiewe ontwerp, werkswinkel-of oprigtingsfoute, swak vakmanskap, gebrek aan vaardigheid, agterlosigheid, kwaadwilligheid, tekort aan water in ketels, fisiese ontploffing, oopskeuring as gevolg van middelpuntvliedende krag, kortsluiting, of enige ander oorsaak wat nie spesifiek ingevolge enige uitsondering wat op hierdie polis as 'n geheel of hierdie afdeling in die besonder nie uitgesluit is nie wat die herstel of vervanging van die versekerde eiendom noodsaak.

Met dien verstande dat hierdie versekering slegs van krag is op die versekerde eiendom na 'n suksesvolle bedryfstoets en van krag bly of die versekerde eiendom in werking is al dan nie, en/of dit afgetakel word vir doeleindes van skoonmaak of opknapping, of in die loop van die voornoemde werksaamhede self, en/of dit verskuif word binne die perseel, of gedurende die daaropvolgende oprigting

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir

1. die eerste bedrag betaalbaar, vermeld in die bylae, wat in geval van enige enkele gebeurtenis deur die versekerde gedra moet word. Indien meer as een item as gevolg van 'n enkele gebeurtenis verlore is of beskadig word, sal daar nie van die versekerde verwag word om meer as die hoogste enkele eerste bedrag betaalbaar van toepassing op sodanige items te dra nie;

2. verlies van of skade aan vervangbare gereedskap (byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, matryse, vorms, ingegraveerde silinders), onderdele wat uit die aard van gebruik en/of soort aan 'n hoë graad van verwering of waardevermindering onderhewig is (byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, vuurvaste voerings, vergruiserhamers), voorwerpe gemaak van glas, dryfbande, toue en kabels, rubberkoppelstukke en werksmiddels (byvoorbeeld,maar nie beperk nie tot, smeerolie, brandstof, katalisators);

3. verlies of skade as gevolg van brand, direkte weerlig, chemiese ontploffing (behalwe die ontploffing van rookgas in stoomketels), die blus van 'n brand of die gevolglike opruiming van puin en aftakeling wat vanweë daarvan noodsaaklik word, lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daarvan of daaruit val, diefstal, inbraak of enige poging daartoe, instorting van geboue, wind, storm, water, oorstroming, onderwatersetting, aardbewing, insakking, grondverskuiwing, sneeustorting, orkaan, sikloon, vulkaniese uitbarsting of soortgelyke natuurrampe;

4. verlies of skade waarvoor 'n leweransier, kontrakteur of hersteller kontraktueel of andersins regtens aanspreeklik is;

5. verlies of skade as gevolg van enige foute of gebreke wat ten tyde van die aanvang van hierdie versekering bestaan het en waarvan die versekerde of sy verteenwoordigers bewus was, hetsy die versekeraar van sodanige foute of gebreke bewus was al dan nie;

6. verlies of skade as 'n regstreekse gevolg van voortgesette gebruik (byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, slytasie, holtevorming, erosie, korrosie, roes, ketelsteenvorming);

7. gevolglike verlies of aanspreeklikheid van enige aard of beskrywing;

8. skade voortspruitende uit die misbruik van gereedskap of van eksperimentele oorlaaiing of toetse wat die neerlê van abdnormale toestande vereis.

# SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

## 1. Gedeeltelike verlies

Waar die skade aan die versekerde eiendom herstel kan word, sal die versekeraar die koste wat noodsaaklikerwys aangegaan moet word om die beskadigde versekerde eiendom tot sy voormalige toestand van diensbaarheid te herstel, betaal met insluiting van die koste van aftakeling en heroprigting wat aangegaan word om die herstelwerk te doen, asook die gewone vraggeld na en van die herstelplek, en doeaneregte (indien enige), vir sover sodanige onkoste by die bedrag verseker ingesluit is. Indien die herstelwerk uitgevoer word in 'n werkswinkel wat aan die versekerde behoort, sal die versekeraar die koste van die materiale en lone aangegaan vir doeleindes van die herstelwerk plus 'n redelike persentasie om oorhoofse koste te dek, betaal.

Geen aftrekking sal vir waardevermindering ten opsigte van die vervangde onderdele gemaak word nie, maar die waarde van enige wrakgoedere sal in aanmerking geneem word. Indien die bogenoemde herstelkoste gelykstaande is aan die werklike waarde van die versekerde eiendom ten tyde van die plaasvind van die skade of dit oorskry, sal die skadeloostelling geskied op die grondslag waarvoor daar in (2) hieronder voorsiening gemaak word.

## 2. Algehele verlies

(a) Indien toerusting binne 3 jaar vanaf datum van vervaardiging algeheel beskadig word is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word,die koste van vervanging of herstelling van die toerusting met toerusting van dieselfde aard of tipe maar nie beter of omvangryker as die versekerde toerusting toe nuut nie, met inbegrip van vrag-en oprigtingskoste, doeaneregte en die koste van die verwydering van die vernietigde toerusting min die waarde van enige berging, onderworpe aan bepalings (a), (b) en (c).

(b) Indien toerusting ouer as 3 jaar vanaf datum van vervaardiging algeheel beskadig word is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word,die koste van vervanging teen markwaarde en die koste van die verwydering van die toerusting min die waarde van enige berging, onderworpe aan bepalings (a), (b), (c), (d) en (e).

Die versekerde item sal as algeheel beskadig geag word indien die herstelkoste (soos omskryf onder gedeeltelike verlies) gelykstaande is aan of die waarde, soos omskryf in 2(b) hierbo onmiddellik voor die versekerde gebeurtenis oorskry.

Met dien verstande dat:

(a) die koste van enige veranderings, toevoegings, verbeterings of opknappings wat tydens die herstelwerk uitgevoer word, nie ingevolge hierdie afdeling verhaalbaar is nie;

(b) die koste van voorlopige herstelwerk deur die versekeraar betaal sal word indien sodanige herstelwerk deel uitmaak van die finale herstelwerk en nie die totale herstelkoste verhoog nie;

(c) die versekeraar betalings sal maak slegs nadat die versekeraar deur die voorlegging van die nodige rekeninge en dokumente tevrede gestel is dat herstelwerk gedoen is, of na gelang van die geval, vervanging plaasgevind het;

(d) die werk van vervanging of herstel (wat op ander persele en op enige wyse wat aan die vereistes van die versekerde voldoen, uitgevoer mag word, onderworpe daaraan dat die versekeraar se aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed 'n aanvang moet neem andersins word geen betaling gedoen bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie herstelwaarde-voorwaarde nie hierby ingelyf was nie;

(e) In beide geval (1) of (2) sal die bedrag betaalbaar hoogstens die bedrag vermeld in die Masjinerieversekeringsbylae beloop.

# VERSEKERDE BEDRAG EN EWEREDIGHEID

Dit is 'n vereiste van hierdie versekering dat die bedrag verseker gelykstaande moet wees aan die koste om die versekerde eiendom met nuwe eiendom van dieselfde soort en dieselfde vermoë te vervang, dit wil sê die volle vervangingskoste met insluiting van vraggelde, doeaneregte (indien enige) en oprigtingskoste. Indien die versekerde bedrag minder is as die bedrag waarvoor verseker moet word, sal die versekeraar slegs uitbetaal na gelang van die verhouding waarin die bedrag verseker staan tot die bedrag waarvoor verseker moet word. Elke item (indien meer as een) sal afsonderlik aan die voorafgaande bepalings onderworpe wees.

# WOORDOMSKRYWINGS

Vir die doeleindes van hierdie afdeling beteken die onderstaande uitdrukkings:

**"versekerde eiendom"** – eiendom beskryf in die bylae van hierdie afdeling onder die opskrif "Beskrywing van versekerde eiendom"

**"perseel"** – die perseel waarvan die ligging in die bylae van hierdie afdeling vermeld word.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Oortyd, nagwerk, werk op openbare vakansiedae en spoedvrag

Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek die ekstra onkoste aangegaan ten opsigte van oortyd, nagwerk en werk op openbare vakansiedae en spoedvrag (uitgesonder lugvrag).

Met dien verstande dat sodanige ekstra onkoste aangegaan in verband staan met verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat ingevolge hierdie afdeling verhaalbaar is.

Met dien verstande verder dat die bedrag betaalbaar ten opsigte van hierdie uitbreiding nie die versekerde bedrag vermeld teenoor die betrokke item oorskry nie en in geheel nie die totale versekerde bedrag soos vermeld in die bylae van hierdie afdeling oorskry nie.

## Kapitale toevoegings

Hierdie afdeling word uitgebrei om veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie vermeerdering in waarde bo die versekerde bedrag nie) aan die versekerde eiendom te dek vir 'n bedrag tot hoogstens 20% van die bedrag verseker op die versekerde eiendom, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die versekeraar elke kwartaal van sodanige veranderings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en om die toepaslike bykomende premie daarop te betaal.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die behoorlike inagneming en uitvoering van die bepalings van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover dit betrekking het op enigiets wat deur die versekerde gedoen of nagekom moet word, is 'n voorafgaande voorwaarde vir die aanspreeklikheid van die versekeraar.

2. In geval van enige materiële verandering in die risiko wat deur die versekerde onderneem is, moet die versekerde so spoedig moontlik die versekeraar skriftelik daarvan in kennis stel. Die premie, bepalings en voorwaardes is daarna dienooreenkomstig aan verandering onderhewig. Indien verlies of skade ontstaan voor sodanige kennis gegee is, sal die versekeraar so 'n eis hanteer volgens die normale voorwaardes, uitsonderings en eerste bedrag betaalbaar van toepassing op 'n soortgelyke risiko, onderhewig daaraan die dat die versekerde onderneem om enige verhoogde premie wat vir die veranderde risiko verlang mag word, te betaal;

3. (a) By die plaasvind van enige verlies of skade moet die versekerde, benewens om te voldoen aan algemene voorwaarde 6 van hierdie polis

   (i) alle redelike voorsorg tref om die omvang van sodanige verlies of skade te beperk;

   (ii) alle beskadigde of defektiewe dele vir die ondersoek van die versekeraar behou.

   (b) Met die kennisgewing aan die versekeraar ingevolge algemene voorwaarde 6 van hierdie polis mag die versekerde herstelling of vervanging vir verlies of skade van geringe omvang aangaan; in alle ander gevalle moet 'n verteenwoordiger van die versekeraar die geleentheid gegee word om die verlies of skade na te gaan voordat enige herstelling of vervanging of veranderings aangegaan word. As 'n verteenwoordiger van die versekeraar nie binne 'n tydperk wat na gelang van die omstandighede as genoegsaam geag kan word, die ondersoek uitvoer nie, dan is die versekerde geregtig om voort te gaan met die herstelling of vervanging.

   (c) Die aanspreeklikheid van die versekeraar in terme van hierdie afdeling sal staak ten opsigte van enige versekerde eiendom as sodanige eiendom in gebruik bly na 'n eis sonder dat dit tot die tevredenheid van die versekeraar herstel is, of as tydelike herstelwerk sonder die versekeraar se toestemming uitgevoer is.

4. Die versekerde moet benewens om te voldoen aan algemene voorwaarde 5 van hierdie polis:

   (i) alle redelike stappe doen om die versekerde eiendom in 'n effektiewe werkende toestand te hou en om te verseker dat geen deel van die versekerde eiendom uit gewoonte of doelbewus oorlaai word nie;

   (ii) die vervaardiger/agent se voorskrifte vir die bedryf, inspeksie en instandhouding van die versekerde eiendom, sowel as owerheidsregulasies, statutêre regulasies, munisipale regulasies en alle ander bindende regulasies wat van krag is in verband met die bedryf en instandhouding van die versekerde eiendom, ten volle nakom.

santam

# ELEKTRONIESE TOERUSTING

## ONDERAFDELING A: MATERIËLE SKADE

### Omskrewe gebeurtenisse

Fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die bylae beskryf word deur enige oorsaak wat nie hierin uitgesluit word nie terwyl:

(a) in werking of nie in gebruik nie enige plek binne daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae;

(b) in transito met inbegrip van laai en aflaai of terwyl dit tydelik op enige perseel onderweg gestoor word;

(c) tydelik verwyder van daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae na enige ander gebou.

## UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING A

Die versekeraar stel die versekerde nie skadeloos nie, ongeag die oorspronklike oorsaak, ten opsigte van:

1. die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae ten opsigte van onderafdeling A van elke gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee. Indien meer as een item van die versekerde eiendom fisieke verlies of skade tydens enige enkele gebeurtenis opdoen, is die eerste bedrag betaalbaar die hoogste enkele bedrag van toepassing op sodanige versekerde eiendom;

2. ontwrigting tensy dit gepaard gaan met fisieke skade wat andersins deur hierdie afdeling gedek word;

3. skade of verlies verhaalbaar ingevolge 'n onderhoud-en/of huurooreenkoms wat deur of namens die versekerde aangegaan is en wat die versekerde eiendom dek;

4. foute of defekte wat ten tyde van die reël van hierdie versekering of gedurende die geldigheidsduur van die versekering aan die versekerde (of sy verantwoordelike werknemers) bekend is en wat nie aan die versekeraar openbaar is nie of enige gevolge daarvan;

5. vermorsing van materiaal of dies meer of slytasie of uitslyt van enige deel van die versekerde eiendom wat veroorsaak word deur of natuurlik ontstaan uit die gewone gebruik of werking of ander geleidelike agteruitgang, die ontwikkeling van swak kontakte of skraping van geverfde of gepoleerde oppervlakte van kosmetiese aard;

6. onderdele met 'n kort lewensduur soos (maar nie daartoe beperk nie) gloeilampe, kleppe, x-straal buise, katodestraalbuise, termioniese emissiebuise, sekerings en offerstroombane. Indien sodanige dele beskadig word as gevolg van fisieke verlies van of skade aan ander dele van die versekerde eiendom waarvoor in hierdie afdeling voorsiening gemaak word, stel die versekeraar die versekerde skadeloos vir die reswaarde voor die verlies van sodanige uitruilbare dele;

7. die koste van die reproduksie van data hetsy dit op kaarte, bande, diskette of anders opgeneem is tensy onderafdeling B spesifiek daarvoor voorsiening maak;

8. verlies van gebruik van die eiendom of ander gevolglike verlies, skade of aanspreeklikheid van welke aard ook al behalwe verlies waarvoor hierin spesifiek voorsiening gemaak word;

9. (a) verlies weens diefstal of weens die wegraak van die versekerde eiendom tensy dit gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating (of enige poging daartoe) vanuit daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae of as gevolg van diefstal of enige poging daartoe volgende op geweld of dreigement tot geweld

(b) verlies van die versekerde eiendom deur diefstal terwyl in transito of terwyl tydelik van die versekerde perseel verwyder tensy dit deur die versekerde geïdentifiseer kan word met 'n spesifieke voorval wat onmiddellik aan die polisie en die versekeraar gerapporteer is.

Die versekeraar stel die versekerde nie skadeloos nie teen diefstal van die versekerde eiendom uit enige motorvoertuig waar die versekerde eiendom

(a) oornag in die motorvoertuig gelaat word nie tensy die voertuig in 'n behoorlik gesluite gebou gehou word en toegang tot sodanige voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaard gaan

(b) gehou word in 'n kompartement van die motorvoertuig en aan verbygangers sigbaar is.

Met dien verstande dat:

(a) en (b) nie van toepassing is nie op diefstal van die versekerde eiendom waar die vervoermiddel

(i) gekaap is of

(ii) in 'n padongeluk betrokke is of onklaar raak en die versekerde eiendom weens omstandighede buite die beheer van die voertuigbemanning/-bestuurder, noodsaaklikerwys onbewaak gelaat word.

# SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling, altyd onderhewig aan die versekerde bedrae vermeld in die bylae of enige spesifieke aanspreeklikheidsperk wat in hierdie onderafdeling vermeld word, is soos hierna vermeld word en soos van toepassing met inbegrip van demontering, heroprigting, vervoer, verwydering van beskadigde versekerde eiendom (maar min die waarde van die oorblywende eiendom) en, waar van toepassing, invoerbelasting en belasting op toegevoegde waarde.

## (1) Gedeeltelike verlies

Indien die versekerde eiendom herstelbare skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die hersteluitgawes wat noodsaakliker-en redelikerwys aangegaan word om die beskadigde eiendom tot sy werkende toestand te herstel, met dien verstande dat:

(a) die waarde van beskadigde dele wat gebruik kan word, afgetrek word;

(b) die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat ten tyde van die herstelwerk uitgevoer word nie kragtens hierdie onderafdeling verhaalbaar is nie;

(c) indien tydelike herstelwerk sonder die versekeraar se toestemming deur die versekerde uitgevoer is in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die versekeraar gedra word. In geval die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, moet enige bykomende koste wat so opgeloop word of die gevolge daarvan deur die versekerde betaal word;

(d) indien die skade beperk is tot 'n deel of dele van 'n versekerde item, die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir 'n bedrag groter as die waarde van sodanige verlore of beskadigde deel of dele waarvoor in die versekerde bedrag voorsiening gemaak is.

## (2) Totale verlies

(A) In die geval van die algehele verlies of vernietiging van die nuwe versekerde eiendom is die skadeloosstellingsgrondslag die koste van die vervanging of herstel daarvan op dieselfde terrein met nuwe eiendom van gelyke werkverrigting en/of kapasiteit, of indien dit nie moontlik is, vervanging daarvan met nuwe eiendom met die naaste gelykwaardige werkverrigting en/of kapasiteit as dié van die verlore of beskadigde eiendom altyd met dien verstande dat:

(i) die vervangings-of herstelwerk (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen benewens die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die skade nie;

(ii) totdat uitgawe deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die verlore of beskadigde versekerde eiendom, die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir enige betaling bó die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

(iii) hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien:

(a) die versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van die verlies of skade, of sodanige verdere tydperk wat die versekeraar skriftelik mag toelaat die versekeraar skriftelik in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde eiendom te vervang of te herstel;

(b) die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel;

(iv) ná kommersiële en tegniese waardering deur 'n verteenwoordiger van die versekeraar en na die versekeraar se uitsluitlike goeddunke, mag die tydperk waarna in die omskrywing van nuwe eiendom verwys word, verleng word (op 'n jaarlikse basis vanaf die hernuwingsdatum) altyd onderworpe daaraan dat sodanige verlenging van tydperk deur die memorandum tot hierdie afdeling toegelaat word.

**Omskrywing van nuwe versekerde eiendom**
Nuwe eiendom beteken eiendom aangekoop nie meer as sewe (7) jaar (of sodanige verlengde tydperk wat skriftelik deur die versekeraar toegelaat word) voor die omskrewe gebeurtenis, en dit word uitdruklik ooreengekom dat, in die toepassing van hierdie omskrywing, opgraderings en waardevermeerderings in ag geneem word by die berekening van die skadeloosstelbare bedrag en die ouderdom van die versekerde eiendom

(B) Ten opsigte van versekerde eiendom waarvoor daar nie in (A) hierbo voorsiening gemaak word nie, is die skadeloosstellingsgrondslag soos volg:

die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade. Na die goeddunke van die versekeraar word die versekerde eiendom as algeheel vernietig beskou indien die herstelkoste omskryf in (1) hierbo gelykstaande aan of groter is as die markwaarde daarvan onmiddellik voor die skade.

**Omskrywing van markwaarde**
Die huidige aankoopprys van tweedehandse/gebruikte eiendom van gelykstaande werkverrigting en/of kapasiteit van die verlore of beskadigde eiendom en van aansienlik soortgelyke toestand. Indien geen soortgelyke eiendom beskikbaar is nie word die markwaarde bereken deur 'n bedrag, wat die volgende verteenwoordig, af te trek van die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste soortgelyke eiendom:

(i) 20% (twintig persent) vir die eerste jaar ná die aankoopdatum

en

(ii) 10% (tien persent) per jaar vir elke daaropvolgende jaar

altyd onderworpe aan 'n minimum skadeloosstelling van 40% (veertig persent) van die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste gelykstaande eiendom

**Eweredigheid**
Ten opsigte van (1) en (2) hierbo, indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstel, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige verlies van of skade aan sodanige eiendom, word die versekerde sy eie versekeraar geag vir die verskil en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien meer as een, van hierdie afdeling waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan dié bepaling onderworpe.

**Aanspreeklikheidsperke**
Die aanspreeklikheidsbedrag ten opsigte van elk van die items wat in die bylae gespesifiseer word, mag hoogstens die versekerde bedrag beloop wat daarteenoor aangegee word en daarbenewens die volgende:

(a) Argitek-en ander professionele gelde

Professionele gelde wat noodsaakliker-en redelikerwys aangegaan word vir die herstel of vervanging van eiendom ná skadeloosstelbare verlies of skade met dien verstande dat die totale betaalbare bedrag ten opsigte van sodanige gelde hoogstens 15% van die totale bedrag van die eis beloop, maar sluit nie koste in wat aangegaan is in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

(b) Opruimingskoste

Koste wat noodsaakliker-en redelikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping of demontering van eiendom en/of puinverwydering en by die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings en ander soortgelyke strukture wat vereis word gedurende sloping, demontering, puinverwydering en herbouing ná skadeloosstelbare verlies van of skade aan sodanige eiendom met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens 15% van die totale bedrag van die eis mag beloop.

(c) Spoedaflewering en oortyd

Bykomende heffings vir spoedaflewering, lugvrag, oortyd, Sondag-en vakansieloonkoerse is betaalbaar ten opsigte van die noodsaaklike en redelike bykomende koste wat deur die versekerde aangegaan word vir die herstel of vervanging wat deur die versekeraar goedgekeur is, beperk tot 50% van die bedrag wat die herstel of vervanging sou kos indien hierdie bykomende koste nie aangegaan was nie.

# KLOUSULES EN UITBREIDING

## Kragstuwings of weerligslag

Alle verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens kragstuwing of weerligslag is onderworpe aan 'n bykomende eerste bedrag betaalbaar van 10% van die netto bedrag betaalbaar vir die items sodanig beskadig, onderworpe aan 'n minimum van R1 000, maar hoogstens R2 000 per gebeurtenis. Indien die versekerde eiendom egter toepaslik en voldoende beskerm is deur middel van veiligheidsmaatreëls teen variasies in die kragtoevoer, word daar van hierdie bykomende eerste bedrag betaalbaar afstand gedoen.

## Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die maatskappy regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## Huurders

Die versekeraar se aanspreeklikheid teenoor die versekerde word nie geraak nie deur enige optrede of versuim aan die kant van enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe die versekerde) wat sonder die versekerde se medewete geskied. Die versekerde moet die versekeraar egter van enige sodanige optrede of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, in kennis stel sodra hy daarvan bewus word en is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko deur die versekeraar aanvaar word.

## Huurkoop-/finansieringsooreenkomste

Indien die versekeraar kennis dra dat die versekerde eiendom of enige individuele item daarvan die onderwerp is van 'n opskortende verkoops-of soortgelyke ooreenkoms, word betaling hieronder gedoen aan die eienaar wat daarin beskryf word wie se kwitansie dien as volle en finale ontslag van die versekeraar ten opsigte van verlies of skade wat ingevolge hierdie onderafdeling van die afdeling skadeloos gestel word.

# ONDERAFDELING B: GEVOLGLIKE VERLIES

## Omskrewe gebeurtenisse

Die versekering wat deur hierdie onderafdeling verleen word (indien in die bylae vermeld), is onderworpe aan die skadeloosstellingsperke vermeld in die bylae en sluit in:

**(i) Verhoogde bedryfkoste**

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot alle bykomende koste en uitgawes wat noodsaakliker en redelikerwys gedurende die skadeloosstellingstydperk deur die versekerde aangegaan word met die uitsluitlike doel om die onderbreking of belemmering van die normale werksaamhede van die versekerde te voorkom of tot die minimum te beperk

minus enige bedrag bespaar tydens die skadeloosstellingstydperk ten opsigte van sodanige heffings en uitgawes van die besigheid wat mag staak of verminder word as gevolg van die ongeval.

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie item is nie regstreeks of onregstreeks van toepassing nie op:

(a) die dekking waarvoor ingevolge item (ii) van hierdie onderafdeling voorsiening gemaak word;

(b) die intrinsieke waarde (met inbegrip van herstelwaarde) van die eiendom verseker ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling.

**(ii) Herstel van data/programmatuur**

Koste en uitgawes noodsaakliker-en redelikerwys deur die versekerde aangegaan vir die heropstel of hersamestelling van data en/of programmatuur opgeneem of gestoor op datadraende media wat verlore raak as gevolg van toevallige uitwissing (wat die gebeure insluit omskryf in die skadeloosstellingsklousule tot onderafdeling A van hierdie afdeling) of deur diefstal of deur die opsetlike kwaadwillige of moedswillige bedoeling om die kansellasie of ontwrigting van data of programmatuur te veroorsaak soos voor voorsien in onderafdeling A van hierdie afdeling.

Met dien verstande dat:

(a) die skadeloosstelling nie uitgebrei word om sodanige koste opgeloop vanweë programmatuurfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of ontwrigting van data en/of programmatuur in te sluit nie;

(b) ten opsigte van elke gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit of verband hou met een oorspronklike oorsaak of oorsprong wat ingevolge hierdie item skadeloos gestel word, die versekerde verantwoordelik is vir die bedrag wat in die bylae as die eerste bedrag betaalbaar vermeld word;

(c) indien die versekerde kies om programmatuur (sagteware) te verseker, ʼn bylae van sodanige programmatuur by die aanvang van elke versekeringstydperk by die versekeraar ingedien word.

# OMSKRYWINGS

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk waartydens die resultate van die besigheid geraak word as gevolg van die ongeval wat begin met die getal ure/dae vermeld in die bylae as die tyduitsluiting na die plaasvind van die ongeval en wat eindig nie later nie as die verstryking van die tydperk vermeld in die bylae as die skadeloosstellingstydperk ná sodanige gebeurtenis.

Die tyduitsluiting is nie van toepassing nie op verlies of skade regstreeks veroorsaak deur brand, storm (met uitsluiting van weerlig), insakking, wind of die ineenstorting van geboue.

## Ongeval

1. (Slegs van toepassing op verhoogde bedryfskoste) Fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom omskryf in die bylae weens enige oorsaak soos verleen ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling, welke aanspreeklikheid ingevolge die onderafdeling, behalwe vir bepalings met betrekking tot die eerste bedrag betaalbaar of die onderhoud-/huurooreenkomste, ʼn voorwaarde vir aanspreeklikheid hierkragtens is.

2. Versuim van die openbare voorsiening van elektrisiteit by die eindpunte van die voorsieningsowerhede in die perseel weens enige toevallige oorsaak behalwe:

   (a) die opsetlike daad van die versekerde of enige voorsieningsowerheid;

   (b) droogte of brandstoftekort by enige elektrisiteitvoorsieningsowerheid;

   Spesiale voorwaardes van toepassing op onderbreking van die openbare voorsiening van elektrisiteit:

   (a) Die versekeraar se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag ingevolge hierdie onderafdeling.

   (b) Die skadeloosstellingstydperk begin 12 ure na die onderbreking en eindig nie later nie as 30 dae na sodanige onderbreking.

## Die aanspreeklikheidsperk

Die aanspreeklikheid van die versekeraar beloop hoogstens die bedrae gespesifiseer in die bylae (in verband met onderafdeling B) ten opsigte van enige enkele ongeval of reeks ongevalle wat voortspruit uit of ontstaan in verband met enige enkele gebeurtenis.

In die geval van die betaling van enige bedrag of bedrae deur die versekeraar ter kwytskelding van die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling word die versekerde bedrae outomaties herstel vir die oorblywende deel van die versekeringstydperk.

Die versekerde betaal aan die versekeraar die bykomende premie vereis deur die versekeraar pro rata bereken vanaf die datum van die ongeval tot die einde van die versekeringstydperk.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS TOT ONDERAFDELING B

Tensy uitdruklik anders voor voorsiening gemaak is:

## 1. Boetes en straftoekennings

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van boetes of straftoekennings vir kontrakbreuk vir laat uitvoering van bestellings of vir enige bestraffing van welke aard ook al.

## 2. Verlies aan wins

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van die verlies aan wins of gevolglike verlies van welke aard ook al tensy hierin spesifiek daarvoor voorsiening gemaak word.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Herstel

Ondanks enigiets teenstrydigs wat in hierdie afdeling vervat word, word hiermee verklaar en ooreengekom dat in geval van enige onderbreking wat volg op verlies of skade en wat vererger word deur:

(a) die versekerde se onvermoë of onwilligheid om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang of te herstel, of sy versuim om sodanige vervanging of herstel binne redelike tyd uit te voer, of

(b) verbouings, toevoegings of verbeterings aan die versekerde eiendom wat tydens die herstel aangebring word

hou die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie afdeling slegs verband met sake-onderbreking wat in die afwesigheid van (a) en (b) sou ontstaan het.

## Telkom-verbindingslyne (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Onderworpe aan die perke wat in die bylae gespesifiseer word, word gevolglike verlies soos voorsien in (i) en (ii) van onderafdeling B wat ontstaan uit die toevallige onderbreking van die Telkom-verbindingslyne ingesluit altyd met dien verstande dat die versekering ingevolge hierdie uitbreiding onderworpe is aan die spesiale voorwaardes hieronder.

## Spesiale voorwaardes van toepassing op Telkom-verbindingslyne

(a) Die versekeraar se aanspreeklikheid beloop hoogstens die versekerde bedrag ingevolge hierdie onderafdeling.

(b) Die skadeloosstellingstydperk begin 12 ure ná die onderbreking en eindig nie later nie as 30 dae ná sodanige onderbreking.

(c) Die versekering verskaf dek nie verlies nie veroorsaak deur die opsetlike optrede van enige Telkomowerheid of deur die uitoefening van sy reg om toegang tot sy verbindingslyne te beperk of te weerhou.

# ALGEMENE MEMORANDA

## Memorandum 1 – Kapitaaltoevoegings en geldeenheidskommelings

Die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling sluit in:

(a) bykomende toerusting of programmatuur van 'n soortgelyke aard as dié in die bylae gespesifiseer wat deur die versekerde aangekoop word, met dien verstande dat, ten opsigte van verlies of skade weens elektriese, meganiese of elektroniese onklaarraking of ontploffing, die versekering slegs in werking tree ná bevredigende voltooiing of installering of opdraggewing/toetsing en inwerkingstelling by die versekerde se persele;

(b) voorsiening vir die waardevermindering of herwaardasie van die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika teen dié van die land van oorsprong van die versekerde eiendom en ander inflasie-tendense wat mag lei tot 'n verhoging in die versekerde bedrag (wat die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde verteenwoordig) van die versekerde eiendom.

Met dien verstande dat die verhoging nie 25% van die totale versekerde bedrag in die bylae gespesifiseer vir onderafdeling A oorskry nie en dit word ooreengekom dat die versekerde die versekeraar sal verwittig van sodanige veranderinge ná die verstryking van elke versekeringstydperk en die toepaslike premie daarop betaal, tot hoogstens 50% van die verskil.

## Memorandum 2 – Verhindering van toegang

Indien die besigheid by die perseel gedurende die skadeloosstellingstydperk onderbreek of belemmer word as gevolg daarvan dat die versekerde toegang tot die versekerde eiendom op die perseel verhoed word weens skade aan eiendom binne 'n radius van 10 km vanaf die versekerde perseel vermeld in die bylae, deur brand, weerlig, ontploffing, storm, stormwind, oorstroming, vloed, aardbewing of botsing deur voertuie, stel die versekeraar die versekerde skadeloos teen verlies voortspruitend uit sodanige onderbreking of belemmering in ooreenstemming met die voorbehoude wat hierin vervat word.

Met dien verstande dat:

(a) die versekerde nie ingevolge enige ander polis of ander afdeling van hierdie polis geregtig is op skadeloosstelling soos in hierdie uitbreiding voorsiening gemaak word nie;

(b) hierdie afdeling nie bydra saam met enige ander polis of afdeling van hierdie polis wat 'n soortgelyke uitbreiding bevat nie.

# SPESIALE UITSLUITING (onderafdelings A & B)

## Virusse, Trojane en wurms

Die versekeraar stel nie die versekerde skadeloos nie teen verlies of skade van watter aard ook al wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met die werking van enige rekenaarvirus, Trojaan of wurm(s) of soortgelyke skadelike media.

# ALGEMENE UITBREIDING

## Onversoenbaarheidsdekking (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande enigiets teenstrydigs in die polis vervat, stel die skadeloosstelling verleen ingevolge onderafdelings A en B van hierdie afdeling die versekerde skadeloos teen onkoste aangegaan ten opsigte van:

(a) modifikasies of veranderings aan die versekerde eiendom wat regstreeks volg op skadeloosstelbare verlies of skade om die bedryfsintegriteit van die elektroniese sisteem te verseker;

(b) vervanging of opgradering van wettige programmatuur om versoenbaarheid met die gemodifiseerde of veranderde elektroniese sisteem te bereik;

(c) die herstel van voorheen vasgelegde data wat ontoeganklik geword het weens die modifikasie van of veranderings aan die elektroniese sisteem of as gevolg van die vervanging of opgradering van wettige programmatuur.

Altyd met dien verstande dat:

(1) die koste waarvoor in (a), (b) en (c) hierbo voorsiening gemaak word noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word ten einde normale werkomstandighede in stand te hou;

(2) sodanige bykomende koste aangegaan word as regstreekse gevolg van skadeloosstelbare verlies of skade ingevolge onderafdeling A of B (item ii) van hierdie afdeling;

(3) die dekking hieronder verskaf beperk word tot:

    (i) parte of onderdele van die elektroniese sisteem wat nie ingevolge onderafdeling A hiervan skadeloosstelbaar is nie;

    (ii) programmatuur of data herskep wat nie ingevolge item (ii) van onderafdeling B hiervan skadeloosstelbaar is nie;

(4) die skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding ten opsigte van enige enkele voorval in totaal beperk word tot twintig persent (20%) van die toepaslike versekerde bedrag ingevolge onderafdeling A (die skadeloosstellingsperk) en onderafdeling B (item (ii)) hiervan of R25 000, wat ook al die minste is.

santam

# MASJINERIE BREEKSKADE (SAKE-ONDERBREKING)

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Indien (gedurende die versekeringstydperk) enige van die masjinerie deur die versekerde by die perseel vir die doeleindes van die besigheid gebruik, geraak word deur 'n ongeluk en die besigheid, bedryf deur die versekerde by die perseel, as gevolg daarvan onderbreek of belemmer word, sal die versekeraar (onderworpe aan die uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis) aan die versekerde as skadeloosstelling ten opsigte van item 1 vermeld onder die opskrif "Versekerde onderwerp" in die bylae van hierdie afdeling, die bedrag van die verlies wat uit die voormelde onderbreking of belemmering voortspruit in ooreenstemming met die bepalings in Aanhangsel 1 van hierdie afdeling vervat, betaal, met dien verstande dat

(a) die masjinerie en toerusting gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling verseker is teen masjinerie breekskade;

(b) die aanspreeklikheid van die versekeraar ten opsigte van die voormelde item 1 in geen geval die versekerde bedrag wat in die bylae van hierdie afdeling ten opsigte van sodanige item 1 vermeld word, sal oorskry nie.

## WOORDOMSKRYWINGS

Vir die doeleindes van hierdie afdeling dra die onderstaande uitdrukkings die volgende betekenis:

**"perseel"** – die perseel waarvan die ligging in die bylae van hierdie afdeling vermeld word.

**"besigheid"** – die versekerde se besigheid wat in die bylae van hierdie afdeling vermeld word.

**"masjinerie en toerusting"** – masjinerie en toerusting beskryf in die lys onder die opskrif "Lys van masjinerie en toerusting" in die bylae van die afdeling.

**"ongeluk"** – enige onvoorsiene en skielike fisiese verlies van of skade aan die masjinerie en toerusting wat onmiddellike herstelwerk daaraan of die onmiddellike vervanging daarvan noodsaak, te wyte aan oorsake soos gebreke in gietwerk en materiaal, foutiewe ontwerp, werkswinkel-of oprigtingsfoute, swak vakmanskap, gebrek aan vaardigheid, agterlosigheid, kwaadwilligheid, tekort aan water in ketels, fisiese ontploffing, oopskeuring as gevolg van middelpuntvliedende krag, kortsluiting, of enige ander oorsaak wat nie spesifiek uitgesluit is nie in terme van enige uitsondering wat op hierdie polis in die geheel of op hierdie afdeling in die besonder van toepassing is, terwyl sodanige masjinerie en toerusting

(a) besig is om te werk of in rus is

(b) afgetakel, verskuif of heropgestel word vir die doeleindes van skoonmaak, inspeksie, herstelling or installering op 'n ander plek binne die perseel, met dien verstande dat sodanige masjinerie en toerusting hulle werkverrigting-aanvaardingstoetse met welslae voltooi het.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Hierdie afdeling dek nie enige verlies of eis nie voortspruitende uit onderbreking of belemmering van die besigheid wat regstreeks of onregstreeks toe te skryf is aan enige van die volgende oorsake:

1. Verlies van of skade aan

(a) fondasies en messelwerk, tensy dit spesifiek ingesluit en beskryf is in die lys onder die opskrif "Lys van masjinerie en toerusting" in die bylae van die afdeling: Masjinerie Breekskade van hierdie polis;

(b) uitruilbare en vervangbare dele soos boorpunte, bore, saag-en ander lemme;

(c) matryse, vorms, patrone, blokke, stempels, ponse, deklae of graverings op silinders en rolle;

(d) dele wat uit die aard van hulle gebruik en/of soort aan 'n hoë graad van slytasie of depresiasie onderhewig is, soos vergruisingsvlakke, balle, hamers, skerms en siwwe, gegraveerde sagtemetaalsilinders, slytplate, hyser-of vervoerbande, kettings, buigbare pype, voeg-en afdigtingsmateriaal, filtreerdoeke, dele gemaak van glas, rubber, tekstiel of kunsstowwe, slypskywe, toue, bande, stroppe, kabels behalwe elektriese geleiers, borsels, batterye, buitebande, vuurvaste materiale, roosterstawe, brandersproeiers;

(e) werksmiddels soos brandstof, chemikalieë, katalisators, filtreerstowwe, hitte-oorbrengingsmiddels, skoonmaakmiddels, smeermiddels;

2. Verlies of skade te wyte aan brand, direkte weerlig, chemiese ontploffing (behalwe die ontploffing van rookgas in stoomketels), die blus van 'n brand of daaropvolgende aftakeling, lugvaartuie of ander lugtoestelle of voorwerpe wat daarvan of daaruit val, inbraak of diefstal of pogings daartoe, instorting van geboue, vloed, oorstroming, aardbewing, insakking, grondverskuiwing, sneeustorting, orkaan, sikloon, vulkaniese uitbarsting of soortgelyke natuurrampe.

3. Verlies of skade waarvoor 'n leweransier, kontrakteur of hersteller kontraktueel of andersins regtens aanspreeklik is.

4. Verlies of skade te wyte aan enige foute of gebreke wat ten tyde van die aanvang van hierdie afdeling bestaan het en waarvan die versekerde of sy verteenwoordigers bewus was, hetsy die versekeraar van sodanige foute of gebreke bewus was al dan nie.

5. Herstelwerk of vervanging wat genoodsaak word deur regstreekse skade te wyte aan slytasie, korrosie, erosie, aanpaksels van skaal, slyk of ander sedimente, roes, of skrape op geverfde of gepoleerde oppervlakke, of deur enige ander regstreekse gevolge van die toenemende of voortdurende invloede van atmosferiese-, chemiese, of bedryfsinwerking; maar die versekeraar sal aanspreeklik wees vir enige verlies voortspruitende uit onderbreking of belemmering veroorsaak deur skade wat ontstaan uit sodanige oorsake en andersins ingevolge hierdie afdeling verseker is.

6. Verlies of skade te wyte aan abnormale toestande wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit toetsing, opsetlike oorlaaiing of eksperimente.

7. Tekort aan of vernietiging, agteruitgang of beskadiging van grondstowwe, halfvoltooide of voltooide produkte of ander stowwe benodig vir behoorlike bedryf, selfs indien die gevolge van materiële skade aan 'n item wat in die lys onder die opskrif "Lys van masjinerie en toerusting" in die bylae van die afdeling: Masjinerie Breekskade van hierdie polis, betrokke is.

8. Enige beperkings op herbouing of bedryf opgelê deur enige openbare owerheid.

9. Dat die versekerde nie betyds voldoende kapitaal beskikbaar het nie om vernietigde of beskadigde masjinerie te vervang of te herstel.

10. Verlies van of skade aan masjinerie, meganiese installasies en hulle bykomstige installasies of ander items wat nie beskryf is nie in die lys onder die opskrif "Lys van masjinerie en toerusting" in die bylae van hierdie afdeling, selfs indien die gevolge van materiële skade aan 'n item wat in die voormelde lys beskryf is, betrokke is.

11. Verlies van besigheid te wyte aan oorsake soos die opskorting, vervalling of kansellering van 'n huurkontrak, lisensie of bestelling ensovoorts wat plaasvind na die die datum waarop die masjinerie en toerusting wat deur 'n ongeluk geraak was, weer in werkende toestand is en die besigheid voortgesit kon gewees het indien die voormelde huurkontrak, lisensie of bestelling ensovoorts nie opgeskort, verval of gekanselleer was nie.

Indien die versekeraar uit hoofde van enige van die bepalings van spesifieke uitsonderings 3 en 4 hierbo beweer dat enige verlies of eis nie deur hierdie afdeling gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

# WYSIGING BETREFFENDE ALGEMENE UITSONDERINGS

Slegs vir die doeleindes van hierdie afdeling word die algemene uitsonderings van hierdie polis gekanselleer en deur die volgende vervang:

1. (A) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:

   (i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;

   (ii) oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;

   (iii) (a) muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal;

   (b) opstand, rebellie of revolusie;

   (iv) enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;

   (v) enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;

   (vi) enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word;

   (vii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule (A) (i), (ii), (iii), (vi), (v) of (vi) hierbo verwys word.

   Indien die versekeraar beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

   (B) Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

2. Hierdie polis dek nie enige verlies of eis voortspruitende uit onderbreking of belemmering van die besigheid wat regstreeks of onregstreeks toe te skryf is aan enige verlies of skade veroorsaak deur of deur middel van of ontstaan uit of ten gevolge van of waartoe regstreeks of onregstreeks bygedra word deur:

   (i) kernwapenmateriaal;

   (ii) ioniserende uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding van kernbrandstof. Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die behoorlike inagneming en uitvoering van die bepalings van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover dit betrekking het op enigiets wat deur die versekerde gedoen of nagekom moet word, is 'n voorafgaande voorwaarde vir die aanspreeklikheid van die versekeraar.

2. (a) Verteenwoordigers van die versekeraar sal die reg hê om te enige redelike tyd die risiko na te gaan en te ondersoek en die versekerde moet die versekeraar se verteenwoordigers voorsien van alle besonderhede en inligting wat vir die beoordeling van die risiko nodig is.

   (b) Die versekerde moet die versekeraar so spoedig moontlik skriftelik in kennis stel van enige wesenlike verandering rakende die risiko en die versekerde moet op eie koste sodanige verdere voorsorgmaatreëls tref as wat onder die omstandighede nodig mag wees en die omvang van die dekking en/of die premie sal, indien nodig, dienooreenkomstig aangepas word.

3. Indien te eniger tyd na die aanvang van hierdie afdeling:

   (a) die besigheid in likwidasie gaan of voortgesit word deur 'n likwidateur, kurator, trustee of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word;

   (b) die versekerde se belange ophou bestaan op 'n ander wyse as deur dood;

   (c) enige verandering waardeur die risiko van 'n ongeluk vergroot word deur die versekerde aangebring of toegelaat word;

   (d) die aanhou van reserwe-of noodmasjinerie of enige ander verlies-minimaliseringsfaktore wat bestaan het toe die versekering ingevolge hierdie afdeling aangegaan is, verminder of gestaak word, of sodanige reserwe-of noodmasjinerie nie in 'n doeltreffende werkende toestand gehou word en vir onmiddellike gebruik beskikbaar is nie;

   dan sal, nieteenstaande enigiets teenstrydigs vervat in algemene voorwaarde I van hierdie polis, die versekering ingevolge hierdie afdeling tot 'n einde kom, tensy en totdat die voortsetting van die versekering ingevolge hierdie afdeling skriftelik deur die versekeraar bevestig is.

4. Die versekerde moet alle redelike sorg dra by die keuring van die indiensneming van en by die toesighouding oor alle werknemers en by die voorkoming van enige verlies of skade en by die nakoming van enige statutêre regulasies en vervaardigers se aanbevelings. Die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde 4 is van toepassing benewens die bepalings van algemene voorwaarde 5 van hierdie polis.

5. Die versekerde is verplig om volledige opgawes te hou. Alle opgawes (byvoorbeeld inventarisse, produksieen balansstate) vir die drie voorafgaande jare moet gehou word in veilige bewaring of (as 'n voorsorgmaatreël teen die gelyktydige vernietiging daarvan) moet die versekerde afsonderlike stelle van sodanige opgawes hou.

6. By die plaasvind van enige gebeurtenis wat op 'n eis ingevolge hierdie afdeling mag uitloop, moet die versekerde:

   (a) die versekeraar onmiddellik per telefoon of telegram in kennis stel van die voormelde gebeurtenis en binne 48 uur na die voormelde gebeurtenis, skriftelike bevestiging daarvan aan die maatskappy stuur;

   (b) sodanig optree en alle sodanige dinge doen en instem en toelaat dat dit gedoen word as wat redelikerwys uitvoerbaar is om die omvang van enige onderbreking of belemmering van die besigheid te minimaliseer of vas te stel of om die verlies wat uit enige onderbreking of belemmering van die besigheid voortspruit, te verhoed of te verminder;

   (c) insoverre as wat redelikerwys uitvoerbaar is en sonder om 'n verlenging van die tydperk van onderbreking of belemmering van die besigheid te veroorsaak, voorsorgmaatreëls tref om enigiets wat noodsaaklik of nuttig mag wees as getuienis in verband met enige eis te bewaar;

(d) die gebruik van enige beskadigde masjinerie of toerusting staak, tensy die versekeraar magtiging tot die teendeel verleen, en tot tyd en wyl die beskadigde masjinerie tot die versekeraar se tevredenheid herstel is, sal die versekeraar nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van enige verdere onderbreking of belemmering van die besigheid wat ontstaan uit die voortgesette gebruik van enige beskadigde masjinerie en toerusting sonder dat die versekeraar toestemming vir sodanige gebruik verleen het.

7. Indien ʹn eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, moet die versekerde binne 30 dae na die verstryking van die skadeloosstellingstydperk (of binne enige tydsverlenging wat die versekeraar skriftelik mag toestaan) op eie koste aan die versekeraar voorlê ʹn skriftelike opgaaf waarin volledige besonderhede van die versekerde se eis verstrek word tesame met besonderhede van alle ander versekering wat die ongeluk of enige deel daarvan of enige gevolglike verlies (van enige aard wat ook al) wat daaruit voortspruit, dek. Die versekerde moet op eie koste ook aan die versekeraar verskaf sodanige rekening-en ander besigheidsboeke, dokumente, bewyse, inligting, verduideliking en ander getuienis as wat redelikerwys deur die versekeraar verlang mag word vir die doel om die eis te ondersoek of te kontroleer, tesame met (indien dit vereis word) ʹn beëdigde verklaring aangaande die juistheid van die eis en van enige aangeleenthede wat aan die eis verbonde is.

8. Indien ten tyde van enige ongeluk wat uitloop op ʹn verlies waarteen ingevolge hierdie afdeling verseker is, daar enige ander versekering bestaan wat deur of ten behoewe van die versekerde aangegaan is wat dieselfde verlies of enige gedeelte daarvan dek, dan sal die versekeraar nie aanspreeklik wees nie om meer as sy eweredige deel van enige bedrag betaalbaar ten opsigte van die geheel van sodanige verlies te betaal of by te dra nie. Met dien verstande, nietemin, dat die versekeraar nie aanspreeklik sal wees nie om te betaal vir of by te dra tot enige verlies wat verseker is

9. Die totale bedrag van die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie afdeling verleen word, sal betaalbaar wees twee weke ná die finale vasstelling van sodanige bedrag. Indien ná die verstryking van een maand sedert die aanvang van ʹn onderbreking of belemmering van die besigheid en na die verstryking van elke verdere maand, dit moontlik is om vas te stel wat die minimum bedrag is wat die versekeraar aanspreeklik is om te betaal ten opsigte van die dan verstreke tydperk van voormelde onderbreking of belemmering, sal die versekerde geregtig wees om daarop aan te dring dat die voormelde minimum bedrag aan die versekerde betaal moet word as ʹn gedeeltelike betaling ten opsigte van die totale bedrag van die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie afdeling verleen word.

Met dien verstande dat:

(a) die maatskappy geregtig sal wees om enige betaling uit te stel

(i) indien daar enige twyfel bestaan aangaande die versekerde se reg om betaling te ontvang, totdat die nodige bewys gelewer is;

(ii) indien, as gevolg van enige fisiese verlies of skade of enige onderbreking of belemmering van die besigheid, ʹn begin gemaak is met enige polisie-of strafregtelike ondersoek teen die versekerde, totdat sodanige ondersoek afgehandel is;

(b) die versekeraar nie aanspreeklik sal wees nie om rente, behalwe rente weens versuim, te betaal.

10. In geval van ʹn ongeluk rakende enige masjinerie en toerusting wat op ʹn eis ingevolge hierdie afdeling mag uitloop, sal die versekeraar geregtig wees om alle nodige herstelwerk of vervanging oor te neem en te beheer.

11. By die plaasvind van enige gebeurtenis ten opsigte waarvan ʹn eis ingevolge hierdie afdeling ingestel is of ingestel mag word, is die versekeraar en iedere persoon deur die versekeraar daartoe gemagtig, geregtig (sonder om enige aanspreeklikheid op die hals te haal en sonder om die reg van die versekeraar om hom op enige ander voorwaardes van hierdie polis te beroep, in te kort) om enige gebou waar die verlies plaasgevind het binne te gaan en om besit te neem van of te vereis dat aan hulle gelewer word enige van die masjinerie en toerusting en om sodanige masjinerie en toerusting in besit te hou en daarmee te handel vir alle redelike doeleindes en op enige redelike manier. Hierdie voorwaarde dien as magtiging deur die versekerde aan die versekeraar om aldus te handel. Indien die versekerde of enigiemand wat names die versekerde optree, nie aan die vereistes van die versekeraar voldoen nie of die versekeraar tydens die uitvoering van enige van die voormelde handelinge, belemmer of dwarsboom, sal alle voordeel ingevolge hierdie afdeling verbeur word.

# AANHANGSEL 1 – BEPALINGS

Die versekering ingevolge item 1 van hierdie afdeling is beperk tot verlies van bruto wins weens (a) Vermindering van omset en (b) Verhoging in bedryfskoste en die bedrag as skadeloosstelling daarkragtens betaalbaar, sal wees:

(a) Ten opsigte van vermindering van omset: Die bedrag verkry deur die toepassing van die bruto winspersentasie op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die ongeluk by die standaardomset te kort skiet;

(b) Ten opsigte van vermeerdering van bedryfskoste: Die bykomende uitgawe noodsaakliker-en redelikerwyse aangegaan met die enigste doel om te vermy of te verklein die vermindering van omset wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk ten gevolg van die ongeluk sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag verkry deur die toepassing van die bruto wins-persentasie op die bedrag van die vermindering daardeur vermy min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die koste en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit bruto wins as wat mag ophou of verminder mag word ten gevolge van die ongeluk, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar eweredig verminder sal word indien die bedrag verseker ten opsigte van Item 1 van hierdie afdeling minder is as die bedrag verkry deur die toepassing van die bruto winspersentasie op die jaarlikse omset.

# WOORDOMSKRYWINGS EN AANTEKENINGE

Vir die doeleindes van die versekering ingevolge item 1 van hierdie afdeling beteken die uitdrukking "bruto wins" die bedrag waarmee

(1) die totaal van die waarde van die omset en die waarde van die eindvoorraad

(2) die totaal van die waarde van die beginvoorraad en die bedrag van die gespesifiseerde bedryfsuitgawes oorskry.

**Voorraad** – Die waardes van die begin-en die eindvoorraad sal vasgestel word volgens die versekerde se gebruiklike rekeningkundige metodes nadat behoorlike voorsiening vir waardevermindering gemaak is.

**"Gespesifiseerde bedryfsuitgawes"** – daardie veranderlike uitgawes (van die besigheid) wat gespesifiseer is onder die opskrif "Gespesifiseerde bedryfsuitgawes" in die bylae van hierdie afdeling.

**"Omset"** – die geld (minus kortings toegestaan) betaal of betaalbaar aan die versekerde vir goedere verkoop en gelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die perseel.

**"Skadeloosstellingstydperk"** – die tydperk, tot hoogstens die skadeloosstellingstydperklimiet vermeld in die kolom onder die opskrif "Skadeloosstellingstydperklimiet" van die lys onder die opskrif "Lys van masjinerie en toerusting: in die bylae van hierdie afdeling, wat begin by die plaasvind van die ongeluk gedurende welke tydperk die resultate van die besigheid ten gevolge van sodanige ongeluk geraak word, met dien verstande altyd dat die versekeraar nie aanspreeklik sal wees nie vir die bedrag van die verlies wat ontstaan gedurende die tydbydrae en dat sodanige tydbydrae 'n aanvang sal neem by die begin van die onderbreking of belemmering van die besigheid wat op 'n eis ingevolge hierdie afdeling uitloop.

**"Tydbydrae"** – die tydperk vermeld in die kolom onder die opskrif "Tydbydrae" van die lys onder die opskrif "Lys van masjinerie en toerusting" in die bylae van hierdie afdeling.

**"Bruto wins-persentasie"** – die persentasie bruto wins verdien op die omset gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die ongeluk, waaraan sodanige aanpassings gemaak moet word as wat nodig mag wees om voorsiening te maak vir die tendensie van die besigheid en vir skommelinge in die besigheid of spesiale omstandighede wat die besigheid raak, hetsy voor of ná die ongeluk, of wat die besigheid sou geraak het indien die ongeluk nie plaasgevind het nie, sodat die syfers aldus aangepas so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultaat verteenwoordig wat, as dit nie vir die ongeluk was nie, verkry sou gewees het gedurende die betrokke tydperk na die ongeluk.

**"Standaardomset"** – die omset gedurende daardie tydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeluk wat ooreenstem met die skadeloosstellingstydperk, waaraan sodanige aanpassings gemaak moet word as wat nodig mag wees om voorsiening te maak vir die tendensie van die besigheid en vir skommelinge in die besigheid of spesiale omstandighede wat die besigheid raak, hetsy voor of ná die ongeluk, of wat die besigheid sou geraak het indien die ongeluk nie plaasgevind het nie, sodat die syfers aldus aangepas so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultaat verteenwoordig wat, as dit nie vir die ongeluk was nie, verkry sou gewees het gedurende die betrokke tydperk na die ongeluk.

**"Jaarlikse omset"** – die omset wat, as dit nie vir die ongeluk was nie, die versekerde in staat sou gewees het om te verkry gedurende die twaalf maande onmiddellik voor of die datum waarop die besigheid nie langer geraak is nie of die datum waarop die skadeloosstellingstydperk eindig, welke datum ook al die vroegste is.

# AANTEKENING 1

Indien gedurende die skadeloosstellingstydperk goedere verkoop of dienste gelewer word elders as by die perseel tot voordeel van die besigheid hetsy deur die versekerde of deur enigiemand anders ten behoewe van die versekerde, dan sal die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in berekening gebring word by die vasstelling van die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk.

# AANHANGSEL 2 – KLOUSULES

Dit word uitdruklik verklaar en ooreengekom dat die volgende klousules (elkeen afsonderlik) origens onderworpe sal wees aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover dit van toepassing kan wees) van hierdie polis, asof dit by sodanige klousules ingelyf is.

## 1. Klousule betreffende opknapping

By die vasstelling van die bedrag wat betaalbaar is as skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling, sal behoorlik toegelaat word vir die tyd wat bestee was aan enige opknappings, inspeksies of modifikasies wat gedoen was gedurende enige tydperk van onderbreking of belemmering van die besigheid.

## 2. Klousule betreffende voordele na herinwerkingstelling

Indien gedurende ʹn tydperk van ses maande wat onmiddellik volg op die herinwerkingstelling na ʹn ongeluk van die masjinerie en toerusting, die versekerde voordeel trek uit uitgestelde verkope of uit verhoogde produksie en/of winste as ʹn gevolg van ʹn onderbreking of belemmering van die besigheid, dan sal sodanige voordeel in berekening gebring word by die vasstelling van die bedrag wat betaalbaar is as skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling.

## 3. Klousule betreffende herstelling van versekerde bedrag

Die bedrag verseker ingevolge hierdie afdeling sal vir die tydperk vanaf die plaasvind van ʹn ongeluk tot die laaste datum van die dan lopende (jaarlikse) versekeringstydperk, herstel word teen die betaling van ʹn bykomende premie op ʹn pro rata-grondslag en sodanige bykomende premie sal bereken word op daardie gedeelte van die voormelde versekerde bedrag wat ooreenstem met die bedrag wat betaal is as skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling. Die ooreengekome versekerde bedrag sal egter onveranderd bly.

## 4. Klousule betreffende terugbetaling van premie

Indien die versekerde nie later nie as 6 maande na die verstryking van enige (jaarlikse) versekeringstydperk, verklaar dat die bruto wins verdien gedurende die rekeningstermyn van 12 maande wat uiters naaste samevallend is met die voormelde (jaarlikse) versekeringstydperk, soos deur die versekerde se ouditeure gesertifiseer, minder is as die versekerde bedrag daarop, dan sal 'n pro rata-terugbetaling van premie, tot hoogstens een derde van die premie betaal op sodanige versekerde bedrag vir sodanige (jaarlikse) versekeringstydperk, ten opsigte van die verskil gemaak word. Indien enige ongeluk wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling plaasgevind het, sal die voormelde terugbetaling gemaak word ten opsigte van slegs soveel van die voormelde verskil as wat nie aan die voormelde ongeluk te wyte is nie.

## 5. Klousule betreffende verlenging van die tydperk van onderbreking

Die versekeraar sal nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik wees nie ten opsigte van die verlenging van enige tydperk van onderbreking of belemmering van die besigheid wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit die werking van:

(a) enige geproklameerde wet van die Republiek van Suid-Afrika, met inbegrip van enige valutabeheerregulasies, wat gerig is teen enige ander land;

(b) enige wet van 'n buiteland of internasionale wet wat gerig is teen die Republiek van Suid-Afrika;

(c) enige ekonomiese sanksies, konvensies, handelsembargo's, boikotte, stakings, of aksies wat gerig is teen die Republiek van Suid-Afrika, behalwe wat plaasvind binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika.

Indien die versekeraar beweer dat hierdie klousule van toepassing is uit hoofde van enige of almal van stipulasies (a), (b) en (c) hierbo, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

santam

# HUISBEWONERS

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. Verlies van of skade aan die geheel of 'n gedeelte van die versekerde eiendom veroorsaak deur enige van die gevare wat in Onderafdeling A gespesifiseer word.

2. Verlies en/of bykomende uitgawes beskryf in Onderafdeling B.

## ONDERAFDELING A – EIENDOM

1. Brand, weerlig, ontploffing.

2. Storm, wind, water, hael of sneeu, met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom:

   (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

   (b) in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie.

   Altyd met dien verstande dat hierdie Onderafdeling A2 nie die volgende dek nie:

   (i) slytasie of geleidelike agteruitgang;

   (ii) enige verlies of skade wat veroorsaak of vererger is deur:

      (a) lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar- of drenkstelsel in enige gebou waarin die versekerde eiendom is;

      (b) insakking en grondverskuiwing;

      (c) die versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om enige verlies of skade te voorkom of tot 'n minimum te beperk.

3. Aardbewing.

4. Vallende bome of botsing teen die versekerde geboue deur voertuie, diere, lugvaartuie en ander lugtoestelle of enigiets wat daarvan val.

5. Diefstal of enige poging daartoe, maar met uitsluiting van:

   (a) diefstal (of enige poging daartoe) terwyl die geboue of enige deel daarvan uitgeleen, verhuur of onderverhuur is, tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die geboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele. Vir die doeleindes van hierdie Onderafdeling A5(a) sal die inneem van gaste wat betaal, kosgangers of loseerders, hoogstens drie in getal, nie geag om die uitleen, verhuur of onderverhuur van die geboue te wees nie;

   (b) diefstal (of enige poging daartoe) vanuit enige huishoudelike buitegeboue, tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaard gaan met inbreek of uitbreek uit sodanige huishoudelike buitegeboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele.

6. Diefstal (of enige poging daartoe) vanuit enige huishoudelike buitegeboue, welke diefstal nie gepaard gaan nie met inbreek in of uitbreek uit sodanige huishoudelike buitegeboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele, altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie Onderafdeling A6 nie R5 000 of 2 persent van die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

7. Kwaadwillige beskadiging.

8. Die ineenstorting of brekasie van die antennestelsels (insluitend satellietskottels).

9. Lekkasie van olie uit olieverwarmers en lekkasie van water uit wasmasjiene en skottelgoedmasjiene.

# ONDERAFDELING B – HUURGELD

Verlies van huurgeld wat werklik deur die versekerde gely is as gevolg daarvan dat die versekerde se private woning sodanig beskadig word deur enige van die gevare waarteen verseker word ingevolge Onderafdeling A, dat dit onbewoonbaar gemaak word en die redelike bykomende koste noodsaaklikerwyse deur die versekerde by 'n hotel of losieshuis aangegaan, maar slegs ten opsigte van die tydperk wat vir herstelling nodig is. Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie Onderafdeling B nie 25 persent van die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

# OMSKRYWINGS

**Versekerde eiendom** beteken:

(a) inhoud, terwyl gehou in die versekerde se private woning en huishoudelike buitegeboue, altyd met dien verstande dat indien die inhoud van twee of meer van die versekerde se private wonings en hulle onderskeie huishoudelike buitegeboue ingevolge hierdie afdeling verseker is, sal die bepalings, beperkings, uitsonderings en voorwaardes wat in hierdie afdeling bevat is, afsonderlik op die inhoud van elkeen van sodanige private wonings en hulle onderskeie huishoudelike buitegeboue van toepassing wees asof die inhoud van elkeen van sodanige private wonings en hulle onderskeie huishoudelike buitegeboue kragtens 'n afsonderlike polis verseker is.

(b) persoonlike besittings van besoekers van die versekerde en/of medeversekerdes terwyl sodanige persoonlike besittings in die versekerde se private woning gehou word, altyd met dien verstande dat:

  (i) sodanige persoonlike besittings nie andersins verseker is nie;

  (ii) die aanspreeklikheid van die versekeraar ten opsigte van verlies van of skade aan die persoonlike besittings van besoekers nie R5 000 of 2 persent van die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word (wat ook al die grootste is), sal oorskry nie.

(c) persoonlike besittings van enige bediende in die voltydse diens van die versekerde of medeversekerdes terwyl sodanige persoonlike besittings in die geboue gehou word, altyd met dien verstande dat:

  (i) verlies of skade deur diefstal (of enige poging daartoe) uitgesluit is tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit die geboue deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele;

  (ii) die aanspreeklikheid van die versekeraar ten opsigte van verlies van of skade aan die persoonlike besittings van alle bediendes nie R5 000 of 2 persent van die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word (wat ook al die grootste is), sal oorskry nie.

**Medeversekerdes** beteken die gade van die versekerde en enige ander familielid van die versekerde of familielid van die gade van die versekerde, mits die voormelde familielid normaalweg by die versekerde inwoon.

**Versekerde se private woning** beteken die gebou van die versekerde se private woonhuis/woonstel waarvan die konstruksie en ligging is soos in die bylae vermeld word.

**Huishoudelike buitegeboue** beteken die geboue van alle huishoudelike vertrekke, private motorhuise en private buitegeboue wat op dieselfde perseel is as en gebruik word slegs in verband met, maar wat nie direk toegang tot die versekerde se private woning verleen nie.

**Geboue** beteken die versekerde se private woning en huishoudelike buitegeboue.

**Vermelde perseel** beteken die perseel waarop die versekerde se private woning geleë is.

**Inhoud** beteken huishoudelike goedere en persoonlike besittings van allerlei aard, die eiendom van die versekerde en medeversekerdes of waarvoor hulle verantwoordelik is, en vaste uitrusting en toebehore, die eiendom van die versekerde en medeversekerdes of waarvoor hulle regtens verantwoordelik is, maar met uitsluiting van vaste uitrusting en toebehore wat aan die eienaar van die geboue behoort.

# UITBREIDINGS

## (1) Algemene uitbreidings

Onderworpe andersins aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis dek hierdie afdeling ook die volgende:

### A. VERLIES VAN OF SKADE AAN DIE INHOUD VAN YSKASTE EN VRIESKASTE

Toevallige bederwing van die inhoud van ys- of vrieskaste (insluitend vrieskamers en koelkamers) binne die versekerde se geboue weens temperatuurveranderinge. Bederwing weens die doelbewuste afsny van krag deur enige instansie is nie verseker nie. Skade aan die ys- of vrieskaste (insluitend vrieskamers en koelkamers) is nie verseker nie. Met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie R5 000 of 2 persent van die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word (wat ook al die grootste is), sal oorskry nie.

### B. VERLIES VAN GELD

Verlies van of skade aan die versekerde of ʼn medeversekerde se geld terwyl dit binne die versekerde se private woning is en veroorsaak is deur enige van die gevare gespesifiseer in Onderafdeling A. Diefstal van geld moet gepaardgaan met inbreek in of uitbreek uit die voormelde private woning deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele. Met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie R2 500 sal oorskry nie.

### C. TOEVALLIGE BREKASIE VAN SPIEËLS EN SEKERE GLAS

Toevallige brekasie van glas van spieëls, glasblaaie van meubels en (indien dit nie andersins verseker is nie) vaste glas wat deel uitmaak van enige stoof of oond of ander meubelstuk (behalwe ʼn televisie-apparaat), die eiendom van die versekerde of medeversekerdes, terwyl gehou in die versekerde se private woning.

### D. MEDIESE UITGAWES

Mediese uitgawes, wat nie andersins verseker is nie, tot R10 000 per persoon vir toevallige liggaamlike besering opgedoen deur enige:

(a) persoon, uitgesluit die versekerde of ʼn medeversekerde of ʼn persoon in die versekerde of ʼn medeversekerde se diens, wat direk veroorsaak is deur die versekerde of ʼn medeversekerde se huisdier wat op die versekerde se perseel gehou word;

(b) gas of besoeker van die versekerde of ʼn medeversekerde, wat direk veroorsaak is weens ʼn defek in die geboue of perseel;

(c) huishoudelike werknemer van die versekerde of 'n medeversekerde wat ontstaan uit die loop van hul diens;

met dien verstande dat sodanige koste nie onder enige mediese versekering gedek is of gedek kan wees nie.

## E. BRANDWEERKOSTE

Redelike koste gehef deur 'n gemagtigde instansie vir brandblussing om skade aan inhoud te voorkom of te verminder.

## F. VERGOEDING VIR DIE DOOD VAN DIE VERSEKERDE

Vergoeding van R10 000 indien die versekerde of enige lid van die versekerde se naaste familie binne negentig dae sterf weens 'n besering opgedoen in die versekerde se geboue of op die versekkerde se perseel deur brand of diewe.

## G. BERGINGSKOSTE VIR INHOUD NA SKADE

Noodsaaklike bergingskoste wat deur die versekerde aangegaan is om die inhoud te beveilig na die plaasvind van enige gevaar gespesifiseer in Onderafdeling A. Met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie R5 000 of 2 persent van die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word (wat ook al die grootste is), sal oorskry nie.

## H. TYDELIKE VERHOGING VAN DIE VERSEKERDE BEDRAG

Inhoud se versekerde bedrag word jaarliks vanaf 15 Desember tot 31 Januarie met 10 persent verhoog.

## I. WAGTE

Indiensneming van wagte om u inhoud te beskerm na die plaasvind van enige gevaar soos gespesifiseer in Onderafdeling A. Met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie R10 000 sal oorskry nie.

## J. TOEVALLIGE SKADE

Hierdie afdeling van die polis word uitgebrei om die volgende dekking in te sluit. Verlies van of skade aan inhoud terwyl dit binne die versekerde se geboue of op die versekerde se perseel is

Met dien verstande dat die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding nie aanspreeklik sal wees nie ten opsigte van:

(a) verlies of skade

  (i) wat onder Onderafdeling A betaalbaar is;

  (ii) weens waardevermindering of oorsake wat geleidelik inwerk soos slytasie, roes, muf, wegvreting en verrotting;

  (iii) veroorsaak deur huishoudelike peste soos knaagdiere, miere en motte of 'n proses van skoonmaak, herstel of opknapping;

  (iv) van of aan gereedskap, tuinmaakwerktuie, tuinmeubels of outomatiese swembadskoonmaakapparate;

  (v) van of aan draagbare rekenaartoerusting of sellulêre telefone;

(b) skade aan glas, glasware of ander bros artikels weens krake of skrape, tensy veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal of brand. Juweliersware, kameras en vaste glas van televisiestelle word nie uitgesluit nie;

(c) die koste van reproduksie of herstel van data;

Eweredigheid sal nie toegepas word op hierdie uitbreiding nie. Met dien verstande dat die aanspreeklikheidsperk vir hierdie uitbreiding R10 000 beloop en dat dit onderworpe is aan 'n eerste bedrag betaalbaar van R500 ten opsigte van iedere en elke eis.

## K. KOSTE VAN SLOPING EN OPRUIMING EN OPRIGTING VAN SKUTTINGS

Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit die koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van geboue en masjinerie en/of die verwydering van puin en die verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede ná skade aan die versekerde eiendom weens 'n omskrewe gebeurtenis, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag op die eiendom wat geraak word, beloop.

Die versekeraar betaal nie vir enige koste of uitgawe nie:

1. aangegaan vir die verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan sodanige terrein;
2. voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie ingevolge hierdie polis/ afdeling verseker is nie.

## L. SLEUTELS, SLOTTE EN AFSTANDBEHEEREENHEDE

Verlies van of skade aan sleutels, slotte en afstandbeheereenhede wat in verband met die versekerde se privaat woning gebruik word. Die redelike koste opgeloop om 'n slotmaker vanweë 'n noodgeval wat deur verlies of skade veroorsaak is, uit te roep, word ook gedek.Met dien verstande dat:

(i) die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R3 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

(ii) die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir die eerste R300 van elke gebeurtenis.

## M. VERVOER VAN KRUIDENIERSWARE EN HUISHOUDELIKE GOEDERE

Verlies van of skade aan kruideniersware en huishoudelike goedere wat die versekerde of 'n medeversekerde na die aankoop daarvan volgens 'n redelike direkte roete huis toe vervoer.Met dien verstande dat:

(i) die versekeraar se aanspreeklikheid hoogstens R10 000 ten opsigte van enige enkele gebeurtenis beloop;

(ii) die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir die eerste R250 van elke gebeurtenis.

## N. ONGERIEFSDEKKING

Die versekeraar sal 'n addisionele R2 000 aan die versekerde betaal vir enige ongerief gely, volgende 'n totale verlies in terme van hierdie afdeling. Hierdie betaling is benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar aanspreeklik mag wees.

## O. VEEARTSKOSTE

Veerartskoste tot R5 000 vir beserings wat u huishoudelike troeteldier (uitgesluit diere wat aangehou word vir privaat slagdoeleiendes of vir kommersiële gebruik) in 'n ongeluk waarby 'n motorvoertuig betrokke is, opdoen

## P. BEPERKTE BED-EN-ONTBYT DEKKING

Die dekking onder hierdie uitbreiding geld slegs as drie of minder slaapkamers van die versekerde se privaat woning aan gaste verhuur word en die versekerde permanent in die privaat woning woonagtig is.

(a) Handelsvoorraad

Die versekeraar sal dekking gee vir handelsvoorraad as die versekerde bedrag wat in die bylae vir Huisbewoners genoem word, ingesluit die handelsvoorraad van die Bed-en-Ontbyt, voldoende is. Indien die versekerde bedrag nie voldoende is nie, sal eweredigheid toegepas word.

(b) Verhoging tydens hoogseisoen

Die bedrag wat in die bylae vir die Huisbewonersafdeling genoem word, sal met 10% verhoog tydens:

(i) lang naweke;

(ii) feeste; en

(iii) skoolvakansies wat op die amptelike provinsiale skoolkalender genoem word

(c) Verlies of skade van 'n betalende gas se persoonlike besittings

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel vir die verlies van of skade wat 'n versekerde gevaar veroorsaak aan die persoonlike besittings, uitgesluit geld en enige items van 'n verhandelbare aard, wat aan betalende gaste behoort terwyl die persoonlike besittings in die versekerde se privaat woning is. Hierdie dekking sluit nie huishoudelike goedere en persoonlike besittings in wat elders verseker is nie.Die limiet vir skadeloosstelling sal nie R10 000 oorskry nie.

(d) Traumavergoeding vir betalende gaste

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos vir enige fooie wat 'n geregistreerde professionele berader hef vir die behandeling van trauma wat deur 'n betalende gas gely is as die gas behandeling nodig het as gevolg van diefstal, inbraak, kaping of brand wat op die versekerde se perseel plaasgevind het. Die versekeraar sal nie die versekerde vergoed vir uitgawes wat van ander versekering of 'n fasiliteit verhaal kan word nie. Skadeloosstelling is beperk tot R10 000.

(e) Skoonmaak en droogskoonmaak van gaste se eiendom

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid wat voortspruit uit toevallige verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl sodanige wasgoed skoongemaak of droogskoongemaak word deur die versekerde of deur 'n derde party op die instruksie van die versekerde.Die limiet vir skadeloosstelling sal nie R5 000 oorskry nie.

### Q. SKADE DEUR WILDE BOBBEJANE OF WILDE APE

Die versekeraar stel die versekerde skadeloos vir verlies van of skade aan die versekerde se privaat woning en buitegeboue wat veroorsaak word deur wilde bobbejane of wilde ape.

Die limiet vir skadeloosstelling sal nie 2% van die versekerde bedrag of R10 000 ooskry nie.

## (2) Aanspreeklikheidsuitbreidings

Onderworpe andersins aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis dek hierdie afdeling ook die volgende wat ontstaan gedurende die versekeringstydperk:

### A. HUURDERSAANSPREEKLIKHEID, in welke geval

die versekeraar die versekerde skadeloos sal stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde as huurder of okkupeerder van 'n woonplek, en nie as eienaar nie, wetlik aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal ten opsigte van die volgende:

1. verlies van of skade aan die voormelde gehuurde geboue en/of vaste uitrusting en toebehore daarin, direk veroorsaak deur:

    (a) storm of orkaan (maar met uitsluiting van verlies of skade deur oorstroming) of die oopbars of oorloop van watertenks, -apparate of -pype;

    (b) diefstal of enige poging daartoe;

    (c) brand of ontploffing;

    (d) botsing deur diere of voertuie;

    (e) verlies van of skade aan sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles.

    Altyd met dien verstande dat ten opsigte van enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat ontstaan uit of toe te skryf is aan enige een bron of oorspronklike oorsaak, die aanspreeklikheid van die versekeraar nie R3 000 000 in totaal sal oorskry nie, maar ten opsigte van A(1)(e) nie R1 000 sal oorskry nie.

2. toevallige brekasie, maar slegs terwyl die private woning wat deel uitmaak van die voormelde gehuurde geboue gemeubileer is en deur die versekerde in sy hoedanigheid as huurder bewoon word, van:

    (a) glas van: vensters met insluiting van dakvensters, deure, boligte, kweekhuise, glashuise en verandas;

    (b) baddens, waskomme, spoelbakke, latrinebakke, latrinewaterbakke, voetstukke en spatskerms (maar met uitsluiting van afsplintering, skrape en ander ontsiering);

    al die voormelde wat vaste dele uitmaak van die geboue.

3. toevallige skade aan ondergrondse water-, gas- en rioolpype en ondergrondse elektrisiteits- en telefoonkabels, al die voormelde wat strek vanaf die openbare hooftoevoer tot by die geboue.

**B. WETLIKE AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DIE PUBLIEK**, in welke geval die versekeraar

(A) die versekerde in sy hoedanigheid as huishouer wat die geboue bewoon;

of

(B) die versekerde se persoonlike regsverteenwoordigers (in geval van die dood van die versekerde) ten opsigte van aanspreeklikheid deur die versekerde op die hals gehaal, op voorwaarde, nietemin, dat sodanige regsverteenwoordigers, asof hulle die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover dit van toepassing kan wees, nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees,

en/of

(C) die medeversekerdes, op voorwaarde, nietemin, dat sodanige medeversekerdes

    (i) nie ingevolge enige ander versekering op skadeloosstelling geregtig is nie en

    (ii) elkeen, asof hy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover dit van toepassing kan wees, nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees, skadeloos sal stel teen:

        (a) alle bedrae waarvoor die versekerde en/of medeversekerdes wetlik aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal

    en

        (b) alle regskoste en -uitgawes

            (i) deur enige eiser van die versekerde en/of medeversekerdes verhaalbaar, maar op voorwaarde dat sodanige regskoste en -uitgawes betrekking het op

'n eis om vergoeding ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding (2)B verleen word en op voorwaarde verder dat sodanige regskoste en -uitgawes aangegaan was voor die datum waarop die versekeraar of die volle bedrag van die voormelde eis of enige mindere bedrag waarvoor die voormelde eis geskik kan word of die maksimum bedrag waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding (2)B ten opsigte van die voormelde eis aanspreeklik is, betaal het of onderneem het om dit te betaal,

of

(ii) deur die versekerde en/of medeversekerdes met die skriftelike toestemming van die versekeraar aangegaan, ten opsigte van:

(1) toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon behalwe 'n persoon

(i) wat die versekerde of enige van die medeversekerdes is of wat 'n kosganger, loseerder en/of 'n betalende gas van die versekerde of medeversekerdes is

(ii) wat in diens van die versekerde of medeversekerdes is indien sodanige dood, liggaamlike besering of siekte ontstaan uit en/of in die loop van die tydperk wat sodanige persoon in diens van die versekerde of medeversekerdes is,

en/of

(2) toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom, behalwe eiendom wat behoort aan of wat verpag, verhuur, gehuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of beheer is van of wat in die bewaring is van die versekerde of enige van die medeversekerdes of 'n kosganger, loseerder en/of betalende gas van die versekerde of medeversekerdes, of 'n persoon in die versekerde of medeversekerdes se diens,

wat plaasvind of ontstaan op die vermelde perseel.

Altyd met dien verstande dat:

(1) die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding (2)B vir alle regskoste en -uitgawes en alle vergoeding betaalbaar (ongeag die aantal eisers wat vergoeding eis) ten opsigte van of wat ontstaan uit enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat ontstaan uit of toe te skryf is aan enige een bron of oorspronklike oorsaak, nie R3 000 000 altesame sal oorskry nie.

(2) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding (2)B nie van toepassing sal wees nie op en ook nie eise sal insluit nie om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van:

(a) aanspreeklikheid deur die versekerde of medeversekerdes kragtens ooreenkoms aanvaar, tensy die versekerde of medeversekerdes aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande sodanige ooreenkoms;

(b) die dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of verlies van of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van of wat ontstaan uit of eie is aan of wat toe te skryf is aan:

(i) die besigheid, handel, beroep of professie van die versekerde of medeversekerdes;

(ii) die eienaarskap of besit of gebruik van hysers, hystoestelle, roltrappe, hyskrane, voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer sleepwaens en sleepwoonwaens, maar met uitsluiting van voetgangerbeheerde tuinmaakwerktuie, watervaartuie van enige soort of lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort;

(iii) die eienaarskap of besit of hantering van enige vuurwapens of windbukse of enige diere (behalwe honde en katte);

(iv) trilling of die verwydering of verswakking van of steuring aan stut van grond, geboue of enige ander eiendom.

(3) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding (2)B nie van toepassing sal wees nie op en ook nie sal insluit nie enige boetes of strawwe of bestraffende skadevergoeding ('fines or penalties or punitive, exemplary or vindictive damages'), maar op voorwaarde, nietemin, dat niks wat in hierdie voorbehoudsbepaling vervat is, hierdie afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie voorbehoudsbepaling nie ingevolge hierdie afdeling gedek sou gewees het nie.

(4) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding (2)B nie van toepassing sal wees nie op en ook nie sal insluit nie

(a) eise om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van dood of enige besering, siekte, verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg is van of ontstaan uit of toe te skryf is aan sypeling, besoedeling of kontaminasie. Hierdie voorbehoudsbepaling sal nie van toepassing wees nie op eise om vergoeding en regskoste en - uitgawes ten opsigte van toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom waar die voormelde sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onopsetlike en onverwagte gebeurtenis

(b) enige koste om sypel-, besoedelende of kontaminerende stowwe te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onopsetlike en onverwagte gebeurtenis. Op voorwaarde, nietemin, dat niks wat in hierdie voorbehoudsbepaling (4) vervat is, hierdie afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie voorbehoudsbepaling (4) nie ingevolge hierdie afdeling gedek sou gewees het nie.

(5) die skadeloosstelling verleen ingevolge hierdie uitbreiding (2)B nie van toepassing sal wees nie op en ook nie eise sal insluit nie om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van dood of enige besering of siekte wat toe te skryf is aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie.

C. **WETLIKE AANSPREEKLIKHEID TEENOOR HUISBEDIENDES,** in welke geval die versekeraar:

(A) die versekerde in sy hoedanigheid as huishouer

en/of

(B) die medeversekerdes, op voorwaarde dat sodanige medeversekerdes

(i) nie ingevolge enige ander versekering op skadeloosstelling geregtig is nie

en

(ii) elkeen, asof hy/sy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover dit van toepassing kan wees, nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees,

skadeloos sal stel teen:

(a) alle bedrae waarvoor die versekerde en/of medeversekerdes wetlik aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal

en

(b) alle regskoste en -uitgawes

(i) deur enige eiser van die versekerde en/of medeversekerdes verhaalbaar, maar op voorwaarde dat sodanige regskoste en -uitgawes betrekking het op 'n eis om vergoeding ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding (2)C verleen word en op voorwaarde verder dat sodanige regskoste en -uitgawes aangegaan was voor die datum waarop die versekeraar of die volle bedrag van die voormelde eis of enige mindere bedrag waarvoor die voormelde eis geskik kan word of die maksimum bedrag waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding (2)C ten opsigte van die voormelde eis aanspreeklik is, betaal het of onderneem het om dit te betaal,

of

(ii) deur die versekerde en/of medeversekerdes met die skriftelike toestemming van die maatskappy aangaan;

ten opsigte van

toevallige dood van of liggaamlike besering aan enige huisbediende in diens van die versekerde of medeversekerdes, op voorwaarde, nietemin, dat sodanige dood of liggaamlike besering alleenlik en regstreeks die gevolg is van 'n ongeval wat ontstaan uit en in die loop van die tydperk wat sodanige huisbediende in diens van die versekerde of medeversekerdes is

Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding (2)C vir alle regskoste en -uitgawes en alle vergoeding betaalbaar (ongeag die aantal eisers wat vergoeding eis) ten opsigte van of wat ontstaan uit enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat ontstaan uit of toe te skryf is aan enige een bron of oorspronklike oorsaak, nie die bedrag van R3 000 000 in totaal sal oorskry nie.

## (3) Uitbreiding rakende dekking terwyl die inhoud uit die geboue verwyder is

Indien en in soverre die inhoud verseker ingevolge hierdie afdeling nie andersins verseker is nie, strek hierdie afdeling om, onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis, sodanige inhoud soos volg te dek, terwyl sodanige inhoud uit die versekerde se private woning en huishoudelike buitegeboue verwyder is maar binne die gebied bly van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek:

A. Teen verlies of skade veroorsaak deur enige van die gevare waarteen verseker word ingevolge Onderafdeling A terwyl:

(a) in enige private woonhuis/woonstel, hotel, herberg, losieshuis, klub, verpleeginrigting, hospitaal, skool of kollege of universiteit of ander soortgelyke opvoedkundige inrigting, al die voormelde waar die versekerde of medeversekerdes tydelik mag inwoon tydens die verlies of skade;

(b) in bewaring gegee by enige hotel, herberg, losieshuis, klub (behalwe opsluitplek), bank, veilige bewaringsloket, of meubelbewaarplek wat geregistreer is vir die berging van goedere;

(c) tydelik in die woongedeelte van enige bewoonde private woonhuis / woonstel;

(d) (i) in die gebou van enige wassery of ander bedryf vir die doel om gemaak, verander, opgeknap, herstel, skoongemaak of gekleur te word;

(ii) in die gebou van enige kantoor, besigheids- of handelsinstansie waar die versekerde of medeversekerdes werksaam is;

altyd met dien verstande dat diefstal (of enige poging daartoe) vanuit enige gebou vermeld in hierdie uitbreiding (3)A(d), nie gedek is nie tensy sodanige diefstal (of enige poging daartoe) gepaard gaan met inbreek in of uitbreek uit sodanige gebou deur wesentlike, sigbare en gewelddadige middele;

(e) buite die versekerde se private woning en huishoudelike buitegeboue, maar op die perseel waarop die versekerde se private woning geleë is. Hierdie uitbreiding dek onder meer wasgoed, tuinmeubels, tuinmaakwerktuie (behalwe selfaangedrewe tuinmaakwerktuie wat norrnaalweg deur 'n bestuurder beheer word), tuinmaakgereedskap en outomatiese swembadskoonmaakapparate, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding nie R5 000 of 2 persent van die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word (wat ook al die grootste is), sal oorskry nie. Indien die versekerde die huurder van die private woning is, sal die huurder se satellietskottel(s) wat op die perseel of aan die geboue geïnstalleer is, vir die volle vervangingswaarde verseker wees.

B. Teen verlies of skade veroorsaak deur enige van die gevare van brand, weerlig en ontploffing terwyl in transito of tydelik elders as die plekke vermeld in uitbreiding (3)A(a) tot (e) hierbo.

C. Teen verlies of skade veroorsaak deur die gevaar van diefstal gedurende die verloop van verwydering volgende op permanente verandering van woonplek of terwyl in transito na of van enige bank, veilige bewaringsloket, of meubelbewaarplek wat geregistreer is vir die berging van goedere.

D. Teen verlies of skade veroorsaak deur die gevaar van diefstal uit 'n voertuig. Dekking is nie van toepassing indien die voertuig onbewaak gelaat word en nie gesluit is nie. Eiendom wat onder "klerasie en persoonlike besittings" van Alle Risiko's versekerbaar is, is nie hier verseker nie. Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding nie R5 000 sal oorskry nie.

## (4) Opsionele uitbreidings

Onderworpe andersins aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis dek hierdie afdeling ook die volgende:

**A. INSAKKING EN GRONDVERSKUIWING (indien in die bylae as ingesluit vermeld)**

Verlies van of skade aan inhoud wat veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing, uitgesluit verlies of skade wat volg op:

(a) gebrekkige ontwerp of oprigting van enige gebou;

(b) die verwydering of verswakking van stutte van enige gebou;

(c) boukundige veranderings, toevoegings of herstelwerk;

(d) uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.

Indien dit verlang word, moet die versekerde bewys dat die verlies of skade waarvoor geëis word, veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Die volgende eiendom sal nie as versekerde eiendom geag word nie en sal gevolglik nie ingevolge hierdie afdeling gedek wees nie:

(a) eiendom meer spesifiek verseker;

(b) enige eiendom, ongeag of dit verwerk word al dan nie, wat aangeskaf is of aangeskaf word met die uitsluitlike doel om sodanige eiendom later in 'n handelstransaksie van die hand te sit;

(c) enige eiendom wat kragtens 'n vragbrief versend is;

(d) enige eiendom buite die gebied van die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek;

(e) geld, sekuriteite vir geld, aktes, obligasies, wissels, promesses, tjeks, posorders en poswissels, verhandelbare en ander dokumente van enige soort, seëls van enige soort (met insluiting van onder meer seëlversamelings), manuskripte, seldsame boeke, medaljes en muntstukke van enige soort met insluiting van onder meer muntversamelings);

(f) voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer selfaangedrewe tuinmaakwerktuie wat normaalweg deur 'n bestuurder beheer word, maar met uitsluiting van trapfietse wat nie meganies of elektries aangedrewe/ondersteun is nie) en enige deel (met insluiting van onder meer enige noodwiel, gereedskap, onderdeel en toebehore) van sodanige voertuie terwyl dit in of op of aan sodanige voertuie is;

(g) watervaartuie van enige soort (met insluiting van onder meer kano's) en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel, toebehore en buiteboordmotor) daarvan;

(h) lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel en toebehore) daarvan;

(i) diere.

2. Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

(a) enige gevolglike of indirekte verlies of skade van enige soort of beskrywing wat ook al, behalwe verlies van huurgeld soos uitdruklik in Onderafdeling B bepaal;

(b) enige verlies of skade of aanspreeklikheid of eis wat direk of indirek deur of deur middel van of as gevolg van insakking of grondverskuiwing veroorsaak word;

(c) enige verlies of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur aanhouding, konfiskasie of rekwisisie deur doeane- of ander beamptes of owerhede;

(d) enige verlies of skade wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog.

3. Die versekeraar sal nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik wees nie ten opsigte van verlies of skade waarvoor voorsiening gemaak is in enige waarborg of dienskontrak of in enige koop-, bruikhuur-, huurkoop- of finansieringsooreenkoms of enige ander ooreenkoms van watter aard ook al rakende die versekerde eiendom of enige deel daarvan.

# SPESIFIEKE VOORWAARDE

## (1) Vervangingswaardevoorwaarde en eweredigheid

In geval van verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige van die gevare waarteen ingevolge hierdie afdeling verseker is, sal die grondslag waarop skadeloosstelling bereken word, die koste wees om die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, beperk tot die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word.

SPESIALE BEPALINGS

(a) Indien ten tye van die aanvang van enige verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige van die gevare waarteen ingevolge hierdie afdeling verseker is, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir herstelling as al die versekerde eiendom in geheel onherstelbaar beskadig was, meer is as die bedrag verseker wat in die bylae vermeld word, dan sal die versekerde geag word om sy eie versekeraar vir die verskil te wees en moet die versekerde dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die voormelde verlies of skade dra. Indien daar meer as een is, sal elke item afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe wees.

(b) Die versekeraar sal skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verleen deur na die versekeraar se eie keuse:

   (i) of die waarde van die verlore of beskadigde versekerde eiendom in kontant aan die versekerde te betaal;

   (ii) of die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang;

   (iii) of die beskadigde versekerde eiendom te herstel; of

   (iv) enige kombinasie van (i), (ii) en (iii) hierbo toe te pas.

(c) Slegs vir die doeleindes van hierdie spesifieke voorwaarde, sal die persoonlike besittings van enige bediende in die voltydse diens van die versekerde of medeversekerdes, nie as versekerde eiendom geag word nie.

santam

# LEWENDE HAWE EN WILD

## ONDERAFDELING A – OMVATTENDE VERSEKERING LEWENDE HAWE (Wild uitgesluit)

## OMGESKREWE GEBEURTENISSE

Vrekte van die versekerde dier, soos in die bylae omskryf, deur ongeluk, siekte of kwaal wat gedurende die versekeringstydperk plaasvind.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

1. eise as gevolg van diefstal of enige poging daartoe of afdwaling;
2. meer as 65% ten opsigte van eise voorspruitende uit toevallige opblasing, plantvergiftiging of vergiftiging wat spruit uit voer en/of water gee en/of veedip;
3. eise in verband met of voortspruitende uit transito per pad of spoor as gevolg van:
    a. brand, weerlig of ontploffing tensy dit gedurende die werklike transito plaasvind;
    b. inenting, kastrasie, stertafkapping of snykundige operasie of bevalling of die gevolge daarvan of dragtigheid;
    c. spronge;
    d. vrekte van die versekerde dier indien jonger as 3 maande;
    e. afdwaling.

## GEBIEDSPERKE

Die Republiek van Suid-Afrika en Namibië, behalwe ten opsigte van Transito waar die gebiedsperke uitgebrei word na die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Lesotho en Mosambiek.

# OPSIONELE UITBREIDINGS TOT ONDERAFDELING A

## 1. Onvrugbaarheid (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien dit deur produksie bewys word dat die versekerde bul as gevolg van toevallige eksterne en gewelddadige middele of as gevolg van siekte gely of opgedoen gedurende die versekeringstydperk, onvrugbaar is of 'n morfologie-persentasie het van minder as 70%, betaal die versekeraar, ná die verloop van 3 maande vanaf die kennisgewing van onvrugbaarheid, aan die versekerde die verskil tussen die bedrag verkry van die verhandeling of verkoop van die bul en die bedrag waarvoor die bul verseker is.

Met dien verstande dat die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir enige eise vir gevolglike verlies hoegenaamd en ook nie vir eise vir die prolaps van die skede van die penis.

## 2. Rooiwaterkoors (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 6(vi) word geskrap.

## 3. Hartwaterkoors (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 6(vii) word geskrap.

## 4. Galsiekte (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 6(viii) word geskrap.

## 5. Bloednier (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 6(ix) word geskrap, met dien verstande dat die versekerde dier nie langer nie as ses maande voor die vrekte van die versekerde dier teen enterotoksemie ingeënt was met serum wat korrek geberg was en in ooreenstemming met die gebruiksaanwysings gebruik is.

Bewys van sodanige inenting moet aan die versekeraar gelewer word alvorens enige eis toegelaat word. Die bewys sal in die vorm van óf 'n sertifikaat van 'n gekwalifiseerde veearts wees, óf, indien die versekerde self die inenting toegedien het, 'n sertifikaat onderteken deur die versekerde en gestaaf deur 'n aangrensende boer, welke boer ook die toediening van die inenting aanskou het.

## 6. Bloutong (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 6(x) word geskrap, met dien verstande dat die versekerde dier nie langer nie as 12 maande voor die vrekte van die versekerde dier teen bloutong ingeënt was met serum wat korrek geberg was en in ooreenstemming met die gebruiksaanwysings gebruik is.

Bewys van sodanige inenting moet aan die versekeraar gelewer word alvorens enige eis toegelaat word. Die bewys sal in die vorm van óf 'n sertifikaat van 'n gekwalifiseerde veearts wees, óf, indien die versekerde self die inenting toegedien het, 'n sertifikaat onderteken deur die versekerde en gestaaf deur 'n aangrensende boer, welke boer ook die toediening van die inenting aanskou het.

## 7. Diefstal (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Niestaande Spesifieke uitsondering 1 onder Onderafdeling A word hierdie polis uitgebrei om diefstal of poging tot diefstal, slegs van die versekerde vee, in te sluit, met dien verstande dat die versekerde in geval van 'n eis onmiddellik die polisie in kennis stel en enige stappe doen wat vereis word om bystand te lewer in die terugvind van sodanige vee en dat die polisieverwysingsnommer met die eisvorm verstrek word.

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir enige eise vir die diefstal van vee indien sodanige diefstal nie binne 14 dae van sodanige diefstal aan die versekeraar gerapporteer word nie. Die versekerde is verantwoordelik vir 25% van die koste van alle eise vir diefstal.

### 8. Plantvergiftiging (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bedrag van 65% vermeld in Spesifieke uitsondering 2 word verhoog tot 100%.

# ONDERAFDELING B – BEPERKTE VERSEKERING (Wild uitgesluit)

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Vrekte van die versekerde dier veroorsaak deur brand, weerlig of ontploffing.

## SPESIFIEKE UITSONDERING

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir eise in verband met of wat voortspruit uit transito per pad of spoor.

## GEBIEDSPERKE

Die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.

## OPSIONELE UITBREIDINGS TOT ONDERAFDELING B (wild uitgesluit)

### 1. Uitgebreide gevare (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Vrekte van die versekerde dier veroorsaak deur: storm, wind, water, hael of sneeu met inbegrip van verkluiming wat regstreeks uit die genoemde gevare spruit.

### 2. Bykomende gevare (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Vrekte van die versekerde dier veroorsaak deur:

i. eksterne, gewelddadige en sigbare ongeval;

ii. vreemde voorwerpe wat toevallig deur die dier geëet word;

iii. toevallige vergiftiging en opblasing, met dien verstande dat die versekeraar nie aanspreeklik is nie vir meer as 65% van enige eis;

iv. aanvalle deur honde en wilde diere.

# ONDERAFDELING C – TRANSITO VERSEKERING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Vrekte of verlies van die versekerde dier deur enige ongeval terwyl dit binne die gebiedsperke vervoer word, met dien verstande dat:

a. die vrekte binne 14 dae van sodanige vervoer plaasvind;

b. die ongeval opgedoen of gely word in die loop van die transito;

c. die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar in die bylae vermeld ten opsigte van iedere en elke omskrewe gebeurtenis;

d. die aanspreeklikheid van die versekeraar vir alle verlies of skade wat voortspruit uit enige enkele omskrewe gebeurtenis hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

## OMSKRYWING VAN DEKKING

### 1. Beperkte dekking – Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot vrekte van die versekerde dier wat voortspruit uit brand of ontploffing of botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel wat in die bylae beskryf word.

### 2. Beperkte dekking – Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan en daaropvolgende diefstal (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot vrekte van die versekerde dier wat voortspruit uit brand of ontploffing of botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel en daaropvolgende diefstal

### 3. Beperkte dekking – Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan en daaropvolgende diefstal en kaping (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word beperk tot vrekte van die versekerde dier wat voortspruit uit brand of ontploffing of botsing of die omslaan of ontsporing van die vervoermiddel en daaropvolgende diefstal, asook kaping van die vervoermiddel.

### 4. Allerisiko's (indien in die bylae as van toepassing vermeld)

Hierdie dekking word in die poliskontrak onder die opskrif "Omskrewe gebeurtenisse" omskryf.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir eise vir die vrekte van die versekerde dier as gevolg van:

1. brand, weerlig of ontploffing tensy dit gedurende die werklike transito plaasvind;
2. inenting, kastrasie, stertafkapping of snykundige operasie of bevalling of die gevolge daarvan of dragtigheid;
3. spronge;
4. vrekte van die versekerde dier indien jonger as 3 maande;
5. afdwaling.

# GEBIEDSPERKE

Die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Lesotho en Mosambiek.

# ONDERAFDELING D – BEPERKTE DEKKING (WILD)

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Vrekte van die versekerde dier veroorsaak deur brand, weerlig of ontploffing.

## SPESIFIEKE UITSONDERING

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir eise:

1. as gevolg van paniek, hetsy sodanige paniek die regstreekse gevolg van brand, weerlig of ontploffing is, al dan nie.
2. in verband met of wat voortspruit uit transito per pad of spoor.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELINGS A, B, C EN D

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

1. vernietiging ter nakoming van die vereistes van enige wetgewing of enige bevel van 'n regeringsdepartement of enige plaaslike owerheid;
2. ongeskiktheid of onvermoë om die funksies of pligte te vervul waarvoor die dier aangehou word;
3. enige gebeurtenis wat buite die gebiedsperke plaasvind en wat tot 'n eis aanleiding gee, of indien die versekerde diere in 'n ander distrik dan dié vermeld in die bylae is, tensy daar skriftelike kennisgewing van sodanige relokasie aan die versekeraar gegee word en deur die versekeraar erken word;
4. enige ongeval of siekte wat opgedoen word gedurende transito per lug of see;

5. doelbewuste slagting hetsy op las van enige regering- of openbare of plaaslike owerheid of enige persoon wat regsbevoegdheid in die aangeleentheid het, behalwe:

    i. indien die versekeraar uitdruklik en skriftelik tot die vernietiging van die dier ingestem het;

    ii. in geval van beserings wat om humanitêre redes die onmiddellike slagting verg en waar ʼn gekwalifiseerde veearts, wat deur die versekerde aangestel is, skriftelik sertifiseer dat die lyding ongeneeslik en van sodanige omvang is dat slagting onvermydelik is, met dien verstande dat die versekeraar die reg voorbehou om op sy eie koste ʼn nadoodse ondersoek deur ʼn gekwalifiseerde veerats te laat uitvoer;

6. vrekte regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur:

    i. enige snykundige operasies tensy uitgevoer deur ʼn gekwalifiseerde veearts en deur hom gesertifiseer as synde noodsaaklik te wees uitsluitlik vanweë ʼn ongeval, siekte of kwaal en met dien verstande dat sodanige snykundige operasie uitgevoer word in ʼn poging om die dier se lewe te red;

    ii. die toediening van enige medikasie tensy deur ʼn gekwalifiseerde veearts of ʼn ervare persoon wat deur hom gelei word. Die gekwalifiseerde veearts moet sertifiseer dat sodanige medikasie as ʼn voorsorgmiddel toegedien is of dat dit noodsaaklik geword het vanweë ʼn ongeval, siekte of kwaal. Vir die doeleindes van hierdie algemene uitsondering sluit die term medikasie enige geneesmiddel, hormoon, vitamiene, proteïn of ander middel, behalwe suiwer voedsel en vloeistof, in;

    iii. vrekte vanweë hongersnood of wanvoeding;

    iv. doodtrap of versmoring vanweë die oorlaai van enige voertuig wat vir die vervoer van die versekerde dier gebruik word;

    v. kwaadwillige of moedswillige besering veroorsaak deur die versekerde of enige persoon wat namens die versekerde optree;

    vi. rooiwaterkoors;

    vii. hartwaterkoors;

    viii. galsiekte;

    ix. bloednier;

    x. bloutong;

7. aanspreeklikheid teenoor enige derdeparty;

8. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, oponthoud, verlies aan markte, waardevermindering of veranderings wat deur natuurlike oorsake teweeggebring word.

# WAARBORG – VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELINGS A, B EN C

Dit word hiermee gewaarborg dat elke versekerde dier by die aanvang van hierdie versekering in goeie gesondheid verkeer en vry is van enige kwaal, siekte, lamheid, ongesteldheid, besering of ongeskiktheid.

# SPESIFIEKE UITBREIDINGS – VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELINGS A, B EN C

## 1. Kalfuitbreiding (slegs van toepassing op beeste en indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om beide die koei en die kalf of tweelingkalwers, ouer as 24 uur maar jonger as 6 maande by die intreedatum van hierdie dekking te dek.

Met dien verstande dat die versekeraar se aanspreeklikheid vir die kalf of kalwers hoogstens 20% van die versekerde bedrag beloop. In geval van tweelinge is geen eis ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar nie sou slegs een kalf vrek.

Verder met dien verstande dat indien ´n eis ingevolge hierdie afdeling betaal word, die versekerde bedrag op die koei verminder word met die bedrag betaal of betaalbaar ingevolge hierdie uitbreiding.

## 2. Bykomende versekerde bedrag – nuutaangekoopte diere (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

In geval die versekerde ´n dier op of ná die intreedatum van hierdie afdeling aangekoop het, sal die versekeraar in die geval van ´n eis die aankoopprys van sodanige dier betaal, plus ´n bykomende bedrag gelykstaande aan 10% van die aankoopprys om die koste van herlokasie van die dier te dek, met dien verstande dat die versekeraar in totaal nie meer as die versekerde bedrag op sodanige dier betaal nie.

## 3. Karkasverwydering (van toepassing op onderafdeling A, B en D)

Die versekering onder hierdie afdeling sluit die werklike koste wat noodsaaklikergewys aangegaan is in die opruim of verwydering van karkasse wat volg op skade of dood, maar wat nie R5 000 oorskry in terme van enige versekerde dier nie.

## 4. Vangskoste na uitbreek/ontsnapping (van toepassing op onderafdeling A, B en D) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die koste en uitgawes redelikerwys aangegaan en noodsaaklik vir die vangkoste van die versekerde dier na uitbreek/ontsnapping van die versekerde dier is gedek, met dien verstande:

a. Versekerde diere moet identifiseerbaar wees deur middel van mikroskyfies, oorplaatjies, foto's of merke (soos byvoorbeeld brandmerke, tatoo's ens.);

b. Skadeloosstelling is steeds onderhewig aan die eerste bedrag betaalbaar;

c. Die Maatskappy se aanspreeklikheid is beperk tot maksimum 10% van die versekerde waarde van die ontsnapte diere of R50 000, wat ookal die minste is;

d. Die versekerde die werklike kostes aangegaan kan staaf;

e. Geen bedrag sal deur die Maatskappy betaalbaar wees indien die diere nie teruggevind word nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES – VAN TOEPASSING OP ONDERAFDELINGS A, B, C EN D

1. Enige voordeel ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van enige dier word onmiddellik gestaak sodra sodanige dier nie langer die eiendom van die versekerde is nie.

2. Die versekerde sal te alle tye alle redelike sorg tref en die versekerde diere beskerm teen verlies of gevaar van verlies, ongeval of siekte en sal aan alle redelike maatreëls en voorskrifte voldoen wat deur die versekeraar of 'n gekwalifiseerde veearts in diens van die versekeraar uitgereik word.

3. Die versekerde sal die versekeraar onmiddellik in kennis stel van enige ongeval of siekte van enige dier wat ingevolge hierdie afdeling verseker is en sal op eie koste onmiddellik vir voldoende bystand en behandeling deur 'n gekwalifiseerde veearts voorsiening maak.

   Indien die versekeraar so verlang sal die versekerde die versekeraar van 'n verslag oor die toestand van die dier deur die behandelende gekwalifiseerde veearts voorsien.

4. Die versekerde dier mag nie sonder die versekeraar se skriftelike toestemming permanent van die plase vermeld in die bylae verwyder word nie.

5. Die versekerde onderneem om alle wette, reëls en regulasies na te kom wat betrekking het op die distrik waar die dier aangehou word en sal in geval van 'n eis bewys van sodanige nakoming aan die versekeraar lewer.

6. In geval van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee of wat tot 'n eis aanleiding kan gee, sal die versekerde die versekeraar onmiddellik van sodanige gebeurtenis in kennis stel.

   a. In geval van die vrekte van enige dier wat ingevolge hierdie afdeling verseker is, sal die versekerde aan die versekeraar die geleentheid bied om die karkas te inspekteer en sal die versekerde nie die karkas sny of daarvan ontslae raa k nie voor die verstryking van 24 uur vanaf sodanige kennisgewing aan die versekeraar.

   b. Die versekerde sal binne 14 dae van sodanige gebeurtenis en op eie onkoste die versekeraar van 'n voltooide eisvorm voorsien, tesame met alle ander inligting wat deur die versekeraar verlang mag word, met inbegrip van enige sertifikate van gekwalifiseerde veeartse en bevredigende bewys van vrekte, identiteit en waarde van die dier.

   c. Indien die versekeraar beweer dat die dier se vrekte uit 'n uitgeslote oorsaak spruit, rus die las om die teendeel te bewys op die versekerde.

   d. Indien die versekeraar die eis toelaat, mag die versekerde tot beste voordeel van die karkas ontslae raak en die bedrag wat die verkoop van die karkas opbring, word teen die bedrag van die eis gereken.

   e. Geen eis is betaalbaar ná die verloop van 3 maande, of enige ander sodanige tydperk wat die versekeraar skriftelik mag toestaan, ná die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis tensy die eis die onderwerp van hangende regsaksie is.

santam

# PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan die hele of 'n gedeelte van die versekerde eiendom wat in die bylae beskryf word terwyl dit op enige plek ter wêreld is, deur enige ongeval of teëspoed wat nie anders uitgesluit is nie.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

(A) Tensy uitdruklik anders vermeld word, sal die versekeraar nie aanspreeklik wees nie ten opsigte van:

1. verlies of skade wat voortspruit uit of veroorsaak word deur:

   (a) diefstal van klerasie vanaf enige wasgoedlyn op die perseel van die "versekerde se private woning" soos omskryf in die afdeling huisbewoners van hierdie polis;

   (b) slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitende die geleidelike inwerking van lig of klimaats-of atmosferiese toestande);

   (c) inherente fout of gebrek, huishoudelike peste soos knaagdiere, miere en motte, insekte, klammigheid, muf of roes;

   (d) 'n skoonmaak-, herstel-, kleur-, bleik-, verandering-of opknappingsproses wat die eiendom ondergaan;

   (e) meganiese of elektriese onklaarraking, gebrek, weiering of breekskade;

   (f) verlies of skade wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant-of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;

   (g) diefstal uit 'n onbewaakte voertuig wat nie gesluit is nie.

2. verlies van edel-of halfedelgesteentes

   (a) weens foutiewe monterings en/of weens kloutjies en/of enige ander monture wat nie behoorlik funksioneer nie;

   (b) veroorsaak deur die agteruitgang of normale slytasie van kloutjies en/of ander monture.

3. skade aan glas, glasware of ander bros artikels (behalwe juweliersware, kameras en vaste glas wat deel uitmaak van televisieontvangers) weens krake, skrape of brekasie tensy veroorsaak deur diefstal (of enige poging daartoe) of brand.

4. verlies of skade waarvoor voorsiening gemaak is in enige waarborg of dienskontrak of in enige koop, bruikhuur-, huurkoop-of finansieringsooreenkoms of enige ander ooreenkoms van watter aard ook al rakende die versekerde eiendom of enige deel daarvan.

5. gevolglike of indirekte verlies of skade van enige soort of beskrywing wat ook al.

(B) Tensy uitdruklik anders vermeld word, dek hierdie afdeling nie die volgende eiendom nie:

(i) Enige eiendom, ongeag of dit verwerk word of nie, wat verkry is of verkry word met die uitsluitlike doel om sodanige eiendom later in 'n handelstransaksie van die hand te sit.

(ii) Kontant, bank-en valutanote, aktes, obligasies, promesses, tjeks, posorders en poswissels, verhandelbare en ander dokumente van enige soort, seëls van enige soort (met insluiting van onder meer seëlversamelings), manuskripte, sekuriteite, seldsame boeke, medaljes en muntstukke van enige soort (met insluiting van onder meer muntversamelings).

(iii) Voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer selfaangedrewe tuinmaakwerktuie wat normaalweg deur 'n bestuurder beheer word, maar met uitsluiting van trapfietse wat nie meganies of elektries aangedrewe/ondersteun is nie) en enige deel (met insluiting van onder meer enige noodwiel, gereedskap, onderdeel en toebehore) van sodanige voertuie terwyl dit in of op of aan sodanige voertuie is.

(iv) Watervaartuie van enige soort (met insluiting van onder meer kano's) en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel, toebehore en buiteboordmotor) daarvan.

(v) Lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort en enige deel (met insluiting van onder meer enige gereedskap, onderdeel en toebehore) daarvan.

(vi) Diere.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Pare of stelle

Indien die versekerde eiendom uit 'n paar of stel artikels bestaan, sal die versekeraar vir nie meer as die waarde van enige besondere deel of dele wat verloor of beskadig word, aanspreeklik wees nie. Die versekeraar sal ook nie aanspreeklik wees nie vir meer as die eweredige deel van die paar of stel, sonder inagneming van enige besondere waarde wat sodanige artikel of artikels as deel van sodanige paar of stel mag hê.

## 2. Vervangingswaarde

In geval van verlies van of skade aan die versekerde eiendom deur enige van die gevare waarteen ingevolge hierdie afdeling verseker is, sal die grondslag waarop skadeloosstelling bereken word die koste wees van herstelling soos hierin omskryf, maar onderworpe aan die ondergenoemde Spesiale bepaling en aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis in sover dit van toepassing kan wees.

Vir die doeleindes van hierdie spesifieke voorwaarde beteken die term 'herstelling' soos hierin vervat, die uitvoering van die volgende werk, naamlik:

(i) Indien die versekerde eiendom verlore of onherstelbaar beskadig is -die vervanging van die verlore of onherstelbaar beskadigde versekerde eiendom met eiendom van dieselfde soort of tipe, maar nie meerderwaardig of meer omvangryk nie as die voormelde verlore of beskadigde versekerde eiendom toe dit nuut was.

(ii) Indien die versekerde eiendom beskadig, maar ekonomies herstelbaar is -die herstel van die skade van die beskadigde versekerde eiendom tot 'n toestand wat in wese dieselfde is, maar nie meerderwaardig of meer omvangryk nie, as die toestand van die voormelde beskadigde versekerde eiendom toe dit nuut was.

# SPESIALE BEPALING

Die versekeraar sal skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verleen deur na die versekeraar se eie keuse,

(a) of die waarde van die verlore of beskadigde versekerde eiendom in kontant aan die versekerde te betaal;

(b) of die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang;

(c) of die beskadigde versekerde eiendom te herstel; of

(d) enige kombinasie van (a), (b) en (c) hierbo toe te pas.

# OMSKRYWINGS

## Versekerde eiendom

Hierdie afdeling dek die volgende eiendom (wat die betekenis soos vermeld, sal hê) behorende aan die versekerde en/of die gade van die versekerde en/of hulle kinders wat finansieel van hulle afhanklik is en normaalweg by die versekerde inwoon:-

## Klerasie en persoonlike besittings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

klerasie, brille, kontaklense, gehoortoestelle, penne, potlode, grimeermiddels en -houers, sigaretkokers en aanstekers, juwele en juweliersware, persoonlike ornamente, horlosies, pelse, goud-of silwerartikels en ander soortgelyke artikels soos hierbo genoem, wat gewoonlik deur of aan 'n persoon gedra word; elektriese en ander skeermesse, sambrele, handsakke, tasse, sakrekenmasjiene, sakrekenaartoestelle soos elektroniese dagboeke, draagbare projektors, draagbare kameras en ander draagbare fotografiese toerusting, draagbare radio's en draagbare kassetspelers of draagbare kompakskyfspelers, verkykers, vuurwapens en sporttoerusting, asook trommels, tasse en ander houers waarin die eiendom gehou word terwyl gereis word; babatoerusting soos stootwaentjies en kindermotorsitplekke.

Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie item vir een artikel of 'n paar of stel artikels nie R1 000 sal oorskry nie of 20 persent van die bedrag verseker wat vir hierdie item in die bylae vermeld word (wat ook al die grootste is).

## Persoonlike dokumente, munt-en/of seëlversameling (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

(1) persoonlike aktes, testamente, ooreenkomste, kaarte, planne, rekords, boeke, briewe, sertifikate en enige ander persoonlike dokumente, maar uitgesluit aandelesertifikate en enige ander verhandelbare dokumente.

Altyd met dien verstande dat:

(a) die versekeraar nie ingevolge hierdie item aanspreeklik sal wees nie vir die waarde wat die inligting, soos vervat in sodanige persoonlike dokumente, vir die versekerde inhou, maar slegs vir die waarde van die materiale en die bedrae wat aan arbeid op sodanige persoonlike dokumente bestee is;

(b) die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie item nie die bedrag verseker, wat ten opsigte van hierdie item in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

(2) enige munt-en/of seëlversameling.

Altyd met dien verstande dat:

(a) die waarde van 'n enkel muntstuk of 'n enkel seël en die waarde van 'n enkel stel muntstukke of enkel stel seëls beperk is tot hoogstens die waarde aangegee in die jongste betrokke katalogus of pryslys;

(b) die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie item nie die bedrag verseker, wat ten opsigte van hierdie item in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

## Kruideniersware en huishoudelike goedere in transito ná aankoop daarvan (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Kruideniersware en huishoudelike goedere van allerlei aard wat ná die aankoop daarvan deur die versekerde in transito geneem word langs 'n redelike direkte roete vanaf die persele van die verskaffer van sodanige kruideniersware en huishoudelike goedere na die private woonhuis/woonstel van die versekerde.

Altyd met dien verstande dat:

(a) die versekeraar nie ingevolge hierdie item aanspreeklik sal wees nie ten opsigte van verlies van of skade aan klerasie en persoonlike besittings soos in hierdie afdeling omskryf;

(b) die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie item nie die bedrag verseker, wat ten opsigte van sodanige item in die bylae van hierdie afdeling vermeld word, sal oorskry nie.

## Sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Alle sleutels en afstandbeheerkontroles in gebruik in die versekerde se private woning in verband met die versekerde se huishouding en sleutels en afstandbeheerkontroles van enige private tipe voertuig, sleepwoonwa, motorfiets of vaartuig, die eiendom van die versekerde en wat ingevolge die afdeling motor en die afdeling seilboot, motorboot en ander kleinvaartuig van hierdie polis versekerbaar is, asook die betrokke slotte wat weens verlies van of skade aan die voormelde sleutels vervang moet word.

Hierdie item dek ook die redelike koste wat in noodgevalle deur die versekerde aangegaan word om 'n sleutelmaker te ontbied weens die verlies van of skade aan die voormelde sleutels.

Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie item nie die bedrag verseker, wat ten opsigte van sodanige item in die bylae van hierdie afdeling vermeld word, sal oorskry nie.

## Swembad-en/of boorgatmasjinerie (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

vaste swembadmasjinerie

en/of

vaste boorgatmasjinerie (met uitsluiting van windpompe) deur middel waarvan water uitsluitlik vir huishoudelike doeleindes verskaf word, terwyl geïnstalleer by die "versekerde se private woning" soos omskryf in die afdeling huisbewoners van hierdie polis.

Nieteenstaande die bepalings van spesifieke uitsondering (A) 1.(e) van hierdie afdeling, word die versekering ingevolge hierdie item uitgebrei om ook die volgende te dek: skielike toevallige skade aan swembadmasjinerie en/ of boorgatmasjinerie veroorsaak deur:

(i) ineenstorting -dit is die skielike en gevaarlike verwringing (of dit gepaard gaan met breek al dan nie) van enige metaalvervaardigde deel van die voormelde masjinerie veroorsaak deur breukdrukspanning deur die krag van stoomof ander vloeistofdruk,

en/of

(ii) breekskade -dit is die skielike breek of vasbrand van enige metaalvervaardigde deel van die voormelde masjinerie, met inbegrip van oorverhitting of die ineenstorting van laers, wat voortspruit uit elektriese of meganiese defek.

Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie item nie die bedrag verseker, wat ten opsigte van sodanige item in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

## Gespesifiseerde artikels

gespesifiseerde artikels in die bylae omskryf.

Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie item nie die bedrag verseker wat ten opsigte van sodanige item in die bylae vermeld word, sal oorskry nie.

santam

# WATERVAARTUIE

Omskrewe gebeurtenisse

## ONDERAFDELING A – VERLIES VAN OF SKADE AAN DIE VERSEKERDE VAARTUIG

Verlies van of skade aan die versekerde vaartuig.

## UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING A

Die versekeraar sal nie aanspreeklik wees om te betaal vir:

(a) diefstal of poging tot diefstal

(i) wat nie gepaardgaan met wesenlike, sigbare en gewelddadige middele nie, van vaste en los uitrusting en toerusting en buiteboordmotors van die versekerde vaartuig, vanuit

(1) 'n onbewaakte vervoermiddel, ingesluit 'n vaartuig;

(2) huishoudelike buitegeboue wat nie direk toegang verleen tot enige private woning nie;

(3) enige ander bergingsplek;

(ii) van die buiteboordmotors wat aan die versekerde vaartuig geheg is en nie behoorlik daaraan vasgebout is nie;

(b) buiteboordmotors van die versekerde vaartuig wat af val of oorboord val terwyl dit nie behoorlik aan die vaartuig met 'n ketting vasgemaak is nie of aan die vaartuig vasgebout is nie;

(c) meganiese of elektriese onklaarraking; oorsake wat geleidelik inwerk soos slytasie, roes, muf, wegvreting en verrotting;

(d) verlies of skade veroorsaak deur motte of ongediertes;

(e) verlies van of skade aan seile en skutbedekkings wat deur wind geskeur word of weggewaai word terwyl dit opgestel is;

(f) skade weens skrape, kneusing of duike wat ontstaan gedurende transito of gedurende op- of aflaai;

(g) skade aan die versekerde vaartuig wat ontstaan of waartoe bygedra is deur 'n onseewaardige toestand van die vaartuig;

(h) verlies van of skade aan die versekerde vaartuig wat ontstaan:

(i) buite die Republiek van Suid-Afrika of buite 'n gebied van 20 kilometer vanaf die kus van die Republiek van Suid-Afrika;

(ii) indien die versekerde vaartuig op 'n ander wyse gebruik word as wat uiteengesit is in die gebruikvoorwaarde;

(iii) uit of verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;

(i) bootvaartklere of bemanningsklere en ander persoonlike besittings; duik- en visvangtoerusting (ingesluit nette); waterski's, skitoue en ander sporttoerusting; voedsel, brandstof en ander voorrade; reddingsgordels en mediese toerusting; verkykers, sekstante, seevaartboeke, seevaartkaarte en ander soortgelyke navigasietoerusting; radar-, visopsporings-, radio-, televisie- en ander soortgelyke elektroniese toerusting.

# UITBREIDINGS OP ONDERAFDELING A

Die volgende uitbreidings word tot hierdie Onderafdeling A gevoeg en sal onderworpe wees aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis:

## A. Beskerming en aflewering

Die versekeraar sal die redelike koste betaal:

(a) vir die berging, beskerming en verwydering van die versekerde vaartuig na die naaste hersteller, indien die vaartuig buite werking is weens verlies of skade wat onder hierdie afdeling verseker is;

(b) om die watervaartuig aan die versekerde af te lewer, binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana en Swaziland, na herstel van skade of verlies wat onder die afdeling verseker is.

## B. Besigtiging van die romp na stranding, sinking of botsing

Die versekeraar sal die redelike koste betaal wat spesifiek aangegaan is om die romp van die versekerde vaartuig te besigtig vir skade weens die stranding, sinking of botsing daarvan.

## C. Koste om 'n verlies te voorkom

Die versekeraar sal die redelike koste betaal wat aangegaan is om verlies of skade wat onder hierdie afdeling verseker is, te voorkom of te verminder.

## D. Mediese uitgawes

Die versekeraar sal mediese uitgawes betaal tot R5 000 vir toevallige liggaamlike besering aan enige persoon wat in of op die versekerde vaartuig is en wat ontstaan weens die vaartuig wat sink of bots met 'n voorwerp, behalwe water.

# VOORWAARDES OP ONDERAFDELING A

## A. Gebruik

Die watervaartuig mag gebruik word vir sosiale-, huishoudelike- en plesierdoeleiendes.

Die volgende gebruike is uitgesluit: resiesja, snelheids- of ander wedvaarte, wedstryde of toetse (ingesluit regattas) of enige proewe in verband daarmee; gebruik in verband met enige besigheid, handel of beroep.

## B. Basis van skadeloosstelling

Indien die versekerde vaartuig jonger as vyf jaar is, is die grondslag waarop skadeloosstelling bereken word, die koste om die vaartuig of deel daarvan deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Hierdie grondslag geld nie vir seile, skutbedekkings, opgestelde takelwerk, buiteboordmotors, binneboordmotors en batterye nie. Vir hierdie items sal die grondslag van skadeloosstelling die koste wees om die items te vervang tot hoogstens die redelike markwaarde daarvan.

Indien die versekerde vaartuig ouer as vyf jaar is, is die grondslag waarop skadeloosstelling bereken word, die koste om die vaartuig of deel daarvan tot hoogstens die redelike markwaarde daarvan te vervang.

## C. Skadeloosstellingsperk

Die maksimum bedrag wat die versekeraar vir verlies van of skade aan die versekerde vaartuig sal betaal, is die versekerde bedrag wat vir die vaartuig in die bylae vermeld word.

## D. Eweredigheid

Indien die versekerde vaartuig jonger as vyf jaar is en daar word vasgestel dat, ten tye van enige verlies of skade, die bedrag wat nodig is om die vaartuig – behalwe seile, skutbedekkings, opgestelde takelwerk, buiteboordmotors, binneboordmotors en batterye – deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, meer is as die bedrag waarvoor dit verseker is, sal die versekerde as die versekerde se eie versekeraar vir die verskil beskou word en dra die versekerde dienooreenkomstig ʼn eweredige deel van die verlies of skade.

Indien die versekerde vaartuig ouer as vyf jaar is en daar word vasgestel dat, ten tye van enige verlies of skade, die bedrag wat nodig is om die vaartuig met soortgelyke eiendom te vervang, meer is as die bedrag waarvoor dit verseker is, sal die versekerde as die versekerde se eie versekeraar vir die verskil beskou word en dra die versekerde dienooreenkomstig ʼn eweredige deel van die verlies of skade.

Hierdie voorwaarde is afsonderlik op elke item in die bylae van toepassing.

## E. Onverkrygbare onderdele

Indien ʼn onderdeel wat nodig is om die versekerde vaartuig te herstel, nie in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar is as ʼn standaarddeel (pasklaar vervaardig) nie, sal die versekeraar ʼn bedrag betaal wat gelykstaande is aan die waarde van die deel ten tye van die ontstaan van die verlies of skade. Die bedrag sluit die redelike koste van vervoer (uitgesluit lugvervoer) van die deel in. Die waarde van die deel sal bepaal word volgens die prys soos aangegee in die jongste katalogus of pryslys.

## F. Belange van ʼn titelhouer

Indien ʼn geldige eis ontstaan en die versekeraar weet dat die versekerde vaartuig die onderwerp van ʼn uitgestelde verkoopooreenkoms is, sal die versekeraar die titelhouer wat in die ooreenkoms genoem is, betaal.

Die versekeraar betaal slegs tot die uitstaande bedrag, ingevolge die ooreenkoms, aan die titelhouer en enige verdere bedrag wat betaalbaar is, sal aan die versekerde betaal word.

# WOORDOMSKRYWING OP ONDERAFDELING A

**"versekerde vaartuig"** – beteken enige vaartuig wat in die bylae omskryf is, se romp (waarvan die lengte nie 6 meter oorskry nie), binneboordmotors, buiteboordmotors, roer, skroef, skutbedekkings, vasmeertoue en -kettings, seile, rondhoute, maste, takelwerk en vaste en los uitrusting en toerusting.

# ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID

## A. Aanspreeklikheid teenoor derde partye

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde wetlike aanspreeklik word om as vergoeding te moet betaal weens ʼn gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan in verband met die versekerde vaartuig.

## B. Aanspreeklikheid van water- of valskermskiërs

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde wetlike aanspreeklik word om as vergoeding te moet betaal weens ʼn gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan terwyl ʼn water- of valskermskiër deur die versekerde vaartuig gesleep word.

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie:

(a) indien die water- of valskermskiër op skadeloosstelling onder ʼn ander polis geregtig is;

(b) vir toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van ʼn persoon wat ʼn lid van die water- of valskermskiër se huishouding of gesin is of ʼn persoon in diens van die water- of valskermskiër indien die dood, liggaamlike besering of siekte ontstaan uit en/of in die loop van die diens;

(c) vir toevallige fisieke verlies van of skade aan eiendom wat behoort aan of in trust gehou word deur of onder toesig of beheer is van of in bewaring is van die water- of valskermskiër of enige lid van die water- of valskermskiër se huishouding of gesin of enige persoon in die water- of valskermskiër se diens;

(d) indien die water- of valskermskiër nie die bepalings van hierdie polis nakom nie.

## C. Aanspreeklikheid indien ʼn ander persoon die versekerde vaartuig navigeer

Die versekeraar sal enige navigator skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die navigator wetlik aanspreeklik word om as vergoeding te betaal weens ʼn gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan in verband met die versekerde vaartuig, terwyl die navigator die versekerde vaartuig navigeer.

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie, indien die navigator:

(a) die versekerde vaartuig sonder die versekerde se uitdruklike of stilswyende toestemming navigeer;

(b) op skadeloosstelling onder ʼn ander polis geregtig is;

(c) nie die bepalings van hierdie polis nakom nie;

(d) deur ʼn versekeraar enige seilboot-, motorboot-, of kleinvaartuigversekering of voortsetting daarvan geweier is.

## D. Koste vir uitligting, verwydering en vernietiging

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel teen koste wat met ons skriftelike toestemming aangegaan is, vir uitligting, verwydering of vernietiging van die wrak van die versekerde vaartuig.

## E. Berging -en herwinningskoste

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel vir alle redelike koste wat aangegaan is, met die versekeraar se skriftelike toestemming, om die onbeskadigde watervaartuig van die versekerde te berg asook om die onbeskadigde watervaartuig te herwin na verlies as gevolg van diefstal of kaping.

# UITSONDERINGS OP ONDERAFDELING B

Die versekeraar sal nie aanspreeklik wees nie om te betaal vir:

(a) regskoste en -uitgawes aangegaan ná die datum waarop die versekeraar die volle bedrag van enige eis, of 'n mindere bedrag waarvoor 'n eis geskik kan word, of die maksimum bedrag waarvoor die versekeraar aanspreeklik is vir 'n eis, betaal het of onderneem het om dit te betaal;

(b) aanspreeklikheid, koste of uitgawes:

  (i) weens advies of behandeling toegedien of beskikbaar gestel deur die versekerde of 'n persoon wat namens die versekerde optree;

  (ii) wat ontstaan terwyl die versekerde vaartuig per pad vervoer word;

  (iii) weens 'n gebeurtenis buite die Republiek van Suid-Afrika of buite 'n gebied van 20 kilometer vanaf die kus van die Republiek van Suid-Afrika;

  (iv) wat ontstaan indien die versekerde vaartuig op 'n ander wyse gebruik word as wat uiteengesit is in die gebruikvoorwaarde;

(c) aanspreeklikheid weens toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van die versekerde of 'n lid van die versekerde se huishouding of gesin of 'n persoon in of op die versekerde vaartuig wat reisgeld betaal of enige persoon in die versekerde se diens, indien die aanspreeklikheid in die loop van die diens ontstaan;

(d) aanspreeklikheid weens toevallige verlies van of skade aan eiendom wat:

  (i) behoort aan of in trust gehou word deur of onder toesig of beheer is van of in die bewaring is van die versekerde, 'n lid van die versekerde se huishouding of gesin of enige persoon in die versekerde se diens;

  (ii) vervoer word of vervoer gaan word in of op die versekerde vaartuig.

# VOORWAARDES OP ONDERAFDELING B

## A. Gebruik

Die versekerde vaartuig mag gebruik word vir sosiale-, huishoudelike- en plesierdoeleindes.

Die volgende gebruike is uitgesluit: resiesja, snelheids- of ander wedvaarte, wedstryde of toetse (ingesluit regattas) of enige proewe in verband daarmee; gebruik in verband met enige besigheid, handel of beroep.

## B. Skadeloosstellingsperk

Die versekeraar se aanspreeklikheid ten opsigte van een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse sal nie R1 000 000 oorskry nie.

# WOORDOMSKRYWINGS OP ONDERAFDELING B

**"versekerde vaartuig"** – beteken enige vaartuig wat in die bylae omskryf is, se romp (waarvan die lengte nie 6 meter oorskry nie), binneboordmotors, buiteboordmotors, roer, skroef, skutbedekkings, vasmeertoue en -kettings, seile, rondhoute, maste, takelwerk en vaste en los uitrusting en toerusting.

**"gebeurtenis"** – beteken ʹn gebeurtenis wat lei tot:

(a) toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van ʹn persoon;

(b) toevallige fisieke verlies van of skade aan tasbare eiendom;

(c) regskoste en -uitgawes:

  (i) wat ʹn eiser kan verhaal in verband met ʹn geldige eis onder hierdie afdeling;

  (ii) met die versekeraar se skriftelike toestemming aangegaan.

# PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Persoonlike regsaanspreeklikheid (ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verleen word) van die versekerde en/of medeversekerdes wat ontstaan gedurende die versekeringstydperk.

A. Die versekerde; of

B. die versekerde se persoonlike regsverteenwoordigers (in geval van die dood van die versekerde) ten opsigte van aanspreeklikheid deur die versekerde op die hals gehaal, op voorwaarde dat sodanige regsverteenwoordigers, asof hulle die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover hulle van toepassing kan wees, nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees, en/of

C. die medeversekerdes, op voorwaarde, dat sodanige medeversekerdes:

  (i) nie ingevolge enige ander versekering op skadeloosstelling geregtig is nie; en

  (ii) elkeen, asof hy/sy die versekerde is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover hulle van toepassing kan wees nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees,

  sal deur die versekeraar skadeloos gestel word teen:

  (a) alle bedrae waarvoor die versekerde en/of medeversekerdes in sy/haar of hulle private hoedanigheid wetlik aanspreeklik mag word om as vergoeding te betaal; en

  (b) alle regskoste en -uitgawes

    (i) deur enige eiser van die versekerde en/of medeversekerdes verhaalbaar, maar op voorwaarde dat sodanige regskoste en -uitgawes betrekking het op ´n eis om vergoeding ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verleen word en op voorwaarde verder dat sodanige regskoste en -uitgawes aangegaan was voor die datum waarop die versekeraar of die volle bedrag van die voormelde eis of enige mindere bedrag waarvoor die voormelde eis geskik kan word of die maksimum bedrag waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van die voormelde eis aanspreeklik is, betaal het of onderneem het om dit te betaal; of

    (ii) deur die versekerde en/of medeversekerdes met die skriftelike toestemming van die versekeraar aangegaan; ten opsigte van:

      (1) toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon behalwe ´n persoon:

        (i) wat die versekerde of enige van die medeversekerdes is; of

        (ii) wat in diens van die versekerde of medeversekerdes is indien sodanige dood, liggaamlike besering of siekte ontstaan uit en/of in die loop van die tydperk wat sodanige persoon in diens van die versekerde of medeversekerdes is; en/of

(2) toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom behalwe eiendom wat behoort aan of wat verpag, verhuur, gehuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of beheer is van of wat in die bewaring is van die versekerde of enige van die medeversekerdes of enige persoon in die versekerde of medeversekerdes se diens,

veroorsaak op enige plek in die wêreld deur die versekerde en/of medeversekerdes.

Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie afdeling vir alle regskoste en -uitgawes en alle vergoeding betaalbaar (ongeag die aantal eisers wat vergoeding eis) ten opsigte van of wat ontstaan uit enige een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat ontstaan uit of toe te skryf is aan enige een bron of oorspronklike oorsaak en ten opsigte van alle gebeurtenisse wat plaasvind gedurende enige een (jaarlikse) versekeringstydperk, nie die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word, altesame sal oorskry nie.

# OMSKRYWING

**"Medeversekerdes"** beteken die gade van die versekerde en enige ander familielid van die versekerde of familielid van die gade van die versekerde, mits die voormelde familielid normaalweg by die versekerde inwoon.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

A. Die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie afdeling verleen word, sal nie van toepassing wees nie op en ook nie eise insluit nie om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van:

(1) aanspreeklikheid deur die versekerde of medeversekerdes kragtens ooreenkoms aanvaar, tensy die versekerde of medeversekerdes aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande sodanige ooreenkoms;

(2) die dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of verlies van of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van of wat ontstaan uit of eie is aan of wat toe te skryf is aan:

(a) die uitoefening van enige besigheid, handel, beroep of professie;

(b) die eienaarskap of besit of gebruik;

(i) of okkupasie van enige grond, geboue of strukture;

(ii) of hantering van voertuie van enige soort (met insluiting van onder meer sleepwaens en sleepwoonwaens, maar met uitsluiting van trapfietse wat nie meganies of elektries aangedrewe/ondersteun is nie), watervaartuie van enige soort of lugvaartuie en ander lugtoestelle van enige soort;

(ii) of hantering van enige vuurwapens of windbukse of enige diere (behalwe honde en katte);

(c) trilling of die verwydering of verswakking van of steuring aan stut van grond, geboue of enige ander eiendom.

B. Die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie afdeling verleen word, sal nie van toepassing wees nie op en ook nie enige boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding insluit nie, met dien verstande dat niks wat in hierdie spesifieke uitsondering vervat is, hierdie afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie spesifieke uitsondering nie ingevolge hierdie afdeling gedek sou gewees het nie.

C. Die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie afdeling verleen word, sal nie van toepassing wees nie op en ook nie insluit nie:

(a) eise om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van dood of enige besering, siekte, verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg is van of ontstaan

uit of toe te skryf is aan sypeling, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie spesifieke uitsondering nie van toepassing is nie op eise om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon of toevallige fisiese verlies van of skade aan tasbare eiendom waar sodanige sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis;

(b) enige koste om sypel-, besoedelende of kontaminerende stowwe te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis.

Met dien verstande dat niks wat in hierdie spesifieke uitsondering vervat is, hierdie afdeling uitbrei nie om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie spesifieke uitsondering nie ingevolge hierdie afdeling gedek sou gewees het nie.

D. Die skadeloosstelling wat ingevolge hierdie afdeling verleen word, sal nie van toepassing wees nie op en ook nie eise insluit nie om vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van dood of enige besering of siekte wat toe te skryf is aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeval of voorval ontstaan nie

# UITBREIDINGS

Die volgende uitbreidings word tot hierdie afdeling gevoeg en sal onderworpe wees aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling en al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (vir sover hulle van toepassing kan wees) van hierdie polis:

## A. Kredietkaarte, -strokies en SIM-kaarte (vir gebruik in selfone)

Aanspreeklikheid vir bedrae wat die versekerde of die versekerde se gade moet betaal weens die onregmatige gebruik deur 'n persoon, wat nie verwant is aan die versekerde of die versekerde se gade nie, van:

(a) kredietkaarte of -strokies wat amptelik deur 'n kredietinstelling uitgereik is in die versekerde of die versekerde se gade se naam;

Die versekerde en die versekerde se gade moet voldoen het aan die bepalings en voorwaardes waarvolgens die kredietkaarte en -strokies aan die versekerde of die versekerde se gade uitgereik is;

(b) SIM-kaarte wat in die versekerde of die versekerde se gade se naam uitgereik is.

Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie uitbreiding nie R2 000 sal oorskry nie.

## B. Kolhou of voltal

Indien die versekerde of 'n medeversekerde 'n kolhou slaan in gholf of 'n voltal behaal in rolbal op 'n gholf of rolbalbaan wat geaffilieer is by 'n provinsiale unie, sal die versekeraar die versekerde R1 000 betaal.

Die kolhou of voltal moet behaal word binne die erkende spelreëls van die betrokke spel en die kolhou of voltal moet skriftelik bekragtig word deur die sekretaris van die klub.

## C. Aanspreeklikheid vir onregmatige inhegtenisneming

Die versekeraar sal die versekerde of medeversekerde skadeloos stel teen alle bedrae waarvoor die versekerde of medeversekerde aanspreeklik word om as vergoeding te moet betaal ten opsigte van die onregmatige inhegtenisneming of deursoeking van 'n persoon, ingesluit aanranding wat daarmee verband hou, wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk.

Altyd met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die versekeraar onder hierdie uitbreiding nie R50 000 sal oorskry nie.

## D. Sekuriteitsmaatskappye

Spesifieke uitsondering A (1) is nie van toepassing op enige aanspreeklikheid wat aanvaar is ingevolge 'n skriftelike kontrak wat aangegaan is met enige entiteit wat sekuriteitsdienste of gewapende reaksiedienste lewer, ten opsigte van eiendom verseker onder "Huisbewoners" en "Huiseienaars" nie.

## E. Persoonlike regsaanspreeklikheid teenoor huishoudelike werknemers

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel vir regsaanspreeklikheid as gevolg van die toevallige dood van, of liggaamlik besering aan die versekerde se huishoudelike werknemers wat ontstaan het uit en in die loop van hulle diens.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die versekeraar se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk van R1 000 000.

# VERSLEGTING VAN VOORRAAD

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die bylae beskryf is, veroorsaak deur verslegting wat ontstaan as gevolg van enige onvoorsiene fisieke verlies van of skade aan die masjinerie soos gespesifiseer in die afdeling masjinerie breekskade, en ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge 'n masjinerie breekskade-afdeling, wat van krag is, betaalbaar is.

Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy in enige een jaar van versekering hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae teenoor elke spesifieke item vermeld word, beloop.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies van goedere geberg in koelkamers wat onstaan gedurende die geeneistydperk soos in die bylae aangedui, weens enige afwykings van die voorgeskrewe verkoelingstemperatuur tensy sodanige verslegting van goedere veroorsaak word deur kontaminasie met koelmiddel of toevallige bevriesing of vars goedere wat nog nie die voorgeskrewe verkoelingstemperatuur bereik het nie en daardeur geaffekteer word;

   geeneistydperk is daardie tydperiode onmiddellik volgend op die beëindiging van verkoeling waartydens verslegting nie sal plaasvind nie indien die koelkamer geseël bly;

2. verlies van gebergde goedere veroorsaak deur inkrimping, inherente defek of besmetting, natuurlike verslegting of natuurlike verrotting;

3. verlies wat voortspruit uit onbehoorlike berging, skade aan verpakkingsmateriaal, onvoldoende lugsirkulasie en wisseling in temperatuur;

4. verlies wat ontstaan uit tydelike herstel, wat sonder die maatskappy se toestemming uitgevoer is, van die verkoelingsmasjinerie soos beskryf op die versekerde se lys van masjinerie;

5. boetes vir vertraging, gevolglike verlies of skade of aanspreeklikheid van enige aard ook al;

6. verlies of skade direk of indirek veroorsaak deur of wat volg op of vererger word deur:

   (a) die opsetlike daad of opsetlike nalatigheid van die versekerde of sy verteenwoordigers;

   (b) brand, weerlig, chemiese ontploffings, die blus van 'n brand of die daaropvolgende aftakeling, lugvaartuie of ander lugtoestelle of voorwerpe wat daarvandaan val, diefstal of poging daartoe, ineenstorting van geboue, vloed, oorstroming, aardbewing, insakking, grondverskuiwing, lawine, orkaan, sikloon, vulkaniese uitbarsting of ander natuurlike katastrofes.

## SPESIFIEKE VOORWAARDES

Hierdie afdeling is slegs van toepassing indien:

1. die verkoelingsmasjinerie verseker is ingevolge 'n masjinerie breekskade-afdeling wat van krag is;

2. die versekerde verkoelingsmasjinerie gekoppel is aan 'n outomatiese alarmstelsel wat gemonitor word;

3. die voorraad nie geberg word nie in "beheerde atmosfeer" koelkamers nie;

4. die goedere in die koelkamers geberg is ten tyde van die verlies of skade;

5. die versekerde 'n voorraadboek daagliks in stand hou waarin die tipe, hoeveelheid en waarde van die gebergde goedere asook die begin en einde van die bergingsperiode van elke afsonderlike koelkamer aangetoon word;

6. die versekerde bedrag gelyk is aan die geskatte maksimum verkoopprys verkrygbaar vir die gebergde goedere gedurende die periode van die afdeling. Die versekerde is verplig om die maatskappy nie later nie as 10 dae ná die einde van elke maand met òf afskrifte van genoemde voorraadboeke of òf met 'n verklaring van die gemiddelde daaglikse hoeveelheid en waarde van die gebergde goedere van die voorafgaande maand (maandelikse verklaring) te voorsien.

   Die maandelikse verklaring moet op die verkrygbare verkoopprys van die goedere gebaseer wees.

   Afskrifte van die voorraadboeke en maandelikse verklarings word as 'n integrale deel van die polis beskou.

   Die bedrag verseker ingevolge hierdie afdeling sal verminder word met die bedrag van 'n eis wat deur die versekeraar betaal of betaalbaar is tensy die versekerde dit herstel deur die betaling van 'n pro rata bykomende premie, bereken vanaf die datum van die versekerde verlies of skade, vir die oorblywende gedeelte van die (jaarlikse) versekeringstermyn.

7. alle eise geskik word op die basis van die waarde soos in die laaste maandelikse verklaring voor die plaasvind van die verlies of die verkrygbare verkoopprys, wat ookal die laagste is. Die maatskappy sal alle omstandighede in oorweging neem wat die skadeloosstelling kan beïnvloed, soos opbrengste uit 'n verkoping van die goedere asook gespaarde bergingskoste wat ontstaan uit die beëindiging van die berging.

   Indien 'n gedeeltelike verlies plaasvind en gevind word dat die laaste voorafgaande maandelikse verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes word, dan sal die bedrag verhaalbaar deur die versekerde proporsioneel verminder word in die verhouding soos bestaan tussen die verklaarde bedrag en die werklike bedrag wat verklaar moes word.

# OPSIONELE VOORWAARDES

## Voortdurende toesig (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die versekerde verkoelingsmasjinerie is onderworpe aan voortdurende toesig deur gekwalifiseerde personeel.

## Temperatuurlesings (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Gedurende die hele berginsgperiode notuleer die versekerde die toestand van die versekerde goedere in 'n logboek en neem ook ten minste drie temperatuurlesings per dag van elke koelkamer, verder moet dié temperatuurlesings elke 14 dae getoets word deur die neem van lesings met 'n gekalibreerde, onafhanklike termometer as verwysing.

santam

# UITGEBREIDE PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

### 1. Omvattende aanspreeklikheid

Die versekeraar sal die versekerde skadeloos stel tot en met die skadeloostellingsperk soos in die bylae vermeld, ten opsigte van alle bedrae waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word gedurende die tydperk van versekering om skadevergoeding te betaal voorspruitend uit 'n gebeurtenis op enige plek in die wêreld, maar nie ten opsigte van enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking binne enige land wat onderhewig is aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada nie (of onderhewig is aan enige bevel wat op enige plek in die wêreld gemaak is om sodanige uitspraak, toekenning of skikking, hetsy in geheel of gedeeltelik uit te voer) tot die mate dat:

(i) sodanige aanspreeklikheid nie in terme van die versekeringsklousule en/of versekerde gebeurtenisseklousule en/of geldende klousule van enige onderliggende versekering skadeloos gestel is nie; of

(ii) sodanige aanspreeklikheid weens 'n uitsluiting van enige onderliggende versekering uitgesluit is; of

(iii) die bedrag van sodanige aanspreeklikheid die beperking van die onderliggende versekering oorskry en die onderliggende versekeraar betaal het of aanspreeklikheid erken het of aanspreeklik gehou is om die volle bedrag van sodanige beperking te betaal wat vir doeleindes van hierdie polis geag word 'n minimum bedrag van R500 000 te wees en R1 000 000 ten opsigte van motoraanspreeklikheid en/of watervaartuigaanspreeklikheid.

### 2. Koste en uitgawes

Die skadeloosstellingsperk sluit alle regskoste en uitgawes in wat:

(i) namens enige eiser/eisers van die versekerde verhaalbaar is; en

(ii) deur die versekerde met die versekeraar se skriftelike toestemming aangegaan is, welke toestemming nie onredelik weerhou sal word nie

## OMSKRYWINGS

**"Onderliggende versekering"** beteken 'n bestaande versekeringspolis van krag by

(i) 'n Geregistreerde Suid-Afrikaanse versekeraar wat een of meer van die volgende dek:

Persoonlike Aanspreeklikheid

Eienaar van Eiendom-aanspreeklikheid

Huurdersaanspreeklikheid

Motoraanspreeklikheid

Watervaartuigaanspreeklikheid

(ii) Enige versekeraar in die wêreld wat een of meer van die volgende dek:

Motoraanspreeklikheid

Watervaartuigaanspreeklikheid

Eienaar van Eiendom-aanspreeklikheid

ten opsigte van enige motorvoertuig wat die versekerde gehuur het, op bruikhuur het of besit het, of ten opsigte van enige watervaartuig of eiendom wat die versekerde besit buite die gebied wat op 1 Januarie 1976 die Republiek van Suid-Afrika beslaan het.

**"Versekerde"** beteken die versekerde in die bylae benoem en lede van sy familie wat normaalweg by hom woon.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Hierdie afdeling sluit aanspreeklikheid uit:

(1) wat voortspruit uit of in die loop van die versekerde se diens, besigheid of professie opgedoen is, insluitende, maar wat nie beperk is tot die verkoop van enige goedere of die lewer van dienste teen 'n fooi, beloning of enige ander vergoeding nie;

(2) wat voortspruit uit die verhuring en/of die huur van enige roerende of onroerende eiendom of gedeelte daarvan teen 'n fooi, beloning of enige ander vergoeding;

(3) vir die eerste R5 000 van elke eis ten opsigte van eiendom gehuur, op buikhuur of deur die versekerde geleen;

(4) voortspruitende uit die roekelose minagting deur die versekerde van die moontlike gevolge van sy dade of versuim;

(5) (i) van een versekerde teenoor 'n ander;

(ii) aan enige vorige versekerde ten opsigte van 'n gebeurtenis gedurende enige tydperk waartydens sodanige vorige versekerde 'n versekerde was;

(6) wat voortspruit uit die verlies van of skade aan eiendom tot die mate dat sodanige aanspreeklikheid in terme van enige ander versekeringskontrak skadeloos gestel word;

(7) wat voortspruit uit die eienaarskap of gebruik van enige lugvaartuig behalwe 'n model lugvaartuig of 'n hangsweeftuig;

(8) wat die onderwerp is van enige statutêre of soortgelyke wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer en ten opsigte waarvan:

(i) die versekerde verplig is om versekering te verkry of om sekuriteit te stel of;

(ii) die staat of ander regeringsliggaam of owerheid aanspreeklikheid aanvaar het;

(9) ten opsigte van enige eis in verband met motoraanspreeklikheid, tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige onderliggende versekering skadeloos gestel is, behalwe waar sodanige eis uitgesluit is alleenlik weens enige gebiedsbeperkings;

(10) ten opsigte van enige eis vir watervaartuigaanspreeklikheid:

(i) tensy sodanige aanspreeklikheid deur enige onderliggende versekering gevrywaar is, behalwe waar sodanige eis alleenlik weens enige gebiedsbeperking uitgesluit is;

(ii) waar die totale lengte van die watervaartuig 10.5 meter oorskry het;

(11) ten opsigte van die verlies van of skade aan enige selfaangedrewe landvoertuig, sleepwa, woonwa, watervaartuig of lugvaartuig in die versekerde se sorg, bewaring of beheer;

(12) wat voortspruit uit enige oneerlike, bedrieglike of opsetlike daad van die versekerde of dade van fisiese aanranding of verleiding deur die versekerde gepleeg;

(13) ten opsigte van die betaling van enige boete, straf, veelvuldige, bestraffende of verswarende skadevergoeding of wat voortspruit uit gelikwideerde skadeklousules, strafklousules of prestasiewaarborge, behalwe tot die mate dat dit bewys kan word dat aanspreeklikheid in ieder geval in die afwesigheid van sodanige klousules of waarborge sou bestaan het;

(14) ten opsigte van enige skuld;

(15) ten opsigte van die nalate om enige onderhoud of versorging of enige ander bedrae te betaal na die verbreking van 'n belofte;

(16) voortspruitend uit die verkoop, ruil of omruiling van enige roerende of onroerende eiendom of die nalate van die versekerde om aan enige verpligting in verband daarmee te voldoen;

(17) ten opsigte van die eerste R2 000 van elke eis wat voortspruit uit die opskorting of beëindiging van die diens van enige huisbediende;

(18) wat voortspruit uit enige toestand wat direk of indirek veroorsaak is deur of verband hou met die "Human Immune Virus " (HIV) of die veranderings, afleidings of variasies daarvan of in enige opsig verband hou met die Verworwe Immuniteitsgebreksindroom of enige sindroom of toestand van 'n soortgelyke aard, hoe dit ook al genoem sou word;

(19) Konfiskering, nasionalisasie of rekwisisie of vernietiging van of skade aan enige eiendom op bevel van of deur enige regering de jure wat voortspruit uit of de facto regering of enige publieke of plaaslike owerheid.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

(1) Die skadeloosstelling wat kragtens hierdie afdeling verleen word, is onderhewig daaraan dat daar ten tye van die gebeurtenis 'n onderliggende versekeringspolis van krag is wat genoegsame dekking verskaf ten opsigte van die soort van aanspreeklikheid waarvoor skadeloosstelling hierkragtens versoek word en op voorwaarde dat die versekerde nie enige van die voorwaardes van sodanige onderliggende versekering verbreek nie.

(2) Die afdeling is onderhewig aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika wie se howe uitsluitlike jurisdiksie ten opsigte van enige dispuut tussen die versekeraar en die versekerde sal hê.

(3) Die versekeraar mag die verdediging of skikking van enige eis oorneem of dit in die naam van die versekerde voortsit ten opsigte van enige eis wat nie ten minste gedeeltelik deur die onderliggende versekering gedek word nie en mag sodanige verdediging of skikking in die naam van die versekerde vir hulle eie voordeel voortsit en sal volle diskresie hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Die versekerde moet alle nodige inligting en bystand soos wat die versekeraar verlang, gee.

(4) Betalings in terme van hierdie afdeling is betaalbaar in die Republiek van Suid Afrika en in die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika.

(5) Die behoorlike nakoming van en voldoening aan alle bepalings van hierdie afdeling wat vereis dat iets deur die versekerde gedoen of aan voldoen moet word, is 'n opskortende voorwaarde vir die aanspreeklikheid van die versekeraar ten opsigte van enige gebeurtenis waarvoor die versekerde 'n eis in terme van hierdie afdeling kan instel.

(6) Die versekeraar mag in die geval van enige gebeurtenis aan die versekerde die maksimum skadeloosstellingsperk betaal (na aftrekking van enige bedrag of bedrae wat alreeds betaal is) of enige mindere bedrag betaal waarvoor die eis of eise geskik kan word en die versekeraar sal daarna onder geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige gebeurtenis staan nie.

(7) Geen erkenning, aanbod, belofte of betaling mag ten opsigte van 'n eis in terme van hierdie polis gemaak of gegee word nie of namens die versekerde nie sonder die skriftelike toestemming van die versekeraar. Die versekerde moet alle redelike stappe doen om te verseker dat die onderliggende versekeraars sal voldoen aan hierdie voorwaarde en met die versekeraar sal saamwerk in die verdediging en skikking van enige eis wat deur beide die onderliggende versekering en hierdie afdeling gevrywaar word en in die uitoefening van enige subrogasiereg. Die koste in die uitoefening van sulke regte aangegaan en enige bedrae verhaal sal tussen die partye gedeel word in ooreenstemming met die bedrae wat betaal is of betaalbaar is in terme van die onderskeie polisse.

# BESPROEIINGSTELSELS

## DEFINISIES

### 1. Besproeiingstelsel

Vir die doeleindes van hierdie afdeling, sal ´n sentrifigale spilpunt of besproeiingstelsel die volgende insluit:

– volledige stel torings;

– sentrale punt en stut;

– oorhang;

– bande aan elke toring en alle ander toerusting wat aan die torings geheg is, asook

– kragboks/kontrolepaneel by die sentrale punt.

Maar sal die volgende uitsluit:

– pompe, ongeag of dit uitsluitlik vir die watertoevoer van die spilpunt verantwoordelik is of nie

– kragkabelverlengings, hetsy bo-gronds of ondergronds, vanaf die sentrale punt tot by die openbare kragtoevoer;

– enige kragboks/kragpunt wat nie deel vorm van die torings of geheg is aan die sentrale punt nie.

### 2. Gebeurtenis

Die term gebeurtenis beteken ´n gebeurtenis of ´n reeks gebeurtenisse wat voortspruit uit een oorsaak in verband met enige enkele versekerde item ten opsigte waarvan skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering verleen word.

## ONDERAFDELING I: BRAND

### Omskrewe gebeurtenisse

Skade aan die hele of ´n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word as gevolg van:

1. brand
2. weerlig of donderslag
3. ontploffing
4. bykomende gevare soos omskryf.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Hierdie afdeling dek nie aardbewing (hetsy dit voortspruit uit mynbedrywighede of andersins) tensy dit as ʼn bykomende gevaar bygevoeg is, of vulkaniese uitbarstings of ander natuurontwrigting (behalwe onderaardse brande) nie.

   Enige skade wat plaasvind tydens die bestaan van abnormale toestande (hetsy fisiek of andersins) wat teweeg gebring word deur of deur middel van of wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur enige van die genoemde gebeurtenisse word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in die mate waarin die versekerde bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande plaasgevind het. In enige aksie, geding of ander verrigtinge waar die maatskappy beweer dat enige skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

2. Tensy dit spesifiek ingesluit word, dek hierdie versekering nie die volgende nie:

   (i) skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings-of drogingsproses wat dit ondergaan;

   (ii) skade aan eiendom wat ten tyde van die skade verseker is of as dit nie vir hierdie versekering was nie, verseker sou gewees het deur enige marinepolis(se), behalwe ten opsigte van enige bedrag bo die bedrag wat ingevolge die marinepolis(se) betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## Bykomende gevare

Daar word verstaan en ooreengekom dat ten opsigte van elke uitbreiding rakende bykomende gevare wat by hierdie versekering ingesluit word:

(a) al die uitsonderings en voorwaardes wat by hierdie versekering van toepassing is, geld asof dit daarby ingelyf is;

(b) enige versekerde skade vir die doeleindes daarvan beskou word asof dit deur brand veroorsaak is.

## Uitbreiding: Aardbewing

Skade wat deur ʼn aardbewing veroorsaak word, maar met uitsluiting van skade aan eiendom in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn.

## Uitbreiding: Spesiale gevare

Skade wat veroorsaak word deur:

1. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom;

   (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

   (b) wat veroorsaak word deur ʼn vloedgolf wat ontstaan as gevolg van ʼn aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.

3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. slytasie of geleidelike agteruitgang:

2. skade wat veroorsaak word deur:

   (a) insakking of grondverskuiwing;

   (b) die versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot 'n minimum te beperk.

## Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende eiendom wat:

   (a) gesteel word;

   (b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word;

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in-of uitgebreek word terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

   Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

   (a) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

   (b) gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

   (c) skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

   (d) skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

   (e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1 (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

# ONDERAFDELING II: TOEVALLIGE SKADE

## Omskrewe gebeurtenisse

Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die bylae omskryf word.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld in die bylae.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik vir die volgende nie:

(a) die eerste bedrag betaalbaar;

(b) terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of ander geregtelike proses;

(c) verlies of skade waarvoor 'n verskaffer, kontrakteur of hersteller verantwoordelik is, hetsy regtens of kontraktueel;

(d) verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur:

  (i) enige oneerlike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel toegepas op die versekerde (of enige persoon onder wie se toesig versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal of agent van die versekerde;

  (ii) oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekasie of ander gebrek. Hierdie uitsondering is slegs van toepassing op houers, pype, buise of soortgelyke apparaat;

  (iii) verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan;

  (iv) foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardvermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verroting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking of eie slytasie;

  (v) termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestand, die werking van lig;

(e) (i) verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word;

  (ii) verlies of skade voortspruitende uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie,vloeistowwe, gasse of dampe;

(f) verlies of skade wat volg op

  (i) droogte;

  (ii) 'n brandstof- of watertekort;

  (iii) 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit regsteeks toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

# MEMORANDA

## Skadeloosstelling

Hiermee word ooreengekom dat die skadeloosstelling van sentrifigale spilpunte of besproeiingstelsels gebasseer sal wees op die nuwe vervangingswaarde.

## Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie maatskappy vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie memorandum onderworpe.

# ONDERAFDELING III AANSPREEKLIKHEID TEENOOR DERDEPARTYE

## Omskrewe gebeurtenisse

Enige ongeval veroorsaak as gevolg van of deur of in verband met enige item wat ingevolge Onderafdelings I of II verseker is ten opsigte van:

(i) dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering aan enige persoon in die diens van die versekerde wat voortspruit uit en in die loop van sodanige diens of wat 'n lid is van dieselfde huishouding as die versekerde;

(ii) skade aan eiendom anders dan eiendom wat aan die versekerde behoort of wat deur hom in trust gehou word of wat onder die bewaring of beheer van die versekerde is.

Die maatskappy sal ook, ingevolge die bepalings van hierdie onderafdeling en onderworpe aan die beperkings en die doeleindes daarvan

1. alle koste en uitgawes wat met die maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan is, betaal, en die maatskappy sal na eie goeddunke reël vir verteenwoordiging by enige ondersoek of doodsondersoek wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling mag wees, of vir die verdediging van enige krimininele geding in enige landdroshof ten opsigte van enige handeling wat enige gebeurtenis veroorsaak het of daarmee verband hou wat die onderwerp van aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling mag wees, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word as synde van toepassing op onderafdeling III.

## Uitsonderings tot onderafdeling III

Die maatskappy is nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik nie ten opsigte van:

(a) enige eis wat weens kontraktuele aanspreeklikheid ontstaan, tensy die versekerde aanspreeklik sou gewees het nieteenstaande sodanige kontraktuele ooreenkoms

(b) enige gevolglike verlies.

## Skadeloosstellingsperke

Tensy andersins vermeld, beloop die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling ten opsigte van enige enkele gebeurtenis hoogstens R2 500 000.

# ARBEIDSPRAKTYKE–AANSPREEKLIKHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skadevergoeding wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal voortspruitende uit enige arbeidspraktyke ten opsigte van enige huidige of voormalige werknemers, persone wat geag word om werknemers te wees of aansoekers om indiensneming wat op of ná die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word plaasvind binne die gebiedsperke en wat aanleiding gee tot ʼn eis of eise wat aanvanklikgedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die versekerde ingestel word.

## DIE SKADELOOSSTELLINGSPERK

Die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie afdeling met inbegrip van

(a) alle skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal soos per die omskrewe gebeurtenisse;

(b) alle koste deur die versekerde aangegaan met die versekeraar se vooraf skriftelike toestemming in verband met die ondersoek, verdediging of skikking van enige eis waarvoor skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verleen word;

(c) alle koste aangegaan deur die versekeraar in verband met die ondersoek, verdediging of skikking van enige eis waarvoor skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verleen word, in die geval dat die versekeraar sy regte ingevolge Algemene Voorwaarde 7 uitoefen;

(d) enige rente opgeloop en betaalbaar ingevolge die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, No. 55 van 1975 (soos gewysig);

vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorsponklike oorsaak of bron gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

## WOORDOMSKRYWINGS

1. **Arbeidspraktyke** beteken enige van die volgende werklike of beweerde praktyke (i) gerig teen enige van die versekerde se huidige of voormalige werknemers, persone wat geag word om ʼn werknemer te wees of aansoekers om indiensneming en (ii) waarvoor remedie verlang word ingevolge die gemenereg of ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995 (soos gewysig), die Wet op Gelyke Indiensneming, No. 55 van 1998 (soos gewysig), en enige reëls, regulasies of praktykskodes soos ingevolge daardie Wette gepromulgeer:

   (a) onbillike weiering om ʼn gekwalifiseerde aansoeker in diens te neem;

   (b) onbillike optrede in verband met indiensneming, bevordering, demovering of opleiding;

   (c) onbillike skorsing of ander dissiplinêre optrede alles buiten ontslag;

   (d) onbillike ontslag met inbegrip van maar nie beperk nie tot konstruktiewe ontslag en operasionele beëindigings;

(e) onbillike diskriminasie, hetsy regstreeks of onregstreeks, met inbegrip van viktimisasie wat mag insluit diskriminasie op grond van ras, geslag, seks, swangerskap, huwelikstatus, familieverantwoordelikheid, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, MIV status, gewete, geloof, politieke oortuiging, kultuur, taal en geboorte soos voorsien ingevolge die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming, No. 55 van 1998, of soos daarna gewysig;

(f) diens-verwante seksuele teistering; of

(g) mondelinge of skriftelike publikasie van lasterlike materiaal of materiaal wat die reg tot privaatheid skend of inbreuk maak daarop.

2. **Eis** beteken skriftelike of mondelinge kennisgewing ingedien deur:

(a) enige huidige of voormalige werknemer, persoon wat geag word om werknemer te wees of aansoeker om indiensneming, of

(b) enige administratiewe of beheeragentskap, prokureur of agent namens sodanige persoon in 2(a) hierbo,

dat die versekerde verantwoordelik is vir skadevergoeding voortspruitende uit enige arbeidspraktyke. Eis sluit in siviele verrigtinge gebring voor die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) en/of die Arbeidshof of enige ander behoorlik saamgestelde hof binne die Republiek van Suid-Afrika waar óf skade beweer word óf waar feitebepaling sal plaasvind, wanneer enige van die voorafgaande die werklike of beweerde gevolg is van enige arbeidspraktyke waarop hierdie versekering betrekking het.

Dit sluit die volgende in:

(i) 'n arbitrasieverrigting waarin sodanige skadevergoeding geëis word en waaraan die versekerde hommet die versekeraar se toestemming onderwerp;

(ii) enige alternatiewe geskilbeslegtingsprosedure waarin sodanige skadevergoeding geëis word word en waaraan die versekerde hom met die versekeraar se toestemming onderwerp; of

(iii) enige administratiewe verrigtinge ingestel voor die KVBA of die Arbeidshof ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995 (soos gewysig), insoverre hulle betrekking mag hê op arbeidspraktyke wat ingevolge hierdie afdeling gedek word.

3. **Gebeurtenis** beteken, onder andere maar is nie beperk nie tot, enige arbeidspraktyke en enige bekende, regstreekse of onregstreekse feite of omstandighede wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding kan gee.

4. **Gebiedsperke** beteken:

(a) die Republiek van Suid-Afrika; of

(b) enige plek ter wêreld ten opsigte van die aktiwiteite van 'n persoon wie binne die gebiedsperke omskryf in 4(a) hierbo werksaam is, terwyl hy of sy vir 'n kort tydperk weg is op besigheid van die versekerde, met dien verstande dat die versekerde se verantwoordelikheid om skadevergoeding te betaal bepaal word in 'n hofsaak (of in enige ander tipe siviele verrigting soos omskryf onder die woordomskrywing van eis) oor die meriete en wat aanvanklik in die Republiek van Suid-Afrika aanhanging gemaak word ingevolge die materiële reg van die Republiek van Suid-Afrika.

5. **Genoemde versekerde** beteken die persoon, persone, vennootskap, korporasie of ander entiteit wat as genoemde versekerde in die bylae vermeld word, maar slegs ten opsigte van die deel van die besigheid wat as enige tipe fisiese boerdery bedryf word soos vermeld in die bylae.

6. **Opsetlik of Opsetlikheid** beteken optrede, of versuim daartoe, met doelbewuste of roekelose verontagsaming van die gevolge van die optrede of die versuim daartoe.

7. **Persoon wat geag word om 'n werknemer te wees** beteken 'n persoon wat nie 'n wernemer is soos hierin omskryf nie, maar wat deur regswerking as sodanig geag word vanweë die mate van beheer en toesighouding wat deur die versekerde verleen word. Hierdie item mag die volgende werkers insluit, maar slegs indien hulle deur regswerking as werknemers van die versekerde beskou word: kontrakwerkers; gehuurde werkers; tydelike werkers; vrywilligers; werknemers van onafhanklike kontrakteurs of enige individu wat 'n onafhanklike kontrakteur is; of nie-uitvoerende direkteure.

8. **Skadevergoeding** beteken monetêre bedrae waarop hierdie versekerding betrekking het en wat die versekerde regtens verplig word om te betaal by wyse van 'n finale hofuitspraak, beslissing, bepaling of toekenning, of as 'n skikking waartoe die versekeraar skriftelik ingestem het.

Skadevergoeding sluit die volgende in:

(a) die kapitaalbedrag van enige hofuitspraak, beslissing, bepaling, toekenning of skikking;

(b) enige rente betaalbaar op daardie kapitale bedrag; en

(c) die eiser se regskoste.

Skadevergoeding sluit nie die volgende in nie:

(a) siviele, kriminele, administratiewe of ander strafvoltrekkings of boetes, met inbegrip van enige gedeelte van 'n uitspraak of toekenning wat 'n veelvoud van die vergoedingsbedrag, strafvoltrekking, konstitusionele, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding verteenwoordig;

(b) billike regshulp, geregtelike of interdik regshulp, verklarende regshulp of enige ander hulp of verhaling anders dan monetêre bedrae, tensy uitdruklik hierin daarvoor voorsiening gaamaak word;

(c) hofuitsprake of toekennings weens optrede wat regtens onversekerbaar is of as sodanig geag word;

(d) enige betalings wat die versekerde verplig word om te betaal ooreenkomstig 'n uitdruklike verpligting, hetsy ingevolge 'n statuut, dienskontrak of andersins (behalwe agterstallige betaling voortspruitende uit herindiensstelling of herindiensneming) in die geval van diensbeëindiging, met inbegrip van betaling in plaas van kennisgewing.

9. **Verdedigingskoste** beteken betalings toegeken aan 'n spesifieke eis vir die ondersoek, skikking of verdediging daarvan, met inbegrip van:

(a) prokureursfooie en alle ander regsuitgawes.

(b) Redelike uitgawes op versoek van die versekeraar deur die versekerde opgeloop om die versekeraar by te staan in die ondersoek of verdediging van enige eis, met inbegrip van werklike verlies aan inkomste weens tyd afwesig vanaf werk.

10. **Versekerde** beteken:

(a) die genoemde versekerde;

(b) enige huidige en voormalige prinsipale, vennote, lede of direkteure, beamptes en werknemers van die genoemde versekerde maar slegs met betrekking tot hulle pligte as prinsipale, vennote, direkteure, beamptes en werknemers van die genoemde versekerde; en

(c) enige erfgename, eksekuteurs, administrateurs, regsverkrygendes of regsverteenwoordigers van enige versekerde waarna in 10(a) of 10(b) hierbo verwys word, in die geval van die dood, bankrotskap of onbevoegdheid van sodanige versekerde, maar slegs insoverre die dekking ingevolge hierdie afdeling aan sodanige versekerde beskikbaar sou gewees het;

(d) enige organisasie wat die versekerde nuut verkry of tot stand bring, behalwe 'n vennootskap of gesamentlikeonderneming, en waarvoor die versekerde eienaarskap of meerderheidsbelange behou indien ander soortgelyke versekering nie aan daardie organisasie beskikbaar is nie.

Met dien verstande dat:

(i) die versekerde die versekeraar binne 30 dae vanaf die intreedatum van sodanige verkryging of totstandbringing skriftelik in kennis sal stel van sodanige verkryging of totstandbringing;

(ii) dekking nie van krag is nie op enige arbeidspraktyke wat plaasgevind het voor die versekerde die organisasie verkry of tot stand gebring het;

(iii) dekking ingevolge hierdie bepaling slegs toegestaan word tot die 30ste dag nadat die vesekerde die organisasie verkry of tot stand gebring het;

(iv) na afloop van die 30-dae tydperk in 10(d)(iii) hierbo, dekking slegs van krag is indien die nuwe organisasie per endossement ingesluit en 'n jaarlikse premie, indien enige, betaal word.

Geen persoon of organisasie is 'n versekerde ten opsigte van die optrede van enige huidige of voormalige vennootskap of gesamentlike onderneming wat nie as 'n versekerde in die bylae vermeld word nie.

11. **Werknemer** beteken enige persoon wat ingevolge 'n diens-of vakleerlingskontrak, skriftelik of mondelings, in die versekerde se diens is, maar werknemer sluit nie in enige persoon wat geag word om 'n werknemer te wees nie.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar stel nie die versekerde skadeloos nie teen enige aanspreeklikheid voortspruitende uit enige beweerde eise, voortspruitende uit, gebaseer op of wat op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, die volgende behels:

(1) verbreking van enige uitdruklike verpligting:

(a) ingevolge enige dienskontrak, hetsy individueel of kollektief. Dit is egter nie van toepassing nie op aanspreeklikhede wat die versekerde in die afwesigheid van sodanige dienskontrak op die hals sou haal,

of

(b) ingevolge enige statuut, dienskontrak of andersins, om in die geval van diens-beëindiging betalings te doen, met inbegrip van betaling in plaas van kennisgewing en/of oortolligheidsbetalings.

(2) aanspreeklikheid deur die versekerde aanvaar ingevolge enige kontrak, onderneming of ooreenkoms waar sodanige aanspreeklikheid in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie die versekerde sou toegekom het nie.

(3) wetgewing wat betrekking het op:

(a) werkersvergoeding en werkgewersaanspreeklikheid, ongeskiktheidsvoordele, werkloosheidsvergoeding of enige soortgelyke wetgewing. Hierdie uitsondering is egter nie van toepassing nie op enige eis wat gebaseer is op, voortspruitende uit of as gevolg van enige werklike of beweerde vergeldende optrede van die eiser deur die versekerde op grond van die eiser se uitoefenign van regte ooreenkomstig enige sodanige wet;

(b) die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, No. 75 van 1997 (soos gewysig), die Wet op die Vaardigheidsontwikkeling, No 97 van 1998 (soos gewysig), die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993 (soos gewysig), die Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, No. 29 van 1996 (soos gewysig), of enige wetgewing wat uitsluitlik voortspruit uit 'n reg wat deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No. 108 van 1996 (soos gewysig), toegestaan is. Hierdie uitsondering is ook van toepassing op enige reëls of regulasies wat ingevolge van die voormelde gepromulgeer is en wysigings daaraan of enige soortgelyke voorsienings van enige wetgewing en op daardie deel van enige skadevergoeding wat toegeken is vir die koste van vervanging van enige versekeringsvoordele verskuldig aan, of wat beweer verskuldig te wees, aan enige huidige of voormalige werknemer;

(c) die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, No. 4 van 2000 (soos gewysig), die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond, No. 19 van 1998 (soos gewysig) en die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, number 62 van 1997 (soos gewysig). Hierdie uitsondering is ook van toepassing op enige reëls of regulasies wat ingevolge enige van die voormelde gepromulgeer is en wysigings daaraan of enige soortgelyke voorsienings van enige wetgewing;

(d) kontrakte wat beweer word kras, onbillik, gewetenloos of nie in die openbare belang te wees nie;

(e) die administrasie van enige werknemervoordeelplan met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, pensioen-, voorsorg-en aftreefondse, mediese skemas en uitgestelde vergoeding en/of effekte-/aandele-opsies. Dit sluit fidusiêre aanspreeklikheid ingevolge sodanige wette in;

(f) die vestiging of regulering van kollektiewe bedingingsregte.

(4) mondelinge of skriftelike publikasies van materiaal, indien sodanige materiaal:

(a) deur of in opdrag van die versekerde gepubliseer is met kennis van die valsheid daarvan,
of

(b) die eerste keer gepubliseer is voor die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word.

(5) optrede in verband met of versuim om te voldoen aan enige wetgewing of enige staats of administratiewe voorskrif of regulasie of enige toekenning deur enige hof of tribunaal, indien die optrede of versuim:

(a) aan die kant van die versekerde of met die versekerde of met die versekerde se toestemming was, en

(b) bepaal deur 'n hofuitspraak of finale beslissing om oneerlik, krimineel, bedrieglik of opsetlik te wees.

Vir die doeleindes van hierdie uitsondering sal die oneerlikheid, misdaad, bedrog of opsetlikheid van 'n versekerde nie enige ander versekerde toegereken word nie.

(6) dood of fisieke besering aan die liggaam, geestesbesering, siekte of kwaal van enige aard, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, post-traumatiese stressindroom, en enige siekte of kwaal opgedoen deur enige persoon as gevolg van of voortspruitende uit of in verband met enige oorsaak hoegenaamd.

(7) arbeidspraktyke wat plaasvind wanneer of nadat:

(a) die versekerde aansoek doen om, of geplaas word in, bankrotskap, insolvensie of likwidasie, of

(b) enige ander besigheidentiteit, 'n eienaarskapbelang van meer as vyftig persent in die versekerde bekom.

(8) die koste om te voldoen aan fisieke modifikasies aan die versekerde se persele of enige wysigings aan die versekerde se besigheidsbedrywighede soos mag voorgeskryf word deur die Wet op Gelyke Indiensneming, No. 55 van 1998 (soos gewysig) of enige soortgelyke wetgewing.

(9) uitsluiting, staking, betooglinievorming verwante werkvervanging(s) of enige soortgelyke optrede voortspruitende uit arbeidsgeskille of arbeidsonderhandelinge, met inbegrip van enige eis vir regverdige en billike vergoeding ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, No. 66 van 1995 (soos gewysig).

(10) (a) skadevergoeding ten opsigte van hofuitsprake wat in die eerste instansie gelewer is deur of verkry is in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika;

(b) welke gebeurtenis plaasgevind en afgehandel was voor die aanvang van hierdie afdeling.

(11) enige eis voortspruitende uit enige gebeurtenis wat aan die versekerde bekend was, of wat redelikerwys bekend moes gewees het, of wat vermoed was:

(12) enige eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik binne die tydperk van 48 maande (of verlengde tydperk in die geval van minderjariges) skriftelik teen die versekerde ingestel word nie soos gespesifiseer in Spesifieke Voorwaarde 2.

(13) enige regsaanspreeklikheid veroorsaak deur, voortspruitende uit, of waartoe op enige wyse bygedra word deur enige arbeidspraktyke wat plaasvind binne die gebiedsperke en te enigertyd voor die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word, en welke selfde arbeidspraktyke na die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word, en welke selfde arbeidspraktyke na die terugwerkende datum voortduur en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die versekerde ingestel word.

(14) die eerste bedrag betaalbaar

Die bedrag betaalbaar ingevolge die skadeloosstellingsperk vir hierdie afdeling vir ieder en elke eis, of enige aantal eise voortspruitende uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak, word verminder met die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae.

Indien geen skadevergoeding ten opsigte van enige eis betaal word nie is die versekerde steeds verplig omdie toepaslike eerste bedrag te betaal vir enige verdedigingskoste wat die versekeraar opgeloop het en die skadeloosstellingsperk sal met sodanige betaling verminder word.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

(1) Enige eis wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge Algemene Voorwaarde 6 (hierna die aangemelde gebeurtenis genoem) aangemeld word, word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die versekeraar aangemeld het.

(2) In die geval van kanselasie of nie-hernuwing van die polis:

(a) word enige eis as gevolg van 'n aangemelde gebeurtenis wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word gedurende die 48 maande onmiddelik na kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag wat die versekerde die eis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot na die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig word;

(b) mag die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 6 by die versekeraar aanmeld tot 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing, met dien verstande dat:

(i) sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het;

(ii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis, hanteer word asof dit aanvanklik op die laaste dag voor kansellasie of niehernuwing ingestel is en dat dit onderworpe is aan die tydperk van 48 maande wat in 2(a) hierbo gespesifiseer word.

(3) Enige reeks eise wat gedurende enige versekeringstydperk deur een of meer eisers teen die versekerde ingestel word as gevolg van een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof hulle almal aanvanklik teen die versekerde ingestel is:

(a) op die datum waarop die versekerde die gebeurtenis ingevolge Algemene Voorwaarde 6 aangemeld het,

of

(b) indien die versekerde onbewus was van enige gebeurtenis of dit nie redlikerwys verwag kon word om van sodanige gebeurtenisse bewus te gewees het nie, of nie 'n gebeurtenis vermoed het wat tot 'n eis aanleiding kon gee nie, op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word.

(4) Die versekerde se regte en pligte ingevolge hierdie afdeling mag nie sonder die versekeraar se vooraf skriftelike toestemming oorgedra word nie.

(5) Onderworpe aan Spesifieke Uitsondering 7(a) onthef die bankrotskap, insolvensie of likwidasie van die versekerde of die versekerde se boedel nie die versekeraar van sy verpligtinge ingevolge hierdie afdeling nie.

# UITBREIDING

## Verlengde aanmeldingsopsie

Na die keuse van die versekerde en onderworpe aan die betaling van 'n bykomende premie wat bepaal sal word en onderworpe aan al die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling, stem die versekeraar in om die tydperk waartydens die versekerde ingevolge Algemene Voorwaarde 6 'n gebeurtenis mag aanmeld, te verleng vir 'n tydperk waarop ooreengekom word, maar onder geen omstandighede langer as 36 maande nie (hierna die verlengde aanmeldingstydperk genoem).

Met dien verstande dat:

(a) hierdie opsie net uitgeoefen mag word indien die versekeraar hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernu;

(b) hierdie opsie, skriftelik deur die versekerde uitgeoefen moet word binne 30 dae na kansellasie of niehernuwing;

(c) hierdie opsie, nadat dit uitgeoefen is, nie deur die versekerde of die versekeraar gekanselleer kan word nie;

(d) die versekerde nie versekering verkry het wat in omvang en dekking gelykstaande is aan hierdie afdeling wat verstryk het nie;

(e) die versekeraar slegs aanspreeklik is vir 'n omskrewe gebeurtenis wat plaasgevind het na die terugwerkende datum, maar voor die datum van kansellasie of die nie-hernuwing;

(f) eise wat aanvanklik teen die versekerde ingestel word of enige aangemelde gebeurtenis deur die versekerde gdurende die verlengde aanmeldingstydperk, hanteer word asof hulle aanvanklik ingestel of aangemeld is op die laaste dag voor die kansellasie of nie-hernuwing;

(g) die totale bedrag wat deur die versekeraar betaalbaar is vir eise of aangemelde gebeurtenisse gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, nie die uitwerking het dat die skadeloosstellingsperk wat op die laaste dag voor die kansellasie of nie-hernuwing van toepassing was, verhoog nie;

(h) enige eis wat na 'n aangemelde gebeurtenis gedurende die verlengde aanmeldingstydperk ingestel word en wat aanvanklik langer as 48 maande na die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing teen die versekerde ingestel word, nie onderworpe is aan skadeloosstelling ingevolge hierdie uitbreiding nie. Indien die eiser minderjarig is, word die tydperk van 48 maande verleng tot na die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig word.

# SAMBREELAANSPREEKLIKHEID

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. Skadevergoeding, koste, fooie en uitgawes waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal volgende op Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige advies wat in die loop van of in verband met die Besigheid binne die Gebiedsperke plaasvind.

2. Alle koste met die Maatskappy se toestemming aangegaan in die verdediging of skikking van sodanige eise.

## WOORDOMSKRYWINGS

Die **Besigheid** word in die bylae omskryf, maar sluit ook alle organisasies of funksies wat tot voordeel van die Versekerde se werknemers of besoekers of vir die beskerming of bevordering van die Versekerde se aktiwiteite bedryf word;

**Skade** beteken verlies van of skade aan tasbare eiendom, toe-eiening, oortreding, hinder of onregmatige aantasting van die besit van regte op tasbare eiendom;

**Besering** beteken dood, besering, siekte (geestelik of liggaamlik), ongesteldheid, wederregtelike aanhouding of inhegtenisname van of aan enige persoon;

**Kwaadwilligheid** beteken kwaadwillige regsproses, kwaadwillige onwaarheid, laster, onregverdige wedywering of skending van kopiereg, titel, leuse of idee;

**Nalatige advies** beteken verkeerde of onvoldoende advies verstrek in die bevordering van die Versekerde se Produkte, maar sonder die verwagting van enige vergoeding;

**Produk** beteken enige artikel, nadat dit die toesig of beheer van die Versekerde verlaat het, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, voorsien, versprei, behandel, gediens, versien of herstel word deur of namens die Versekerde;

**Gebiedsperke** beteken enige plek ter wêreld maar nie ten opsigte van enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking binne enige land wat onderworpe is aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada nie (of onderhewig is aan enige bevel wat op enige plek in die wêreld gemaak is om sodanige uitspraak, toekenning of skikking, ten volle of gedeeltelik uit te voer);

**Onderliggende Versekering** beteken dekking wat van krag is ten opsigte van:

a. die afdeling Gemeenregtelike Aanspreeklikheid van hierdie polis

of

b. Motor derdeparty-aanspreeklikheid van hierdie polis

of

c. enige uitbreiding op enige afdeling van hierdie polis wat dekking vir eiendom verleen, insluitende die afdeling Geboue Omvattend, die afdeling Huiseienaars en die afdeling Huisbewoners

of

d. die afdeling Werkgewersaanspreeklikheid van hierdie polis.

# SKADELOOSSTELLINGSPERKE

Die bedrag betaalbaar en verhaalbaar ingevolge Omskrewe gebeurtenisse 1 en/of 2 vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae.

# SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

Hierdie afdeling verleen skadeloosstelling soos hieronder omskryf in die volgende omstandighede:

**Oorskotlaagdekking** verleen skadeloosstelling binne die geldende klousule waar die eis prima facie deur die bepalings van die Onderliggende Versekering gedek word, maar slegs in die mate wat die eis nie deur sodanige Onderliggende Versekering gedek word nie, uitsluitlik vanweë die ontoereikendheid van die onderliggende skadeloosstellingsperk;

**Bykomende risiko's-dekking** verleen skadeloosstelling waar die eis buite die omvang van die geldende klousule van enige Onderliggende Versekering val, in die mate van hierdie afdeling se geldende klousule;

**Verskil in voorwaardes** verleen dekking binne die geldende klousule waar die eis binne die geldende klousule van die Onderliggende Versekering val slegs waar sodanige eis geweier word deur of vanweë 'n polisbepaling, voorwaarde of uitsluiting.

## 1. Oorskotlaagdekking

1.1 Hierdie afdeling is onderworpe aan dieselfde bepalings, uitsluitings en voorwaardes as die Onderliggende Versekering.

1.2 Die oorskotlaagdekking verleen skadeloosstelling:

a. in oorskot bo die skadeloosstellingsperk vermeld as synde van toepassing op die Onderliggende Versekering, behalwe waar sodanige perk verminder of uitgeput is vanweë eise, in welke geval hierdie versekering in oorskot van die eerste bedrag betaalbaar (indien enige) betaal;

b. vir sodanige kostes omskryf in Omskrewe Gebeurtenisse 2, met dien verstande dat sodanige koste nie van die Onderliggende Versekering verhaalbaar is nie. Indien die bewoording van die Onderliggende Versekering hierdie klousule weerspreek, is die Maatskappy se maksimum aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule dieselfde verhouding van die opgeloopte kostes as waarin die geskikte eis tot die onderskeidelike skadeloosstellingsperke staan.

1.3 Indien die skadeloosstellingsperk van die Onderliggende Versekering deur vorige eise uitgeput is en hierdie afdeling as gevolg daarvan as 'n primêre polis funksioneer, sal die Maatskappy ten opsigte van enige ander eis wat andersins deur die Onderliggende Versekering skadeloos gestel sou word, hierdie afdeling interpreteer asof die Onderliggende Versekering steeds van krag was.

1.4 Indien die Onderliggende Versekering meld dat in die algemeen of ten opsigte van gespesifiseerde eise die skadeloosstellingsperk die totaal is van alle skadeloosstelbare eise wat plaasvind of ingestel word gedurende die tydperk van die Onderliggende Versekering, word dit verklaar dat die skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling op 'n identiese grondslag as die Onderliggende Versekering geskied.

## 2. Verskil in voorwaardes-dekking

2.1 Indien 'n eis ingevolge die geldende klousule van die Onderliggende Versekering gedek word, maar uitgesluit word op grond van 'n polisbepaling, -uitsluiting of -voorwaarde, stel hierdie afdeling die Versekerde in ooreenstemming met die Omskrewe Gebeurtenisse skadeloos.

2.2 Indien 'n eis ingevolge die geldende klousule van die Onderliggende Versekering gedek word, maar sodanige Onderliggende Versekering deur ander eise uitgeput is en waar, na die mening van die Maatskappy, sodanige eis deur die Onderliggende Versekering uitgesluit sou gewees het op grond van 'n bepaling, uitsluiting of voorwaarde, sal die voorbehoudsbepalings van hierdie Verskil in voorwaardes-dekking van toepassing wees.

2.3 Die Maatskappy volg die bepalings van die geldende klousule van die Onderliggende Versekering om te bepaal waarvolgens die Versekerde deur hierdie klousule van hierdie afdeling skadeloos gestel word, synde of:

a. ten opsigte van Besering, Skade, Kwaadwilligheid wat plaasvind of Nalatige advies bedien gedurende die geldigheid van hierdie afdeling (Gebeurtenis-grondslag); of

b. ten opsigte van eise wat teen die Versekerde ingestel word gedurende die geldigheid van hierdie afdeling volgende op Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige advies (Eise Ingestel-grondslag).

2.4 Indien die Onderliggende Versekering op 'n Eise Ingestel-grondslag berus, hanteer die Maatskappy enige eis wat uit 'n gebeurtenis of omstandigheid wat in die eerste instansie deur die Versekerde aan die Maatskappy gerapporteer word gedurende die geldigheid van hierdie afdeling, selfs al bevat die Onderliggende Versekering geen soortgelyke bepaling nie.

2.5 Indien 'n eis ingevolge die bepalings van 'n Onderliggende Versekering op grond van 'n uitsluiting wat verband hou met die versuim van 'n produk om te presteer soos gespesifiseer of gewaarborg of om aan sy bestemde doel te voldoen, afgewys word, en die Onderliggende Versekering is op 'n Gebeurtenisgrondslag en die omstandighede van die eis is sodanig dat die Versekerde of die Maatskappy nie onderling ooreen kan kom wanneer die verlies plaasgevind het nie, hanteer die Maatskappy die eis op die grondslag dat die verlies voorgekom het op die stadium toe die eiser die eerste keer die Versekerde in kennis gestel het van 'n omstandigheid of gebeurtenis wat daaropvolgend tot 'n skadeloosstelbare eis aanleiding gegee het.

2.6 Die Verskil in voorwaardes-dekking verleen nie skadelossstelling indien 'n eis deur die bewoording van die geldende klousule van die Onderliggende Versekering uitgesluit word nie, tensy 'n eis deur die Onderliggende Versekering uitgesluit word:

a. uitsluitlik op grond daarvan dat die Besering of Skade nie toevallig van aard was nie of dat dit nie uit 'n ongeval voortgespruit het nie;

b. uitsluitlik op grond daarvan dat tydelike verlies aan gebruik van eiendom of vermindering in waarde van eiendom nie ingevolge die geldende klousule van die Onderliggende Versekering skade verteenwoordig nie.

## 3. Bykomende risiko's-dekking

3.1 Bykomende risiko's-dekking stel die Versekerde skadeloos ten opsigte van enige eis wat nie die onderwerp van skadeloosstelling deur enige ander versekeringspolis is nie, wat nie skadeloosstelbaar (hetsy ten volle of gedeeltelik) is deur die oorskotlaagdekking of die Verskil in voorwaardes-dekking nie en wat deel vorm van die onderwerp van skadeloosstelling deur die Omskrewe Gebeurtenisse.

3.2 Die skadeloosstelling verleen deur die Bykomende risiko's-dekking word beperk tot eise wat gedurende die tydperk van hierdie afdeling teen die Versekerde ingestel word, of gebeurtenisse of omstandighede waarvan die Versekerde gedurende sodanige tydperk die Maatskappy in kennis stel en wat daaropvolgend aanleiding gee tot eise wat ingestel word.

3.3 Die skadeloosstellingsperk van hierdie afdeling ten opsigte van dekking wat deur die bykomende risikobeskerming verleen word, word beperk tot die totaal van alle eise gedurende die tydperk van hierdie afdeling, of gebeurtenisse of omstandighede waarvan die Versekerde gedurende sodanige tydperk die Maatskappy in kennis stel en wat daaropvolgend aanleiding gee tot eise wat ingestel word.

3.4 Geen skadeloosstelling word deur die bykomende risiko-beskerming verleen nie indien die Maatskappy weier om aanspreeklikheid te aanvaar ingevolge die Onderliggende Versekering ten opsigte van 'n eis op die basis dat Besering, Skade, Kwaadwilligheid, Nalatige advies of gebeurtenis nie plaasgevind het nie of dat die eis nie gedurende die polistydperk ingestel is nie (na gelang van die geval).

# OUTOMATIESE UITBREIDINGS

## 1. Skadeloosstelling aan ander

Die skadeloosstelling verleen word na die keuse van die Versekerde en onderworpe aan die Maatskappy se toestemming, welke toestemming nie onredelikerwys weerhou sal word nie, uitgebrei om die volgende in te sluit:

1. direkteure, vennote en werknemers van die Versekerde in daardie hoedanigheid of in hulle privaat hoedanigheid wat voortspruit uit enige tydelike indiensneming (wat met die Versekerde se toestemming onderneem word) van die Versekerde se werknemers;
2. enige persoon of party in die mate wat enige kontrak wat die Versekerde aangaan vereis dat sodanige skadeloosstelling verleen word;
3. die persoonlike verteenwoordiger van enige persoon of party wat skadeloos gestel word.

Altyd met dien verstande dat sodanige persone of partye die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is.

## 2. Kruisaanspreeklikhede

Die Versekerde en persone of partye wat deur die Uitbreiding "Skadeloosstelling aan ander" skadeloos gestel word, word afsonderlik en nie gesamentlik skadeloos gestel en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan sal hanteer word asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat die Maatskappy se algehele aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae beloop.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die Maatskappy stel die Versekerde nie skadeloos nie ten opsigte van:

1. boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;
2. besoedeling wat voortspruit uit:
   a. sypeling, besoedeling of kontaminasie altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie waar sodanige sypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak is nie;
   b. die koste om sypel-, besoedelende of kontaminerende stowwe te verwyder, te neutraliseer of skoon te maak, tensy die sypeling, besoedeling of kontaminasie direk veroorsaak is deur 'n skielike, onbedoelde en onvoorsiene gebeurtenis;

Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat in die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;

3. enige Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige advies wat plaasvind voor die Terugwerkende datum wat op die Onderliggende Versekering van toepassing is;

4. aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige omstandigheid of gebeurtenis wat aan die Versekerde bekend is:

    a. wat nie ingevolge Algemene Voorwaarde 6 aan die Maatskappy gerapporteer word nie; en/of

    b. wat die intreedatum van hierdie afdeling voorafgaan;

5. aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige moedswillige of doelbewuste versuim van die Versekerde of die Versekerde se bestuur om die nodige voorsorgmaatreëls te tref om Besering, Skade, Kwaadwilligheid of Nalatige advies te voorkom;

6. enige boete opgelê of strafvoltrekking opgeloop as gevolg van die pleging van ʹn kriminele oortreding;

7. enige voordele waarvoor die Versekerde ingevolge enige toepaslike werknemersvergoeding, werkloosheidsvergoeding of ongeskiktheidsvoordelewetgewing en/of soortgelyke wetgewing of skema aanspreeklik is;

8. soveel van enige vergoeding of eis as wat binne die omvang van enige verpligte motorvoertuigversekeringwetgewing val. Hierdie uitsondering sal geld ongeag of versekering ingevolge sodanige wetgewing van krag is of uitgeneem is al dan nie;

9. alle kostes om enige Produk of gedeelte daarvan te herstel, te vervang, te vernuwe of te modifiseer en/of die verlies aan gebruik van enige Produk of enige gedeelte daarvan;

10. voortspruitende uit die onttrekking van enige Produk of enige gedeelte daarvan;

11. voortspruitende uit prestasiebewyse of waarborge, of klousules wat vooraf vasgestelde boetes of strafvoltrekkings spesifiseer, behalwe in soverre dit bewys kan word dat sodanige aanspreeklikheid in die afwesigheid van enige kontraktuele bepaling sou ontstaan het;

12. enige aanspreeklikheid vir persoonlike Besering veroorsaak deur of waartoe bygedra is deur langdurige blootstelling aan stowwe, faktore of omstandighede uniek tot enige spesifieke diens of beroep;

13. enige aanspreeklikheid vir motor derdeparty aanspreeklikheid tensy sodanige aanspreeklikheid in oorskot van die Onderliggende Versekering is en daardeur skadeloos gestel word;

14. enige aanspreeklikheid voortspruitende uit die vervoer van passasiers vir huur of vergoeding of die vervoer van reisgeld-betalende passasiers;

15. aanspreeklikheid vir verlies van of skade, insluitende nadelige skade en enige nagevolge daarvan, aan enige elektroniese data;

16. aanspreeklikheid vir enige onbillike arbeidspraktyk met inbegrip van maar nie beperk nie tot onregmatige afdanking binne die strekking van die Wet op Arbeidsverhoudinge Nr. 66 van 1995 soos gewysig, of enige Wet wat as vervanging gepromulgeer word;

17. Besering of Skade wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada veroorsaak deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte verkoop of verskaf deur of na die bestelling van die Versekerde, indien sodanige goedere of produkte, na die wete van die Versekerde, na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is deur of namens die Versekerde of indien sodanige verkoop of herverkoop redelikerwys deur die Versekerde verwag kon gewees het;

18. enige aanspreeklikheid indien die vervoer van gevaarlike stowwe nie voldoen het nie aan artikel VIII van die Padverkeerswet (Nr. 93 van 1996);

19. aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige moedswillige of doelbewuste handeling van die Versekerde, enige werknemer van die Versekerde of enige persoon waarvoor die Versekerde middellik aanspreeklik sou wees;

**20. Bykomende spesifieke uitsonderings** (slegs van toepassing op 2. Verskil in voorwaardes-beskerming en 3. Bykomende Risiko-beskerming).

Die Verskil in voorwaardes-beskerming en die Bykomende Risiko-beskerming dek nie aanspreeklikheid nie vir of wat voortspruit uit:

a. die eienaarskap, huurkoop, aankoop of verhuring van enige lugvaartuig, watervaartuig of sweefboot (behalwe watervaartuie waarvan die lengte nie 15,25 meter oorskry nie en alleenlik terwyl op binnelandse water) deur of namens die Versekerde.

b. die herstel, instandhouding, brandstofintapping of brandstofuittapping van enige lugvaartuig, watervaartuig of sweefboot wat deur of namens die Versekerde teen vergoeding onderneem word.

Uitsonderings (a) en (b) is nie van toepassing nie op aanspreeklikheid vir Sterfte, Besering, Siekte of Kwaal van die werknemers van die Versekerde wat in die loop van sodanige werkneming ontstaan.

c. handelinge, foute of weglatings van die direkteure of beamptes van die Versekerde terwyl in sodanige hoedanigheid opgetree word, of in die voorsiening van professionele dienste deur die Versekerde, wat die verstrekking van advies, enige handeling geneem of werk onderneem deur die Versekerde in die loop van hulle onderneming in enige hoedanigheid wat spesiale vaardigheid of kennis vereis, of om enige verpligtinge op grond daarvan te onthef, insluit. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op Nalatige advies nie;

d. sypeling, besoedeling of kontaminasie synde die natuurlike gevolg van die bedryf of bestaan van die Besigheid;

e. skade aan eiendom in die besit, huur, of onder bruikhuur of op leen aan die Versekerde of andersins onder die sorg, beheer of kontrole van die Versekerde buiten persele (of die inhoud daarvan) wat tydelik deur die Versekerde okkupeer word vir die doel van werk daarin, of ander eiendom tydelik in die Versekerde se besit vir werk daaraan (maar geen skadeloosstelling word verleen ten opsigte van skade aan die eiendom waaraan die Versekerde werk en wat uit sodanige werk voorspruit nie.)

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Enige dispuut tussen die Versekerde en die maatskappye in verband met of wat voortspruit uit hierdie afdeling sal uitsluitlik ooreenkomstig die Wette van die Republiek van Suid-Afrika geskik word en uitsluitlik in 'n bevoegde hof van die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika.

   Die Versekerde onderneem om nie regsaksie teen die maatskappye te onderneem of 'n geding teen die maatskappye aanhangig te maak in die Hof van enige land buiten die Republiek van Suid-Afrika nie.

2. In die geval van bankrotskap, insolvensie of sekwestrasie van die boedel van die Versekerde, hetsy vrywillig al dan nie, of by die oorname van die Versekerde se besigheid deur enige beampte van die Hof, Trustee of Likwidateur, wat vir hierdie doel optree of daarvoor aangestel is, word hierdie afdeling beëindig sonder dat die maatskappye kennis van sodanige beëindiging moet gee.

3. Dit is 'n voorwaarde van die skadeloosstelling wat hierdie Polis verleen dat die Onderliggende Versekering vir die volle versekeringstydperk van krag bly en dat die skadeloosstellingsperke van die Onderliggende Versekering nie minder as die onderstaande sal wees nie:

| | | |
|---|---|---|
| a. | die afdeling Gemeenregtelike Aanspreeklikheid: | R1,000,000 |
| b. | die afdeling Werkgewersaanspreeklikheid: | R1,000,000 |

c. enige aanspreeklikheidsuitbreiding tot enige afdeling van hierdie polis wat dekking vir eiendom verleen, insluitende die afdelings Geboue Omvattend, Huiseienaars en Huisbewoners: R1,000,000

d. Motor derdeparty-aanspreeklikheid: R2,500,000

Indien die skadeloosstellingsperk ingevolge die Onderliggende Versekering ten tyde van die datum van verlies minder is as die perke hierbo aangedui, word die Versekerde geag as synde sy eie versekeraar vir die verskil te wees.

4. Indien daar, ten tyde van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling aanleiding gee, ook skadeloosstelling verleen word deur enige ander versekering, behalwe 'n polis wat spesifiek bedoel is om skadeloosstelling in oorskot bo hierdie polis te verleen, dra die versekering wat deur hierdie afdeling verleen word nie saam met sodanige versekering by nie. Die bepalings van hierdie voorwaarde geld nieteenstaande die feit dat voormelde polis vernietigbaar is of dat die Maatskappy daarop geregtig is om skadeloosstelling nietig te verklaar ten opsigte van 'n voorval wat tot 'n eis ingevolge sodanige ander polis aanleiding gegee het.

santam

# BRAND OP VELD

## DIE DOEL VAN DIE VERSEKERING

Om die produksiewaarde van natuurlike en aangeplante weiding sowel as oesreste te verseker teen verliese as gevolg van onbeheerde brande.

## DEFINISIES

| | | |
|---|---|---|
| **Weidingskapasiteit (WK)** | – | Produktiwiteit van die benutbare gedeelte van ´n homogene vegetasie eenheid uitgedruk as die oppervlakte benodig om een Grootvee-eenheid (GVE) te onderhou oor ´n aantal jare sonder om agteruitgang van die vegetasie of grond te veroorsaak. |
| **Grootvee-eenheid (GVE)** | – | ´n Bees met ´n lewende massa van 450kg wat 0.5kg per dag gewigstoename kan toon op weiding met ´n verteerbare energie persentasie van 55%. |
| **Waarde van GVE** | – | Die beraamde gemiddelde Rand markwaarde van een kommersiele Grootvee-eenheid ten tye van die versekering. |
| **Weidingswaarde (WW) per plaas** | – | Die waarde van een GVE gedeel deur die WK en vermenigvuldig met die versekerde hektare per plaas.Versekerde waarde = waarde van GVE / WK x aantal hektare |

## OMSKREWE GEBEURTENIS

Skade aan die hele of ´n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is as gevolg van:

### Brand, weerlig, onderaardse brand, ontploffing

Skade wat deur brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand of ontploffing veroorsaak word, maar met uitsluiting van skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings- of drogingsproses wat dit ondergaan.

### Kwaadwillige beskadiging

Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak.

### Versekerde bedrag

Die versekerde bedrag word bereken as ´n funksie van weidingskapasiteit (WK) asook die geldwaarde van ´n kommersiële grootvee-eenheid (GVE) en die oppervlakte van die versekerde eenheid.

Versekerde bedrag = Waarde van GVE / WK x Aantal hektare

## Skadeloosstellingsgrondslag

Onderhewig aan die versekerde bedrag vermeld in die bylae sal die periode van skadeloosstelling soos vermeld in die bylae enige een van die volgende 4 (vier) periodes van toepassing wees:

- 3 maande
- 6 maande
- 9 maande
- 12 maande

## Bybetaling

Daar is 'n bybetaling van 5 (vyf) persent van die versekerde oppervlakte tot 'n maksimum van 75ha. Die bybetaling sal per gebeurtenis toegepas word.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Brandwet

Dekking is onderhewig aan die versekerde se nakoming en voorsiening van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, Wet 101 van 1998 asof in hierdie polis vervat.Versekerde moet aan 'n aktiewe Brandbestrydingsvereniging (BBV) behoort, of alternatiewelik aan 'n Boerevereniging (BV) indien geen BBV bestaan nie.

## 2. Voorsorgmaatreëls

Die daarstelling van redelike en deeglike voorsorgmaatreëls vir die voorkoming en beheer van brande. 'n Brandvrye strook van ten minste 15m moet ten alle tye rondom wooneenhede en asgate op die versekerde plaas gemaak word.

## 3. Eise aanmelding

Nieteenstaande enigiets teenstrydig in algemene voorwaardes 6.A (i), die versekerde verantwoordelik is vir die aanmelding van enige versekerde skades aan die Maatskappy binne 3 (drie) dae na die skade plaasgevind het en om besonderhede te verstrek van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek as wat hierdeur verseker word.

## 4. Wagperiode

Daar sal 'n sewe (7) dag wagperiode wees van sodanige uitreiking van polis, waarin geen eis aangemeld kan word nie.

## 5. Premie betaalbaar en rente

Die versekerde is verantwoordelik vir die betaling van 'n nie-terugbetaalbare 12 maande premie op die skriftelike aanvaarding van die polis. Rente sal gehef word op enige laat betaling van die premie volgens die prima oortrekkingsrentekoers, soos vasgestel deur die bank van die versekeraar.

## 6. Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig ʹn eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Hierdie afdeling dek nie skade veroorsaak deur of toegeskryf aan of ontstaan uit of as gevolg van vulkaniese uitbarstings of ander natuurontwrigting nie.

   Enige skade wat plaasvind tydens die bestaan van abnormale toestande (hetsy fisiek of andersins) wat teweeggebring word deur of deur middel van of wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur enige van die genoemde gebeurtenisse word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in die mate waarin die versekerde bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande plaasgevind het. In enige aksie, geding of ander verrigtinge waar die versekeraar beweer dat enige skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

2. Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

   2.1 Die werklike waarde, fisiese toestand of kwaliteit van die weiding;

   2.2 Verlies van produksiewaarde as gevolg van sekondêre skade of vertraagde groei wat mag intree as gevolg van enige oorsaak;

   2.3 Brandstigting deur die versekerde of enige persoon(e) wat namens hom optree met sy medewete of toestemming;

   2.4 Lewende hawe;

   2.5 Weiveld wat nader as vyf (5) kilometer vanaf die volgende is:

   - Nasionale paaie (N-paaie)
   - Kommunale grond
   - Internasionale grense
   - Woonbuurte en informele nedersettings (uitgesluit wooneenhede op versekerde en naburige plase)

# SPESIALISVERSEKERING VIR DIE WYNBOUBEDRYF: OES

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Direkte verliese aan die hele of 'n gedeelte aan die oeste wat in die bylae beskryf word wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy regtens aanspreeklik is, as gevolg van:

1. sigbare skade veroorsaak deur die direkte meganiese aksie van hael aan die vrug;
2. sigbare skade veroorsaak deur die direkte meganiese aksie van wind aan die vrug;
3. die direkte verlies van versekerde vrugte weens brand, botsing en/of omslaan van die voertuig;
4. sigbare skade veroorsaak deur ryp aan die vrug;
5. sigbare skade aan die vrug as gevolg van oormaat reën.
6. brandskade aan vrugte as gevolg van onbeheerbare oorsake op versekerde boorde;
7. ontploffing en aardbewing.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir:

1. gevolglike verlies, wanpraktyke van die versekerde of enigiemand anders, of versuim om erkende goeie boerderypraktyke toe te pas;
2. verlies as gevolg van versuim om oeste onmiddellik in te samel sodra dit gereed is vir insameling. Geen omstandighede wat die insameling van die oes verhoed of vertraag, raak hierdie uitsluiting nie. Indirekte, direkte of gevolglike skade weens staking of arbeidsonrus wat vertraging en/of staking in oesproses meebring;
3. fluktuasie van die kommoditeits prys;
4. droogteskade of -verlies hoe ookal veroorsaak;
5. verliese weens klein, onderontwikkelde of misvormde druiwekorrels ongeag die oorsaak;
6. verlies weens Roubandsiekte en Groei-stilstand;
7. tekorte weens foutiewe opgawe van versekerde oppervlaktes/-eenhede;
8. verliese weens onegalige en/of onvoldoende verkleuring;
9. verlies van watter aard ookal wat na pluk mag voorkom tensy anders gespesifiseer;
10. verlies as gevolg van diefstal.

# AANVANG VAN DEKKING

Aanvang van dekking geskied op die datum soos dit verskyn op die bylae onder die opskrif "Datum vanaf" met dien verstande dat:

1. oeste slegs verseker kan word solank dit nog nie tekens van skade deur enige van die versekerbare gevare toon nie;

2. versekering van die oes nadat dit deur enige van die versekerbare gevare beskadig is en hierdie feit nie deur die versekerde volledig en korrek vermeld is nie en die skade nie amptelik getakseer is nie voor die aangaan van die polis, hierdie afdeling van nul en gener waarde sal wees en die versekerde verbeur sy premie.

3. dekking op oeste wat voor volbot verseker is, slegs in werking tree sodra oeste die volbotstadium bereik het en verder dat :

    3.1 indien sigbare tekens van versekerde skades voorkom voor die aanvang van hierdie afdeling, dekking nie in werking tree nie en die premie aan die versekerde terugbetaal sal word tensy die versekerde, onmiddellik nadat 'n amptelike taksasie deur die versekeraar uitgevoer is, skriftelik op die taksasievorm aandui dat hy met die versekering voortgaan in welke geval dekking op die balans van die oes in werking tree. In so 'n geval word geen eisevergoeding gemaak nie en word die premie ten opsigte van die getakseerde beskadigde gedeelte van die oes aan hom terugbetaal;

    3.2 ryp-en oormaat reëndekking in werking tree om 08:00 op die sewende dag na die aanvangsdatum van hierdie afdeling;

    3.3 branddekking in werking tree om 08:00 op die sewende dag na die aanvangsdatum van hierdie afdeling;

    3.4 dekking ten opsigte hael en wind in werking tree om 08:00 op die tweede dag na die aanvangsdatum van hierdie afdeling.

# STAKING VAN DEKKING

Dekking van versekerde oeste staak sodra dit oorgewerk, afgekap, afgesny of gepluk of op enige wyse ingesamel is, maar duur geensins voort na die normale oestyd van die spesifieke versekerde oes volgens die oordeel van die versekeraar nie met dien verstande dat:

1. in die geval van droogdruiwe wanneer die rosyne afkomstig vanaf 'n versekerde boord vanaf die droogbaan of droograkke verwyder word, maar duur onder geen omstandighede voort na die normale droogperiode vir die betrokke rosyntjietipe nie;

2. ten opsigte van tafeldruiwe: wanneer meer as 70% van die versekerde opbrengs van 'n versekerde boord geoes is;

3. ten opsigte van goedere staak dekking sodra die versekerde oes verder as die naaste verwerkings-/ verpakkingspunt binne 'n radius van 100 km van die plaas waarop vrugte geproduseer is, vervoer word;

4. ten opsigte van brandgevare staak dekking sodra dit gepluk of op enige wyse ingesamel is, maar duur geensins voort na die normale oestyd van die spesifieke versekerde oes volgens die oordeel van die taksateurs nie.

# KENNISGEWING VAN SKADE

Algemene voorwaarde 6(a)(i) word hiermee gekanselleer en vervang deur die volgende:

6(a)(i) Die versekerde moet alle sigbare tekens van versekerde skades aan die oeste soos volg aan sy tussenganger/versekeraar rapporteer:

1. Hael-en brandskade binne 3 (drie) dae na skade;
2. Windskade binne 3 (drie) dae na skade;
3. Transitoskade binne 24 (vier-en-twintig) uur telefonies en per skaderapport binne 3 (drie) dae na skade;
4. Rypskade binne 7 (sewe) dae na skade;
5. Oormaat reënskade binne 7 (sewe) dae na skade;

   ʼn Skaderapport moet voltooi word en ʼn afskrif daarvan wat as sy bewys sal dien, verkry word anders sal geen eis erken word nie, en verder moet ʼn afskrif van hierdie polis en ʼn GPS kaart beskikbaar wees tydens die taksasie.

   Kennisgewing van versekerde skades vrywaar nie die versekerde van die bepalings van hierdie artikel nie. Na die voorkoms van versekerde skade(s) moet die versekerde steeds normale boerderypraktyke toepas en sover moontlik poog om die skade(s) te beperk.

Die volgende Algemene voorwaarde word bygevoeg:

6(e) Die versekerde is verantwoordelik om toe te sien dat die nodige taksasie uitgevoer is voordat beskadigde oeste ingesamel of op enige ander wyse vernietig word. Geen eis vir versekerde skades sal erken word indien beskadigde oeste ingesamel of op enige ander wyse vernietig word alvorens ʼn amptelike taksasie op sulke oeste uitgevoer is nie.

# BEPALING VAN VERSEKERDE SKADE

Die bepaling of daar enigsins versekerde skade was en indien wel, die omvang daarvan sal bepaal word ooreenkomstig die voorgeskrewe taksasieprosedure en opbrengsformule wat hierby ingelyf word asof spesifiek hierin uiteengesit welke op of op aanvraag by die naaste SANTAM kantoor ter insae beskikbaar is.

1. Na ontvangs van ʼn skaderapport word die skade aan versekerde oeste bepaal deur gemagtigde taksateurs in opdrag van die versekeraar. Die skadebepaling is onderworpe aan enige ander bepalings van hierdie paragraaf en van die Hertaksasie paragraaf wat as finaal en bindend deur beide partye aanvaar word.
2. ʼn Taksasie kan volgens die diskresie van die taksateur(s) uitgestel word totdat die omvang van die skade vasgestel kan word. Slegs die versekerde of sy verteenwoordiger mag die taksasie sonder die toestemming van die taksateur(s) bywoon.
3. Onderworpe aan die Hertaksasies paragraaf, is alle taksasies finaal en aanspreeklikheid sal slegs aanvaar word wanneer die eis-en veldvorm daarvan deur die versekeraar ontvang en korrek gevind is. Die versekeraar is geregtig om alle taksasies te laat kontroleer, hersien en wysig en enige eisebedrae reeds vergoed sal dienooreenkomstig aangepas word.
4. By bepaling van brandskade en skade tydens transito sal enige herwinbare deel van die oes in aanmerking geneem word. Die herwinbare deel van die oes bly te alle tye die eiendom en verantwoordelikheid van die versekerde.
5. BRAND OP VRUGTE: Die persentasie beskadigde vrugte op die opgemete gebrande oppervlakte/aantal bome, word vergoed teen die versekerde opbrengs, of werklike opbrengs voor skade, welke die minste, wat bereken word teen die versekerde waarde per ton/kg.

# HERTAKSASIE

1. Indien ʹn versekerde teen ʹn taksasie beswaar maak, kan hy weier om die eisvorm te onderteken en binne 3 (drie) werksdae ʹn hertaksasie skriftelik aanvra en terselfdertyd die naam en telefoonnommer van sy gekose deskundige aan die versekeraar verstrek. Indien die versekerde besig is om die gewas te oes moet verdere insameling gestaak word.
2. Indien die versekerde die eisvorm onderteken verval sy reg op ʹn hertaksasie en is die oorspronklike skadebepaling finaal en bindend. Indien die versekerde nie binne 3 (drie) werksdae ʹn hertaksasie aanvra nie, verval alle aanspraak op ʹn hertaksasie en is die oorspronklike skadebepaling weereens finaal en bindend.
3. Die versekeraar nomineer ʹn deskundige wat hom verteenwoordig. Die twee genomineerde deskundiges besluit gesamentlik op ʹn skeidsregter. Indien die deskundiges nie oor ʹn skeidsregter kan ooreenkom nie, word die tussenganger, deur wie die versekering geplaas is, versoek om ʹn skeidsregter aan te wys.
4. Tydens die hertaksasie is slegs die twee deskundiges en die skeidsregter teenwoordig.
5. Die twee deskundiges voer die hertaksasie uit en indien hulle twee nie eenstemmigheid kan bereik ten opsigte van die omvang van die skade nie, word die aangeleentheid vir beslissing na die skeidsregter verwys. Die betrokke persone volg die bepalings van hierdie polis, die voorgeskrewe taksasieprosedure en die handleiding vir hertaksasie soos neergelê deur die versekeraar.
6. Onderworpe aan Bepaling van versekerde skade paragraaf 4, sal die skade getakseer gedurende die hertaksasie, of die beslissing deur die skeidsregter, na gelang van die geval, onder alle omstandighede die oorspronklike getakseerde skade vervang. Die beslissing is finaal en bindend en geen appèl kan daarteen aangeteken word nie.
7. Indien die totale eisevergoeding ten opsigte van die oeste waarop ʹn hertaksasie uitgevoer is, nie met ten minste 15% bereken op die oorspronklike eisevergoedingsbedrag asook ʹn minimum van 5% van die versekerde waarde toeneem nie, is die versekerde verantwoordelik vir die koste bereken teen R300-00 per uur vir tyd spandeer aan die hertaksasie op die plaas. Ongeag die uitslag van die hertaksasie, sal die versekerde en versekeraar onderskeidelik verantwoordelik wees vir die koste van sy eie deskundige. Die versekeraar is verantwoordelik vir die koste van die skeidsregter.

# BASIS VAN VERGOEDING

Die eis word vergoed deur die Versekerde Waarde van die land/boord te vermenigvuldig met die getakseerde persentasiepunte skade na inagneming van die Bybetaling of Vrystelling en vergoedingskoers soos hieronder omskryf.

# WOORDOMSKRYWING

**1. VERSEKERDE WAARDE**

Die versekerde waarde per land/boord word bereken deur die versekerde hektare te vermenigvuldig met die opbrengs per hektaar en die versekerde waarde per ton of kilogram.

**2. BYBETALING**

Die persentasiepunte bybetaling of bybetalingsbedrag soos gespesifiseer deur middel van die vergoedingskeuse of bedrag op die polis sal afgetrek word van die geakkumuleerde getakseerde persentasiepunte skade of eisbedrag.

**3. VERGOEDINGSKOERS**

Koers waarteen eise na inagneming van toepaslike Vrystelling/Bybetaling vergoed sal word.

**4. Die volgende Bybetaling/Vrystelling is van toepassing:**

4.1 HAEL / WIND: Die gekose persentasiepunte bybetaling/vrystelling is van toepassing.

4.2 OORMAAT REËN: ʹn Bybetaling van 30 (dertig) persentasiepunte bereken op totale dekking per bedryfstak.

4.3 RYP: ʹn Bybetaling van 30 (dertig) persentasiepunte bereken op totale dekking van die bedryfstak.

4.4 RYP EN OORMAAT REËN: ʹn Bybetaling van 30 (dertig) persentasiepunte bereken op totale dekking van die bedryfstak.

4.5 TRANSITO: Geen Vrystelling of Bybetaling is van toepassing nie. Eise word vergoed teen ʹn vergoedingskoers van 90% en verder op die basis van die onherwinbare getakseerde tonnemaat/kg verlies teen die Versekerde Waarde.

4.6 BRAND: Geen Vrystelling/Bybetaling is van toepassing nie. Eise word vergoed teen die Versekerde Waarde teen ʹn vergoedingskoers van 85%.

# TOEGANG TOT DIE PLAAS EN VERSEKERDE LANDE

Enige persoon deur die versekeraar gemagtig, het te alle redelike tye toegang tot die plaas en versekerde oeste en is geregtig om inligting rakende die versekering in te win.

# KANSELLASIE

Algemene voorwaarde 3A word hiermee gekanselleer en vervang met:

Die versekerde of tussenganger is op geen tydstip geregtig om sonder die skriftelike toestemming van die versekeraar hierdie afdeling te kanselleer nie, welke toestemming die versekeraar in sy diskresie aan die voorwaardes wat hy goed ag, onderhewig kan maak, insluitend dat die versekerde aanspreeklik bly vir betaling van die volle premie.

# SPESIALISVERSEKERING VIR DIE WYNBOUBEDRYF:
## VERLIES VAN/OF SKADE AAN WYN EN VERWANTE PRODUKTE, WYNTENKS EN VERWANTE EIENDOM

## OMSKREWE GEBEURTENISSE (I)

A. Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom op of by die perseel van die versekerde, maar nie:

1. as andersins verseker is
2. vir wyn en verwante eiendom, wyntenks en verwante eiendom (toerusting) waarvoor versekering beskikbaar is in terme van die volgende afdelings:
   - Brand
   - Geboue omvattend
   - Kantoorinhoud
   - Sake-Onderbreking
   - Elektroniese toerusting
   - Masjinerie breekskade
   - Verslegting van Voorraad
   - Getrouheid
3. dekking verkrygbaar onder enige Marine polis of die koste van so 'n Marine polis
4. verlies van/of skade aan wyn in transito, behalwe as in transito is met behulp van vurkhysers tussen geboue op die versekerde persele.

Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorspronklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld.

En

Gegewe dat die Versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae ingesluit vir elke gebeurtenis

En

Nieteenstaande algemene voorwaarde 2 dra hierdie afdeling nie by tot enige omskrewe gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

# OMSKRYWING VAN VERSEKERDE EIENDOM

- Wyn en verwante produkte die eiendom van die versekerde of deur hom in trust of in kommissie gehou en waarvoor hy verantwoordelik is, asook,
- Wyntenks, wynvate, bottels of enige wynhouer
- Stoorplatforms "cat walks", stellasies en verwante eiendom wat bogenoemde eiendom bevat
- Masjinerie, Skei-ers en die Sak-van-Pers, pype en verwante toerusting wat gebruik word gedurende die wynmaakproses

(soos individueel op die bylae aangedui)

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS (soos van toepassing op Omskrewe Gebeurtenis (I))

Die maatskappy is nie aanspreeklik vir die volgende nie:

(a) enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit is uit enige van die volgende afdelings:

- Brand
- Geboue omvattend
- Kantoorinhoud
- Elektroniese toerusting
- Masjinerie Breekskade
- Verslegting van Voorraad
- Getrouheid

ten tyde van die aanvang hiervan en ook nie vir enige bybetaling wat betaalbaar is deur die versekerde ingevolge sodanige versekering en ook nie vir enige vermindering in enige bedrag betaalbaar ingevolge enige eis te wyte aan die toepassing van eweredigheid nie;

(b) meer as die afsonderlike waarde van elke item wat deel uitmaak van 'n paar, stel of versameling sonder inagneming van enige spesiale waarde daarvan as deel van sodanige paar, stel of versameling;

(c) terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of ander geregtelike proses;

(d) onverklaarbare verdwying of tekort wat slegs bekend word by of ná 'n voorraadopname, of foute of weglatings in kwitansies of betalings of rekeningkunde, of foutiewe liassering of verlegging van inligting;

(e) verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur:

(i) enige oneerlike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel toegepas op die versekerde (of enige persoon onder wie se toesig versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal of agent van die versekerde;

(ii) oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekasie of ander gebrek. Hierdie uitsondering is slegs van toepassing op hou houers waarin wyn vervoer word, pype, buise of soortgelyke toerusting;

(iii) onklaarraking, elektriese, elektroniese en/of meganiese steuring;

(iv) verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daaraan vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie of enige ander werkdaaraan

(v) induiking, afsplintering, krapmerke of kraking wat nie die werkverrigting van die item affekteer nie

(vi) termiete, motte, insekte en ongediertes. Hierdie uitsondering sal nie van toepassing wees op wyn en verwante produkte nie.

(vii) inherente fout, dampe, defek, latente defek, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, die werking van lig

(f) skade aan eiendom as gevolg van:

- foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal
- foutiewe of gebrekkige vakmanskap of professionele advies
- gewone instandhouding
- geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes
- of eie slytasie
- ryp

(g) skade aan eiendom as gevolg van:

- oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid
- gisting of ontkieming, klamheid, droogheid
- nat of droë verrotting
- krimping
- verdamping
- gewigsverlies
- besoedeling
- verandering in kleur, tekstuur of afwerking

(behalwe as veroorsaak is deur ʼn skielike onvoorsiene voorval wat nie andersins uitgesluit is nie)

(h) versakking, vasstamp, gronddeining of die verwydering of verswakking van die stut van enige versekerde eiendom;

(i)

(i) verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof (buiten wyn en verwante produkte en Glycol), gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word;

(ii) verlies of skade voortspruitende uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie,vloeistowwe (buiten wyn en verwante produkte en Glycol), gasse of dampe

(j) onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van en/of gebrek aan toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel

(k) Verlies van of skade aan wyn en verwante produkte na die gebruik van defektiewe of ongeskikte druiwe in die vervaardigingsproses

(l) Versendings- of terugstuurkostes

(m) Kommissies

(n) Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd

(o) diefstal van wyn in bottels of dose behalwe as dit gepaard gaan met diefstal wat volg op kragdadige en geweldadige inbraak in of uit enige gebou of die poging daartoe.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## Wyn en verwante produkte

1. In die geval van verlies of skade sal die omvang van verlies met betrekking tot wyn en verwante produkte as volg bepaal word:

    (a) Witwyn en verwante produkte:

        (i) Landgoed wyne: vasgestelde waarde soos deur die versekerde bepaal, met inbegrip van die koste van bottelering (waar van toepassing)

        (ii) Koöperatiewe kelders: SAWIS riglyne vir die huidige en die daaropvolgende seisoen, met inbegrip van die koste van bottelering (waar van toepassing)

2. Versekerde bedrae word bereken ingevolge Spesifieke voorwaarde 1 hierbo en, waar van toepassing, sluit dit doeane en aksynsbelasting in. Eise sal geskik word op die grondslag waarop die versekerde bedrag bepaal is.

Al die bogemelde sal in berekening bring enige besparings te weeg gebring (soos byvoorbeeld maar nie daartoe beperk nie, besparings aan botteleringskostes en/of etiketering en/of arbeid).

## Enige ander versekerde items

**Herstelwaardevoorwaarde**

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word, is óf die vervanging van die eiendom met soortgelyke eiendom gelykstaande aan maar nie beter of omvangryker nie as die nuwe toestand daarvan

óf

herstel van die eiendom na 'n toestand wat wesenlik dieselfde, maar nie beter nie, is as die nuwe toestand daarvan.

Met dien verstande dat indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging as al die versekerde eiendom verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van die verlies of skade, die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag word en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.

# WAARBORGE

## A. Wyn en verwante produkte

1. Gewaarborg dat verlies of skade wat ontstaan weens die gisting van gesulfureerde/opgeswaelde soetmos onderhewig is aan die volgende:

    (a) die $SO_2$ samestelling mag nie minder as 1200 mg/l wees nie.

(b) ʼn ontleding van die SO2 samestelling van die soetmos moet minstens een keer per week gedoen en op rekord geplaas word.

(c) Opberging van soetmos sal slegs in vlekvrye staaltenks met 316 vlekvrye staalkoepels, glasvesel- of beklede betontenks en/of beklede sagtestaaltenks geskied.

(d) Opbergingtenks moet te alle tye tot volle kapasiteit gevul wees.

2. Gewaarborg dat ontledings van uitvoerwyn gedoen word volgens standaarde soos deur die koper neergelê. Ontledings moet gedoen word deur die SGS of die VI te Nietvoorbij Proefplaas of ʼn Internasionaal geakkrediteerde laboratorium.

3. Gewaarborg dat verseëlde monsters (met ʼn minimum van 12 bottels per tenk) van alle massa-uitvoerwyn wat in die buiteland gebotteleer word vir ʼn tydperk van ten minste ses maande deur die Versekerde gehou word.

4. Gewaarborg dat uitvoerwyn in alle opsigte voldoen aan die wetlike regulasies van die land waarheen dit uitgevoer word.

5. Gewaarborg eisvry te wees ten opsigte van defektiewe wyn waar die defek nagespoor kan word tot die stabilisasieproses.

# KLOUSULE: SPOORWEG- EN ANDER SUBROGASIE

Die versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet se besteldiensvrywaring insake gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

# OMSKREWE GEBEURTENISSE (II) (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Nieteenstaande Spesifieke Uitsondering (i)(i) en (i)(ii) word hiermee verklaar en ooreengekom dat:

Toevallige fisieke verlies van of skade aan versekerde eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is, as gevolg van ontlading of lekkasie van chemikalieë, olie, vloeistof (buiten wyn en verwante produkte en Glycol), gas of dampe uit tenks, pype of apparaat, ingesluit verlies van sogenaamde chemikalieë, olie, vloeistof gas of dampe, behalwe verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelikwerkende oorsake van die tenks, pype of apparaat.

santam

# SPESIALISVERSEKERING VIR DIE WYNBOUBEDRYF: UITGEBREIDE AANSPREEKLIKHEID

Hierdie afdeling moet saam met die Afdeling Gemeenregtelike Aanspreeklikheid gelees word en is onderworpe aan die terme, uitsonderings en voorwaardes van die Afdeling Gemeenregtelike Aanspreeklikheid.

## OMSKRYWINGS

Vir die doeleinde om die skadeloosstelling wat deur hierdie Afdeling verleen word te bepaal, beteken die onderstaande terme die volgende:

### 1. Skade

Verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom of onregmatige aantasting van die genieting van regte oor tasbare eiendom.

### 2. Besering

Dood, liggaamlike besering, geestesbesering, kwaal (liggaamlik of geestelik) of siekte van of aan enige persoon.

### 3. Produk

Enige tasbare eiendom (insluitend houers en etikette) nadat dit die bewaring of beheer van die Versekerde verlaat het, wat ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel is deur of namens die Versekerde.

### 4. Besoedeling

Die emissie, uitlating, vrylating, verspreiding, wegdoening, deursypeling of ontsnapping van vaste, vloeibare of gasagtige of termiese besmetters of prikkelmiddels insluitende dampe, reuke, stanke, vogtigheid, walms, rook, roet of ander lugpartikels, sure, alkalieë, chemikalieë en afval, elektromagnetiese golwe, geraas, vibrasies, ander emissies van afval of skadelike stowwe in of op die grond, die atmosfeer of enige waterweg of liggaam van water.

### 5. Regskoste

Koste, fooie en uitgawes wat deur die Versekeraar of deur die Versekerde met die Versekeraar se vooraf toestemming aangegaan word:

(i) in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie Polis of enige aksie of vervolging wat teen die Versekerde aanhangig gemaak word ten opsigte van Besering of Skade of ander aanspreeklikhied soos verseker ingevolge die bepalings van hierdie Afdeling van die Polis.

(ii) in die verteenwoordiging by enige ondersoek of beseringondersoek ten opsigte van Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees en/of in die verdediging van enige geregtelike stappe in 'n Hof van Summiere Jurisdiksie ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie Afdeling van die Polis mag wees.

# PRODUKHERROEPING (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie uitbreiding kan slegs saam met die uitbreiding produkaanspreeklikheid toegestaan word.

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos ten opsigte van enige koste en uitgawes aangegaan vir die herroeping van die versekerde se produkte (of enige deel daarvan) weens 'n besluit deur die versekerde of andere gedurende die versekeringstydperk geneem en aan die maatskappy gedurende die versekeringstydperk kennis gegee dat dit noodsaaklik is om sodanige produkte te herroep omrede hul gebruik of verbruik (of volgehoue gebruik of verbruik) Besering of Skade kan veroorsaak waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik mag word.

Waar die herroeping deur die versekerde geïnisieer is, moet die maatskappy se vooraf toestemming verkry word (sodanige toestemming sal nie onredelik weerhou word nie).

## Koste en uitgawes

sal beteken die redelike en noodsaaklike onkoste aangegaan vir:

1. korrespondensie, advertensies in koerante en/of tydskrifte en afkondigings oor die televisie en/of radio met die uitsluitlike doel vir die herroeping van die versekerde se produkte (of enige deel daarvan)

2. vervoer (insluitend verpakking en/of tydelike stoor) in verband met die terugsending van die produkte (of enige deel daarvan) na die versekerde se perseel en/of die vervaardiger (of sy genomineerde agente) se perseel(e)

3. ondersoek, sorterings en/of tot niet maak met dien verstande dat enige eis vir sodanige onkoste nie finansieel groter is as 'n eis vir vervoeronkoste nie

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is vir alle koste en uitgawes aangegaan gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die Bylae vermeld word.

Die versekerde sal ten opsigte enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, verantwoordelik wees vir 'n eerstebedrag betaalbaar bereken teen 10% van die koste en uitgawes deur die versekerde aangegaan en van die maatskappy verhaal, met dien verstande dat die voormelde bedrag nooit minder as R25 000 sal wees nie.

## Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding produkherroeping)

Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid nie:

(i) vir enige produk (of enige deel daarvan);

(ii) vir die koste aangegaan met die herstel, verandering, behandeling of vervanging van enige produk (of enige deel daarvan);

(iii) vir of voortspruitend uit werklike of beweerde opsetlike verandering, vervalsing of besoedeling van die versekerde se produk;

(iv) voortspruitend uit die herroeping van enige produk (of enige deel daarvan)

(a) wat deur enige regering of openbare owerheid op die versekerde afgedwing is en waar die versekerde nie ʹn herroeping sou gemaak as dit nie was vir die tussenkoms van sodanige regering of openbare owerheid nie

(b) wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is

(c) as gevolg van die foutiewe aflewering of adressering van die produk deur of namens die versekerde

(v) voortspruitend uit enige produk waar die versekerde voor die aanvang van hierdie afdeling bewus was dat die produk waarskynlik besering of skade sou veroorsaak;

(vi) voortspruitend uit die voorbedagte of opsetlike

(a) verbreking van nasionale of plaaslike regulasies deur die versekerde

(b) versuim deur die versekerde se tegniese of administratiewe bestuur om redelike voorsorgmaatreëls te tref om eise te voorkom

(vii) voortspruitend uit enige produk (of enige deel daarvan) binne die Verenigde State van Amerika of Kanada, indien sodanige produk wat deur of in opdrag van die versekerde verkoop of verskaf is na die versekerde se wete deur of namens die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is, tensy die uitbreiding Verenigde State van Amerika en/of Kanada aanspreeklikheid in die Bylae as ingesluit vermeld is.

# PRODUKWAARBORG (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie uitbreiding kan slegs saam met die uitbreiding produkaanspreeklikheid toegestaan word.

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos ten opsigte van enige koste en uitgawes waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal vir die verwydering, herstel, verandering, behandeling of vervanging van enige produk (of enige deel daarvan) wat gebrekkig of foutief is of wat ingebreke bly om te voldoen aan sy bedoelde funksie (of om te presteer soos gespesifiseer en gewaarborg) waarvoor dit vervaardig, verkoop, voorsien, geïnstalleer, herstel, verander of behandel was deur of namens die versekerde.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is vir alle koste en uitgawes aangegaan gedurende gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die bylae vermeld word.

Die versekerde sal ten opsigte enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van ʹn reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, verantwoordelik wees vir ʹn eerste bedrag betaalbaar bereken teen 10% van die koste en uitgawes deur die maatskappy aangegaan met dien verstande dat die voormelde bedrag nooit minder as R25 000 sal wees nie.

## Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding produkwaarborg)

Hierdie uitbreiding dek nie:

(i) enige koste en uitgawes deur die versekerde aangegaan vir die herroeping van enige produk (of enige deel daarvan);

(ii) aanspreeklikheid as gevolg van besering en skade;

(iii) aanspreeklikheid vir gevolglike verlies van enige aard volgende die versuim van enige produk (of enige deel daarvan) om te voldoen aan sy bedoelde funksie;

(iv) aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige produk (of enige deel daarvan) wat bedoel is om in 'n lugvaartuig geïnstalleer te word en daarin geïnstallleer is, of wat bedoel is om deel van 'n lugvaartuig uit te maak en deel daarvan uitmaak;

(v) aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige produk (of enige deel daarvan) wat nie aan kliënte van die versekerde gelewer is nie en wat in die bewaring of onder die beheer van die versekerde is;

(vi) aanspreeklikheid wat plaasvind in die Verenigde State van Amerika of Kanada voortspruitend uit enige produk (of enige deel daarvan) wat deur of in opdrag van die versekerde verkoop of verskaf is indien sodanige produk na die versekerde se wete deur of namens die versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanada uitgevoer is, tensy die uitbreiding Verenigde State van Amerika en/of Kanada aanspreeklikheid in die Bylae as ingesluit vermeld is.

(vii) enige kostes of uitgawes wat deur die Versekerde aangegaan is as gevolg van die tussenkoms van enige regering of openbare owerheid.

# VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN/OF KANADA AANSPREEKLIKHEID (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie uitbreiding kan slegs saam met die uitbreiding produkaanspreeklikheid toegestaan word.

Die Produkaanspreeklikheid uitbreiding onder die Gemeenregtelike Aanspreeklikheidsafdeling van hierdie polis word soos volg verander ten opsigte van Besering of Skade wat ontstaan uit goedere of produkte wat na die Verenigde State van Amerika en/of Kanada uitgevoer word.

1. Bykomende spesifieke uitsondering (v) wat van toepassing is op die uitbreiding produkaanspreeklikheid, word geskrap.

2. Vir die doel van die bepaling van skadeloosstelling soos verleen deur hierdie afdeling , sal enige woord of frase van hierdie afdeling en die polis wat regsinterpretasie vereis en in staat is daartoe, geïnterpreteer word in ooreenstemming met die reg wat in die Republiek van Suid-Afrika geld.

3. Ten opsigte van hierdie goedere of produkte (anders as grondstowwe) moet die versekerde:

    (a) 'n stelsel instel en in stand hou ingevolge waarvan hierdie goedere of produkte duidelik geïndentifiseer kan word deur 'n besending- of reeksnommer of datumstempel of op 'n ander soortgelyk wyse;

    (b) 'n opgawe instel en byhou van die datum waarop die werklike goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is.

    Hierdie opgawe moet in stand gehou word sodat dit die verlangde besonderhede kan lewer vir 'n tydperk van minstens 10 jaar nadat die goedere of produkte aanvanklik in omloop gebring is.

4. Die inligting in 3 genoem tesame met alle stawende dokumentasie, moet te eniger tyd op aanvraag aan die maatskappy of sy benoemde beskikbaar gestel word.

Die bedrag wat ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is, met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser of enige aantal eisers van die versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se toestemming aangegaan word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron of gedurende enige enkele (jaarlikse) versekeringstydsperk beloop in totaal hoogstens die skadeloosstellingsperk wat vir hierdie uitbreiding in die Bylae vermeld word.

Die versekerde sal ten opsigtige van enige eis of aantal eise wat voortspruit uit alle gebeurtenisse van ŉ reeks wat volg op of toe te skryf is aan enige enkele bron of oorspronklike oorsaak ingevolge hierdie uitbreiding, verantwoordelik wees vir ŉ eerstebedrag betaalbaar bereken teen 10% van die koste en uitgawes deur die maatskappy aangegaan, met dien verstande dat die voormelde bedrag nooit minder as R5 000 en nooit meer as R25 000 sal wees nie.

## Bykomende spesifieke uitsonderings (van toepassing op die uitbreiding Verenigde State van Amerika en/ of Kanada aanspreeklikheid)

Hierdie uitbreiding dek nie aanspreeklikheid wat volg op besering of skade wat veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met:

(i) die dronkenskap van enige persoon;

(ii) die voorsiening van alkoholiese drank aan enige persoon onder die wettige ouderdom of onder die invloed van alkohol;

(iii) enige wet, ordonnansie of regulasie wat verband hou met die verkoop, verspreiding of gebruik van alkoholiese drank;

(iv) enige besigheid wat deur agente namens die versekerde in die Verenigde State van Amerika en Kanada bedryf word;

(v) regstreekse of onregstreekse deursypeling, besoedeling of kontaminasie van enige aard en ook nie die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe.

# SPESIALISVERSEKERING VIR DIE WYNBOUBEDRYF:

## BRAND: OPLEISTELSELS STUTPALE OMHEININGS EN PLANTMATERIAAL

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skade aan die hele of 'n gedeelte van die eiendom wat in die bylae beskryf word wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy regtens aanspreeklik is as gevolg van:

1. brand;
2. weerlig of donderslag;
3. ontploffing;
4. sodanige bykomende gevare as wat in die bylae ingesluit vermeld word.

## SPESIFIEKE UITSONDERINGS

1. Hierdie afdeling dek nie aardbewing (hetsy dit voortspruit uit mynbedrywighede of andersins) tensy dit as 'n bykomende gevaar bygevoeg is, of vulkaniese uitbarstings of ander natuurontwrigting (behalwe onderaardse brande) nie.

   Enige skade wat plaasvind tydens die bestaan van abnormale toestande (hetsy fisiek of andersins) wat teweeggebring word deur of deur middel van of wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur enige van die genoemde gebeurtenisse word geag skade te wees wat nie deur hierdie versekering gedek word nie, behalwe in die mate waarin die versekerde bewys dat sodanige skade onafhanklik van die bestaan van sodanige abnormale toestande plaasgevind het. In enige aksie, geding of ander verrigtinge waar die versekeraar beweer dat enige skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

2. Tensy dit spesifiek ingesluit word, dek hierdie versekering nie die volgende nie:

   (i) skade aan eiendom wat veroorsaak word deur enige verhittings-of drogingsproses wat dit ondergaan;

   (ii) skade aan eiendom wat ten tyde van die skade verseker is of as dit nie vir hierdie versekering was nie, verseker sou gewees het deur enige marinepolis(se), behalwe ten opsigte van enige bedrag bo die bedrag wat ingevolge die marinepolis(se) betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

# SPESIFIEKE VOORWAARDE

## Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur enige gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig ´n eweredige deel van die skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Bykomende gevare (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Daar word verstaan en ooreengekom dat ten opsigte van elke uitbreiding rakende bykomende gevare wat by hierdie versekering ingesluit word:

(a) al die uitsonderings en voorwaardes wat op hierdie versekering van toepassing is, geld asof dit daarby ingelyf is;

(b) enige versekerde skade vir die doeleindes daarvan beskou word asof dit deur brand veroorsaak is.

## Uitbreiding: Aardbewing

Skade wat deur ´n aardbewing veroorsaak word.

Eerste bedrag betaalbaar:

Hierdie uitbreiding is onderworpe aan ´n eerste bedrag betaalbaar deur die versekerde van 5% van eis met ´n minimum, van R500.

## Uitbreiding: Spesiale gevare

Skade wat veroorsaak word deur:

1. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom;

    (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan en wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

    (b) wat veroorsaak word deur ´n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van ´n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. slytasie of geleidelike agteruitgang;

2. skade wat veroorsaak of vererger word deur:

    (a) insakking of grondverskuiwing;

    (b) die versekerde se versuim om alle redelike voorsorg te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot ´n minimum te beperk.

Eerste bedrag betaalbaar:

Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar van 5% van eis met 'n minimum van R500 vir verlies of skade aan die genoemde eiendom deur storm, wind, water, hael of sneeu.

## Uitbreiding: Kwaadwillige beskadiging

Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. eiendom wat deur die versekerde besit word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe;

   van die gemelde eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;

(b) gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd

(c) skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1(A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Indien die versekeraar uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## Klousule: Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die versekeraar ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die versekerde regtens aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## Skadeloosstelling

Skadeloosstelling geskied soos hieronder uiteengesit:

**1. Opleistelsels/Stutpale**

Die koste van die materiaal en arbeidskoste om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang of te herstel na dieselfde posisie maar nie beter as toe dit nuut was nie. Die versekeraar se blootstelling sal egter in geen geval die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die bylae teenoor die spesifieke item(s) wat geraak word deur die verlies of skade, oorskry nie.

2. **Omheinings**

Die koste van die materiaal en arbeidskoste om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang of te herstel na dieselfde posissie maar nie beter as toe dit nuut was nie. Die versekeraar se blootstelling sal egter in geen geval die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die bylae teenoor die spesifieke item(s) wat geraak word deur die verlies of skade, oorskry nie.

3. **Plantmateriaal**

Die koste van plantmateriaal, arbeidskoste, bemesting en siekte-/pes bestrydingsmiddele en aanverwante kostes benodig vir die aanvanklike aanplanting om die vernietigde of beskadigde eiendom te vervang. Die versekeraar se aanspreeklikheid is slegs daartoe beperk om plantmateriaal van dieselfde soort/varieteit as die plantmateriaal wat vernietig of beskadig is te vervang en sal in geen geval die skadeloosstellingsperk soos vermeld in die bylae teenoor die spesifieke item(s) wat geraak word deur die verlies of skade, oorskry nie.

## Eerste bedrag betaalbaar

Behalwe vir die eerste bedrae betaalbaar soos weergegee onder die uitbreidings aardbewing en spesiale gevare, is daar geen eerste bedrae betaalbaar nie.

# SPESIALISVERSEKERING VIR DIE WYNBOUBEDRYF:
# VERLIES VAN INKOMSTE: PLANTMATERIAAL

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies wat volg op ʼn onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die perseel plaasvind ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is ingevolge:

die afdeling Brand: Opleistelsels/Stutpale, Omheinings en Plantmateriaal van hierdie polis (hierna skade genoem).

Aanspreeklikheid word as erken beskou indien sodanige betaling nie geskied nie bloot omdat daar van die versekerde vereis word om die eerste deel van die verlies te dra.

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos in ooreenstemming met die bepalings van die spesifikasie soos hieronder uiteengesit.

## SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die versekering ingevolge hierdie afdeling word gestaak indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur ʼn likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word behalwe met die skriftelike toestemming van die maatskappy.

2. By die plaasvind van enige skade as gevolg waarvan ʼn eis ingevolge hierdie afdeling ingestel kan word, moet die versekerde, benewens om te voldoen aan algemene voorwaarde 6 en 7, met die nodige ywer alles doen en meehelp en toelaat dat dit gedoen word wat redelikerwys moontlik is om enige onderbreking of belemmering van die besigheid tot die minimum te beperk of te stuit of om die verlies te voorkom of te verminder en in geval ʼn eis ingevolge hierdie afdeling ingestel word, nie later nie as 30 dae ná die verstryking van die skadeloosstellingstydperk of binne sodanige verdere tyd as wat die maatskappy skriftelik mag toelaat, op sy eie onkoste aan die maatskappy ʼn skriftelike opgawe voorlê waarin besonderhede van sy eis vervat word saam met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of gevolglike verlies van enige aard wat daaruit voortspruit, dek. Geen eis is ingevolge hierdie afdeling betaalbaar nie tensy die bepalings van hierdie spesifieke voorwaarde nagekom is en in geval van die nienakoming daarvan in enige opsig, moet enige betaling wat reeds vanweë hierdie eis gedoen is, onmiddellik aan die maatskappy terugbetaal word.

### Item 1 Inkomste

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies van inkomste.

Die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade by die standaardinkomste te kort skiet. Min enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid wat uit inkomste betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die skade.

## Item 2 Lone (grondslag van aantal weke)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot die verlies wat deur die versekerde gely word weens die betaling van die lone vir die tydperk wat begin met die plaasvind van die skade en nie langer as die gespesifiseerde aantal weke daarna voortduur nie.

Die bedrag wat as skadeloosstelling ingevolge hierdie item betaalbaar is, is die werklike bedrag wat die versekerde vir sodanige tydperk as lone betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die skade hoegenaamd nie deur die versekerde benut kan word nie en 'n billike gedeelte van die lone wat vir sodanige tydperk aan werknemers betaal word wie se dienste as gevolg van die skade nie ten volle deur die versekerde benut kan word nie.

Met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag van hierdie item minder is as die totale bedrag wat gedurende die gespesifiseerde aantal weke onmiddellik ná die skade aan lone betaal sou gewees het indien die skade nie voorgekom het nie.

## Item 3 Boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot boetes en straftoekennings vir kontrakbreuk en die bedrag as skadevergoeding hierkragtens betaalbaar is die bedrag waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is en word betaal ter aflossing van boetes en straftoekennings wat uitsluitlik as gevolg van skade vir nie-voltooiing of laat voltooiing van bestellings opgelê word.

# MEMO (van toepassing op items 1, 2 en 3 van hierdie afdeling)

Die maatskappy sal nie meer as die versekerde bedrag, soos teenoor elke item individueel aangetoon in die bylae, as skadeloosstelling vir enige item onder onder hierdie afdeling betaal nie.

# OMSKRYWINGS (slegs van toepassing op Item 1 Inkomste)

**Skadeloosstellingstydperk** Die tydperk wat met die aanvang van die skade begin en eindig nie later nie as 24 maande daarna waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van die skade geraak word.

**Inkomste** Die geld aan die versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop in die loop van die besigheid by die perseel min alle kostes en uitgawes om produk te vervaardig/aan te koop/te berg.

# WILD RISIKO

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Die Maatskappy kom ooreen om, tot die omvang en op die wyse hierna voorsien, die Versekerde skadeloos te stel van sodanige dier, soos in die Bylae omskryf en in ooreenstemming met die keuse van dekking soos deur die Versekerde geselekteer.

Die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van enige dier soos omskryf in die Bylae sal nie meer wees as die versekerde bedrag wat in die Bylae teenoor so 'n dier aangedui is nie. Alle versekerde bedrae sluit belasting op toegevoegde waarde in, soos bepaal in die Suid-Afrikaanse Wet op Belasting op Toegevoegde waarde (89 van 1991).

Nadat die Versekerde aansoek gedoen het by SANTAM BEPERK (hierna genoem "die Maatskappy"), deur middel van 'n skriftelike aansoekvorm ("die aansoek"), wat die basis van hierdie Polis sal wees en geag te word opgeneem in hierdie polis en die Maatskappy die aansoek en Versekerde aanvaar het en die Versekerde betaal die premie wat in die Bylae getoon word wanneer dit betaalbaar is, word dekking verleen aan die Versekerde ten opsigte van die diere, soos beskryf in die Bylae, onderworpe aan die algemene voorwaardes, uitsluitings, uitbreidings, eiseprosedures, terme en endossemente (waar van toepassing) soos uiteengesit in die Polis.

## ALGEMENE VOORWAARDES

Nieteenstaande enigiets vervat in die Algemene afdeling van die polisbewoording, sal die volgende van toepassing wees:

Die behoorlike nakoming en uitvoering van die polisvoorwaardes, eiseprosedure en endossemente van hierdie Polis vir sover dit betrekking het op enigiets wat deur die Versekerde gedoen moet word of waaraan die Versekerde moet voldoen en die geldigheid van die verklarings en antwoorde in die genoemde aansoek sal voorwaardes wees wat die aanspreeklikheid van die Maatskappy om enige uitbetaling kragtens hierdie Polis

te doen, voorafgaan. Hierdie Polis, aansoek en die Bylae moet saamgelees word en enige woord of uitdrukking waaraan 'n bepaalde betekenis geheg is in enige deel van hierdie Polis of van die aansoek of van die Bylae sal daardie betekenis dra waar dit ook al mag voorkom.

### Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking

Addisioneel tot die afdeling Algemene Uitsonderings, Voorwaardes en Bepalings, sal die volgende geld:

Indien meer diere van 'n betrokke spesie as wat hierop gekwoteer is, gevang of vervoer of aangehou word, sal daardie diere as onversekerde diere geag word en die verliese wat dan voorval sal dus nie gedek wees ten opsigte van daardie diere nie. Byvoorbeeld, indien op vyf bokke gekwoteer word maar sewe word gevang en twee gaan dood sou die twee dooie diere as onversekerd beskou word en sal geen eis dus bestaan nie.

### Waarborg

Dit word hiermee gewaarborg dat elke versekerde dier by die aanvang van hierdie versekering in goeie gesondheid en in 'n goeie kondisie verkeer en vry is van enige ongesteldheid, siekte, kwaal, lamheid, besering of ongeskiktheid.

Die Versekerde waarborg dat alle wetgewing, insluitend maar nie beperk tot statute, vereistes en bywette rakende die vervoer, hantering en aanhou van wild, van enige owerheid in wie se regsgebied die diere in die Bylae vermeld, hulle mag bevind, nagekom sal word. Hierdie voorwaarde is 'n voorwaarde wat enige aanspreeklikheid van die Maatskappy voorafgaan.

## Eerste bedrag betaalbaar/bybetaling

Indien die Maatskappy aanspreeklikheid aanvaar, sal die Versekerde verantwoordelik wees vir die persentasie van die versekerde waarde, gemeld in die Bylae, as eerste bedrag betaalbaar ten opsigte van die herwinningswaarde van die dier, te wete die vleis, vel en trofee. In die geval van renosters moet die Versekerde binne ʼn redelike tydperk die renosterhoring aan ʼn Nasionale Parkeraad, soos deur die Maatskappy aangewys na aanvaarding van aanspreeklikheid, besorg en moet skriftelike bewys daarvan ingedien word by die Maatskappy. Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees vir enige betaling van ʼn eis alvorens die besorging van die renosterhoring nie.

Indien die dood as gevolg van die dragtigheid is, sal die Versekerde aanspreeklik wees vir ʼn bykomende 20% van die versekerde waarde van sodanige versekerde dier bo en behalwe die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die Bylae.

## Ouderdomsperke

Die minimum ouderdom vir dekking onder hierdie Polis is 3 maande, op voorwaarde dat die ouerderdom van elke versekerde dier identifiseerbaar is alvorens dekking toegestaan sal word. Die maksimum ouderdomsperk vir anteloop spesies is tot 15 jaar en vir buffels en renosters tot 25 jaar.

## Gebiedsperke

Die Republiek van Suid-Afrika en Namibië, behalwe ten opsigte van Transito waar die gebiedsperke uitgebrei word na Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Lesotho en Mosambiek.

# EISEPROSEDURE

Addisioneel tot die afdeling Algemene Uitsonderings, Voorwaardes en Bepalings, sal die volgende geld:

## Siekte of ongesteldheid

Die Versekerde sal die Maatskappy binne 24 uur verwittig van enige gebeurtenis wat tot ʼn eis kan lei, siekte of ongeluk opgedoen gedurende die versekeringstydperk deur enige dier in die Bylae omskryf en op sy eie koste onmiddellik voorsiening maak vir toereikende besoek en behandeling deur ʼn gekwalifiseerde Veearts wat ʼn verslag aan die Maatskappy moet voorlê. ʼn Vragbrief onderteken by ontvangs van diere indien transito betrokke was, moet saam voorgelê word.

## Dood

By die vrekte van enige dier beskryf in die Bylae sal die Versekerde die Maatskappy binne 24 uur telefonies of elektronies per faks of e-pos daarvan verwittig en die Maatskappy op eie onkoste van ʼn voltooide eisvorm

voorsien, tesame met alle ander inligting en bewyse wat deur die Maatskappy verlang mag word, met inbegrip van enige sertifikate asook ʼn veeartsverslag wat die betrokke dier identifiseer as die versekerde dier en die oorsaak van dood duidelik omskryf. Die Versekerde moet die Maatskappy die geleentheid bied om die karkas te ondersoek deur nie daarmee weg te doen voor die verstryking van minstens 24 uur nadat sodanige kennisgewing deur die Maatskappy ontvang is nie, tensy vereis in ooreenstemming met enige toepaslike wetgewing of regulasies.

Die Versekerde sal op eie koste binne 14 dae na sodanige vrekte die Maatskappy voorsien van ʼn nadoodse ondersoekverslag deur ʼn veearts sowel as ʼn vragbrief (waar transito betrokke was) onderteken tydens ontvangs van die dier.

Die bewyslas berus by die Versekerde om te bewys dat ʼn dier nie gevrek het as gevolg van ʼn gebeurtenis wat uitgesluit word in terme van hierdie Polis nie.

Die Maatskappy behou hom die reg voor om 'n eis ter syde te stel as gevolg van laat aanmelding of enige verbreking van of nie-nakoming van enige voorwaardes of vereistes daargestel in hierdie Polis.

Die Maatskappy is nie aanspreeklik vir betaling vir enige verlies of skade na die verstryking van 6 maande na die plaasvind van sodanige verlies of skade nie, tensy die eis die onderwerp van 'n hangende hofgeding of arbitrasie is.

# SASRIA

SASRIA bewoording is beskikbaar op die SASRIA webtuiste by www.sasria.co.za.

# DEKKING OPSIES BESKIKBAAR

1. Transito – verwys na Associated Marine: info@amua.co.za
2. Veiling – verwys na Associated Marine: info@amua.co.za
3. Veld
4. Chemiese immobilisasie

## 3. Veld (indien in die Santam skedule as ingesluit vermeld)

**Opsie A: Beperkte dekking**

1. Dood of genadedood van die versekerde dier, soos omskryf in die Bylae, as gevolg van brand en/of weerlig terwyl op die versekerde perseel soos genoem in die Bylae.
2. Vangkoste na Uitbreek/Ontsnapping (onder Algemene Uitbreidings) en gepaardgaande voorwaardes word hier ingesluit.

**Opsie B: Alle Risiko dekking**

1. Dood of genadedood van die versekerde dier, soos omskryf in die Bylae, as gevolg van of voortspruitend uit enige gebeurtenis wat nie andersins uitgesluit is in terme van hierdie Polis nie, terwyl op die versekerde perseel soos genoem in die Bylae.
2. Vangkoste na Uitbreek/Ontsnapping (onder Algemene Uitbreidings) en gepaardgaande voorwaardes word hier ingesluit.

Die volgende dekkingsperiodes is beskikbaar onder hierdie Opsie: 3 maande, 6 maande en 12 maande.

**Spesifieke voorwaardes**

Dekking onder hierdie Opsie is onderhewig aan die volgende Spesifieke voorwaardes:

(a) Die dier moet ten minste 30 dae voor die gebeurtenis op die plaas toegelaat wees (die voorwaarde sal nie van toepassing wees op Beperkte dekking nie);
   - die eerste 30 dae velddekking volgende transito is by AMUA beskikbaar

(b) Diere moet identifiseerbaar wees deur middel van mikroskyfies, oorplaatjies of foto's wat unieke kenmerke uitwys;

(c) Met die aanvang van die versekering moet die versekerde dier gesond wees en vry van enige sigbare siekte, kwaal, lamheid, besering of fisiese gebrek.

(d) Die Maatskappy se aanspreeklikheid vir die vrekte van 'n kalf, waar die koei en die kalf spesifiek verseker was in terme van hierdie dekkingsopsie, sal hoogstens 20% van die versekerde bedrag van die spesifieke item beloop.

'n Veeartssertifikaat wat die voorafgaande, per dier, bevestig moet aan die Maatskappy voorsien word binne 5 dae vanaf die aanvang van dekking, of binne sodanige ander periode soos ooreengekom deur die Maatskappy. 'n Veeartssertifikaat sal nie vereis word indien bewys gelewer kan word dat die dier aaneenlopend verseker is nie, met ander woorde 'n voorafgaande Transitopolis waar 'n Veearts reeds 'n sertifikaat uitgereik het wat bewys dat die dier gesond en siektevry was.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Versekering ingevolge hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

1. enige dekking wat andersins meer spesifiek verseker kan word in terme van Dekkingsopsies 1, 2 of 4;
2. vrekte van buffels as gevolg van snotsiekte;
3. vrekte as gevolg van Dystokia.

# SPESIFIEKE UITBREIDING

## Dystokia (indien in die skedule as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsondering 3 word gekanselleer onderhewig aan die volgende:

1. 'n Addisionele eerste bedrag betaalbaar van 20% van versekerde bedrag as die vrekte as gevolg van Dystokia is;
2. Vrekte as gevolg van dystokia wat gedurende transito plaas word uitgesluit.

## 4. Chemiese immobilisasie (indien in die Santam skedule as ingesluit vermeld)

Definisie: Chemiese immobilisasie beteken "die nie-verbruikers jag of pyl van die versekerde dier, spesifiek vir die behandeling van siektes of beserings of vir bestuursdoeleindes, deur gebruik te maak van 'n chemiese middel of verdowingsmiddel wat toegedien word deur 'n balistiese spuitnaald of 'n pyl, die verdere toediening van 'n teenmiddel en die daaropvolgende vrylating van die dier."

1. Dood of genadedood van die versekerde dier, soos omskryf in die Bylae veroorsaak deur of as gevolg van:
   - (a) toevallige eksterne besering wat opgedoen word terwyl die dier soos beskryf in die Bylae, chemiese immobilisasie ondergaan;
   - (b) enige negatiewe reaksie opvolgend tot die toediening van die chemiese verdowingsmiddel terwyl die dier soos beskryf in die Bylae, chemiese immobiliasie ondergaan; en/of
   - (c) enige ander mediese toestand wat nie voor die chemiese immobilisasie bekend was nie;
2. Dood veroorsaak deur 'n Professionele jagter ter verdediging van menselewens.

**Spesifieke uitsonderings**

Hierdie dekkingskeuse dek nie:

(a) Vrekte van die versekerde dier behalwe as die vrekte voorkom binne 72 uur nadat die dier chemiese immobiliasie ondergaan het;

(b) Vrekte direk of indirek veroorsaak deur of as gevolg van enige ander oorsaak of verlies anders as die gevolg van chemiese immobilisasie;

(c) Vrekte direk of indirek veroorsaak deur of as gevolg van sielkundige afwykings, siektes, kwale of temperatuurskommelinge;

(d) Enige chemiese immobilisering vir mediese aandag of chirurgiese prosedures, tensy dit uitgevoer word deur 'n gekwalifiseerde Veearts en skriftelik deur hom gesertifiseer is as noodsaaklik te wees ten einde die lewe van die versekerde dier te bewaar opvolgend tot 'n omskrewe gebeurtenis.

**Spesifieke voorwaardes**

Dekking met verwysing na hierdie Opsie is onderhewig aan die volgende spesifieke voorwaardes:

(a) Versekerde diere mag slegs een keer in 6 maande chemiese immobilisasie vir bestuursdoeleindes ondergaan. Rekords van elke chemiese immobilisasie moet deur die Versekerde gehou word en aan die Maatskappy voorsien word in die geval van 'n eis.

(b) Waar die versekerde dier enige lewensbedreigende reaksie van enige aard ondervind as 'n direkte gevolg van chemiese middels, ongeluk of besering gedurende of as gevolg van chemiese immobilisasie, moet die versekerde dier deur 'n Veearts versorg word op so 'n wyse dat dit nie aanspreeklikheid deur die Maatskappy benadeel nie.

(c) Vangs- en vrylatingsmedisyne en -middels wat toegedien word moet toepaslik wees vir die versekerde dier en moet deur die Veearts gekies, voorberei en toegedien word, tensy andersins ooreengekom deur die Maatskappy.

(d) Omvattende aantekeninge van die chemiese immobilisasie moet deur die Versekerde gehou en aan die Maatskappy voorsien word.

(e) Omvattende skriftelike verslae van die Veearts en die Professionele jagter wat die besonderhede van die verlies omskryf, moet gehou en aan die Maatskappy voorsien word.

# ALGEMENE UITBREIDINGS

## 1. Vangskoste na uitbreek/ontsnapping (slegs beskikbaar by Transito Alle Risiko, Veiling Alle Risiko en Velddekking)

Die koste en uitgawes redelikerwys aangegaan en noodsaaklik vir die vang van die versekerde dier na uitbreek/ontsnapping van die versekerde dier is gedek, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) Versekerde diere moet identifiseerbaar wees deur middel van mikroskyfies, oorplaatjies of foto's wat unieke kenmerke uitwys;

(b) Skadeloosstelling is steeds onderhewig aan die eerste bedrag betaalbaar;

(c) Die Maatskappy se aanspreeklikheid is beperk tot die maksimum van 10% van die versekerde waarde van die ontsnapte dier of die totale versekerde bedrag of R50 000, wat ookal die minste is;

(d) Die Wildvangproses van die versekerde dier moet deur 'n erkende wildvang-en–hanteringsonderneming behartig word;

(e) Geen bedrag sal deur die Maatskappy betaalbaar wees indien die diere nie teruggevind en gevang word nie.

## 2. Noodlottige besering uitbreiding

Dekking onder hierdie Polis is uitgebrei om die dood as gevolg van 'n besering van enige werknemer van die Versekerde, veroorsaak deur enige aksie van 'n wilde dier in te sluit, met dien verstande:

(a) Dekking is beperk tot 'n maksimum van 3 persone, per gebeurtenis;

(b) Dood moet binne 3 maande vanaf sodanige besering voorkom;

(c) 'n Bedrag van R10 000 per persoon sal aan direkteure, eksekuteure of administrateurs van die oorlede werknemer se boedel uitbetaal, beperk tot R30 000 per versekeringstydperk.

## 3. Veeartskoste (voor-verlies koste)

Dekking onder hierdie Polis is uitgebrei om die koste vir Veeartsfooie aangegaan ter behandeling van die versekerde dier vir die voorkoming van 'n verlies in te sluit, op voorwaarde dat die dier oorleef maar met

uitsluiting van enige koste om 'n eis te bewys. Die perk per versekeringstydperk is R5 000 of die bedrag vermeld in die Bylae. Geen eerste bedrag betaalbaar is van toepassing op Veeartsfooie nie.

Met die aanvang van die versekering moet die versekerde dier gesond wees en vry van enige sigbare siekte, kwaal, lamheid, besering of fisiese gebrek. 'n Veeartssertifikaat wat die voorafgaande, per dier, bevestig moet aan die Maatskappy voorsien word binne 5 dae vanaf die aanvang van dekking, of binne sodanige periode soos ooreengekom deur die Maatskappy.

# ALGEMENE UITSONDERINGS

Die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie vir verliese wat die direkte of indirekte gevolg is van, of voortspruit uit:

(a) Opsetlike, kwaadwillige of moedswillige besering of vergiftiging wat spruit uit die voer en/of suiping en/of dip deur die Versekerde of enige ander werknemer of verteenwoordiger of enige ander persoon wat met die Versekerde se kennis en toestemming uitgevoer is;

(b) Enige gebeurtenis wat verband hou met of wat ontstaan weens:

(i) vrywillige afstanddoening van die besit of titel aan 'n bedrieglike skema, bedrog of onder valse voorwendsels;

(ii) wildstropery, insluitend die stroop van renosters vir hul horings;

(iii) diefstal;

(iv) predasie;

(v) versuim om enige redelike voorsorg te tref.

(c) Ongeluk of siekte tydens transito per lug of ter see;

(d) Anders as hierin voor voorsiening gemaak, die opsetlike, kwaadwillige slag of vernietiging van diere, hetsy deur of ter uitvoering van 'n bevel van enige staatsgesag of plaaslike owerheid of persoon of liggaam wat jurisdiksie oor sulke aangeleenthede het met dien verstande dat die Maatskappy nie hierdie uitsondering as 'n verweer sal opper nie, indien:

(i) die Maatskappy uitdruklik tot die vernietiging toegestem het; of

(ii) 'n versekerde dier 'n besering opgedoen het of in 'n buitengewoon pynlike siektetoestand verkeer en 'n gekwalifiseerde Veearts wat deur die Maatskappy aangestel is, sertifiseer dat dit ongeneesbaar en so ondraaglik is dat die dier om menslikheidsoorwegings sonder versuim geslag moet word.

Met dien verstande dat in alle sodanige gevalle van (i) of (ii) hierbo die Maatskappy die geleentheid gebied sal word om na sy keuse 'n nadoodse ondersoek deur sy Veearts te laat uitvoer.

(e) Hierdie versekering dek nie dood wat direk of indirek veroorsaak is of die gevolg is nie, van:

(i) enige chirurgiese operasie tensy uitgevoer deur 'n gekwalifiseerde Veearts wat sertifiseer dat sodanige operasie noodsaaklik was as gevolg van 'n ongeluk of siekte of sietetoestand, direk veroorsaak deur 'n versekerde gebeurlikheid, en uitgevoer is in 'n poging om die dier se lewe te behou;

(ii) enige geneeskundige behandeling behalwe deur 'n gekwalifiseerde Veearts (of ervare personeel onder die Veearts se toesig) en gesertifiseer deur 'n Veearts as synde van voorkomende aard of genoodsaak weens 'n ongeluk of siektetoestand en direk veroorsaak deur 'n versekerde gebeurlikheid en/ of versekerde gevaar. Soos dit hierin voorkom sluit die woorde "geneeskundige behandeling" enige verdowingsmiddel, hormone, vitamiene, proteïene of ander bestanddeel in, uitgesonder suiwer voedsel of water.

(f) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;

(ii) oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;

(iii)

(a) muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal;

(b) opstand, rebellie of revolusie;

(iv) enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;

(v) enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;

(vi) enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word;

(vii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) hierbo verwys word.

Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

(g) Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

(h) Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n Algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tergelykertyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe.

Vir die doeleinde van hierdie Algemene uitsondering sluit 'n daad van terrorisme in, sonder beperking, die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone, wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek, of enige sektor van die publiek, in te boesem. Indien die Maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

(i) Ioniseringsuitstraling of besmetting deur radio-aktiwiteit van enige kernbrandstof, of van enige kernafval, uit die verbranding van kernbrandstof (slegs vir die doel van hierdie uitsondering sal verbranding enige selfonderhoudende proses van kernsplitsing insluit).

(j) Gevolglike verlies wat op enige wyse hoegenaamd ontstaan.

(k) Aanspreeklikheid teenoor derdepartye.